# DIE VERHOUDING TUSSEN GESKIEDENIS EN LITERATUUR IN POST-APARTHEID SUID-AFRIKA, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA *VERLIESFONTEIN* DEUR KAREL SCHOEMAN EN *OP SOEK NA GENERAAL MANNETJIES MENTZ* DEUR CHRISTOFFEL COETZEE

**JIHIE MOON**

***Solche Stimmen nun, haufenweise. Als hätte jemand eine Schleuse hochgezogen, hinter der die Stimme eingesperrt waren***
***- die motto van Verliesfontein -***

**Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening**
**aan die vereistes vir die**
**graad Magister in die Lettere en Wysbegeerte**
**aan die**
**Universiteit van Stellenbosch**

**Studieleier: Prof Louise Viljoen**

**Maart 2003**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

**Naam** **Datum**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# OPSOMMING

In hierdie studie is 'n ondersoek onderneem na die verhouding tussen geskiedenis en literatuur, met spesifieke verwysing na Karel Schoeman se roman *Verliesfontein* (1998) en Christoffel Coetzee se roman *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* (1998). In hierdie twee tekste, wat die Anglo-Boereoorlog as hul raamwerk het, is onder andere 'n postmodernistiese benadering tot die geskiedenis benut.

Eerstens word in hoofstuk 2 oorsigtelik gekyk na die historiese agtergrond van die verhouding tussen geskiedenis en literatuur met verloop van die tyd (die klassieke tyd, agtiende eeu, negentiende eeu en twintigste eeu), om aan te dui hoe dié tradisie by die heersende tydsgees van die postmodernisme aansluit. Hierna verskaf hoofstuk 3 'n teoretiese ondersoek na die postmodernistiese manier waarop geskiedskrywing en historiese fiksie gesien word. Die teorie van Hutcheon se *historiografiese metafiksie* word veral in die bespreking van historiese fiksie betrek as 'n belangrike teoretiese uitgangspunt. Vervolgens kom politieke en ideologiese implikasies in geskiedskrywing onder bespreking. Daarna (hoofstuk 4) word die Suid-Afrikaanse kontemporêre tendens om die verlede te herlees en te herwaardeer uiteengesit, en die ondermyning van die tradisionele geskiedskrywing in die post-apartheid Suid-Afrikaanse konteks (sowel in Afrikaanse fiksie as in geskiedskrywing) word ondersoek. Daar word gefokus op die her-bedenking van die Anglo-Boereoorlog in die hedendaagse Suid-Afrika en in Afrikaanse fiksie, en daar word ook probeer om die betekenis van dié herwaardering te soek.

Teen bostaande agtergrond kom die twee tekste, *Verliesfontein* en *Op soek na generaal Manntjies Mentz* onder bespreking (hoofstuk 5). Die romans is goeie voorbeelde van die interaksie-moontlikhede tussen geskiedenis en literatuur, feit en fiksie, en daar word ondersoek hoe hierdie twee tekste aan die hand van postmodernistiese teorieë gelees kan word. Uiteindelik word daar besin oor watter lesse Schoeman en Coetzee met die postmodernistiese problematisering van geskiedskrywing en die onkonvensionele rekonstruksie van die verlede aan kontemporêre Suid-Afrikaners wou oordra. Met die her-besinning van die konvensionele weergawe van die geskiedenis en veral deur die verkenning van persoonlike geskiedenisse, vorm *Verliesfontein* en *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* deel van die heersende diskoers wat vandag in 'n multikulturele samelewing van die post-apartheid Suid-Afrika aan die ontwikkel is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# SUMMARY

This study examines the relationship between history and literature, with specific reference to the Afrikaans novels *Verliesfontein* (1998) by Karel Schoeman and *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* (1998) by Christoffel Coetzee. Both novels are framed against the background of the Anglo Boer War and both take a postmodern approach to that history, amongst other things.

First, Chapter 2 reviews the historical background to the relationship between history and literature through the ages (the classical era, and the eighteenth, nineteenth and twentieth centuries), with a view to indicating how this tradition adheres to the postmodern spirit of contemporary times. Thereafter, Chapter 3 presents a theoretical investigation into the postmodern view of historiography and historical fiction. Special reference is made to Hutcheon's theory of *historiographic metafiction* as an important theoretical point of departure in the discussion of historical fiction. Political and ideological meaning implicit in historiography is discussed. Chapter 4 explores the current trend in South Africa of rereading and reappraising the past, of questioning traditional historiography in a post-apartheid South African context (both in Afrikaans fiction and in historical writing). The revisiting of the Anglo Boer War in contemporary South Africa and in Afrikaans fiction is investigated, and an attempt is made to establish the significance of its reappraisal.

Against this background the two texts, *Verliesfontein* and *Op soek na generaal Manntjies Mentz*, are discussed in Chapter 5. The two novels amply illustrate the possibility for interaction between history and literature, fact and fiction. How may these texts be read in view of postmodern theory? What lessons for present-day South Africans did Schoeman and Coetzee have in mind with their postmodern questioning of traditional historiography and their unconventional reconstruction of the past? Reappraising conventional accounts of history and exploring personal histories as these texts do, *Verliesfontein* and *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* are part of the dominant discourse that is taking form in the multicultural society of a postapartheid South Africa today.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# BEDANKINGS

Hiermee my hartlike dank aan die volgende persone:

Prof Louise Viljoen, my studieleier, vir haar kundige leiding, deeglike kontrole en insiggewende advies oor jare heen;

Die volgende dosente van die department Afrikaans en Nederlands, vir hul akademiese leiding, inspirasie en begrip: dr Etienne Britz, dr Ronel Foster, prof Siegfried Huigen, prof Lina Spies en dr Dorothea van Zyl;

My dosent in Korea, prof Kuk-hyun Han, van die department Nederlands aan die Hankuk University of Foreign Studies, vir sy akademiese leiding en voortdurende ondersteuning;

Matthea Lombard, vir haar jarelange vriendskap, belangstelling en hulp;

Charlene Morkel en Ria Crafford vir hul taalversorging; en Connie Park vir haar tegniese versorging;

My broer, Young-ho Moon, vir sy onderskraging en aanmoediging;

My ouers in Korea, Gyu-cheol Moon en Soo-kyung Park, aan wie ek hierdie tesis opdra, vir hul liefde, ondersteuning en begrip.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# INHOUDSOPGAWE

**HOOFSTUK 1**

**INLEIDING: NAVORSINGSONTWERP ........................................................ 1**

1.1 HISTORIESE EN LITERÊR-TEORETIESE AGTERGROND WAARUIT HIERDIE STUDIE ONTSTAAN HET ........................................ 1

1.2 AFBAKENING EN PROBLEEMSTELLING.............................................. 4

1.3 NAVORSINGSONTPLOOIING ................................................................ 5

**HOOFSTUK 2**

**'N OORSIG OOR DIE VERHOUDING TUSSENGESKIEDSKRYWING EN LITERATUUR .................................................................................... 7**

2.1 GESKIEDSKRYWING EN LITERATUUR IN DIE KLASSIEKE TYDPERK ..................................................................................... 7

2.2 DIE VERLIGTINGSGESKIEDSKRYWING VAN DIE AGTIENDE EEU ..... 9

2.3 HISTORIESE BEWUSSYN IN DIE NEGENTIENDE EEU: WETENSKAPLIKE GESKIEDSKRYWING AS 'N REAKSIE TEEN DIE VERLIGTINGS-GESKIEDSKRYWING ............................................ 12

2.4 DIE HISTORIESE ROMAN IN DIE NEGENTIENDE EEU: HISTORIOGRAFIES EN LITERÊR......................................................... 15

2.5 HISTORIESE BEWUSSYN IN DIE TWINTIGSTE EEU: BEVRAAGTEKENING VAN DIE OBJEKTIEWE HISTORIESE KENNIS ......................................................................................... 17

2.6 DIE DISSIPLINE VAN GESKIEDSKRYWING IN DIE TWINTIGSTE EEU ............................................................................................ 19

2.7 DIE HISTORIESE ROMAN IN DIE TWINTIGSTE EEU ........................... 22

2.8 GEVOLGTREKKING ................................................................. 22

**HOOFSTUK 3**

**POSTMODERNISME EN DIE VERHOUDING TUSSEN GESKIEDSKRYWING EN LITERATUUR ................................................. 24**

3.1 GESKIEDSKRYWING IN DIE POSTMODERNISTIESE ERA ................. 24

3.1.1 Die verlede en geskiedskrywing ........................................................ 24

3.1.2 Die problematisering van die verhouding tussen geskiedskrywing en literatuur........................................................................................ 27

3.1.3 Die problematisering van "geskiedskrywing" ........................................ 29

3.1.4 Feit en fiksie........................................................................................ 31

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.1.5 Linguistiese konstruksies: die verhouding tussen werklikheid en taal...... 36

3.1.5.1 Taal en geskiedskrywing ........................................................................ 36

3.1.5.2 Die invloed van die poststrukturaliste se siening van geskiedenis as linguistiese konstruksie ........................................................................ 37

3.1.5.2.1 Die geskiedenis as 'n teks ........................................................................ 38

3.1.5.3 Diskoers: die verlede en representasie.................................................. 40

3.1.5.4 Die rol van narratief in geskiedskrywing ................................................ 43

3.1.5.4.1 Die onvergelykbaarheid van historiese narratiewe ................................ 48

3.1.6 Gevolgtrekking........................................................................................ 49

3.2 HISTORIESE FIKSIE IN 'N POSTMODERNISTIESE ERA .................... 49

3.2.1 Postmodernistiese fiksie en geskiedskrywing......................................... 50

3.2.2 Die invloed van die modernistiese self-refleksiwiteit............................... 52

3.2.2.1 Metafiksie................................................................................................ 54

3.2.2.2 Historiografiese metafiksie...................................................................... 55

3.2.2.2.1 Die onderworpenheid van subjektiwiteit: die twyfelagtige subjek............ 57

3.2.2.2.2 Die (inter)tekstualiteit van geskiedskrywing en fiksie.............................. 59

3.2.2.2.3 Die representasie van die verlede in die historiese en fiksionele narratiewe .............................................................................................. 60

3.2.2.2.4 Teen totalisering ..................................................................................... 62

3.2.3 Gevolgtrekking........................................................................................ 64

3.3 POSTMODERNISME EN POLITIEK ...................................................... 65

3.3.1 Geskiedenis/geskiedskrywing en die verhouding tussen mag en kennis ...................................................................................................... 65

3.3.2 Die ideologiese implikasies van geskiedskrywing.................................. 67

3.3.3 Uchroniese fiksie en die moontlike politieke implikasies daarvan ........... 69

3.3.4 Postmodernistiese historiografiese metafiksie as politieke agenda ......... 71

3.3.5 Gevolgtrekking........................................................................................ 72

**HOOFSTUK 4**

**GESKIEDENIS EN LITERATUUR IN SUID-AFRIKAANSE KONTEKS: DIE HER-VERBEELDING VAN DIE VERLEDE IN DIE POST-APARTHEID ERA ............................................................. 74**

4.1 INLEIDING.............................................................................................. 74

4.2 GESKIEDENIS IN DIE NUWE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS.............. 75

4.2.1 Geskiedskrywing as die verlede geskryf uit die huidige perspektief ........ 75

4.2.1.1 'n "Skool-weergawe van Geskiedenis".................................................... 76

4.2.1.2 Geskiedskrywing en die ideologie van apartheid .................................... 77

4.2.1.3 Geskiedskrywing: Op soek na verlore geskiedenis................................. 78

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3 DIE VERHOUDING TUSSEN GESKIEDSKRYWING EN LITERATUUR IN DIE POST-APARTHEID SUID-AFRIKA: DIE VERLEDE AS VERBEELDING ..... 82

4.4 AFRIKAANSE HISTORIESE FIKSIE SE BYDRAE TOT DIE TEORETIESE BESINNING OOR DIE GESKIEDSKRYWING ..... 84

4.5 DIE ANGLO-BOEREOORLOG HERBESOEK ..... 88

4.5.1 Waarom die Anglo-Boereoorlog herdenk in die nuwe Suid-Afrika? ..... 88

4.5.2 Bevraagtekening van die tradisionele beelde van die Boereoorlog in geskiedskrywing ..... 89

4.5.3 Die Boereoorlog en die Suid-Afrikaanse literatuur ..... 93

**HOOFSTUK 5 ..... 96**

5.1 INLEIDING ..... 96

5.2 *VERLIESFONTEIN* ..... 97

5.2.1 Die vertellers in *Verliesfontein* ..... 97

5.2.2 Feit en fiksie in *Verliesfontein*: Die verwerking van die historiese grondstof in verband met Abraham Esau ..... 105

5.2.3 Op die grens van feit en fiksie as gevolg van die drie vertellers se onsekerheid ..... 113

5.2.4 "Die verlede is 'n ander land": op soek na *Verliesfontein* ..... 115

5.2.5 Die roman as illustrasie van die problematiek van geskiedskrywing ..... 118

5.2.6 Gemarginaliseerde geskiedenisse - eks-sentrisiteit ..... 122

5.2.7 Die ondermyning van die outonome meesternarratiewe deur die vertel van kleingeskiedenisse ..... 127

5.2.8 Postmodernistiese parodie in die daad van verraad ..... 130

5.2.9 Die ophaal van die verlede as 'n ideologiese instrument: geskiedskrywing oor die Anglo-Boereoorlog as anti-geskiedenis ..... 133

5.3 *OP SOEK NA GENERAAL MANNETJIES MENTZ* ..... 137

5.3.1 Vertellers / Oorsig ..... 137

5.3.2 Geskiedenis en fiksie ..... 139

5.3.3 Die ondermyning van mites ..... 149

5.3.4 Boosheid ..... 153

5.3.5 Waarheidskwessie ..... 155

5.4 GEVOLGTREKKING ..... 160

**SLOT ..... 162**

**BRONNELYS ..... 164**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 HISTORIESE EN LITERÊR-TEORETIESE AGTERGROND WAARUIT HIERDIE STUDIE ONTSTAAN HET

Na 'n eeu het die fokus in die tydperk 1999-2002 weer skerp op die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) geval by wyse van herdenkings, seminare, kongresse en die publikasie van 'n beduidende aantal boeke, versamelbundels en spesiale tydskrifnommers met 'n literêre, wetenskaplike of populêre strekking.

Dit was onder andere merkwaardig dat hierdie herdenking onder die ANC-regering uitgevoer is, aangesien die Anglo-Boereoorlog gewoonlik as 'n "white man's war" beskou is. Tog was daar in die resente benadering tot die Anglo-Boereoorlog 'n groot verandering aanwesig; die oorlog is uit die perspektief van gewone mense of mense in 'n gemarginaliseerde posisie beskou (naamlik swart slagoffers of vroue). So is daar opnuut en anders na gebeure en gegewens gekyk en daaroor verslag gedoen. In 1999 en 2000, 'n eeu na die uitbreek van die oorlog, val die fokus op die bevraagtekening of ondermyning van die tradisionele weergawe van die Anglo-Boereoorlog. As voorbeeld daarvan is boeke en artikels soos die volgende gepubliseer: *The Lady Who Fought: a young woman's account of the Anglo-Boer War* (2000), *Dear Sue: The letters of Bessie Collins from Pretoria during the Anglo-Boer War* (2000), *Skimruiters van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902): Die rol en bydrae van die Agterryers* (1999), *Uyadela Wen'osulapho: Black Participation in the Anglo-Boer War* (1999), en ook die artikel van Fransjohan Pretorius, "Boer attitudes to Africans in wartime" in die boek *The South African War reappraised* (2000).

Dit is inderdaad 'n opvallende verskynsel dat ook in die Suid-Afrikaanse kontemporêre literatuur van die afgelope aantal jare baie aandag aan die Anglo-Boereoorlog gewy is. 'n Herontginning van die geskiedenis, soos gesien deur die oë en in die lewens van diegene wat tradisioneel die Ander was, is sowel in die literatuur as in die geskiedskrywing duidelik te siene. In die Suid-Afrikaanse en spesifiek die Afrikaanse literatuur is daar reeds vanaf die begin van die tagtigerjare 'n merkbare toename te bespeur in tekste wat fokus op die verlede. Reeds in 1991 het André Brink in 'n artikel getitel "Op pad na 2000" opgemerk dat een van die opmerklike literêre tendense binne 'n "Afrikaanse (post)koloniale situasie", die herskryf van die geskiedenis in fiksie (is) (vgl. Roos 1998:106). Dit is klaarblyklik heel juis aangesien herdenkingsliteratuur, hetsy van 'n historiese, politieke, staatkundige, oorlogskundige, ideologiese of literêre aard, tans in oorvloed verskyn.

Na aanleiding van hierdie situasie kan daar 'n aantal vrae gestel word, naamlik: Wat is die rede vir die herdenking van die oorlog en wat is die funksie daarvan in die huidige Suid-Afrika? Wat is die verband tussen die herdenking van die historiese gebeure en die huidige Afrikaanse literatuur? Hierdie aanvanklike vrae het uiteindelik tot my studie oor die verhouding tussen geskiedenis en literatuur in die post-apartheid Suid-Afrika (veral in die konteks van die herbesinning oor die Aglo-Boereoorlog) gelei.

In 1998 verskyn twee belangrike Afrikaanse romans oor die Anglo-Boereoorlog, naamlik *Verliesfontein* deur Karel Schoeman en *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* deur Christoffel Coetzee. Dis inderdaad 'n opvallende verskynsel dat in die kontemporêre Afrikaanse literatuur baie aandag aan die Anglo-Boereoorlog gewy word, merk Renders (1999:115) op in sy artikel oor hierdie twee romans, "Tot in die hart van boosheid: twee resente Afrikaanse romans oor die Anglo-Boereoorlog".

Beide romans bied ook 'n onkonvensionele perspektief op die oorlog. *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* gee nie 'n portret van 'n heroïese generaal nie, maar van die onbeteuelde wreedheid van 'n groep Boere-krygers. In *Verliesfontein* beset 'n Boerekommando die dorp en verloor hulle in die proses alle begrip van wetlikheid en regverdigheid. Albei romans bring 'n onthutsende wysiging van die populêre, tradisionele voorstelling van die Anglo-Boereoorlog en maak dit duidelik dat die tradisionele Afrikaner-geskiedskrywing en die verlede nie noodwendig saamval nie. *Verliesfontein* en *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* bring 'n deurtastende demitologisering van die amptelike geskiedskrywing oor die Anglo-Boereoorlog.

Nie net lewer die tekste 'n uiters belangrike bydrae tot die her-interpretasie van die Anglo-Boereoorlog in post-apartheid Suid-Afrika nie; dit vertoon ook tekskenmerke wat as postmodernistiese perspektiewe (ten opsigte van die verhouding tussen geskiedenis en literatuur) aanvaar sou kon word: ondermyning van 'n meesternarratief, die problematisering van die grens tussen feit en fiksie, die versplintering van die subjek en die afwyking van 'n lineêre narratiewe aanbieding. Die herskryf van die geskiedenis in fiksie, naamlik die herontginning van die geskiedenis deur die oë en die lewe van die Ander, én 'n soort postmodernistiese grensoorskryding byvoorbeeld tussen feit en fiksie, het volgens Roos (1998:106) sedert 1993 duidelik vorm gekry namate die konvensionele skeiding tussen geskiedskrywing en fiksie in die uitnemendste nuwe tekste opgehef word. Dit geld ook vir die romans van Schoeman en Coetzee, wat vrae opper oor die subjek in geskiedskrywing, die debat oor die postmodernisme en die geskiedenis, die faktore wat die optekening van die verlede beïnvloed, die problematisering van die aard van historiese kennis en die klem op klein geskiedenisse.

Volgens Roos (1998:106) verskyn daar juis in 'n postmodernistiese era soveel Afrikaanse

romans wat die Suid-Afrikaanse geskiedenis, spesifieke aspekte daarvan of kritieke vraagstukke in verband daarmee as tema neem. Volgens Roos is die gemeenskaplike faktor by hierdie publikasies dat die konvensies van die tradisionele historiese roman of selfs van betrokke letterkunde heeltemal getransformeer word. Die postmodernistiese teorieë ten opsigte van die geskiedenis en literatuur is dus 'n belangrike onderwerp van hierdie studie: nie alleen ter wille van die teorie as sodanig nie, maar as teoretiese en metodologiese apparaat by die lees van die hedendaagse Afrikaanse romans soos byvoorbeeld *Verliesfontein* en *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*.

Postmodernisme is 'n stroming of tydsgees wat tot so 'n mate gepopulariseer is dat baie mense daarvan bewus is en dit op verskillende vlakke van die lewe ervaar word. Sake soos die problematisering van die geskiedenis, die bevraagtekening van feite wat vroeër aanvaar is, die relativering van die belang van sake en gebeure in die hede en die verlede, die skeptisisme oor die outentisiteit van gegewens en aanvaarding daarvan dat feit en fiksie moeilik onderskeibaar is, is volgens Du Plooy (1998:74-83) nie tot studeerkamers en filosofiese gesprekke beperk nie, maar vorm deel van die normale manier waarop mense inderdaad die werklikheid belewe.

Die postmodernistiese literêre strategieë wat die kontemporêre literatuur en die gesprekke oor die literatuur kenmerk, speel in die skryf en die resepsie van hierdie verhale 'n rol. Die lesers en die skrywers kommunikeer immers via die verhale juis in terme van die kontemporêre literêre parameters. Dit gaan dus om 'n eksplisiete bewustheid van dinge soos die verbrokkeling van insig en kennis, die problematisering van die geskiedskrywing, die vervaging van grense tussen feit en fiksie, die dekonstruksie van meesterverhale, die ontmaskering van die legendes van die verlede en selfs die demonisering van die amptelike en aanvaarde weergawes van die geskiedenis.

In die meeste van die navorsing wat al oor die postmodernisme onderneem is, beweer Hutcheon (1988:5), is dit die narratief wat sentraal staan - of dit in die literatuur, die geskiedenis of die teorie is. Volgens Hutcheon word dié drie domeine in die historiografiese metafiksie geïnkorporeer: die teoretiese selfbewussyn van geskiedenis en fiksie as menslike konstrukte dien as fondament vir die herbesinning en herverwerking van die vorme en inhoude van die verlede. In die historiografiese metafiksie is die selfbewuste besinning tegelykertyd op twee aspekte van die vertelproses ingestel, naamlik die gebeurtenisse wat in die narratief weergegee word en die ontplooiing van die narratief op sigself. Fiksie en geskiedskrywing het dit gemeen dat nie een van hierdie twee narratiewe vorme die feite kan losmaak van die interpretatiewe handelinge en vertelstrategieë waardeur daardie feite gekonstitueer word nie - die feite word deur hierdie handelinge geskep (Hutcheon 1989:57, 76). Met ander woorde, daar word altyd in ag geneem dat die verlede wel eenmaal bestaan

het, maar dat die enigste toegang daartoe deur middel van tekste is.

Hutcheon se benadering ten opsigte van die postmodernisme is al in vele Afrikaanse literêre studies benut, wat die toepasbaarheid daarvan bevestig. Foster (2000:5) beweer in haar proefskrif dat die "toeëiening" van Hutcheon se teorie in studies oor die Afrikaanse prosa 'n eggo is van wat in die algemene teoretisering ook die geval blyk te wees. Hutcheon se teorieë van historiografiese metafiksie sal ook in hierdie studie benut word ten opsigte van die lees van die twee tekste *Verliesfontein* en *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*.

## 1.2 AFBAKENING EN PROBLEEMSTELLING

Hierdie studie het voortgevloei uit 'n belangstelling in die verwerking van die geskiedenis tot Afrikaanse (historiese) fiksie in 'n post-apartheid Suid-Afrika. Die doel van hierdie studie is om ondersoek in te stel na die moontlikheid om 'n postmodernistiese leesbenadering aan te wend by die lees van Afrikaanse romans wat oor die geskiedenis as onderwerp handel. Die navorsing beoog hoegenaamd nie om 'n omvangryke studie van die Afrikaanse historiese roman te lewer nie. Tog is dit hopelik moontlik om 'n klein bydrae te lewer tot 'n beter begrip van kontemporêre tendense in Afrikaanse litereratuur met betrekking tot die verhouding tussen geskiedenis en literatuur, en die gebruik van die geskiedenis in fiksie.

Die probleemstelling onderliggend aan hierdie ondersoek na die geskiedenis in Schoeman (1998) en Coetzee (1998) se romans, kan met behulp van enkele vrae soos die volgende uiteengesit word: Wat is die verhouding tussen geskiedenis en literatuur en hoe word dié verhouding in die historiese fiksie geproblematiseer? Wat is die aard van geskiedenis soos vergestalt in die gekose tekste? Hoe word die Anglo-Boereoorlog in die tekste gerepresenteer? Hoe word die problematiek van geskiedskrywing geïllustreer en met watter doel word die geskiedenis in hierdie romans gebruik?

Verder sal daar nagegaan word watter moontlike funksie die tekste in hul herbedinking van die Anglo-Boereoorlog vir die hedendaagse Suid-Afrika uitoefen, of met ander woorde watter boodskap die onkonvensionele rekonstruksie van die Anglo-Boereoorlog in hierdie twee romans vir die post-apartheidsera inhou. Uiteindelik sal daar ondersoek word watter waarde die pogings van hierdie twee romanskrywers vir die Suid-Afrikaanse toekoms kan inhou.

Viljoen en Du Pisani (1999:1) wys ook die volgende uit: "[T]here is a politics of memory, in that strategies of dealing with the past and past suffering influence what we regard as desirable in the present-day organisation of human society." Die rol van beelde en voorstellings van die Anglo-Boereoorlog in die twee romans uit die post-apartheid era sou dus in die soektog na die vorming en gebruik van sulke beelde, en hulle bydrae tot die politiek of die vorming van identiteit ondersoek kan word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


## 1.3 UITEENSETTING

In die voorafgaande afdeling van hierdie hoofstuk is die Suid-Afrikaanse historiese, literêre en teoretiese agtergrond waaruit hierdie studie ontstaan het, in breë trekke geteken. In hierdie afdeling word die verloop van die betoog van my studie oorsigtelik uiteengesit.

In hoofstuk 2 word daar 'n oorsigtelike bespreking gevoer oor die verhouding tussen geskiedenis en literatuur met verloop van tyd (die klassieke tyd, agtiende eeu, negentiende eeu en twintigste eeu). Die agtergrond waaruit postmodernistiese opvattings in verband met dié verhouding ontwikkel het, word kortliks geskets. 'n Bybedoeling met hierdie kontekstualisering is om aan te dui hoe dié tradisie by die heersende tydsgees aansluit of daardeur beïnvloed is.

Hoofstuk 3 verskaf 'n teoretiese ondersoek na die verhouding tussen geskiedskrywing en literatuur teen 'n postmodernistiese agtergrond. Die teorie oor historiografiese metafiksie word veral in die bespreking van historiese fiksie betrek as 'n belangrike teoretiese uitgangspunt. Hierdie hoofstuk gee 'n uiteensetting van postmodernistiese kenmerke in die verhouding tussen geskiedenis en literatuur. Die teoretiese ondersoek volg drie roetes: eerstens word ondersoek ingestel na die geskiedenis/geskiedskrywing in 'n postmodernisme, daarna na historiese fiksie in die postmodernistiese era, en derdens na die verhouding tussen die postmodernisme en die politiek. Foucault se teorie oor mag en kennis word betrek, en die politieke en ideologiese implikasies daarvan in geskiedskrywing ondersoek. Daar word aandag geskenk aan die verduideliking van terme soos Jenkins (1991) se onderskeid tussen die verlede, geskiedskrywing en geskiedenis, en Hutcheon (1988) se onderskeid tussen gebeure ("events") en feite ("facts").

In hoofstuk 4 verskuif die fokus na die Suid-Afrikaanse konteks. Die Suid-Afrikaanse kontemporêre tendens om die verlede te herlees en te herwaardeer, word uiteengesit; naamlik hoe die tradisionele geskiedskrywing in die post-apartheid Suid-Afrikaanse konteks (sowel in Afrikaanse fiksie as in geskiedskrywing) ondermyn word. Daarna word daar gefokus op die Anglo-Boereoorlog: op watter manier dié oorlog in die hedendaagse Suid-Afrika en Afrikaanse fiksie herevalueer word en watter betekenis in dié behandeling van die ABO gesoek kan word.

In hoofstuk 5 word twee Afrikaanse romans bespreek wat oor die Anglo-Boereoorlog as onderwerp handel, naamlik Karel Schoeman se *Verliesfontein* en Christoffel Coetzee se *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*. Die romans is goeie voorbeelde van die interaksie-moontlikhede tussen geskiedenis en literatuur, feit en fiksie, en word onderskeidelik aan die hand van postmodernistiese teorieë ondersoek. Daar word ook besin oor watter bydrae hierdie historiese romans tot 'n meer genuanseerde blik op die verlede lewer. Watter lesse

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


wou Schoeman en Coetzee met die postmodernistiese problematisering van geskiedskrywing en die onkonvensionele rekonstruksie van die verlede in hierdie twee romans aan kontemporêre Suid-Afrikaners oordra?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


# HOOFSTUK 2

# 'N OORSIG OOR DIE VERHOUDING TUSSEN GESKIEDSKRYWING EN LITERATUUR

*[H]istory is kind of fiction in which we live and hope to survive, and fiction is a kind of speculative history ... by which the available data for the composition is seen to be greater and more various in its sources than the historian supposes.*

E.L. Doctorow

## 2.1 GESKIEDSKRYWING EN LITERATUUR IN DIE KLASSIEKE TYDPERK

In 'n artikel oor die verhouding tussen literatuur en geskiedenis in Suid-Afrika, skryf Clingman (1990:146) as volg: "In matters of literature and history, however, things are seldom that simple (...) At the same time, however, no one would want to abandon the idea of a central relationship between literature and history - a relationship which seems to promise so much, and which is yet so notoriously hard to pin down." Hierdie uitspraak van Clingman verwys duidelik na die komplekse verhouding tussen geskiedenis en literatuur.

Vanaf die begin van professionele geskiedskrywing was daar altyd debatte rondom feitelike en fiksionele elemente in historiese tekste. Volgens Allen (1997a:26-29) kan die gebruik van fiksionele elemente in geskiedskrywing teruggevoer word na die "vader van historie", Herodotus, wat in sy soektog na die historiese "waarheid" nie alleen "ware feite" nie, maar ook ontoetsbare materiaal soos mites in sy werk gebruik het. Allen (1997b:44) sê egter ook ons moet verstaan dat die meeste geskiedskrywers nie van die idee hou dat wat hulle skryf net 'n ander soort letterkunde is nie. Selfs as 'n mens suggereer dat die digkuns onvermydelik geskiedenis is of dat geskiedskrywing 'n besondere subgenre van die literatuur is, sou dit, volgens Allen (1997b:44), steeds 'n hewige reaksie ontlok. Geskiedskrywers het die neiging om hierdie aanspraak negatief te ervaar, omdat dit vir hulle 'n aantasting is van die kern van die konserwatiewe opvatting oor die geskiedenis as 'n wetenskaplike strewe na die ontdekking van die waarheid oor die verlede.

Deur die eeue het geskiedskrywers dikwels na die debat oor die verhouding tussen feit en fiksie in geskiedskrywing teruggekeer. Cicero het byvoorbeeld tussen die blote chronologiese optekening van gebeure en die literêre produksies van die Griekse geskiedskrywers onderskei. Hy het gekla dat geen retorikus nog ooit die beginsels van geskiedskrywing geformuleer het nie. Cicero formuleer dan sy eie tentatiewe beginsels van 'n toekomstige retorika van die geskiedenis, soos byvoorbeeld dat die geskiedskrywer niks

onwaars mag sê nie, dat die geskiedskrywer die verpligting het om alles wat waar is te sê en dat hy bevooroordeeldheid moet vermy (Gossman 1990:227-8).

In die klassieke tyd (tot die einde van die agtiende eeu) is tog geen selfstandige plek aan die geskiedskrywing toegeken nie. Dit het onder die humaniora geressorteer as deel van die retorika en het as hulpwetenskap gefunksioneer by die teologie, filosofie, regte en letterkunde (Van Jaarsveld 1980:3). Gossman (1990:231) merk op dat dit oor 'n lang periode eintlik voorgekom het asof dit nie soseer die verhouding tussen literatuur en geskiedenis was wat ondersoek moes word nie, maar eerder die verhouding tussen fiksionele en historiese narratiewe, dit wil sê die twee terme waarvan die verhouding tradisioneel van belang was vir retorici.

'n Uiteensetting van die verhouding tussen fiksionele en historiese narratiewe kan heel eerste by Aristoteles in sy *Poëtika* (1996:16) gevind word: "The historian and the poet are not distinguished by their use of verse or prose; it would be possible to turn the works of Herodotus into verse, and it would be a history in verse just as much as in prose. The distinction is this: the one say what *has* happened, the other the kind of thing that *would* happen." Uiteindelik definieer Aristoteles (1996:16) geskiedenis en poësie[1] (fiksie) as volg: poësie is universeel, verstaanbaar, gebaseer op ondergeskiktheid van die deel aan die geheel, terwyl geskiedenis alleenlik die neweskikkende organisering van gegewens in samehang of opvolging is. Die formulering van Aristoteles wys uit dat beide iets vertel, dus van taal gebruik maak. Volgens Van Zyl (1997:33) is die verskille en ooreenkomste in die opbou van die historiese én literêre betoog in die verlede retories ondersoek: dié retoriese vergelyking lig eerder die ooreenkomste tussen die historiese en literêre uit as hul verskille.

In tye soos dié waarin die *Poëtika* geskryf is, is geskiedenis geassosieer met die enkelvoudige, die onverwagte, die onkontroleerbare of die onsistematiese, en fiksie (poësie) met die geordende, die samehangende, die algemene of universele. In ander tye het geskiedskrywers weer daarna gestreef om maksimum narratiewe samehang te verkry en om nader te kom aan die vorme van fiksie, terwyl romanskrywers weer probeer het om hierdie selfde vorme en tradisies deur 'n appèl teen geskiedenis te ondermyn. Volgens Gossman (1990:231) word beide historiese en fiksionele narratiewe in sommige periodes gekonstrueer op grond van 'n beginsel van akkumulasie, assosiasie of toevoeging. In ander periodes, soos die neoklassieke, streef beide om te konformeer aan die ideale van orde, samehang en

---

[1] In Grieks beteken *poíēsis* "om te maak". Vir Aristoteles (1996: xv) is poësie 'n nabootsing van die werklikheid in ritmiese taal, met of sonder melodiese begeleiding. Dit is belangrik om te besef dat die klem op die element van nabootsing lê. Sy tydgenote sou tevrede gewees het om poësie te definieer as 'n komposisie van versreëls, daarenteen ontken Aristoteles dat nie-nabootsende versreëls poësie is. Uit sy perspektief moet die digter liewer 'n skepper van plot wees, eerder as van vers. Vanuit hierdie oogpunt kan Aristoteles se konsep van poësie as 'n benadering van die moderne begrip van fiksie beskou word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


hiërargiese struktuur. Die spanning tussen die vereistes van sisteem en van verandering, tussen orde en avontuur, bestaan egter in alle soorte narratiewe praktyke (histories of fiksioneel).

In die volgende afdeling word daar 'n oorsig gegee aan die hand van die vraag hoe die perspektiewe op die verhouding tussen geskiedskrywing en literatuur verander het sedert die agtiende eeu waartydens die moderne konsep van geskiedwetenskap sy oorsprong gehad het.

## 2.2 DIE VERLIGTINGSGESKIEDSKRYWING VAN DIE AGTIENDE EEU

> *The historian of genius selects among twenty possible places in his narrative the one where a fact ought to be placed to throw light on all the others.*
> Fénelon

Die Verligtingsgeskiedskrywing van die agtiende eeu was gebaseer op die 2000-jaar-oue tradisie van die Natuurregfilosofie en daarmee saam die Rasionalisme en die Naturalistiese wêreldbeskouing. Vir die historici van die Verligting soos Voltaire (1697-1778), Gibbon (1737-1794), Condorcet (1743-1794), J.G. Gatterer (1727-1799) en A.L. Schlözer (1735-1809) was geskiedenis 'n soort natuurgebeure. Hulle wou die tradisionele teologiese beskouinge (van die vierde tot die sewentiende eeu) op grond van die natuurwetenskaplike metode en bevindinge sekulariseer. Metodies wou hulle die verlede analiseer: nie die verhaal was van belang nie, maar abstraksies en veralgemening. Mense uit die verlede wat nie aan hulle eise van redelikheid voldoen het nie, is veroordeel. Hulle was pragmaties in die sin dat hulle uit voorbeelde van die verlede lering wou trek met die doel om foute in die hede te vermy en 'n beter toekoms te skep. Geskiedenis was dus 'n regter en 'n leermeester. Die Verligtingshistorici het op oorsaak en werking gekonsentreer en na kousale verklarings vir menslike gebeurtenisse gesoek. Die klem het geval op die algemeen menslike, analise, veralgemening, teorieë en hipoteses (sien Van Jaarsveld 1982:5).

Voltaire, een van die stigtervaders van moderne geskiedskrywing, het sy lewenslange besinning oor geskiedskrywing as 'n besinning oor die epiese begin. In sy *Essay on Epic Poetry* (1727) het Voltaire verklaar dat hy verkies dat die onderwerp "waar" moet wees en het hy Le Bossu gekritiseer dat laasgenoemde 'n voorstander was van die idee dat die epiese digter onderwerpe uit sy verbeelding moet vind. Ook in 'n kommentaar op sy eie epiese gedig *La Henriade* (1728) maak Voltaire die volgende punt: "This poem is based on a known history, the truth of which has been respected in the principal events. The others, being less reliable, have been either omitted or rearranged according to the requirements of verisimilitude in a poetic composition" (soos aangehaal in Gossman 1990:234).

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH
BIBLIOTEEK

Later in die agtiende eeu het Hugh Blair (1754) 'n hervorming van die manier om met geskiedskrywing om te gaan voorgestaan, wat aan die historiese geskrifte die status en vorm van epiese poësie sou gee: "'in the conduct and management of his subject, the first attention requisite in an Historian is to give as much unity as possible; that is, his History should not consist of separate unconnected parts merely, but should be bound together by some connecting principle, which shall make the impression on the mind of something that is one, whole and entire.' The reader is most pleased and instructed 'when the mind has always before it the progress of some one great plan or system of actions; when there is some point or centre, to which we can refer the various facts related by the Historian'" (aangehaal deur Gossman 1990:236).

Die estetiese karakter van die voorgestelde hervorming word spesifiek duidelik gemaak in die voorwoord tot *Histoire de France, par M. L'abbé Velly* (1770) wat deur Jean-Jacques Garnier geskryf is. Hy het die vroegste geskiedskrywers van Frankryk gekritiseer omdat hulle eenvoudig geïsoleerde feite bymekaargemaak het en dit in chronologiese volgorde, sonder enige inagneming van moontlike interne verhoudings tussen die gebeure, gerangskik het. Garnier maak dan sy eie voorstel: die geskiedskrywer "should find a luminous point of view from which the reader could easily allow his gaze to embrace the entire sequence of facts, a pregnant principle of which each particular fact would be only a development or consequence" (aangehaal in Gossman 1990:238). Geïsoleerde feite wat nie in verband gebring kan word met die hoofaksie nie, moes gehanteer word as 'n afdwaling, en eenvoudig weggelaat word (Gossman 1990:238). Wat die leser van die geskiedskrywing waarneem, is die ontplooiing van 'n duidelik bepaalde aksie wat alreeds opgeskryf is in die elemente wat dit konstitueer.

In sy bespreking van die verhouding tussen geskiedskrywing en fiksie het Diderot (1760) opgemerk dat die fiktiewe teks geen twyfel laat dat die skrywer besig is om te 'skep' selfs wanneer die outeur aanspraak daarop maak dat hy die werklikheid volg nie (Gossman 1990:240). Volgens Diderot impliseer fiktiewe narratiewe altyd seleksie, organisasie of om betekenis te verleen. In Schiller se siening oor geskiedskrywing kan dieselfde eienskappe wat fiktiewe narratiewe vir Diderot gekarakteriseer het, gevind word. In sy inhuldigingslesing te Jena in Mei 1789, "What is Universal History and Why Do We Study it?" (vergelyk Gossman 1990:241), het Schiller versigtig onderskei tussen "the course of the world ('der Gang der Welt')" en "the course of the world history ('der Gang der Weltgeschichte')", of tussen die verloop van die gebeure en die geskiedskrywing. Slegs sommige van die golwe op die enorme rivier van die verlede is sigbaar vir die historikus, sê Schiller, en die historikus se persepsie word gedetermineer deur sy eie situasie, sodat gebeure dikwels uit die digte en komplekse web van hulle kontemporêre verhoudings losgemaak word om in 'n patroon geplaas (gekonstrueer) te word deur die historikus (Gossman 1990:240-241).

Die bewustheid van die omstrede status van "feite" word ook in die volgende opmerking van Jean-Jacques Rousseau van 1762 ondersoek: "[W]hat do people mean by this word 'facts'? (...) Do they believe that the genuine knowledge of events, and that the historical is so unrelated to the moral that one could know one without the other? If you see in human action only external, purely physical movements, what are you learning in history? Absolutely nothing" (aangehaal in Ray 1990:4). William Ray (1990:3) merk op dat die idee van die eenvoudige feit, en die eenvoudige narratief oor sulke feite, reeds sedert die sewentiende eeu in die spervuur is, as deel van die reaksie op dit wat Michael McKeon beskryf het as "naïewe empirisisme". Die teoretiese ontmaskering het 'n hoogtepunt bereik in die vroeë agtiende eeu as deel van die kritiek op geskiedskrywing. Dit word duidelik in die kommentaar van die agtiende-eeuse Lenglet Du Fresnoy, wat gesê het dat om instruksie aan ons te gee, geskiedskrywing nie net 'n akkurate weergawe moet wees van dit wat gebeur het nie; dit moet ook die oorsake en geheime motiewe blootstel van gebeure, sowel as die meganismes en intriges wat in aksie gestel is (in Ray 1990:3).

Wat belangrik was, was dus nie soseer die waarheid van die vertelling as die aktiwiteit van besinning deur middel van die vertelling nie. Die vertelling van die waarheid is nie self gesien as 'n objektiewe waarheid nie. In die agtiende eeu was die historiese én fiksionele vertelling dus volgens 'n hele aantal ondersoekers op fundamenteel ooreenstemmende wyses gekonstrueer.

Sturley (1969:117) merk oor die agtiende-eeuse geskiedskrywers op dat hulle nie probeer het om geskiedenis suiwer uit 'n wetenskaplike oogpunt te skryf nie, en dat hulle metodes volgens die standaarde van die negentiende-eeuse geleerdheid of kundigheid kritiekloos en amateuragtig was, met hul rasionalisasie dikwels kunsmatig. Die groot agtiende-eeuse skrywers het geskiedenis beskou as 'n samestelling van literatuur en filosofie en die doel daarvan as pragmaties; "history was philosophy teaching by example" (Sturley 1969:117). Hulle het geskryf om gelees te word, en geskiedskrywing het dus sy plek in retoriese handleidings ingeneem regdeur die agtiende eeu. Rudolf Unger se karakterisering van geskiedskrywing in die klassieke periode - "historiography was accounted to be, in the first instance, a *literary* genre" (soos aangehaal deur Gossman 1990:228) - bly geldig vir die geskiedenispraktyk feitlik tot die einde van die agtiende eeu.

Dit was teen die einde van die agtiende eeu dat die lang verbintenis tussen retorika en literatuur begin verbrokkel het. Die term "literatuur" is geleidelik meer met poësie geassosieer, of ten minste met poëtiese en beeldryke skrywe, en (veral onder die romantici en hulle opvolgers) het die term die betekenis van bevoorregte of "heilige" tekste aangeneem (Gossman 1990:228). Dit was 'n skatkamer waarin waarde, waarheid en skoonheid gestoor is en wat teenoor die empiriese wêreld van die historiese realiteit gestel

kon word, en in 'n sekere mate ook teenoor geskiedskrywing as die getroue weergawe van daardie realiteit.

Volgens Gossman (1990:229) was dit op hierdie punt dat geskiedskrywers begin het om na die geskiedenis van die geskiedskrywing self te begin kyk; na die oorsprong van die skeiding tussen historiese skrywe en poëtiese skrywe. Dus, op dieselfde tyd dat literatuur begin los raak het van die retoriek, was geskiedskrywing ook besig om die fokus van sy belang te verskuif. Vir die eerste keer is die kenteoretiese basis van die ideaal om die werklikheid onpartydig te verteenwoordig of na te boots, bevraagteken.

In die volgende afdeling word aandag gegee aan hoe die wetenskaplike aansprake van die geskiedskrywing sedert die negentiende eeu toegeneem het en aan die verhouding tussen geskiedskrywing en literatuur in dié tyd.

## 2.3 HISTORIESE BEWUSSYN IN DIE NEGENTIENDE EEU: WETENSKAPLIKE GESKIEDSKRYWING AS 'N REAKSIE TEEN DIE VERLIGTINGS-GESKIEDSKRYWING

> *The dominant feature of both fictional and historical narrative in the nineteenth century is the replacement of the overt eighteenth-century persona of the narrator.*
> Lionel Gossman

Tot aan die begin van die negentiende eeu moes die geskiedskrywing verantwoording doen aan die reëls van die retorika, ontwerp om 'n gehoor te oortuig en gelukkig te hou. Geskiedskrywing is beskou as versamelings individuele en kollektiewe geleefde stories wat die historikus dan moes ontdek en oorvertel, dit wil sê in narratiewe vorm (sien White 1987:ix-x). Die historikus se taak was nie om nuwe inligting oor die verlede bekend te maak nie, maar om bestaande kennis te bewaar en oor te dra op die mees doeltreffende en onderhoudende wyse. G.P. Gooch skryf in sy *History and Historians in the Nineteenth Century*: "(In the Middle Ages) history was a sermon, not a science; an exercise in Christian evidences, not a disinterested attempt to understand and explain the course of civilization (...) For the liberty of thought and expression, the insight into different ages and the judicial temper on which historical science depends, the world had to wait till the nineteenth century, the age of the Second Renaissance" (aangehaal in Sturley 1969:117).

In die negentiende eeu het daar 'n groot vooruitgang in die ontwikkeling van die geskiedskrywing gekom - veral deur die vestiging van kritiese en wetenskaplike historiese metodes. Die historiese teks is nie oorgedra as 'n teorie om bespreek, gekritiseer, aanvaar of verwerp te word deur die vrye en ondersoekende intellek nie, maar as die diepste vorm van die waarheid. Die negentiende-eeuse historikus kom voor as 'n gekwalifiseerde

verslaggewer wat betrokke is by die "faithful representation of truth" (Rigney 1990:1).

In die boek *Metahistory* verdeel Hayden White (1973:38-42) die dominante historiese bewussyn of die struktuur van die negentiende-eeuse historiese verbeelding in drie fases. Gedurende die eerste derde van die negentiende eeu het die nuwe generasie van die vroeë negentiende eeu stelling ingeneem teenoor die konvensionele uitkyk en gekunsteldheid van hul voorgangers in die agtiende eeu.[2] In hierdie periode het drie duidelike denkpatrone vorm aangeneem: "Romanties", "Idealisties", en "Positivisties". Alhoewel aanhangers van hierdie denkpatrone verskil het oor die korrekte metode om die geskiedenis te bestudeer en te verduidelik, was hulle dit eens in hul verwerping van die ironiese houding waarmee die voormalige Verligtingsrasionaliste soos Voltaire, Gibbon, Hume en Kant die studie van die verlede benader het. Hierdie gedeelde afkeer van die relativiste se ironiese siening van alle kennis verklaar tot 'n groot mate die entoesiasme vir historiese studie wat kenmerkend was van dié tydperk en vir die toon van selfvertroue in die vroeë negentiende-eeuse geskiedskrywing.

Dit verduidelik ook die aard van historiese bewussyn gedurende die tweede, "volwasse" of "klassieke" fase wat van ongeveer 1830 tot min of meer 1870 geduur het. Hierdie periode is gekenmerk deur 'n volgehoue debat oor die teorie van geskiedskrywing en deur die konsekwente produsering van massiewe narratiewe weergawes van eertydse kulture en gemeenskappe. Dit was gedurende hierdie fase dat die vier groot "meesters" van die negentiende-eeuse geskiedskrywing - Michelet, Ranke, Tocqueville, en Burckhard - hulle vernaamste werk geproduseer het.

Die opvallendste aspek van die geskiedskrywing van hierdie fase is volgens White (1973:39) die graad van teoretiese selfbewustheid waarmee die verteenwoordigers van dié tyd hulle ondersoek na die verlede uitgevoer en hulle narratiewe weergawes daarvan saamgestel het. Byna almal van hulle is geïnspireer deur die hoop om 'n perspektief op die historiese proses te skep wat net so "objektief" sou wees as dié waaruit wetenskaplikes die natuurproses beskou het, en net so "realisties" as die realiteit waaruit staatsmanne van die tydperk die lot van nasies bepaal het. Gedurende hierdie tydperk het die debat dus hoofsaaklik gedraai om die kwessie van die kriteria waarvolgens 'n werklik "realistiese" siening van die geskiedenis beoordeel kan word.

Leopold von Ranke (1795-1886) is by uitstek beskou as 'n model van die "objektiewe" historikus wat na die historiese waarheid gestrewe het deur middel van empiriese ondersoek. Vir Ranke is die dokument die sleutel tot historiese waarheid, die enigste gesag, vandaar sy

[2] Barante, byvoorbeeld, beskou sy voorgangers as "men of the literary profession, dedicated to making artificial compositions" (Rigney 1990: 1).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


navorsing in argiewe. Die kritiese vasstelling van die feite uit dokumente gaan alle begrip vooraf. Ranke se bekende gesegde, "wie es eigentlich gewesen [ist]", het 'n streng tradisie in die geskiedskrywing gevestig, met beklemtoning van die noukeurige toetsing, deeglike ondersoek van bewyse, totale hersiening van die begrip "literatuur (fiksie)" en 'n haarfyn noukeurigheid in verslaggewing (in die beskrywing van die werklikheid) (sien Du Pisani 1999a:165). Die doel van Ranke se wetenskaplike geskiedskrywing was historiese waarheid en korrektheid. Vir hom was die verlede daar as 'n objektiewe gegewe wat hom via die dokumente aan die historikus openbaar. Objektiwiteit was sy hoogste strewe, vandaar sy eis dat die geskiedskrywer in toom gehou moet word deur 'n houding van eerlikheid, onpartydigheid, geregtigheid en regverdigheid en 'n vooroordeellose strewe na waarheid. Hy het gestreef na die suiwerste moontlike kennis, 'n onvervalste aanskouing vry van hedebelange, politieke betrokkenheid en morele vooroordeling (Van Jaarsveld 1982:8).

Ten spyte van hulle verskille, was Humboldt, Savigny, Ranke, Creuzer, Schleiermacher, Gervinus en Hegel almal gemoeid met hierdie probleem. Hulle spekulasie lei tot 'n konsepsie van historiese kennis wat die uitsonderingsposisie daarvan met betrekking tot die kennis wat deur die natuurwetenskappe verskaf is, benadruk het. Ook positiviste se teorieë oor die geskiedenis het geprobeer om geskiedskrywing kenteoreties en metodologies so na as moontlik aan die natuurwetenskappe te bring. Refleksie oor die geskiedskrywing was dus nou meer en meer gemoeid met die probleme van historiese kennis en selde met die probleme van geskiedskrywing.

Die negentiende-eeuse Europese kultuur het oral 'n drang na 'n realistiese siening van die wêreld weerspieël. Die term "realisties", volgens White (1973:45), het iets anders as 'n "wetenskaplike" begrip van die wêreld beteken. Selfs hier het die term "realisme" konnotasies gehad wat geïmpliseer het dat daar meer op die spel was as 'n eenvoudige toepassing van "wetenskaplike metodes" op historiese data. [3] Ten spyte van hul "wetenskaplike" oriëntering, is die "realistiese" aspirasies van die negentiende-eeuse denkers en kunstenaars geraak deur 'n bewustheid dat enige poging om die historiese wêreld te verstaan, bepaalde probleme geskep het, naamlik struikelblokke wat nie opgeduik

[3] Geskiedkundiges met 'n histories-realistiese stellinginname was ook bewus daarvan dat volstrekte objektiwiteit en dus absolute realisme 'n illusie is. 'n Realistiese uitbeelding (in die literatuur) hang saam met die aard van kuns, wat die spanning tussen die werklikheid en die artistieke uitdrukkingsmoontlikhede en middele bloot wil lê. Die relatiwiteit van die realisme kan geïllustreer word aan die talle variante wat daarvan bestaan. So word verwys na die kritiese realisme, die fantastiese realisme, die magiese realisme, die naïewe realisme, die rasionele realisme, die naturalistiese realisme, die objektiewe realisme en die sosialistiese realisme (sien ook Van der Elst 1992: 417). Die geskiedkundiges van die negentiende eeu wou beelde van die geskiedenis voortbring wat net so vry was van die abstraktheid van hul Verligte voorgangers as wat hul ontdaan was van die illusies van hul Romantiese voorlopers. Hulle het egter ook soos hul tydgenote (bv. Scott) slegs daarin geslaag om net soveel verskillende soorte realisme voort te bring as wat daar modaliteite is vir die vorming van die wêreld in diskoers (White 1973: 40).

het in die menslike poging om die wêreld van blote fisiese prosesse te begryp nie.

Op hierdie manier is die idealistiese grondslag van Ranke se model van wetenskaplike geskiedskrywing in die laat negentiende eeu, naamlik in die derde fase, uit eie geledere sowel as deur die sosiale wetenskappe ondermyn, en die kritiek teen die historiografiese aanspraak op "objektiwiteit", "wetenskaplikheid" en "realisme" het in die twintigste eeu al hoe sterker geword.

In die volgende afdeling word verder bespreek word hoe die historiese roman van die negentiende eeu as tussenganger tussen geskiedskrywing en literatuur gedien het.

## 2.4 DIE HISTORIESE ROMAN IN DIE NEGENTIENDE EEU: HISTORIOGRAFIES EN LITERÊR

Volgens Wesseling (1991:32-33) het skrywers en lesers van die vroeë negentiende-eeuse historiese roman die gevoel gehad dat hulle te make het met 'n betekenisvolle vernuwing, omdat die tekste doelbewus beide die historiografiese en die literêre domein oorkoepel het sonder om die twee gelyk te stel. Die historiese roman het die romanagtige middele strategies met historiese materiaal gekombineer om die verlede op 'n wyse te openbaar waarop die historikus dit nie kon doen nie. Scott en sy onmiddellike voorgangers het daardeur 'n aanvullende posisie vervul wat geskiedskrywing betref, naamlik 'n posisie wat enersyds ‘n aansluiting by en andersyds ‘n afwyking van die doel van geskiedskrywing beteken het. Die historiese roman het die metgesel geword van geskiedskrywing deur homself as 'n middel te bied vir die oordra van historiese kennis. Die historiese roman onderskei homself terselfdertyd eksplisiet van die geskiedskrywing in sowel inhoud as vorm. Die voorstanders van die historiese roman het nie probeer om die fiksionaliteit daarvan te bedek nie. Hulle het geglo dat die gebruik van verdigting in diens van verlewendiging of optooiing en die verdigting van detail in gevalle waar geskiedskrywings slegs buitelyne gebied het, 'n wenslike kompensasie vir die tekortkomings van 'n stilisties onaantreklike geskiedskrywing is. Verder het die historiese roman aspekte van die verlede voorgestel wat op daardie stadium nog nie so uitgebreid deur historici gedek is nie, naamlik die daaglikse lewe van gewone mense.

Joseph Strutt se voorwoord tot *Queenhoo Hall* (1808) toon duidelik hoe die historiese roman die amptelike geskiedskrywing wou aanvul (aangehaal in Wesseling 1991:43):

> The history of itself which is partly fictitious, & partly founded on real circumstances, admits of great variety of characters & incidents, sufficient, it is hoped, to render it abstractedly interesting. But the chief purpose of work is to make it the medium of conveying much useful instruction imperceptibly to the minds of such readers as are

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



> disgusted at the dryness usually concomitant with the labours of the antiquary, & represent to them a lively & pleasing representation of the manners & amusements of our forefathers, under the form most likely to attract their notice.

Die historiese roman van die negentiende eeu moes dus vergoed vir die feit dat geskiedskrywing nie in staat was om as tussenganger tussen die verlede en die kontemporêre leserspubliek op te tree nie. Romanskrywers het dus die gebruik van fiksionele verdigting op didaktiese gronde geregverdig deur aan te voer dat dit die leser se toetrede tot die verlede kon fasiliteer (Wesseling 1991:43). Om aanspraak te maak daarop dat 'n waardevolle bydrae gemaak word tot die bevordering van historiese kennis, moes die skrywer van historiese fiksie kon bewys dat sulke romans nie net outentieke feite bevat nie, maar ook 'n paar fabels insluit. Ten spyte van 'n yl verhouding met vaste feite, kan die historiese roman die lesende publiek aanmoedig om meer standhoudende geskiedkundige inligting in te win.

Die historiese roman van die negentiende eeu kon homself dus aanbied as 'n meer doeltreffende manier om historiese kennis te versprei as amptelike geskiedskrywing. Dit was 'n potensiële bedreiging vir kontemporêre geskiedskrywing (volgens Wesseling 1991:45). Terwyl die historiese roman homself gewettig het as 'n manier om historiese kennis te versprei, het die waarde en geldigheid van hierdie tipe kennis vanselfsprekend geword en was dit klaarblyklik onbetwisbaar.

Volgens Wesseling (1991:53) het die geweldige populariteit van Scott se fiksie, *Waverley,* of *'Tis Sixty Years Since* (1814) 'n nuwe fase bekend gestel in die eeue oue kompetisie tussen die historikus en die digter. Alhoewel Scott daarna gestreef het om die sedes en gewoontes van 'n vorige era (van die verlede) op 'n akkurate wyse te verteenwoordig, was hy, volgens Wesseling (1991:52), nie te nougeset in sy verwysings na die datums van die historiese gebeure nie. Hy het ook nie altyd streng gehou by die chronologie van die lewens van die historiese persone nie. Verder was hy taamlik onsistematies in sy gebruik van bronmateriaal - hy het homself nooit beperk tot die outentieke historiese dokumente of betroubare ooggetuies nie, maar het ook gebruik gemaak van fragmente van legendes en volkskunde in die mondelinge tradisie as bronne vir sy verhale. Ander historiese romanskrywers soos Sir Edward Bulwer Lytton het egter weer na hoë standaarde van historiese akuraatheid gestreef. Hy het gesaghebbende historiografiese studies geraadpleeg en so die elemente van die volkskunde verwerp waarvoor Scott so lief was (sien Wesseling 1991:52-53).

Wesseling (1991:58) dui die dubbele probleem aan waarmee literêre en geskiedkundige standaarde skrywers van historiese fiksie gekonfronteer het gedurende die laaste gedeelte uit die negentiende eeu. As hulle sou konsentreer op uiterlike gebeure en die morele analise weglaat, sou hulle misluk as romanskrywers. As hulle die uitbeelding van karakters van die

verlede sou kombineer met morele kommentaar op hul aksies en motiewe, sou dit noodwendig moes geskied vanuit die skrywer se eie norme en waardes wat nie noodwendig dieselfde was as dié van hulle voorvaders nie, soos geskiedkundiges alreeds uitgewys het. In hierdie situasie kon skrywers van historiese romans dit moeilik vermy om hulle die kritiek van beide romanskrywers én die geskiedkundiges op die hals te haal.

Die luister van Scott se literêre prestasie het in verskillende rigtings versprei, deur nie net historiese fiksie nie, maar ook geskiedskrywing te beïnvloed. Scott het 'n belangstelling gevestig in gewoontes, sedes en die materiële omgewing in teenstelling met die fokus op politieke geskiedenis. Hy het tegnieke aangedui vir skilderagtige beskrywings wat hoogs bruikbaar is vir die visualisering van historiese situasies, en het geskiedkundiges herinner aan die aanloklikheid van 'n gedramatiseerde poort na die verlede. Negentiende-eeuse geskiedskrywers het ondubbelsinnig aangedui dat hulle dankbaar is teenoor Scott, omdat hy die aspekte van die verlede ontbloot het wat die geskiedskrywing tot in daardie stadium ontken het. Hulle het besef dat die geskiedskrywing kon baat vind by die gebruik van die representatiewe strategieë van die roman vir die visualisering van konkrete besonderhede (sien Wesseling 1991:53).

In die volgende afdeling word bespreek hoe die geskiedkundiges in die twintigste eeu die realistiese ideaal van die negentiende-eeuse geskiedskrywing bevraagteken en die fiksionaliteit en subjektiwiteit in historiese tekste benadruk het.

## 2.5 HISTORIESE BEWUSSYN IN DIE TWINTIGSTE EEU: BEVRAAGTEKENING VAN DIE OBJEKTIEWE HISTORIESE KENNIS

'n Belangrike eienskap van die twintigste-eeuse geskiedskrywing is "the broadening of the scope of historical studies, which now go far beyond the traditional preoccupation of historians with matters of Church and State, and indeed, well beyond the nineteenth century concentration on national history" (Sturley 1969:118-9). Geskiedenis word nie meer beskou as die handelinge van konings en hul oorloë nie, maar neem elke aspek van die menslike ontwikkeling in ag. Die studie van die voorgeskiedenis en die vondste van die argeologie, tesame met die opbou van kennis oor die Egiptenare, die Assiriërs, Kroate en die nie-Europese beskawings het die historiese perspektief grootliks uitgebrei. Die wetenskaplike groei van die sielkunde, volkekunde en sosiologie, en die waardering van die belangrikheid van sosiale en ekonomiese faktore het 'n omwenteling meegebring in die neerskrywe van die geskiedenis (sien Sturley 1969:119).

Aan die einde van die negentiende eeu het die geskiedfilosowe die naïewe realisme van die klassieke historici teengestaan en die plek van subjektiwiteit in historiese kennis benadruk. Die wettigheid van die fiksionele element in die geskiedskrywing het dus gaandeweg in die

loop van die twintigste eeu meer steun gekry. Vir baie wat oor die probleme van historiese kennis besin het, was dit duidelik dat die persoon wat weet self betrokke is in die historiese proses as maker van geskiedenis en dit dus nie moontlik was om die "objektiewe" siening van die natuurwetenskaplike te bereik nie (in Wesseling 1991:69).

Benedetto Croce (vergelyk Du Pisani 1999a:166), wat deur sy regverdiging van die noodsaaklikheid van geskiedskrywing op die voorgrond gekom het, het geskiedskrywing as 'n kundige voorstelling van die werklikheid beskou. Hy het die beroemde stelling gemaak dat alle geskiedenis kontemporêre geskiedenis is ("all history is contemporary history"), met die betekenis dat geskiedskrywing as 'n kontemporêre belang lewe in die gedagte van die geskiedskrywer wat die navorsing oor en optekening van die verlede onderneem. Tog mag die verlede volgens Croce nie gepoëtiseer of geromantiseer word nie en mag geskiedskrywers nie verder gaan as dit wat geverifieer kan word nie. Met ander woorde: "Genuine history has no room for the merely probable or possible" (Collingwood 1966:127).

Croce het ook Ranke se strewe na "wie es eigentlich gewesen [ist]" as kroniekskrywing veroordeel en sy geloof dat die historiese werklikheid hom "objektief" aan die historikus openbaar, bevraagteken. Historiese kennis is volgens Croce onskeibaar van die soort vrae wat die historikus stel. 'n Klemverskuiwing van die objek na die subjek het gevolg, dus na die tipe vormgewing van die verlede deur die historikus. Croce het verkondig dat die geskiedskrywer die verlede deur die spieël van die hede sien en dat 'n studie van die geskiedenis 'n analise beteken van die kragte wat in die huidige wêreld werk, waardeur hy ook aktiewe deelname aan die vorming van die toekoms kry. Dit was gedagtes wat 'n sterk aanklank by die Amerikaanse "New History" gevind het (Van Jaarsveld 1982:15).

In Frankryk was Febvre gekant teen die blote ingesteldheid op "feit". Febvre (volgens Murphey 1973:64) het opgemerk dat die toekenning van betekenis 'n interpretatiewe proses is: "Historical facts are not established from pure data - they are postulated to explain characteristics of the data. Thus the sharp division between fact and interpretation upon which the classical view insisted and which the revisionists have accepted, does not exist." Die refleksie oor geskiedskrywing in die twintigste eeu het geneig daartoe om die negentiende-eeuse ideaal van die wetenskaplike geskiedskrywing toenemend te bevraagteken.

In dieselfde gees het R.G. Collingwood (1966:231, 241) klem geplaas op die rol van die historiese verbeelding in die "re-thinking" en "re-enactment" van die verlede. Hy het toegegee dat die geskiedskrywer verbeeldingstekeninge lewer, wat geensins verskil van dié van die romanskrywer nie. Huizinga het volgens Du Pisani (1999a:166) ook die literêre aspekte van die geskiedskrywing en die wesenlik poëtiese en kreatiewe eienskap van die historiese verhaal beklemtoon. Hierdie mening is deur baie prominente historici ondersteun.

Baie romanskrywers in die twintigste eeu het ook die belangrike rol van die historikus se verbeelding gespeel word, benadruk. In die literêre kuns van die twintigste eeu is hierdie ontwikkeling vertolk as 'n belangeskuif weg van die veronderstelde objektiewe verteenwoordiging van die empiriese (op ondervinding gegronde) realiteit na die ondersoek as 'n proses van besinning, waarin beelde oor die self en die buitewêreld gevorm word.

## 2.6 DIE DISSIPLINE VAN GESKIEDSKRYWING IN DIE TWINTIGSTE EEU

In die twintigste eeu is die idee van die geskiedenis as 'n ordelike en betekenisvolle proses met 'n inherente dinamika en doel deur die geskiedfilosowe betwyfel, wat onvermydelike gevolge vir die status van historiese kennis gehad het. As die geskiedenis nie gekoppel kon word aan 'n inherente orde nie, dan kan gedink word dat die samehangende strukture van historiese kennis by die historikus ontstaan het, eerder as in die geskiedenis self. Medewerkers aan die filosofie van die geskiedenis het die onpartydige en objektiewe posisie van die professionele geskiedkundige geskiedskrywing dus vanaf die begin van die twintigste eeu begin bevraagteken.

Wesseling (1991:70) voer aan dat die bevraagtekening van die historisisme[4] versterk is deur die ellende van die Eerste Wêreldoorlog. In sy verhandeling *Von Nutzen und Nachtheil der Historie für das Leben,* een van die *Unzeitgemässe Betrachtungen* (1873-1875), het Nietzsche reeds 'n venynige aanval geloods op die ideale van objektiwiteit en onpartydigheid wat deur die historici gekoester word, en het hy ook Hegel se vergoddeliking van die historiese proses bespot. Later het die grootskaalse slagting van die Eerste Wêreldoorlog opvattings oor die onpartydigheid van die geskiedenis pynlik onvoldoende laat voorkom. Ranke se stelling dat historici hulself daarvan moet weerhou om morele oordele uit te spraak oor die verlede en hul ook moontlik moet weerhou daarvan om vooroordele en vooropgestelde menings te vorm voor hul die onderwerp van ondersoek konfronteer, was moeilik om vol te hou na aanleiding van 'n so omvangryke tragedie (Wesseling 1991:70).

Soos Nietzsche het Theodor Lessing (vergelyk Wesseling 1991:70) in sy radikale aanval op historisisme, *Geschichte als Sinngebung des Sinnlosen* (1919), beide Hegel se teleologie en

---

[4] Volgens Iggers (in Wiener 1973-4 vol. 3: 456) is dit moeilik om 'n bondige betekenis aan die term "historisisme" te koppel (Duits, *Historismus*). Meinecke, Heussi, en Natoni het in hul studies oor historisisme aangeneem dat die term ontstaan het in die laat negentiende eeu en eers in die twintigste eeu bekend geword het in die verbintenis met die "krisis van historisisme", die diepe onsekerheid ten opsigte van die waarde van die Westerse historiese tradisies en die moontlikheid van objektiewe historiese kennis. Die term is eintlik heelwat ouer en was goed gevestig in Duitsland in die middel van die negentiende eeu. In die algemeen word die historisisme verstaan as die opvatting dat alle kultuurverskynsels die produk is van die geskiedenis; alle verskynsels spruit uit historiese ontwikkeling voort (Van Jaarsveld 1982: 6). Dit was historisisme wat Ranke se objek en metode vir die geskiedwetenskap bepaal het, waardeur Ranke die "objektiewe wetenskaplike skool" van geskiedskrywing tot stand gebring het.

Ranke se objektiwiteit verwerp. Lessing het veronderstel dat die geskiedenis nie oor die vermoë tot aangebore betekenis, doel, oorsaaklike of samehangende verband beskik nie, maar dat hierdie kategorieë deur die historikus opgelê word. Die byvoeging van betekenis en vorm hou volgens Lessing verband met die belange van die historikus, wat teenstrydig is met Ranke se stelling dat die historikus sy eie vooroordele moet opskort.

In die Verenigde State het die sogenaamde "nuwe historici" die historisistiese tradisie gekritiseer vanaf ongeveer 1910 en daarna. Hulle het 'n pragmatiese benadering tot die historiografie gepropageer deur vol te hou dat slegs daardie aspekte van die verlede wat direk relevant is vir die hede waardig is om te bestudeer, op grond van hul potensiaal om die oorsaak van die huidige stand van sake te verduidelik. Volgens Wesseling (1991:71) het die "teenwoordigheid" van die nuwe historici geskiedskrywing meer pragmaties gemaak, want hulle het nie net voorgehou dat die historici bepaal word deur die belange van die hede nie, maar dat hulle ook bewustelik die belange van die hede moet kies as 'n gids deur die verlede. Die nuwe historici vervang dus Ranke se *wie es eigentlich gewesen* [ist] met *wie es eigentlich geworden* [ist].

Ander belangrike name by ‘n kritiese waardebepaling van die historici se erflating is Benedetto Croce en R.G. Collingwood. Croce het in sy boek, *Theory and History of Historiography* (1921), die breë hooftrekke van die perspektivis se aard van historiese kennis omlyn deur klem te lê daarop dat ons weergawes van geskiedenis moontlik bepaal word deur die belange van die hede. Verder het hy die objektiewe, outonome bestaan van die geskiedenis ontken deur aan te voer dat geskiedenis slegs bestaan as 'n onderwerp van die geskiedkundige se gedagtes.

Soortgelyk hieraan het Collingwood in *The Idea of History* (1946) Ranke se stelling gekritiseer dat historici hulself moet onderwerp aan gesagsbronne in die herskep van die verlede. Historici moet, volgens Collingwood (1946:241), hulself bo die bronne plaas deur prosedures soos keuring, interpolasie of invoeging, en kritiek. Historici kies slegs daardie feite uit die ryk bron van data wat hulle konfronteer terwyl hulle ontslae raak van die res. Hulle voeg feite toe terwyl hulle die vryheid het om sekere data as vals te verwerp.

Terwyl hulle besig is met hierdie werkwyses, moet historici hulle toevlug neem tot "a priori imagination" (Collingwood 1946:241), 'n hoogs betekenisvolle konsep met betrekking tot die geskiedkundige benadering. Dit stel die historikus in staat om deur gevolgtrekkings of deduksie feite te veronderstel sonder om eintlik daaroor ingelig te word. Om die werking van die "a priori imagination" te illustreer, het Collingwood (1946:243) sy bekende vergelyking tussen die historikus en die speurder getref. Beide spekuleer op die basis van 'n bietjie inligting, terwyl hulle deduktief voortgaan van een argument na die volgende, totdat die raaisel wat gelei het tot die ondersoek, opgelos word.

Omdat hy die verkleefdheid aan die eksterne gesagsbron as 'n kriterium vir historiese waarheid verwerp het, moes Collingwood 'n alternatief formuleer. Hy het hierdie probleem op 'n idealistiese wyse opgelos deur aanspraak te maak op die feit dat die "a priori imagination" sy eie kriteria van geldigheid skep. Die historikus se hoofdoel is om 'n samehangende prent te skilder van die verlede, "'n web van verbeeldingryke konstruksie" (Collingwood 1946:244). Die spesifieke tipe sintese wat die historikus in gedagte het, dien as 'n kriterium vir die aanvaarding van sekere inligting as waar, en die verwerping van ander inligting as onwaar. Die web van verbeeldingryke konstruksie is volgens Collingwood soms baie meer solied en kragtig as wat besef word, want wanneer historici moet kies tussen verskillende weergawes van dieselfde geleentheid, kies hulle die weergawe wat hul eie prentjie (grootliks "a priori") pas. 'n Logiese gevolg van hierdie konsep, wat die subjektiwiteit van geskiedskrywing erken, is dat die geskiedenis herskryf word wanneer iemand die bron bestudeer met 'n ander vraag in gedagte, en dan 'n nuwe patroon van verbande skep. Collingwood (1946:247) skroom nie om die volgende gevolgtrekking te maak nie: Elke hede het 'n verlede, en enige verbeeldingryke konstruksie van die verlede het ten doel om die verlede van die hede te herkonstrueer, die hede waarin die daad van die verbeelding aangaan.

Die kritiese herevaluasie van geskiedskrywing het tot gevolg gehad dat die moontlikheid van 'n objektiewe herkonstruksie van die verlede onder die soeklig geplaas is. Croce en Collingwood het die objektivis se epistemologie van historisisme deur 'n perspektivistiese posisie vervang deur uit te wys dat dit vir historici onmoontlik is om hul intellektuele en ideologiese voorveronderstellings te ignoreer. Volgens hulle vorm sulke voorveronderstellings die onlosmaaklike fondament van enige weergawe van die verlede. Die samehangende strukture van historiese kennis is dus beskou as 'n funksie van die historikus se gedagtes, eerder as 'n eienskap van die geskiedenis self.

Die vooropstelling van die narrativisme en subjektiwiteit het die dissipline van geskiedskrywing in die twintigste eeu sterk beïnvloed. Historici het toenemend tot die gevolgtrekking begin kom dat die veronderstelde streng saaklike, objektiewe karakter wat aan historiese feite toegeskryf word, fiksie is. Hierdie neiging in die geskiedsbeoefening kom ook in die historiese roman in die twintigste eeu voor. In die volgende afdeling word 'n oorsig gegee van die ondermyning van die grens tussen die historiografiese en die literêre in die historiese roman.

## 2.7 DIE HISTORIESE ROMAN IN DIE TWINTIGSTE EEU

Die klassieke model van historiese fiksie is gebou op die aanname dat historiese kennis op sigself 'n relatief onproblematiese kategorie is. Dit is ontwerp vir die vertel van 'n opwindende avontuurverhaal teen 'n historiese agtergrond, wat daarop gemik was om die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


lesende publiek te vermaak en hul nuuskierigheid te bevredig, en definitief nie vir die hantering van ingewikkelde epistemologiese aangeleenthede nie. Skrywers het eers na die Tweede Wêreldoorlog 'n alternatief vir die klassieke model begin ontwikkel om 'n bewustheid te skep van die feit dat die betekenis en verstaanbaarheid van die geskiedenis nie as vanselfsprekend aanvaar moet word nie, deur middel van post-modernistiese innovasies op die historiese roman (Wesseling 1991:73).

Postmoderne romanskrywers dink nie dit is hulle taak om historiese kennis te versprei nie, maar om elke moontlikheid, aard en gebruik van historiese kennis vanuit 'n epistemologiese of 'n politieke perspektief te ondersoek. Volgens Wesseling (1991:73-74) moet romanskrywers in die eerste plek die verstaanbaarheid van die geskiedenis, die meervoudige interpretasiemoontlikhede ("polyinterpretability") van historiese rekords en ander soortgelyke sake wat verband hou met die opsporing van die verlede ondersoek. In die tweede plek lê die romanskrywer die partydige aard van historiese kennis bloot deur die intieme verbinding tussen weergawes van die geskiedenis en die wettigverklaring daarvan deur politieke mag op die voorgrond te plaas. Hierdie bevraagtekening van historiese kennis gaan saam met verskillende stelle literêre strategieë: die eerste het aanleiding gegee tot die ontwikkeling van self-refleksiewe ontwerpe, die tweede tot die skep van alternatiewe geskiedenisse.

Die volgende hoofstuk bespreek spesifiek hierdie postmodernistiese bevraagtekening van historiese kennis en die bemoeienis met die verhouding tussen feit en fiksie in geskiedskrywing én historiese romans.

## 2.8 GEVOLGTREKKING

In hierdie hoofstuk is gesien hoe die verhouding tussen geskiedenis en literatuur verander het vanaf die klassieke tye tot die twintigste eeu. Groot veranderinge het plaasgevind ten opsigte van die omvang, metodes en werkwyses van die geskiedskrywing in die laaste drie eeue. Bedenkinge oor die idee van 'n objektiewe, verstaanbare werklikheid het sekere nagevolge gehad op die gebied van die filosofie van die geskiedenis en die historiese roman.

Die groot agtiende-eeuse skrywers, soos Voltaire, Gibbon, Hume en ander, het die geskiedenis gesien as 'n samestelling van literatuur en filosofie. In die negentiende eeu is die kritiese en wetenskaplike historiese metode gevestig. In die vroeë twintigste eeu is daar gereageer op die laat negentiende-eeuse aandrang dat geskiedenis 'n wetenskap is, en 'n bewuswording het ontstaan van die onmoontlikheid om ooit presies te weet wat gebeur het en hoekom sekere dinge gebeur het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


Sedert die tagtigerjare word die posisie en rol van geskiedenis as 'n akademiese dissipline opnuut deurdink. Met die opkoms van die postmodernisme bemoei die historiese diskoers sigself met die verhouding tussen feit en fiksie. In die volgende hoofstuk sal ondersoek word hoe vervaging plaasvind deur die ondermyning van grense tussen feit en fiksie in die geskiedskrywing, naamlik watter invloed die postmodernisme op die geskiedskrywing uitoefen, hoe die postmodernistiese geskiedfilosofie in verskillende historiese romans neerslag vind, en hoe die postmodernistiese historiese roman deur die problematisering van representasie as 'n politieke strategie gesien word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


# HOOFSTUK 3

# POSTMODERNISME EN DIE VERHOUDING TUSSEN GESKIEDSKRYWING EN LITERATUUR

*The one duty we owe to history is to rewrite it.*
Oscar Wilde

## 3.1 GESKIEDSKRYWING IN DIE POSTMODERNISTIESE ERA

*The past really did exist. The question is: how can we know that past today? - and what can we know of it?*
Linda Hutcheon

### 3.1.1 Die verlede en geskiedskrywing

"History is one of a series of discourses[5] about the world. These discourses do not create the world (that physical stuff on which we apparently live) but they do appropriate it and give it all the meanings it has" skryf Jenkins in *Re-Thinking History* (1991:5). Daardie gedeelte van die wêreld wat die (oënskynlike) navorsingsdoelwit van geskiedenis is, is die verlede. Jenkins (1991:6) onderskei soos volg tussen die verlede ("the past") en geskiedskrywing ("history"): die term "die verlede" kan gebruik word vir alles wat vantevore gebeur het, terwyl die woord "geskiedskrywing" verwys na die historiografie, na die geskrifte van geskiedskrywers. Die verlede is verby en geskiedskrywing is dit wat geskiedkundiges daarvan maak wanneer hulle daaraan begin werk. Die woord Geskiedenis ("History" met 'n hoofletter H) verwys na die hele ensemble van die verhoudings. Jenkins defineer drie verskillende betekenisse van die term "history" in sy boek, naamlik die verlede ("the past"),

---

[5] Die term "diskoers" word eintlik in verskillende betekenisse op die verskeidenheid gebiede gebruik. Van Gorp (1998: 122) verklaar die term *diskoers* eerstens as "alles wat gesê word". Hierdie begrip sluit aan by die Saussuriaanse *parole*-konsep, die konkrete taalgebruik in sy verskeidenheid en sy unisiteit. Die klem is veral op die pragmatiese dimensie van die spreeksituasie: wie spreek, tot wie, in watter situasie? Op watter wyse bepaal hierdie diskoerse gegewens met die spesifieke waarde en funksie van die betrokke uitsprake? In hierdie perspektief word die vlak van die linguistieke diskoers ook deurgaans verbind met ekstralinguistiese faktore (ideologie, gemeenskaplike en sosiale situasie, historiese dimensie), wat die spreek daarvan bepaal en struktueer (Van Gorp 1998: 122). Die term "discourse" wat hier deur Jenkins gebruik word, kan as 'n (betreklik basiese) betekenis verstaan word soos in Belsey (1980: 5) se verklaring: "A *discourse* is a domain of language-use, a particular way of talking (and writing and thinking). A discourse involves certain shared assumptions which appear in the formulations that characterize it. Ideology is *inscribed in* discourse in the sense that it is literally written or spoken *in it*; it is not a separate element which exists independently in some free-floating realm of 'ideas' and is subsequently embodied in words, but a way of thinking, speaking, experiencing." Die term diskoers wat verder in hierdie studie gebruik word, sluit aan by Belsey se verklaring.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


geskiedskrywing ("historiography") en van die totaliteit van verhoudings ("History").[6]

Hutcheon (1988:122) se onderskeiding tussen gebeure ("events") en feite ("facts") is ook relevant. Volgens haar word gebeure omskep in feite deur verwant te wees aan konseptuele kweekplekke waarin hulle vasgelê moet wees voordat hulle as feite beskou kan word. Sowel geskied- as fiksieskrywers kies bepaalde onderwerpe: hulle bepaal dus watter gebeure feite sal word. Dominick LaCapra (1985:45) voer aan dat dokumente of artefakte wat historici gebruik, nie neutrale bewyse is vir die omvormingsverskynsel wat veronderstel dat daar 'n mate van onafhanklike bestaan daarbuite is nie. Alle dokumente verwerk inligting en die wyse waarop dit plaasvind, is self 'n historiese feit wat die representasie van historiese kennis beïnvloed. Dit is die tipe insig wat volgens Hutcheon (1988:122) gelei het tot 'n semiotiek van die geskiedenis: dokumente word tekens van gebeure wat die historikus verander in feite. Dit word die werklike verskil tussen gebeure (wat geen betekenis op sigself het nie) en feite (waaraan betekenis gegee is). In White (1978b:43) se woorde: "Facts are not given but are constructed by the kind of questions we ask of events". Verskillende perspektiewe op dieselfde gebeure kan daarom tot verskillende feite aanleiding gee.

Die onderskeid tussen verlede en geskiedskrywing of tussen gebeure en feite kan groot gevolge inhou. Jenkins (1991:6) verduidelik dit soos volg: Al het daar miljoene vroue in die verlede geleef (in Griekeland, Rome, die Middeleeue, Afrika, Amerika ...) verskyn slegs 'n paar in die geskiedskrywing. Vroue is "weggesteek" in die geskiedskrywing - met ander woorde hulle is stelselmatig uitgesluit uit die meeste historici se werke. Die gevolg is dat feministe die taak aangepak het om vrouens terug te skryf in die geskiedenis. Op hierdie stadium sou ons kon stilstaan en in ag neem hoeveel ander groepe, mense en klasse uitgelaat is en nog steeds uitgelaat word uit die geskiedenis en wat die gevolge sal wees indien die weggelate groepe sentraal sou wees tot historiese weergawes en die huidige sentrale groepe van mindere belang sou wees.

Hieruit blyk dat geskiedskrywers die beskrywende kategorieë en die betekenisse skep van die historiese materiaal. Geskiedskrywers konstrueer die analitiese en metodologiese gereedskap om uit hierdie rou materiaal hul interpretasies te grond. Die verlede bereik ons altyd as stories en ons kan selde die stories of narratiewe nagaan om te verseker dat dit ooreenstem met die "werklike" verlede - hierdie narratiewe stel dus vir ons die "werklikheid" voor.

---

[6] Soos wat hier ondersoek word, kan die woord *geskiedenis* verskillende betekenisse hê. Jenkins self gebruik die woord *history* dikwels vir *historiography*. Om die gebruik van die terme duidelik te maak word in hierdie studie die twee woorde, *geskiedskrywing* (die geskrifte van die geskiedskrywers) en *geskiedenis* (die "verlede", die "gebeure") onderskeidelik gebruik, aangesien die konsep *geskiedenis* 'n dubbele betekenis sou kan hê.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


Verskillende geskiedkundiges vertolk dieselfde verskynsel ook verskillend as gevolg van diskoerse wat altyd aan die beweeg bly, wat voortdurend ontleed en weer saamgestel word, wat gedurig geplaas en geposisioneer word. Diegene wat hierdie diskoerse dus gebruik, moet voortdurend selfondersoek doen, en moet dus voortdurend deur diegene wat hierdie diskoerse gebruik, ondersoek word. Hierdie kenteoretiese swakheid laat toe dat die geskrifte van geskiedskrywers veelsoortig kan wees (daar is dus net een verlede maar talle geskiedenisse). Wat maak die geskiedenis kenteoreties so swak? Jenkins (1991:11-13) verduidelik dit op die volgende manier: Eerstens kan geen historikus die totaliteit van gebeure in die verlede dek en dus herontdek nie, omdat hul "inhoud" feitlik grensloos is: "The sheer bulk of the past precludes total history". Slegs 'n fraksie van dit wat gebeur het, kan verhaal word, en geen geskiedkundige se weergawe stem ooreen met die verlede nie. Tweedens kan geen verhaal die verlede herontdek nie, omdat die verlede nie 'n blote verslag was nie maar werklike gebeure. Omdat die verlede verby is, kan geen verhaal of verslag daarvolgens nagegaan word nie maar slegs deur dit langs soortgelyke verhale te plaas. Die kultuurkritikus Steven Giles (in Jenkins 1991:11) meen dat dit wat reeds gebeur het, *altyd* begryp word deur die afgesette lae van vorige vertolkings, en deur die leesgewoontes en kategorieë wat ontwikkel is deur vorige en huidig vertolkte diskoerse.

Daar is byvoorbeeld taamlik onenigheid oor Hitler se intensies nadat hy aan bewind gekom het, en oor die redes wat gelei het tot die Tweede Wêreldoorlog. Die bekende jare lange verskil tussen A.J.P. Taylor en H. Trevor-Roper is een voorbeeld. Jenkins (1991:12) argumenteer dat hierdie verskil nie gebaseer is op hul meriete as historici nie: beide het genoeg ondervinding, beide kan dokumente lees en in hierdie geval lees hulle gereeld dieselfde dokumente. Tog het hulle steeds verskil van mekaar. Met ander woorde, terwyl die gebruik van bronne die historikus se vryheid beperk en verhinder dat enigiets gesê kan word, kan die gebruik van dieselfde bronne nogtans nie waarborg dat slegs een interpretasie bestaan nie.

As gevolg hiervan bly die geskiedskrywing onvermydelik die manifestasie van die geskiedkundige se perspektief as 'n "verteller". In teenstelling met direkte geheue, maak die geskiedskrywing staat op iemand anders se oë en stem; ons sien dit dus deur die oë van 'n vertolker wat staan tussen gebeure van die verlede en wat ons daarvan lees. Die verlede wat ons "ken", is altyd afhanklik van ons eie sienswyses, ons eie "hede". Om die verlede te verduidelik, merk Lowenthal (1985:216) op, "historians go beyond the actual record to frame hypotheses in present day modes of thought ... we are moderns and our words and thought cannot but be modern". Die feitelikheid van ons historiese kennis wat deur die geskiedskrywers se geskiedskrywing aangebied is, word op 'n natuurlike manier bevraagteken.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


Jenkins se onderskeid tussen "die verlede" en "geskiedskrywing", en Hutcheon se onderskeid tussen "gebeure" en "feite" problematiseer dus die verhouding tussen geskiedenis en literatuur, as gevolg daarvan dat die feitlikheid van geskiedskrywing sterk bevraagteken en die subjektiwiteit daarvan beklemtoon word.

Schoeman se *Verliesfontein* en Coetzee se *Op soek na generaal Mannetjies Menz* wat in hoofstuk 5 bespreek sal word, is goeie voorbeelde wees van historiese fiksie wat ook hierdie verhouding tussen geskiedenis en literatuur problematiseer.

### 3.1.2 Die problematisering van die verhouding tussen geskiedskrywing en literatuur

Voor die opkoms van Ranke se "wetenskaplike geskiedenis (scientific history)" is die literatuur en geskiedskrywing beskou as takke van dieselfde leerskool, 'n skool op soek na die vertolking van ondervindings, met die doel om die mens te lei en te verhef (Hutcheon 1988:105). Volgens Rigney (1990:ix) was die verhouding tussen die skryf van geskiedenis en die skryf van literatuur in gelyke mate onproblematies vir die grootste gedeelte van die laaste 150 jaar, maar om 'n totaal ander rede: omdat die geskiedskrywing en literatuur oënskynlik so verskillend was, was daar geen gemeenskaplike terrein tussen hulle wat die moeite werd sou wees om 'n geskilpunt van te maak nie. As gevolg hiervan is die diskursiewe dimensie van geskiedskrywing vir lank geïgnoreer: aan die een kant deur studente van die literatuur, wat amper eksklusief belang gestel het in die tradisionele "literêre" genres soos fiktiewe prosa, drama en digkuns; aan die ander kant deur historici vir wie die rol van diskoers in die skryf van historiese kennis nie van werklike belang was nie.

Gossman se essay 'History and Literature: Reproduction or Signification?' (1978) het aangedui dat die verhouding tussen geskiedskrywing en literatuur weer 'n kwelpunt geword het. Die vraag in sy titel weerspieël onlangse ontwikkelings in die studie van diskoers (die uitbreiding verby die grense van "literêre" werke) en die steeds groeiende belangstelling onder literêre teoretici en geskiedkundiges in die rol van diskoers in die historiografiese praktyk.

Dat die grens tussen diskoers en geskiedenis nou weer oop is, word geïllustreer deur die steeds groter waarde wat geskiedkundiges heg aan die rol van tekste en die ontsyfering van tekens. Nie net het geskiedkundiges begin voordeel trek uit ontwikkelings in die semiotiek of tekenleer sowel as die tekstuele analise waardeur hul eie praktyke vernuwe is nie, daar is ook 'n groeiende belangstelling in die rol van die geskiedskrywer self as 'n skrywer en skepper van tekste.

Die vae grens tussen geskiedskrywing en literatuur blyk ook uit 'n vergelyking van twee definisies deur Jenkins en Frow. Jenkins (1991:26) defineer "history" (geskiedskrywing) as volg:

> History is a shifting, problematic discourse, ostensibly about an aspect of the world, the past, that is produced by a group of present-minded workers who go about their work in mutually recognisable ways that are epistemologically, methodologically, ideologically and practically positioned and whose products, once in circulation, are subject to a series of uses and abuses that are logically infinite but which in actuality generally correspond to a range of power bases that exist at any given moment and which structure and distribute the meanings of histories along a dominant-marginal spectrum.

Hierdie definisie is nie heeltemal in teenstelling met die definisie van literatuur volgens John Frow (1986:84) nie:

> [literature] designates a set of practices for signification which have been socially systematised as a unity and which in turn regulate the production, the reception, and the circulation of texts assigned to this category. It thus constitutes a common form of textuality for formally and temporally disparate texts, although this shared space may be riven by antagonistic regimes of signification corresponding to different class (or race or gender or religious) positionings and their different institutional bases.

Volgens Hutcheon (1988:105) het onlangse belangrike geskrifte oor geskiedenis en fiksie meer gefokus op die ooreenkomste tussen die twee as op hul verskille. Beide ontleen hul krag meer aan die waarskynlikheid of die skynwaarheid as aan enige objektiewe waarheid; beide word gesien as linguistiese konstruksies, hoogs konvensioneel voorgestel in hul verhalende vorme, en glad nie deursigtig met betrekking tot die taal of die struktuur nie; verder kom dit voor asof hulle in gelyke mate intertekstueel is deur die ontplooiing van die tekste van die verlede in hul eie komplekse tekstualiteit. In die artikel oor Voltaire, "History of Charles XII", het Gossman probeer om die konvensionele grens tussen geskiedskrywing en literatuur op te hef deur daarop te wys dat historiese diskoers onderwerp moet word aan dieselfde tipe analise as enige ander diskoers en dat die historiese narratief baie meer gemeen het met die fiktiewe narratief as wat geskiedkundiges normaalweg wil erken.

Deur die literêre aard van historiese narratiewe te beklemtoon, word nie alleen die status van geskiedskrywing bevraagteken as 'n objektiewe representasie van die historiese werklikheid nie, maar ook die aard van geskiedenis, deur byvoorbeeld te vra: Is dit moontlik om te sê wat werklik in die verlede gebeur het, om by die waarheid uit te kom, om 'n objektiewe begrip te bereik, of, indien nie, is die geskiedenis onverbeterlik verklarend? Wat is historiese feite (en bestaan dit werklik)? Wat is partydigheid ("bias") en beteken dit dat

historici dit behoort raak te sien en uit te roei? Is 'n wetenskaplike geskiedskrywing moontlik of is geskiedskrywing essensieel 'n kunsvorm?

### 3.1.3 Die problematisering van "geskiedskrywing"

Die term *postmodern* is nie 'n onlangse skepping nie, maar is reeds in die sewentigerjare van die negentiende eeu gebruik, merk Foster (2000:68) op. In die twintigste eeu het die woord *postmodernisme* in literêre en historiese geskrifte opgeduik en kom dit byvoorbeeld in 1942 voor by die Amerikaanse kritikus Dudley Fitts en in 1947 by die beroemde Britse historikus Arnold Toynbee in sy boek *A Study of History*, waarin hy na die "post-Modern Age" verwys (sien Foster 2000:69). In die tagtigerjare, volgens Ankersmit (1994:87), is die konsep *postmodernisme* gebruik om te verwys na dekonstruktiewe teorieë van literêre kritiek en na sogenaamde anti-fundamentalistiese voorstellings van taal en betekenis in die filosofie. Gedurende dieselfde tydperk ontwikkel 'n postmoderne politieke filosofie wat probeer om die tradisionele begrip van 'n politieke kern en sy periferie te dekonstrueer. Die postmodernistiese kultuurfilosofie het, op sy beurt, die grenslyne tussen hoë en lae kultuur geproblematiseer en op die estetisering van die kontemporêre samelewing gewys (Ankersmit 1994:87).

Die mees radikale grense wat oorgesteek word in die postmodernistiese omgewing is egter volgens Hutcheon (1988:90) dié tussen fiksie en nie-fiksie. As 'n voorbeeld hiervan neem die geskiedskrywing self deel aan wat LaCapra (1985:46) noem 'n "reconceptualization of culture in terms of collective discourses". Hiermee bedoel hy nie dat historici hulself nie langer belas met "archivally based documentary realism" (46) nie, maar dat daar in die dissipline van geskiedenis ook 'n groeiende kommer is oor die herdefiniëring van die intellektuele geskiedenis as "the study of social meaning as historically constituted" (46). Historiograwe word dus gekonfronteer met die moeilike taak om die histories bepaalde karakter van hul eie dissipline te erken en bloot te stel (White 1978a:29). In Gossman se terme: "Modern history and modern literature have both rejected the ideal of representation that dominated them for so long. Both now conceive of their work as exploration, testing, creating of new meanings, rather than as disclosure or revelation of meanings already in some sense 'there', but not immediately perceptible" (1990:255).

Hutcheon (1988:88) erken ook die "meaningmaking"-funksie van menslike konstruksie: "What the postmodern writing of both history and literature has taught us is that both history and fiction are discourses, that both constitute systems of signification by which we make sense of the past ('exertions of the shaping, ordering imagination')". Met ander woorde, die betekenis en vorm lê nie in die gebeure nie, maar in die stelsels wat "gebeure" van die verlede, historiese "feite" van die hede maak.

By die postmodernisme ontbreek die modernisme se utopiese gerigtheid wat die verlede verwerp en herstel het (Hutcheon 1988:19-20). Die problematiserende terugkeer na die geskiedenis in die postmodernistiese praktyk is 'n reaksie op die moderniste se hermetiese, ahistoriese formalisme: "If the past were invoked [in the modernist period], it was to deploy its 'presentness' or to enable its transcendence in the search for a more secure and universal value system (be it myth, religion, or psychology)" (Hutcheon 1988:88). Die modernisme is uitgedaag deur die "nagmerrie van die geskiedenis" (Hutcheon 1988:88), maar dit is die postmodernisme wat die uitdaging aanvaar het om hierdie "nagmerrie" te verken. Geen soeke na oortreffende tydlose betekenis word in die postmodernisme voorgestel nie, maar eerder 'n herevaluasie van en 'n dialoog met die verlede in die lig van die hede. Hutcheon (1988:19-20) noem dit, "the presence of the past" of "present-ification", wat nie die bestaan van die verlede ontken nie, maar dit bevraagteken of ons ooit die verlede kan ken anders as deur tekstuele oorblyfsels.

In die werke van onder meer Hayden White (1973, 1978, 1987), Lionel Gossman (1978), Patricia Waugh (1984), Dominick LaCapra (1985), Luis O. Mink (1987), Linda Hutcheon (1988 en 1989), Ankersmit (1990), William Ray (1990), Elisabeth Wesseling (1991) en Jörn Rüsen (1993) word klem gelê op kwessies wat verband hou met die aard en status van geskrifte en dokumente oor die verlede, soos byvoorbeeld: die narratiewe vorm, intertekstualiteit, strategieë van representasie, die rol van taal, die verhouding tussen historiese feit en gebeure, en die epistemologiese en ontologiese gevolge van die hantering van problematiese weergawes wat vantevore as vanselfsprekend deur die geskiedskrywing aanvaar is. Dit is sigbaar die hernude kontemporêre beklemtoning van taal en retoriek wat die huidige ongemak wat deur die geskiedkundiges en literêre kritici ervaar word, geskep het. Die geskiedkundiges bekommer hulle oor die epistemologiese grondslag van hul dissipline. Die literêre kritici is gewoond daaraan om aan geskiedenis te dink as 'n uitgangspunt om die verbeelding te ondersteun (Gossman 1990:288).

Gossman (1990:289) verstaan die herondersoek van historiese diskoerse en van die geldigheid van die bestudering van literatuur in 'n historiese konteks, op grond van twee spesifieke invloede. Eerstens is daar die Anglo-Amerikaanse skool van analitiese geskiedfilosofie (Danto, Gallie, Mink, Morton White). Die analitiese filosoof se oogpunt ten opsigte van die narratiewe vorm as van wesenlike betekenis in die geskiedenis, is dat die betekenis van die historiese werk, soos in enige teks, in sy verwysingsbetekenis gevind kan word, en nie in sy tekstualiteit nie. Die tweede invloed is dié van die Franse en Amerikaanse dekonstruksionisme, met die klem op die werklik onbeheerbare betekenisgewende mag van taal, wat alle pogings tot "wetenskaplike" diskoers oorskadu. Die dekonstruksionis se perspektief bevoordeel literêre diskoers bo alle ander as die enigste diskoers wat nie misleidend is nie, die enigste wat weet dat dit sy ware karakter is om vals te wees.

Volgens Gossman (1990:289) het die gekombineerde invloed van die analitiese filosofie van geskiedenis en dekonstruksionisme verseker dat die volgende voorstel van Hayden White 'n hedendaagse aanname geword het, naamlik, "that history is a linguistic and rhetorical artifact constrained by a genre rule specifying reference to conventionally agreed upon historical 'fact', that 'fiction', in other words, informs 'history'".

Hoe hierdie postmodernistiese insigte die onderskeid tussen historiese en fiksionele diskoerse laat vervaag het, word verder in die volgende afdeling bespreek.

### 3.1.4 Feit en fiksie

Daar was baie herbesinning in die akademiese omgewing oor die posisie en die rol van geskiedenis as 'n akademiese dissipline. Die kern van die bewuswording binne die historiese diskoers van die postmodernisme hang saam met aandag aan die verhouding tussen feit en fiksie.

Van Heerden (1997a:73) merk op dat die etimologie van die woorde "feit" en "fiksie" 'n historiese verantwoording is vir die tydgenootlike problematisering van die verhouding tussen hierdie tradisioneel teenoorgestelde verskynsels. Volgens hom, stam "feit" af van die Latynse *facere*, wat beteken: "om te maak" of "te doen". "Fiksie" kom van *fingere*, "om te maak" of "te skep". Albei dra dus die betekeniskomponent "maak" in hulle om, terwyl daar by "feit" 'n doen-element gevoeg word en by "fiksie" 'n skep-element. Volgens hom skarnier feit en fiksie etimologies met mekaar, en dié besef lei tot 'n verskynsel in die literatuur wat met die gewilde Amerikaanse term *faction* (*faksie)* benoem word.

'n Historikus is 'n persoon in sy huidige tydvak wat menslike gebeure van die verlede ondersoek. Wanneer hy/sy die bewyse of inligting versamel, nagaan en evalueer, moet die historikus streng wetenskaplike metodes en standaarde aanwend. Nadat dit versamel en getoets is, behoort die inligting geëvalueer en vertolk te word voordat dit in verband gebring word met 'n patroon of tema. Om dit te kan doen en om die inligting se betekenis of relevansie vas te stel, word hoë standaarde verwag tydens die selektering en beoordeling van die betrokke inligting. Die skrywer sif en rangskik die inligting intellektueel en met integriteit. "There are no 'plain facts' in history and there is no 'simple truth'", sê Sturley (1969:107). Die skrywer van geskiedenis moet besluit wat toelaatbaar is as bewyse of inligting; hy moet oordeel wat feite is en wat relevant is. Pieter Geyl sê in sy *Debates with Historians* die volgende (aangehaal in Sturley 1969:107):

> History is infinite. It is unfixable. We are always trying to state past reality in terms of certainty, but all that we are able to do is to render our own impression of it. No book can reproduce more than a part of that reality, even within the confines of its particular subject;

> and each book contains something else, which gets mixed up with historical truth in an almost untraceable manner - I mean the opinion, or the sentiment, or the philosophy of life, of the narrator; or, in other words, the personality of the historian. The admixture does not necessarily turn historical truth into falsehood, but it does transform it into something different from simple truth.

In dieselfde gees beklemtoon postmoderniste, vooraan in die veld van literêre studie, die fiksionele aspekte van geskiedskrywing. Feite word beskou as menslike konstruksies, wat nie van fiksie onderskei kan word nie. Hayden White (1978a), wat 'n besondere invloed op die postmodernistiese insigte oor geskiedskrywing gehad het, het in sy artikel verwys na die vervaging van die onderskeid tussen historiese en fiksionele diskoerse. Patricia Waugh (1984:106) dui die tekstuele beperking en fiksionele aard van geskiedskrywing as volg aan:

> The people and events here may 'match' those in the real world, but these people and events are always recontextualized in the act of writing history. Their meanings and identities always change with the shift in context. So history, although ultimately a material reality (a presence) is shown to exist always within 'textual' boundaries. History, to this extent, is also 'fictional'.

Historiese feite is vir ons slegs toeganklik deur tekstuele rekords (as taalkundige aanbieding van ondervindings) wat gevul is met betekenis: dit beklemtoon die probleem van die kognitiewe omvang van historiese tekste, die verhouding tussen die betekenis van 'n historiese narratief en die empiriese feite waarna dit verwys.

In sy artikel, "Historical Text as Literary Artefact", wys Hayden White uit dat die tradisionele ontwyking van die fiktiewe aard in die historiese narratief gedeeltelik 'n gevolg is van die bruikbaarheid van die konsep "geskiedenis" vir ander tipes diskoerse. "Geskiedenis" kan naas "wetenskap" geplaas word op grond van sy belang in die "aktuele" eerder as die "moontlike", wat veronderstel is om die representatiewe doelwit van literêre werke te wees. White gaan verder voort om te sê (1978a:42-43):

> Thus within a long and distinguished critical tradition that has sought to determine what is "real" and what is "imagined" in the novel, history has served as a kind of archetype of the realistic pole of representation (...) Nor is it unusual for literary theorists, when they are speaking about the "context" of a literary work, to suppose that this context, the "historical milieu", has a concreteness and an accessibility that the work itself can never have, as if it were easier to perceive the reality of a past world put together from a thousand historical documents than it is to probe the depths of a single literary work that is present to the critic studying it. But the presumed concreteness and accessibility of historical milieu, these contexts of the text that literary scholars study, are themselves product of the fictive

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


capabilities of the historians who have studied those contexts.

As daar een metodologiese voorskrif is wat universeel aanvaar word, volgens Ankersmit (1994:102), is dit die reël dat die historikus die onderwerp van sy ondersoek in sy *historiese konteks* moet plaas sou hy dit werklik wou verstaan. Dominick LaCapra (1983:35) het hierdie sentrale dogma vir die domein van geskiedskrywing aangeval deur uit te wys dat "an appeal to context is deceptive ...; one never has - at least in the case of complex texts - *the* context. The assumption that one does relies upon a hypostatization of context, often in the sense of misleading organic or overly reductive analogues". Hierdie *de*-kontekstualisering is 'n poging om die elemente van die verlede in hul *demokratiese* of *individuele* onafhanklikheid (deur hierdie terme te gebruik, word die politieke implikasie van postmodernisme aangedui as in teenstelling tot die totaliserende tendense van die historisistiese geskiedskrywing) van mekaar te bestudeer. Ankersmit (1994:102) kom tot die slotsom: "The fragmentation of the past is in the eyes of all commentators the most characteristic feature of postmodernist historical writing."

Ibsch (1993:186) verduidelik dat 'n duidelike onderskeid tussen feit en fiksie in geskiedskrywing weerlê word deur die teoretiese refleksies oor die geskiedenis, eerstens deur Hayden White (1973) se konsep van "plot-structure-selection" in die geskiedskrywing waardeur betekenis gegee word aan bepaalde gebeure. White stel dit as volg: "a specifically *historical* inquiry is born less of the necessity of establishing *that* certain events occurred than of the desire to determine what certain events might *mean* to a given group, society, or culture's conception of its present task and future prospects" (1986:487). Volgens hom mag die historikus 'n "plot-structure" verkies waarvan hy hou, al sou dit beteken dat sekere historiese feite voorgestel word as 'n tragedie en nie 'n komedie nie. Gevolglik kan daar, soos in Hutcheon (1988:96) se waarneming, "a shift from validation to signification, to the way systems of discourse make sense of the past" plaasvind.

'n Ander teoretiese impuls wat die sterk skeiding tussen feit en fiksie problematiseer, is volgens Ibsch (1993:187) die diskoersteorie van Michel Foucault (1969): "In the philosophical framework of Foucault, discourse produces its object. It does not refer, but is a practice that systematically creates its entities". In sy boek *Orientalism*, probeer Edward Said ook om dié element van fiksionaliteit in diskoers uit te wys wat lyk asof dit invloed uitoefen die oomblik wanneer die opvatting van objektiewe feite of feitelike verhoudings vervang word deur die konsep van geestelike of sosiale skeppings. Said voer aan dat die konsep van die *Orient* 'n diskursiewe skepping van die Europese kulturele elite is en daarom 'n lang tekstuele tradisie het. Hy skryf verder: "such texts can *create* not only knowledge but also the very reality they appear to describe" (1978:94). Hierdie (radikale) opvatting van Said wat sterk op die Foucault se diskoersteorie gebou het, is ook gekritiseer, omdat Said se eie

diskoers eweneens onderhewig is aan dié bevraagtekening van "the very possibility of *any* firm 'guarantee of meaning' [in diskoers]" (Hutcheon 1988:55). Met ander woorde is Said se diskoers "ineradicably dependent upon the very assumptions it seeks to uncover", om Hutcheon se woorde aan te haal. Hierdie teoretisering kan ook by die poststrukturalistiese diskoers aansluit, wat "which paradoxically contests, yet unavoidably inscribes, the very preconception it seeks to challenge" (Hutcheon 988:55).

In die Derridiaanse dekonstruktiwisme los die idee van feitelikheid op saam met die idees van vaste identiteit en stabiele betekenis. Die konsep van identiteit gebaseer op ooreenkoms oor punte van oriëntasie in tyd, ruimte en taal is opgeoffer ten gunste van die idee van die primêre outonomie van taal (Ibsch 1993:187). Die afwesigheid van 'n transendentale betekenis het die veld en die spel van wegwysers eindeloos uitgebrei. Teenwoordigheid en afwesigheid, die konseptuele pilare van feitelikheid, word ontken. Binne die konsep van dekonstruktiwisme word die nie-bestaan van 'n oriëntasiekern egter nie as 'n verlies beskou nie, maar as 'n moontlikheid, 'n avontuur in die soeke na bewyse of spore.

As ons die teoretiese ontwikkeling tot dusver in ag neem, het die uitbreiding van die fiksionaliteit (in teenstelling met feitelikheid) van die historiese diskoers een van die areas geword wat aandag opeis. Dit gee aanleiding tot vrae soos: Wat dikteer die historiese teks en beheer sy betekenis? Is dit die "werklikheid" waarna die historiese geskrifte oënskynlik verwys? Of is dit die beginsel van literêre komposisie? Is "die verlede as geskiedenis" niks meer as "'n stuk verbeelding gebaseer op rekords" nie?

Tempelhoff (1997:82-93) bespreek in sy boek *The exploration of fact and fiction: An interdisciplinary discourse* die vervaging van die grense tussen feit en fiksie in die geskiedskrywing. Hy verwys daarna dat die fiksionele element erkenning in geskiedskrywing geniet, alhoewel historiese verbeelding op bewyse en dokumentasie gebaseer word. Die omvang van die gebruik van fiksie as 'n hulp om die historiese werklikheid oop te maak, was beperk, maar volgens hom het dit onlangs na vore gekom as 'n manier om nuwe insigte oor die verlede te verwerf. "Where historical writing needs to be more than a mere descriptive record of events, the fictional element comes into play. It is accepted that in certain cases fiction, rather than facts, is the best way to get to the truth about the past and to represent the past", merk Du Pisani (1999a:168) op. In dieselfde verband beweer Tempelhoff (1997:93) die volgende: "Historians must be made aware of the possibilites of fiction as mechanism to open up the past and experiments in this regard should be encouraged."

Aan die ander kant, praat Hutcheon (1988:111) van die noodsaaklikheid van die skeiding van fiksie en geskiedskrywing as narratiewe genres, maar ook die gevare daarvan. Volgens haar ontvang die problematisering van historiese kennis ook die aandag van kontemporêre romanskrywers. Hierdie problematisering staan ook op die voorgrond van talle kontemporêre

literêre teorieë en filosofieë van die geskiedenis, van Hayden White tot Paul Veyne. Wanneer laasgenoemde die geskiedskrywing 'n "egte roman ('true novel')" noem, dui hy op die twee genres se ooreenkomste: versameling, organisasie, "diëgesis", anekdotes en die skep van 'n intrige.

Daar word ook verskillende uitgangspunte gestel met betrekking tot die onderskeid tussen geskiedskrywing en fiksie. Van Zyl (1997:33) wys uit dat Scholes van die standpunt uitgaan dat narratiewe geskiedskrywing in baie opsigte ooreenkom met fiksie, maar vind dat ander reëls ten opsigte van eersgenoemde diskoers geld: "The producer of a historical text affirms that the events entextualized did indeed occur prior to the entextualization". Ekstra-tekstuele informasie kan dus hier betrek word, in teenstelling met fiksie, waar gebeure in en deur die teks geskep word. Ofskoon hulle so voorgestel mag word, bevestig die fiksieskrywer nie dat gebeure vooraf plaasgevind het nie, "he only pretends to through a convention understood by all who share his culture" (aangehaal deur Van Zyl 1997:33). Rigney (1989:132) bring die (buite-tekstuele) verskille met betrekking tot die geïmpliseerde kontrak met die ontvangers ter sprake: die historikus maak daarop aanspraak dat hy representeer wat werklik gebeur het, op grond van ander (bron)tekste. Alhoewel geskiedenis en fiksie sosiale, kulturele en ideologiese kontekste asook formele tegnieke kan deel, merk Hutcheon (1988:111) hieroor op dat dit tog nie beteken dat hulle deel is van dieselfde diskoersvoorskrif nie.

Dit is deel van die postmodernistiese standpunt om die paradokse van fiktiewe en historiese representasie met mekaar te konfronteer. Hutcheon (1988:106) merk op dat hierdie konfrontasie self paradoksaal is "for it refuses to recuperate or dissolve either side of the dichotomy, yet it is more than willing to exploit both." Volgens Allen (1997a:40-43) moet die postmodernisme dus beskou word as 'n uitdaging aan eerder as 'n bedreiging van die wese van die geskiedenis-wetenskap.

Volgens Louise Viljoen (1993a:3) is daar 'n ooreenkoms tussen die representasie in historiese en literêre werke omdat beide onderwerp is aan die digtheid ("density"), ondeursigtigheid ("opacity") en middelikheid ("mediacy") van taal. Die gebruik van frases soos "die literatuur van die feit" en "die fiksies van feitelike voorstelling" beklemtoon die ooreenkomste eerder as die verskille tussen die skryf van fiksie en geskiedenis. Die poststrukturalistiese problematisering van die skerp omlynde onderskeidings tussen verskillende diskoerse soos geskiedenis en literatuur dui ook in hierdie rigting. Onderdrukking, repetisie, ondergeskiktheid en beklemtoning, asook verwaarlosing, vergeetagtigheid, verberging en misverstande speel 'n rol in die geskiedskrywing, wat die ooreenkoms met literatuur verder beklemtoon (Viljoen 1993a:3). Die aandag wat gegee word aan die rol van die narratief in geskiedskrywing bevraagteken ook die verdeling tussen kategorieë soos geskiedenis en literatuur, en tussen feit en verbeelding. As resultaat word

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


fiksie toenemend gesien as iets wat met offisiële geskiedskrywing kan kompeteer as 'n "voertuig (uitdrukkingsmiddel) vir geskiedkundige waarheid". Viljoen (1993a:3) beweer dat dit een van die redes kan wees vir die toename in die aantal Afrikaanse romans wat handel oor die geskiedenis (sien hoofstuk 4). Die beperkings wat die voorstelling van historiese gebeure in die tradisionele historiese roman beheer, word dikwels uitgedaag deur hierdie nuwe romans.

Een van die mees doeltreffende en radikale vorme van kritiek op die voorstelling van historiese gebeure in geskiedskrywing sowel as fiksie het te doen met die beklemtoning van die linguistiese aard van historiese narratiewe. In die volgende afdeling word ingegaan op die verhouding tussen geskiedenis en literatuur ten opsigte van die problematisering van geskiedskrywing as linguistiese konstruksie.

### 3.1.5 Linguistiese konstruksies: die verhouding tussen werklikheid en taal

> *"The impossibility of living outside the infinite text"*
> Roland Barthes

#### *3.1.5.1 Taal en geskiedskrywing*

Vir 'n lang tydperk is die geskrifte van die geskiedskrywer nie as eenvoudige mimetiese weergawes van die verbygegane werklikheid beskou nie, maar as 'n komplekse konstruksie waarin retoriese strategieë die betekenisgewing gerig het. Die historiese teks het op dié manier veel van sy (vermeende) deursigtigheid verloor en moes dan ook geanaliseer word met behulp van literatuurteoretiese breekysters (Tollebeek 1996:109). Onder andere is Barthes se opstel oor die historiese diskoers (1970), volgens Van Zyl (1997:35), deurspek met retoriese begrippe, sodat dit duidelik blyk dat hy geskiedskrywing met die retoriese verbind. Barthes wys op die ooreenkomste met betrekking tot narratiwiteit tussen literêre genres soos die epos, roman en drama aan die een kant en (narratiewe) geskiedskrywing aan die ander kant en bevraagteken op linguistiese gronde die onderskeid tussen historiese en fiksionele diskoers.

Die radikale idees wat gevolg het op die sogenaamde "linguistic turn" van veral die sewentiger- en tagtigerjare, het onder andere die besef gevestig dat die werklikheid "buite" of "agter" die taalkonstruksies wat ons kennis konstitueer onbereikbaar is anders as deur taal (Van Zyl 1997:36). Bertens en D'haen (1988:107) wys ook daarop dat postmodernistiese "teksten de status van de werkelijkheid zorgvuldig in het midden laten en alleen de aandacht vestigen op de mogelijke fictionaliteit ervan". Die kunsmatigheid van enige interpretasie van die werklikheid word onder die oë gebring en "dat de werkelijkheid uiteindelijk geheel of gedeeltelijk fictioneel zou kunnen zijn word niet uitgesloten, maar word ook niet als dogma

gepresenteerd" (Bertens & D'haen 1988:102). Hiermee word nie dogmaties beweer dat die werklikheid nie bestaan en net as taal leef nie - alleen maar dat taal die postmodernistiese *condition humaine* (Bertens & D'haen 1988:123) is en dat die mens aangewese is op voortdurende pogings om sy of haar bestaan by wyse van taal te verklaar.

In sy talle werke het White bewys hoeseer aandag vir die taal van die historikus die insig in historiografiese tradisies kon verdiep. Volgens White (1978b:130) dateer die opvatting dat die geskiedskrywing toegang kan verkry tot dit wat "werklik gebeur het" uit die verlede en berus die idee dat die voorstelling van historiese gebeure onproblematies is, op die veronderstelling dat taal die werklikheid weerspieël. White (1978b:56) beweer dat alle historiese narratiewe figuurlike karakteriserings is van die gebeure wat hulle voorgee om te representeer en verduidelik: "For if the historian's aim is to familiarize us with the unfamiliar, he must use figurative, rather than technical, language". Die tipe intrige wat die historikus doelbewus gebruik om betekenis te gee aan 'n stel historiese gebeure, word dus voorgeskryf deur die dominante figuurlike modus van die taal wat hy gebruik om die elemente van sy weergawe te beskryf vóór sy komposisie van 'n narratief. Volgens White (1978b:57) is die implikasie as volg: "historians *constitute* their subjects as possible objects of narrative representation by the very language they use to *describe* them".

Op hierdie manier word die idee van geskiedenis volgens Thiher (1984:195) deur die moderne taalteorieë aangeval: "[T]he net effect of thought about language, in the twentieth century, with its rejection of essence and such founding principles of history as causality and sufficient reason, has been to evacuate history from discourse." Die bespreking van taal en historiese representasie gaan voort in die debatte rondom die sogenaamde "neglect of history by poststructuralism (also deconstruction or postmodernism)" (Viljoen 1993a:5).

#### *3.1.5.2 Die invloed van die poststrukturaliste se siening van geskiedenis as linguistiese konstruksie*

In die loop van die sewentigerjare word die postmodernisme geassosieer met die poststrukturalisme (Foster 2000:15). In die werk van mense soos Michel Foucault, Hayden White en Robert Young, en onder die vaandel van die poststrukturalisme, is die beginsels waarop die Westerse geskiedskrywing berus het, radikaal geproblematiseer. Die werk van dié denkers het aangetoon dat aanvaarde idees oor oorsprong, oorsaaklikheid, waarheid en die optekening van die verlede nie standhoudend is nie (John 2000a:8-9).

Gedurende die sewentigs het Jacques Derrida se werke, wat die implikasies van die illusionêre aard van 'n stabiele ontologiese kern of vasgestelde verwysing deurdink en ondersoek, die literêre teorie baie sterk beïnvloed. Aan die begin van die tagtigerjare het dekonstruksie 'n sterk invloed uitgeoefen op postmoderne studie, soos blyk uit Hal Foster se

opmerking: "postmodernism is hard to conceive without continental theory, structuralism and poststructuralism in particular" (Foster 1983:x). Hierdie dekonstruktiwistiese variant van die postmodernisme verwerp die siening dat taal die werklikheid kan representeer, dat die wêreld toeganklik is deur taal omdat voorwerpe weerspieël word in taal, dit wil sê die empiriese standpunt (Foster 2000:15).

In plaas daarvan om geskiedenis as 'n empiriese en transendentaal toeganklike realiteit te beskou, sien die poststrukturalisme dit as 'n vorm van begrip of veronderstelling wat betrokke is by representasie, vertolking, en narratief (Young 1990:22). Die poststrukturalisme bring ook 'n selfbewustheid na vore oor die verskil tussen gebeure in die verlede en die historiese feite wat daaruit geskep word by wyse van 'n interpretatiewe handeling (Hutcheon 1989:57). In hierdie konteks is historiese feite nie vanselfsprekend nie: hulle is eerder diskursiewe konstruksies wat geskep is in 'n spesifieke paradigma deur die gebruik van metafore, ikone, beelde en waardes wat die begrip beïnvloed (Degenaar 1986:69-70). Dit het die status van historiese dokumente beïnvloed: dit word nie langer beskou as neutraal of objektief nie, maar as waardevolle interpretasies van historiese gebeure. Foster se waarneming word bevestig deur boeke soos Alan Thiher se *Words in Reflection* (1984) en Linda Hutcheon se *A Poetics of Postmodernism* (1988), wat sterk gebruik maak van die konseptuele apparaat van die dekonstruksie.

Derrida (1976:158) se stelling dat daar niks buite die teks is nie ("There is nothing outside of the text"), toon ook aan dat die werklikheid slegs deur middel van 'n interpretatiewe ervaring benader kan word.

### *3.1.5.2.1 Die geskiedenis as 'n teks*

Die begrip "teks" het verander, sê Francis Galloway (1990:303). Volgens haar bestaan die teks nie meer uit die papier en ink tussen die titelblad en slotwoord nie, want vandag word selfs die leser getekstualiseer. Die outonomie of selfgenoegsaamheid van die literêre teks het verval. In die hedendaagse denke is die ondersoek na die verhoudings tussen die teks en ander tekste (intertekstualiteit), insluitende die kontekste, van primêre belang. Teenoor die vroeëre interpretasie van tekste staan die post-strukturalistiese "omgaan met tekste" met sy onsekerhede oor betekenis en betekeniskonstituering, met sy lesersresponsies en disseminasie van betekenisse (Galloway 1990:303).

Die tradisionele beskouing van geskiedskrywing is ook beslissend verander deur die siening van die geskiedenis in terme van die omvattende tekstualisering voorgestel deur die poststrukturalisme. Geskiedenis is skielik beskou as 'n teks wat funksioneer in 'n veld van verskille, deur Derrida beskryf as "no longer a finished corpus of writing, some content enclosed in a book or its margins, but a differential network, a fabric of traces referring

endlessly to something other than itself" (aangehaal in Viljoen 1993a:3). As gevolg van die tekstualiteit van die geskiedenis, verkies Derrida om dit nie te sien as 'n liniêre opeenvolging van teenwoordighede wat gemik is op 'n *telos* ("ending") nie, maar as monumentaal, gelaagd, teenstrydig. As 'n teks wat bestaan uit 'n web-agtige kompleksiteit van tekens, bevat die geskiedenis die spore van alle ander tekste en verwys dit eindeloos na alle ander tekste sodat daar geen moontlikheid bestaan vir afsluiting ("closure") in 'n transendentale betekenis nie. Aangesien die geskiedenis geen aanspraak daarop kan maak dat dit 'n meta-diskoers is met primêre, sentrale of sluitingstatus nie, verloor dit dus die diskursiewe voorreg om meer "werklik" te wees as fiksie. As teks het die geskiedenis ook die karakter van 'n voortdurende proses eerder as 'n voltooide produk - volgens Barthes se teorie van die teks het dit "nie die status van reproduksie nie, maar van reproduktiwiteit" (Viljoen 1993a:4). In hierdie konteks kan die geskiedenis nooit gesien word as afgesluit nie: geskiedskrywing bly eerder 'n volgehoue ondersoek na wat steeds aan die gebeur is as na dit wat reeds gebeur het. Die historiese gebeurtenis word 'n teks wat voortdurend hervertolk kan word sonder dat 'n verklarende slot ooit bereik word. Oor die tekstualiteit van historiese gebeure sê Michael Ryan (1982:24) die volgende:

> [H]istorical events are produced by concatenated chains that feed into the supposedly homogeneous event and determine it as a multifaceted, multirooted "matter" whose truth (in the sense of the revealed presence of the thing itself) could never be fully plotted out or resolved into a presence to which a decisively absolute and all-inclusive meaning could be assigned, because of the micrological stands of differential relations in and around the event. In this sense, the historical event is a "text" which can be deciphered endlessly without ever rendering an ultimate meaning-determination or a full truth or even making present all the microscopic webs of relations that determine the event.

Volgens Derrida is geskiedenis 'n ander naam vir onbeslistheid oor die ewigdurende moontlikheid van die uitbreiding van 'n aksiomatiese stelsel. Die grondstellings is altyd voorlopig omdat geskiedenis 'n domein van verandering, wysiging en uitbreiding is, naamlik "open-ended" (Ryan 1982:21). Volgens hierdie begrip word beide geskiedenis en letterkunde onstabiele prosesse in betekenis-skepping, nie langer eindprodukte van die verlede en vaste betekenis nie (Hutcheon 1988:189). Die implikasie daarvan is om die geskiedenis as teks te sien. Die historiese referent word nie opgehef, ontken of tot die bladsye van 'n boek beperk nie, maar wat wel gebeur, is dat elke referent vir Derrida die struktuur van 'n differensiële spoor verkry. En dit is net deur middel van 'n interpretatiewe ervaring dat daar na hierdie "werklikheid" [of "die verlede"] verwys kan word (Visagie 1994:167).

Visagie (1994:167) merk op dat die poststrukturalistiese beskouing van intertekstualiteit nie in afsondering van Derrida se strategiese uitbreiding van die teks as konsep bestudeer kan

word nie. Vir die poststrukturalis bevat elke teks noodwendig die spore van *alle* ander tektse. Geen teks kan daarop aanspraak maak om betekenis in sy geheel vas te vang nie; betekening spoel oor die grense van die een (literêre, historiese, politieke) teks na 'n oneindige aantal ander tekste. Met elke geskrewe of gesproke woord word dít wat alreeds geskryf of geê is, herhaal, opgehaal of aangehaal (Visagie 1994:167-168). Intertekstualiteit lê die onagterhaalbare interbetreklikheid van tekste en tekens bloot en dui op die historiese ruimte waarbinne een onderskeiding altyd weer 'n ander onderskeiding oproep. Indien die geskiedenis as 'n teks beskou word, sou dit volg dat die hede weer oopgestel word vir die verlede aangesien die een gesitueer word met betrekking tot die ander. Geskiedenis as 'n teks beteken dus geen einde van die interpretasie nie. As 'n spelbeweging dui dit dus op die proses waardeur taal histories gekonstitueer word as 'n netwerk van tekens en tekste.

### *3.1.5.3 Diskoers: die verlede en representasie*

Hutcheon (1988:7) gee die volgende voorbeeld wanneer sy verwys na die diskursiewe aard van representasie. In 'n positivistiese verwysingsraamwerk kan foto's aanvaar word as neutrale representasies; as tegnologiese vensters op die wêreld. In die postmodernistiese foto's van Heribert Berkert of Ger Dekkers sal hulle representeer (omdat hulle nie verwysing kan vermy nie), maar dit wat hulle representeer, is op selfbewuste wyse gefiltreer deur die diskursiewe en estetiese veronderstellings van die fotograaf. Hierdie diskursiewe aard van representasie word nog duideliker wanneer die werklikheid deur die verbale medium vertolk word.

Terwyl ons erken dat gebeure werklik plaasgevind het, moet ons ook erken dat hulle nooit feitelik vertel kon word sonder om vertaal of gerepresenteer te word in 'n ander medium nie. Omdat taal nie die nie-verbale realiteit weer kan voortbring nie, maar dit verteenwoordig deur 'n beperkte aantal verbale tekens, is elke diskursiewe weergawe van hierdie gebeure onvermydelik 'n vorm van snelskrif vis-à-vis (teenoor) die totaliteit van "dit wat gebeur het". Deur verteenwoordig te word deur 'n eindigende, liniêre diskoers, word "dit wat gebeur het" eerder saamgestel as een tipe gebeurtenis in stede van 'n ander, in die sin dat dit op een spesifieke manier verstaanbaar is. Soos Barthes dit stel: "historical discourse does not follow the real, it signifies it" (aangehaal deur Rigney 1990:12). Rigney (1990:12) merk op dat die werkwoord in hierdie uitdrukking oorganklik is: “to *signify* reality". Sy beklemtoon hiermee dat "events are invested with significance, are constituted as signifiers, in the very act of being referred to and represented in discourse" (Rigney 1990:12). As die diskoers egter die gebeure as betekenaar saamstel, berus die gesag van die diskoers self, as *historiese* diskoers, op die ekstra-tekstuele gebeure wat dit representeer.

Wat is of wat behoort die rol dan te wees van die diskoers en die rol van die narratiewe vorm in die representasie en kommunikasie van historiese kennis?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


Eerstens het teoretici wat geskiedskrywing benader uit 'n literêre oogpunt, gekonsentreer op die referensiële funksie van die historiese diskoers in 'n poging om dit, wat hulle waargeneem het as 'n algemene weerstand van die historici teenoor die idee dat historiese geskrifte enigsins gemoeid is met "betekenis" eerder as "reproduksie", te oorkom (Rigney 1990:x). Hierdie historici is dus deur teoretici gesien as mense wat die diskursiewe basis van hulle eie weergawes of voorstellings goedsmoeds ignoreer, mense wat naïef glo in hulle eie bevoegdheid of die bevoegdheid van die taal om die verlede "soos dit werklik was" te herskryf. Op dieselfde wyse was die argumente in Hayden White se vroeë werke gemik teen die "reluctance to consider historical narratives as what they most manifestly are - verbal fictions" (1978a:42).

Rigney (1990:x-xi) beweer dat dit nou algemeen erken word dat historiese werke nie net dokumentêre inligtingsbronne oor die verlede is nie, maar ook "verbale artefakte" wat wettig as sulks bestudeer mag word. Rigney gaan verder in die ontleding van die tipe "betekenis" wat historici voortbring en hoe hulle dit eintlik doen deur die medium van diskoers. Hierdie opvatting gaan natuurlik nie uit van die veronderstelling dat gebeure 'n natuurlike, organiese verband het met 'n wesenlike betekenis wat potensieel reproduseerbaar of herwinbaar is deur die medium van 'n narratiewe diskoers nie. Dit neem eerder aan dat die bepalende betekenis van spesifieke gebeure en die betekenisvolle verband tussen verskillende gebeure nie eie is aan die historiese aktualiteit nie, maar voortdurend ontstaan as 'n produk van die talle verskillende weergawes daarvan.

Wat in besonder deel is van historiese geskrifte, is egter die feit dat die "werklikheid" waarna verwys word, reeds verby is. Volgens Rigney (1990:13) is die gebeure en omstandighede wat voorgestel word nie eenvoudig deel van die opposisie werklikheid vs. verbeelding nie; hulle behoort ook tot die verlede. Hulle bestaan nie meer nie, behalwe in die spore wat hulle agtergelaat het in die werklike wêreld en in die verskillende simboliese weergawes wat aan hulle toegeken is "after the fact". Omdat dit nie langer direk waarneembaar is nie, is die gebeure slegs toeganklik vir die historikus en sy publiek deur die bemiddeling van rekords, bewyse of spore, en ander voorstellings. Soos Barthes dit stel: "Historical discourse is surely the only one in which the target referent is envisaged as lying outside of discourse at the same time as it is impossible ever to reach it except through discourse" (aangehaal in Rigney 1990:13).

Om Barthes se stelling te kwalifiseer, voeg Rigney (1990:13) by dat die historikus se aanspraak daarop dat hy met die outoriteit van die werklikheid agter hom praat, paradoksaal verbind is tot die gebruik van ander diskoerse. Aangesien 'n historikus per definisie afhanklik is van brondokumente vir sy inligting oor gebeure, moet enige verwysing na die teikengebeure 'n verwysing na 'n ander (intermediêre) teks insluit, asook na die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


navorsingswerk en omstandighede van die uitlating ("situation of the utterance"). Daarom is historiese representasie "a discourse written *for* a contemporary public *about* interrelated events in the *past*. It is always both *discourse* and *histoire,*[7] a story told by someone at a different point in time; and as discourse it necessarily addresses itself, either implicitly or explicitly, to a latter-day public" (Rigney 1990:13-14).

Hierdie opmerking dat die historikus as 'n taalgebruikende sosiale en historiese entiteit beskou kan word, beïnvloed ons denke oor die verhouding tussen historiografiese en literêre diskoers as die representasies en opnames van taal. Volgens White (Kuiper 1990:44) is die wyse waarop taal funksioneer die sleutel tot die begrip van die betekenis wat die verlede representeer. Elke vorm van geskiedskrywing bevat 'n poëtiese element en is gevorm deur die kreatiewe werking van taal. White sien 'n sentrale ooreenkoms tussen geskiedskrywing en fiksie in die produksie van betekenis. Betekenis is volgens hom nie 'n eienskap van die gebeure nie, maar is uitsluitend afhanklik van taaluitinge, van diskoers. Gebeure kry betekenis in 'n vertelling en alleen 'n vertelde verlede ken sin. Die verhaal produseer betekenis deur die "systematic substitution of signified (conceptual contents) for the extra-discursive entities that serve as their referents" (White 1987:x). Die proses van betekenisproduksie is onvermydelik in diskursiewe representasie; dit is onmoontlik om 'n verhaal te vertel sonder dat betekenis sigbaar word. Die taal self is die bron van betekenis. 'n Verhaal is nooit 'n neutrale vorm nie; die vorm het al reeds 'n "inhoud", onafhanklik van dit waaroor 'n mens praat (Kuiper 1990:44).

Die postmoderniste stel alles waarmee ons werk as 'n stelsel van tekens voor. Ons gee betekenis aan die werklikheid deur die gebruik van daardie besondere stelsels. Dit is nie 'n radikale vervanging van die werklikheid deur tekens nie, maar bring slegs die feit na vore dat ons slegs deur tekens van die werklikheid en veral die "werklike" verlede kan weet (Hutcheon 1988:230). Ons kan slegs ons idees en stereotipes van daardie verlede representeer. Dit is die les van die totale krisis in kontemporêre geskiedskrywing, volgens Hutcheon (1988:212).

Hierdie diskursiewe karakter van historiese geskrifte lei tot die debat rondom die literêre aard van historiese narratiewe, naamlik geskiedskrywing as die soort van fiksionele vindingrykheid wat beskou word as 'n eienskap van die skrywer van fiksionele narratiewe. In kontemporêre historiese teorie word die onderwerp van die narratief egter die subjek van

---

[7] Hierdie terme *discourse* en *histoire* word in meer spesifieke betekenisse gebruik in die publikasies van die Franse taalkundige Emile Benveniste. Volgens Van Gorp (1998: 203) beteken geskiedenis ("histoire") die weergawe van gebeurtenisse in die verlede, sonder enige inmenging van die spreker in die verhaal. Diskoers daarenteen beslaan alle uitinge wat iemand self tot 'n andere persoon rig, self as spreker manifesteer en as organiseerder van sy eie verhaal optree. Geskiedenis staan vir die geheel van die vertelde gebeure, die narratiewe inhoud; diskoers word beskou as geskiedenis wat op 'n bepaalde wyse vertolk word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


buitengewoon intense debatvoering. White (1987:26) verduidelik in *The Content of the Form* waarom die onderwerp van die narratief goed bespreek moet word deur die hedendaagse historiese teoretici. Op die gebied van historiese studies word die narratief grotendeels beskou as 'n vorm van diskoers wat nie noodwendig gebruik mag word vir die representasie van historiese gebeure nie. Dit hang af of die primêre doel daarvan is om 'n situasie te beskryf, 'n historiese proses te analiseer of 'n storie te vertel. Waar dit die doel is om 'n storie te vertel, bring die probleem van narratiwiteit 'n saak na vore of die historiese gebeure werklik representeer as die manifestasie van strukture en prosesse van gebeure wat kennis maak met meer algemene "verbeeldingryke" diskoerse. In historiese narratiewe bestaan daar dus 'n fiksionele aard soos in die epos, die volksverhaal, mite, romans, tragedie en komedie. Volgens White (1987:27) beteken dit dat dit wat die "historiese" van die "fiksionele" onderskei, veral inhoud is, eerder as vorm. Aangesien historiese narratiewe eerder verwys na "werklike" as na "verbeelde" gebeure,[8] word aangeneem dat hul werklike waarde berus op "the literal statements of fact contained within them" of 'n kombinasie hiervan soos "a literalist paraphrase of statements made in figurative language" (White 1987:48).

In die postmodernistiese praktyk verskaf sowel die historiese diskoers as die literêre diskoers die interaksie, maar daar bestaan geen hiërargiese verhouding tussen hierdie twee nie, betoog Hutcheon (1988:140). Hulle is albei deel van die signifiërende stelsels van die kultuur, en daarin lê hul betekenis en waarde. Die problematisering van die historiese narratief word in die volgende afdeling bespreek.

### *3.1.5.4 Die rol van die narratief in geskiedskrywing*

Volgens Rigney (1989:127) mag dit lank voldoende gewees het om die verhouding tussen "historiografiese narratiewe" en "historio-fiksionele narratiewe" te oorweeg ten opsigte van hul verskillende verbindings met "historiese feite". 'n Kras voorstelling hiervan sou wees om te sê: die historikus respekteer feite, terwyl die romanskrywer dit nie respekteer nie. Die

---

[8] Alhoewel die diskursiewe konvensies in geskiedskrywing mag verander, is dit volgens Rigney (1989: 132) die oorblyfsel van die historiografiese kontrak dat die geskiedskrywer dit wat werklik gebeur op die basis van ander brontekste representeer. Soos Michel de Certeau dit stel, het historiografiese diskoers altyd 'n "structure dédoublée", met ander woorde, verwysings na historiese gebeure impliseer altyd 'n soortgelyke verwysing na een of meer brontekste. Die elemente van die historiese *fabula* (aksies, akteurs, lokasies, volgorde) word veronderstel om nie deur die geskiedskrywer self uitgedink te word nie - hy is nie 'n outeur nie - maar dat dit elders deur hom gevind moet word. Die romanskrywers moet daarenteen egter die figuurlike elemente van hul narratiewe bedink en is geensins onaanpasbaar met betrekking tot die konvensies wat die kontrak rig met hul lesers nie. Dit word ook gedomineer deur die term "fiksionele konvensies". Historiese fiksie is volgens Rigney (1989: 133) 'n tipe diskoers wat figuurlike elemente wat bedink is kombineer met 'n paar met 'n feitelike karakter. Ons kan dus tot die slotsom kom dat die diskoers van die historiese roman wel verwys na die werklike, historiese gebeure (met of sonder die duidelike ondersteuning van bronne); dit representeer daardie gebeure in 'n narratief wat 'n verskeie aantal verbeelde en feitelike elemente kombineer, en dit gebeur deur die diskursiewe kontrak wat sulke kombinasies toelaat (Rigney 1989: 134).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


teoretiese en historiese verhouding tussen die twee genres verlang egter vandag herbedinking en verdere uitbreiding in die lig van die erkenning dat historici nie noodwendig feite "respekteer" of "reproduseer" in hul diskursiewe representasies daarvan nie. Dit geld ten opsigte van die erkenning dat selfs historici nie 'n boodskap reproduseer wat vir eens en altyd in die verlede ingeskrywe is nie, maar vorm en betekenis aan die verlede gee deur hulle keuse van historiese onderwerp en die seleksie van relevante feite, asook deur die daaropvolgende representasie en artikulasie van feite in die diskoers.

Rigney (1990:18) verstaan die aard van die historiese narratief soos volg. Die "retorika" van historiese representasie moet duidelik verstaan word in die breë sin van die diskursiewe en narratiewe strategieë wat gebruik word deur historici om die gebeure van die verlede voor te stel en terselfdertyd (hul) betekenis daaraan te gee. Sy verstaan dit in die meer beperkte sin van die strategieë wat beskikbaar is om die publiek te oortuig van die realiteit van die voorstelling en dus van die historici se outoriteit as woordvoerders vir die kollektiewe verlede. Die kollektiewe geskiedenis mag wel veronderstel word as 'n feit en as die onderwerp van die historiese narratief, maar dit is so dat die spesifieke gebeure (soos byvoorbeeld die Anglo-Boereoorlog) ervaar is deur groot getalle verskillende individue en groepe, wat op talle verskillende plekke en dikwels terselfdertyd opgetree het. Hoe gaan die geskiedskrywer te werk om hierdie komplekse, kollektiewe gebeurtenis voor te stel deur die medium van 'n beperkte, liniêre narratiewe diskoers? Nog meer problematies is die vraag hoe hierdie verskillende gebeure as 'n geheel met 'n spesifieke betekenis weergegee kan word?

Daar word dikwels gesê dat die narratief in beginsel nie in staat is om werklike gebeure voor te stel nie omdat dit in die aard van narratief is om op daardie gebeure 'n vorm af te druk wat hulle op sigself nie het of kan hê nie. Elke voorstelling van die verlede maak daarop aanspraak dat dit praat met die gesag van die realiteit. Hierdie aard word bevestig deur die komplekse bemiddeling van 'n beperkte narratiewe teks - 'n teks waarin die diskoers van die historikus gekombineer word met sy bronne, wat by tye die volmag het om hul eie storie te vertel en waarin die beredeneerde bemiddeling van die moderne verteller saamwerk met sy figuurlike voorstelling van gebeure en persone in die verlede.

Volgens Rigney (1990:17) trek die beredeneerde bemiddeling van die verteller die aandag weg van "die gebeure self" na die latere handeling van representasie. Sulke ingrypings mag 'n belangrike supplementêre rol speel in die narratief deur die leser te lei in die vertolking van die gebeure deur die wyse waarop hulle voorgestel word. Lucien Febvre stel dit dat die verlede gesien kan word as "a reconstitution of the societies and human beings of former times by and for persons who are involved in the network of human realities of their own time" (aangehaal in Rigney 1990:18).

Deur te bevestig dat die narratief eintlik bepalend is vir die geskiedskrywer se soeke na

kennis, noem Louis Mink (1987:199) die narratief 'n primêre "wyse van begrip" ("mode of comprehension") en 'n "kognitiewe instrument". Hy het egter ook sy bedenkinge uitgespreek oor die narratief se kapasiteit om sy doel te bereik, ten minste in die geskiedenis: "as historical it claims to represent, through its form, part of the real complexity of the past, but as narrative it is a product of imaginative construction which cannot defend its claim to truth by any accepted procedure of argument or authentication" (1987:199). Volgens hom verdraai die narratief uiteraard die gebeure wat dit uitbeeld.

Rigney (1990:17) merk op dat die lineêre aard van die diskoers dit onmoontlik maak om meer as een gebeurtenis op 'n slag oor te dra, veral gebeure wat gelyk plaasgevind het. Gebeure in die narratief mag ook voorgestel word in 'n nuwe orde wat verskil van die chronologiese volgorde. Filosowe soos Husserl en Heidegger het volgehou dat menslike tyd nie 'n ongedifferensieerde opeenvolging is nie, maar gestruktureerd is in eenhede wat die verlede, hede en die toekoms verenig. As menslike agente organiseer ons aardse of sekulêre gebeure in vorme wat 'n begin, middel en einde het. Hierdie tydstrukture kan gesien word as proto-narratiewe, naamlik, stories wat ons onsself en ander vertel en wat die praktiese funksie het om ons ervarings en handelinge te organiseer. Volgens Carr (1994: 121) word ons lewens so georganiseer. Die eenheid van die lewe kan gesien word as die eenheid van 'n lewensverhaal, 'n outobiografie wat elkeen van ons voortdurend besig is om saam te stel of te skryf.

White (1978a:48) wys uit dat die meeste historiese sekwensies op verskillende maniere geskets kan word om so verskillende interpretasies van daardie gebeure te verskaf en om aan hulle verskillende betekenisse te gee. Volgens hom (1987:44) kan die doel van geskiedenis as die "representasie van die werklikheid" nooit bereik word nie, omdat geen gegewe stel of volgorde van ware gebeure op sigself narratiewe kenmerke het nie. Hierdie kenmerke word slegs verkry deur die oplegging van die struktuur van 'n bepaalde tipe op die gebeure. Met ander woorde, 'n historiese narratief is nie net 'n reproduksie of weergawe van die gebeure waaroor dit verslag doen nie; dit is ook 'n samestelling van simbole wat aan ons aanwysings gee hoe om 'n beeld van die struktuur van daardie gebeure in ons literêre tradisie te vind.

Die probleem van die historikus is volgens White (1978a:53-54) om sin te maak van 'n veronderstelde stel gebeure deur dit te rangskik in 'n reeks wat terselfdertyd chronologies en sintakties gestruktureerd is. Die noodsaaklikheid van 'n chronologiese rangskikking van die saamgestelde gebeure moet in spanning staan met die verwysing na die noodsaaklikhede van die sintaktiese strategieë al word laasgenoemde verstaan as logies of narratief (die plot-struktuur). White (1978a:55) stel hier 'n stel gebeure voor,

1. a, b, c, d, e, ..., n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


wat chronologies gerangskik is, maar tog beskrywing en karakterisering vereis as element van die plot of argument om betekenis daaraan te gee. Volgens White, kan 'n reeks op 'n aantal verskillende maniere weergegee word wat verskillende betekenisse daaraan gee sonder om enigsins op die chronologiese rangskikking inbreuk te maak. White karakteriseer sommige van hierdie plotstrukture op die volgende wyse:

2. A, b, c, d, e, ..., n

3. a, B, c, d, e, ... , n

4. a, b, C, d, e, ..., n

5. a, b, c, D, e, ..., n

ensovoorts.

Die hoofletters dui die bevoorregte status aan wat aan bepaalde gebeure of groepe gebeure gegee word in die reeks waardeur hulle beklee word met verklarende oortuigingskrag óf as 'n bepaalde gevolg wat die struktuur van die hele reeks verduidelik óf as tekens van die plotstruktuur. Die verskillende vorme van historiografie kan voorgestel word met verwysing na plot-strukture van 'n uitsluitlike "fiktiewe" soort (romanse, komedie, tragedie en satire) waarby opeenvolgende gebeure toegerus word met 'n waarneembare vorm en "betekenis" (White 1978a:54).

White veronderstel ook die moontlike teenbeeld ("counterpart") van die ontkenning dat historiese reekse enige groter betekenis het of oor enige verbeeldingryke plot-struktuur beskik of selfs verklaar kan word as 'n storie met 'n sigbare begin, middel en einde. Volgens White kan sulke weergawes van die geskiedenis gesien word as 'n vorm van weerstand teen hul "over-emplotted" teenbeelde (nrs 2, 3, 4 en 5 hierbo), en verteenwoordig dit 'n ironiese terugkeer na boekstawing ("chronicle") as die manier waarop 'n kognitief verantwoordelike geskiedenis betekenis skep. Hy karakteriseer sulke geskiedenis in terme van

6. "a, b, c, d, e, ..., n"

met die aanhalingstekens wat aandui dat die vertolkings van die gebeure niks anders beteken as die uitwys van hul reeksverwante funksie ("seriality") nie.

White (1978a:55-56) stem saam met die gevaarlikheid dat hierdie skema hoogs abstrak is en nie reg laat geskied aan die moontlike vermenging en variasies wat dit veronderstel is om te onderskei nie. Hy dink egter ook dat dit help om 'n begrip te vorm van hoe gebeure moontlik op verskillende maniere verwikkel kan word sonder om inbreuk te maak op die chronologiese volgorde van gebeure om so alternatiewe, onderling eksklusiewe en tog aanneemlike vertolkings van 'n stel gebeure op te lewer. Beide die begin en die einde is onvermydelik 'n geval van digterlike konstruksie, en is dus afhanklik van die modaliteit van die figuurlike taal wat gebruik word om dit die voorkoms van samehangende verband ("coherence") te gee. Dit veronderstel dat narratiewe nie eenvoudig 'n opname ("recording") is van "wat gebeur het" in die oorgang van een stand van sake na 'n ander nie. Dit is egter 'n progressiewe herbeskrywing van 'n stel gebeure op so 'n wyse om 'n struktuur af te breek wat geënkodeer is in een verbale vorm om 'n opname ("recording") in 'n fiksionele vorm te regverdig (White 1978a:60).

Die verband tussen die narratiewe en historiese narratiewe word deur Louis O. Mink (1978:143-144) as volg aangedui:

> Narratives ... contain indefinitely many ordering relations, and indefinitely many ways of combining these relations. It is such a combination that we mean when we speak of the coherence of a narrative, or lack of it. It is an unsolved task of literary theory to classify the ordering relations of narrative form; but whatever the classification, it should be clear that a historical narrative claims truth not merely for each of its individual statements taken distributively, but for the complex form of the narrative itself.

Volgens White (1987:54) is dit die volgorde van die narratief wat die betekenis, samehang of belangrikheid van die gebeure onthul en die legitimiteit van die geskiedskrywing bevestig. Dit is ook die volgorde van geskiedskrywing wat die historiese gebeure vertel ("narrativize") en die "realisme" van narratief self bevestig. Die narratiewe vlak van enige historiese gebeurtenis is verskil van die chronologiese vlak. Terwyl die kroniek die gebeure representeer as aanwesig "binne tyd" ("within time"), representeer die narratief die aspekte van tyd waarbinne die slot ("endings") gesien kan word as 'n skakel met die begin ("beginnings") om 'n kontinuïteit binne in die verskil te vorm (White 1987:52).

Geskiedskrywing handel dus nie net oor gebeure nie maar ook oor die moontlike reekse verhoudings wat daardie gebeure kan demonstreer. Hierdie stelle van verhoudings is nie inherent aan die gebeure self nie, maar hulle bestaan in die gedagtewêreld van die historikus wat daaroor reflekteer en as 'n uiting van die literêre kuns van die historikus se eie kultuur.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



#### *3.1.5.4.1 Die onvergelykbaarheid van historiese narratiewe*

Historiese narratiewe is komplekse strukture waarin 'n wêreld van ondervinding verbeel word en bestaan uit ten minste twee modusse, waarvan een vertolk word as "werklik" en waarvan die ander "blootgelê" word as denkbeeldig in die loop van die narratief. Gossman (1990:293) voer aan dat wat baie geskiedkundiges eintlik ontstel, nie soseer die aansprake is dat die geskiedskrywing altyd 'n narratiewe vorm aanneem nie, maar veral die argument van die onvergelykbaarheid ("incommensurability") van historiese narratiewe.

Dat historiese narratiewe onvergelykbaar is met mekaar, is volgens Gossman (1990:293) die uitvloeisel van 'n kombinasie van die volgende twee argumente. Die eerste argument is dat geen narratief 'n eenvoudige refleksie of kopie is van die realiteit van die verlede nie aangesien daardie realiteit per definisie nie langer teenwoordig is nie. "No historian can go down into the past like a deep sea diver to describe what he sees," skryf Chaim Perelman, "[w]e can know the past only from the traces of it that remain" (aangehaal in Gossman 1990:293). Dit is dus onmoontlik om verskillende narratiewe oor dieselfde gebeurtenis met mekaar te vergelyk. Eintlik is dit streng gesproke nie korrek om van "dieselfde" gebeurtenis te praat nie, in die mate wat die narratiewe eintlik die gebeurtenis skep. Peter Munz (1978:221) beskryf hierdie posisie baie effektief: "We can compare one clock to another clock, but we cannot compare any clock to time and it makes therefore no sense to ask which of the many clocks we have is *correct*. The same is true of any story, including historical narratives. We cannot glimpse at history. We can only compare one book with another book." Sande Cohen (1978:175-206) merk dieselfde op: "Historians 'touch' the object of their discourse only by recourse to the already-meant; hence every shred of historical meaning belongs to the discourse and not to the objects ... There is no direct communication possible between the referents of historical discourse and the discourse about a referent."

Soortgelyk is die ouer onderskeiding tussen fiksie en geskiedskrywing waarin fiksie beskou word as die voorstelling van die moontlike en geskiedskrywing as die voorstelling van die werklike. Dit moet plek maak vir die erkenning dat ons slegs die werklike kan ken deur dit te kontrasteer of vergelyk met die moontlike (White 1978a:60). Vir 'n narrativis soos Gallie stel historiese narratiewe 'n analise van die verlede voor, gebaseer op historiese materiaal, selfs al kan hulle nie gemeet word aan die werklikheid self nie. Dit is egter wanneer die anti-realisme van die narrativiste gekomplementeer word deur 'n tweede aanspraak - naamlik dat die vorming van historiese narratiewe bepaal word deur retoriese stylfigure ("tropes") - dat historiese narratiewe klaarblyklik totaal onvergelykbaar word.

White (Gearhart 1984:7) se essensiële opvatting oor geskiedskrywing is die volgende: "[it is] ultimately determined by formal and rhetorical structure, most fundamentally the tropes of metaphor, metonymy, synecdoche, and irony (...) it can escape the impasse it now allegedly finds itself in only by ironic consciousness of its own formal nature, that is by accepting its similarity to fiction".

Deur die verskillende aspekte van die narratiewe teks van geskiedskrywing en dié van die roman te vergelyk, redeneer White dat "unlike the novelist, the historian confronts a veritable chaos of events already constituted, out of which he must choose the elements of the story he would tell. He makes his story by including some events and excluding others, by stressing some and subordinating others. This process of exclusion, stress, and subordination is carried out in the interest of constituting a story of a particular kind" (1973:6). Uit White se perspektief bied die historikus nie eers 'n analise van die realiteit van die verlede nie (selfs al besef die historikus dit nie self nie). Die soort representasie wat hy verskaf, verskil glad nie van dit wat deur die skrywer van fiksie verskaf word nie. Geskiedskrywing is dus op dieselfde manier net so onvergelykbaar as romans.

### 3.1.6 Gevolgtrekking

In hierdie afdeling is die groot invloed van postmodernistiese idees oor taal op geskiedskrywing ondersoek word. Postmodernisme veronderstel geen soeke na transendentale universele betekenisse nie, maar eerder na 'n herevaluasie van die verlede in die lig van die hede. Dit ontken nie die bestaan van die verlede nie, maar bevraagteken eerder of ons ooit daardie verlede kan ken anders as deur middel van getekstualiseerde oorblyfsels. Die nuwe skeptisisme oor die skryf van geskiedenis gaan gepaard met die uitdagings wat gestel word aan geskiedskrywing in romans. In die volgende afdeling word verder gesien hoe hierdie herbeskouing van geskiedskrywing 'n invloed op historiese fiksie soos dié van Schoeman en Coetzee se tekste hê.

## 3.2 HISTORIESE FIKSIE IN 'N POSTMODERNISTIESE ERA

> *Historiography ... is always teleological: it imposes a meaning on the past and does so by postulating an end (and/or origin). So too does fiction. The difference in postmodern fiction is in its challenging self-consciousness of that imposition that renders it provisional.*
>
> Linda Hutcheon

In die vorige afdeling is die invloed van postmodernisme op geskiedskrywing behandel. In hierdie afdeling word gefokus word op die invloed van die postmodernistiese beskouing van geskiedskrywing op historiese fiksie.

### 3.2.1 Postmodernistiese fiksie en geskiedskrywing

Postmodernisme (in die uitgebreide sin van die woord) word dikwels gedefinieer as die kulturele toestand wat die "einde van ideologie" opvolg. Die postmodernisme gaan van die veronderstelling uit dat alle vorms van geheelvorming ("totalization") en wesenlikheid ("essentialism") vermy moet word. Postmodernisme dekonstrueer ook die kategorieë van geslag, ras en klas wat ons geërf het van die negentiende-eeuse ideologieë en is krities ten opsigte van veralgemening, wesenlike neigings ten opsigte van die waarheid, kennis, mag, die self en taal. Kortliks gestel, behels postmodernisme die uitskakeling van alle metateorie.

Hutcheon (1988:8) voer aan dat dit 'n erfenis van die 1960's is om teë te staan en te bevraagteken wat positiewe waardes is (selfs as probleemoplossings nie aangebied word nie). Die kennis wat uit sulke ondersoeke voortvloei, mag die enigste moontlike voorwaarde vir verandering wees. Reeds in die laat 1950's het Roland Barthes op soortgelyke wyse alles wat "natuurlik" of "vanselfsprekend" is in ons kultuur bevraagteken - dit is alles wat beskou word as universeel en ewig, en dus as onveranderlik. Aan die ander kant het die politieke, sosiale en intellektuele ondervinding van die 1960's gehelp om dit moontlik te maak om die postmodernisme te beskou, soos wat Kristeva dit noem, as "skryf-as-ondervinding-van-beperkings ('writing-as-experience-of-limits')": die beperkings van taal, van subjektiwiteit, van seksuele identiteit, van stelselvorming (sistematisering) en eenvormigheid ("uniformisation"). Hierdie ondersoek na beperkings het bygedra tot die "krisis in legitimering" wat Lyotard en Habermas sien as deel van die postmoderne toestand. Volgens Hutcheon (1988:8) het dit ongetwyfeld gelei tot 'n herbedinking en bevraagtekening van die basis van die denkvorme wat gewoonlik bestempel word as liberale humanisme.

Teen hierdie agtergrond word beweer dat die postmodernistiese skryfkuns nie-hiërargies is, dat die onderskeiding tussen feit en fiksie opgeskort is en dat die verstaanbaarheid van die werklikheid betwyfelbaar is. Die "werklikheid" word ondervind as vormloos, grensloos en chaoties. So 'n werklikheid kan nie ooreenkomste met of verwysings na die geordende strukture van die menslike gedagtes verskaf nie. Hierdie postmodernistiese wêreldsiening waarin die onderskeid tussen feit en fiksie vervaag, stel volgens Wesseling (1991:4) bloot "linguistic conventions and other languagelike symbolic structures for creating orderly worlds as fictions that humanity has invented". Gevolglik beweer Russell (aangehaal in Wesseling 1990:4) dat literatuur noodwendig self-verwysend is: "Sensing the distance between words and phenomena, the literary consciousness is thrown back upon itself, having only the dubious language which is its own constitution to refer to."

Die afwesigheid van onbetwisbare realiteit het 'n bekende topos geword in die teorieë van die postmodernisme. Hans Bertens stel dit so in die slotsom van sy historiese opname oor

die postmodernisme: "in most concepts, and in practically all recent concepts of Postmodernism the matter of ontological uncertainty is absolutely central" (Bertens 1986:46). Dus word postmodernistiese tekste gedefinieer as die literatuur van ontologiese twyfel, wat sigself nie noodwendig weerhou van die voorstelling van die werklikheid nie, maar die oortuiging dat werklikheid onbereikbaar is, bevestig.

'n Soortgelyke tendens is aanwesig in die geval van die *postmodernistiese historiese fiksie.* Historiese fiksie is alreeds uitgesonder as 'n hoogs belangrike subkategorie van die postmodernistiese literatuur. Christos Romanos (1985:40) gaan selfs so ver om die stelling te maak dat hernude belangstelling in die verlede die belangrikste onderskeiding tussen modernisme en postmodernisme is, terwyl Linda Hutcheon (1988) die *historiografiese metafiksie* sien as die dominante vorm van die postmodernistiese letterkunde. Hutcheon (1988:5) omskryf historiografiese metafiksie as tekste wat enersyds bewys lewer van 'n besinning oor hul eie aard en status as letterkunde, maar andersyds op paradoksale wyse gebruik maak van historiese gebeurtenisse; die basis vir die herbesinning en herverwerking van die vorme en inhoude van die verlede is 'n teoretiese selfbewussyn van geskiedenis en fiksie as menslike konstruksie.

Soos postmodernistiese fiksie in die algemeen, word die historiese variant of wisselvorm daarvan begryp as 'n self-refleksiewe meditasie oor sy wesenlike oogmerke. Dit behels 'n heroorweging van byvoorbeeld die aard van historiese dokumente. Vanuit hierdie perspektief word hulle "texts that supplement or rework 'reality' and not mere sources that divulge facts about 'reality'" (Hutcheon 1988:100). Brian McHale verwys na die maniere waarop sommige postmodernistiese romans die wesenlike konvensies van die klassieke historiese roman omkeer. Klassieke historiese fiksie voldoen, volgens McHale (1987:84-96), aan die volgende drie beperkings: Eerstens respekteer dit gevestigde feite met betrekking tot die eienskappe van historiese dokumente of annale. Historiese fiksie neig om te fokus op die "donker areas" van geskiedskrywing, met ander woorde daardie aspekte van die verlede waaroor die offisiële geskiedskrywing geswyg het. Tweedens probeer dit om anachronismes te vermy deur beide die materiële omstandighede van die lewe asook 'n *Weltanschauung* van 'n spesifieke historiese epog of tydperk voor te stel. Laastens konformeer dit aan die eise van aanneemlikheid en waarskynlikheid, wat impliseer dat historiese romans noodwendig realistiese romans is. Postmodernistiese historiese fiksie skend hierdie beperkings deur 'n prosedure te versin wat dikwels op botsings met die historiese rekord uitloop deur byvoorbeeld blatante anachronismes in die teks in te voeg. Op hierdie manier word een van die mees opvallende kenmerke van postmodernistiese historiese fiksie, naamlik die openlike vervalsing van geskiedskrywing, beskou as 'n strategie om die fiksionele konstruksie van die verlede te ontmasker.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


Wesseling (1991:vii) verdeel die twintigste-eeuse historiese roman in 'n "self-refleksiewe" en 'n "uchroniese" variant. Volgens haar vergroot die eerste een die generiese repertoire van die historiese roman met strategieë wat kenteoretiese vrae met betrekking tot die aard en verstaanbaarheid van die geskiedenis verwerk tot 'n literêre tema. Self-refleksiewe historiese tekste demonstreer hoe verskillende betekenisse toegeken kan word aan dieselfde feit, om sodoende die "poli-interpreteerbaarheid" van die historiese rekord na vore te bring. Self-refleksiewe historiese fiksie handel nie net oor die verlede nie, maar ook oor die soeke na die verlede.

Postmodernistiese romanskrywers wyk egter ook af van die tradisionele historiese roman deur alternatiewe weergawes van geskiedenis uit te dink, met die fokus op groepe mense wat gemarginaliseer deur die offisiële geskiedenis. Op hierdie manier word dormante onverwesenlikte moontlikhede in sekere historiese situasies onder ons aandag gebring ("Wat sou gebeur het as ...?"). In die volgende afdeling word ondersoek ingestel na self-refleksiwiteit in historiese fiksie. Die uchroniese variant word later bespreek.

### 3.2.2 Die invloed van die modernistiese self-refleksiwiteit

In die woorde van Hutcheon (1988:xii) kan daar na self-refleksiewe fiksie verwys word as: "self-referring or autorepresentational: it provides, within itself, a commentary on its own status as fiction and as language, and also on its own process of production and reception".

Volgens Wesseling (1991:82) het modernistiese historiese fiksie 'n self-refleksiewe of self-besinnende strategie ontwikkel wat die proses voorstel waar geskiedenis in 'n vorm van bewustheid getransformeer word. Die retrospektiewe ontsluiting van inligting oor die verlede word uitgebeeld deur middel van 'n karakter wat 'n geskiedkundige is en wie se historiografiese pogings verduidelik word deur 'n uitgebreide kommentaar. Wesseling (1991:82) probeer om die self-refleksiwiteit wat spesifiek van toepassing is op historiese fiksie, as volg te verduidelik: "It is a commonplace in the philosophy of history that the ambivalent term 'history' refers to two different levels of reality, namely the *res gestae*, the actual deeds committed by persons in former epochs, and the *historia rerum gestarum*, the narrative about those events." Volgens objektivistiese epistemologieë, reflekteer die *historia rerum gestarum* die *res gestae.* Hierdie vlakke bestaan as twee kante van dieselfde muntstuk. Wesseling beskou self-refleksiwiteit as 'n strategie, of eerder as 'n bondel strategieë, wat die veronderstelde direkte verband tussen twee vlakke van realiteit onderbreek. Sulke strategieë dring die ontoeganklikheid van die verlede soos dit werklik geleef is deur voorvaders, op die voorgrond, en stel dus die outonomie van die *historia rerum gestarum* bloot, met betrekking tot die *res gestae*. Wesseling (1991:83) verkies om die fenomeneen van self-refleksiwiteit in historiese fiksie te beperk tot die uitdruklike kommentare oor die soeke na die verlede soos uitgevoer deur geskiedkundige karakters, en

tot die tipe veelvoudige instelling wat die subjektiwiteit van elke vertolking van die verlede bekend maak deur uiteenlopende menings oor dieselfde onderwerp te jukstaponeer sonder om te diskrimineer tussen "ware" of "valse" weergawes.

Volgens Wesseling (1991:84) produseer die self-refleksiewe strategieë in die modernistiese historiese fiksie 'n tweede groot afwyking van die narratiewe struktuur van die konvensionele negentiende-eeuse vorm van historiese fiksie. Die tradisionele formulering van 'n eksterne, alwetende verteller wat gedurig sy eie waarnemings afwissel met die waarnemings van 'n deelnemer in die historiese aksie, word onderbreek deur die invoeging van 'n addisionele narratiewe vlak. Die word geplaas tussen die voorgestelde verlede en die primêre verteller en/of fokalisator, neem die aktiwiteite van geskiedkundige karakters op en verantwoordelik is vir die historiese deel van die narratief as sekondêre vertellers en fokalisators. Verder is die primêre narratiewe vlak geleë in die hede, wat duidelik die handeling van herwinning van die verlede in die hier en nou laat voortgaan en so Collingwood se beginsel onderstreep dat ons weergawes van die geskiedenis onlosmaaklik gekoppel is aan ons huidige posisie.

Die kommentaar op die historiografiese aktiwiteite van geskiedkundige karakters in die modernistiese historiese romans lê die idee uit dat geskiedenis nie 'n onderwerp "daarbuite" is wat in sy totaliteit verhaal kan word nie, maar 'n projeksie van die historikus se bewussyn. Modernistiese outeurs keer ook terug na 'n strategie wat dieselfde boodskap oordra op 'n implisiete wyse, naamlik veelvoudige fokalisasie. Deur uiteenlopende perspektiewe op dieselfde historiese onderwerpe te jukstaponeer, kan die skrywer die poli-interpreteerbaarheid van die verlede daarstel. Die blote teenwoordigheid van sekere oogpunte in 'n enkele literêre teks, is nie voldoende om hierdie effek te bereik nie. Dit hang af van die mate waartoe die primêre verteller hom daarvan sal weerhou om sy of haar outoriteit te handhaaf (Wesseling 1991:85). Voorts word die oogpunte van die verskillende karakters nie hiërargies geïntegreer nie.

Die onthulling van die geskiedenis in wording deur die moderniste hou verband met die poststrukturalistiese aanval op die idee van 'n soliede teenwoordigheid buite taal, wat die verwysingspunt van diskoers is en onbesmet is deur diskoers. Die poststrukturalistiese teorie het die idee dat daar niks anderkant diskoers is behalwe nog diskoers nie, duidelik uitgespreek. Sommige postmodernistiese romans dra dieselfde opvatting oor, deur te fokus op die maak van geskiedenis as die oplegging van 'n plot of intrige op 'n plotlose realiteit, 'n proses wat beheer word deur dieselfde linguistiese konvensies as die skryf van geskiedenis. Hierdie tipe selfrefleksiwiteit doen meer as om net die gaping tussen verhale oor historiese gebeure en die gebeure self bloot te lê. Dit bevraagteken die werklike bestaan van die *res gestae* as 'n onafhanklike vlak van historiese diskoers (Wesselling 1991:120).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


Self-refleksiewe historiese romans verken die beperkings op die retrospektiewe herwinning van die verlede tot waar werklike toegang onmoontlik is, maar uiteindelik soek hulle steeds na moontlikhede vir die verkryging van outentieke historiese kennis binne die grense van hierdie beperkings. Die kritiese vraag is nie hoe om die verlede te leer ken sonder om onderhewig te wees aan objektiwiteit nie, maar om die maniere waarop die historiese materiaal gebruik word, bloot te lê. Dis op hierdie wyse, merk Wesseling (1991:90) op, dat die self-refleksiewe historiese roman die verandering in die genre ten toon stel. Dit onthul nuwe rigtings vir historiese fiksie deur dominante eienskappe van die klassieke model te parodieer, soos laasgenoemde se eksterne realisme. Deur die didaktiese funksie van die klassieke historiese roman te vervang met die kritiese funksie om geskiedskrywing aan te vul met metahistoriese kommentaar, het innoverende skrywers die genre nuut gemaak.

Die herdefinisie van die historiese roman as 'n manier om ondersoek in te stel na die kenteoretiese probleme van geskiedskrywing was die modernisme se mees blywende erfenis aan daaropvolgende skrywers van historiese fiksie. Gedurende die sewentigs het die tendens ontwikkel om die postmodernistiese literatuur in die algemeen te definieer as essensieel self-refleksief. Eerder as om die eksterne wêreld te verteenwoordig, vou die postmodernistiese literatuur in op homself met die oogmerk om sy eie taalkundige en literêre konvensies te ontdek. Talle postmodernistiese skrywers van historiese fiksie het ook self-refleksiewe strategieë benut en het die metahistoriese oriëntasie van die modernistiese historiese fiksie gevolg.

### *3.2.2.1 Metafiksie*

Die metafiksionele aard van die postmodernistiese historiese fiksie kan geplaas word in die konteks van 'n wêreldwye selfbewustheid oor die narratiewe teks. Metafiksie sluit aan by die selfrefleksiwiteit wat hierbo beskryf is, aangesien die bewustheid van vormlike aspekte en van taal duidelik in metafiksie gevind word. Patricia Waugh defineer metafiksie in haar boek, *Metafiction: The Theory and Practice of Self-Conscious Fiction* soos volg: "*Metafiction* is a term given to fictional writing which self-consciously and systematically draws attention to its status as an artefact in order to pose questions about the relationship between fiction and reality" (1984:2). Die kenmerke van die metafiksionele teks is volgens Waugh, 'n uiters self-bewuste houding oor taal, literêre vorm en fiksionalisering sowel as 'n deurdringende onsekerheid oor die verhouding tussen fiksie en werklikheid. Die problematisering - "how human beings reflect, construct and mediate their experience of the world" - hang saam met wat Waugh noem: "a greater awareness within contemporary culture of the function of language in constructing and maintaining our sense of everyday 'reality'" (1984:2). Daarom is die eenvoudige opvatting dat taal op passiewe wyse 'n koherente, betekenisvolle en "objektiewe" wêreld reflekteer, nie langer houbaar nie: "Language is an independent, self-

contained system which generates its own 'meanings'. Its relationship to the phenomenal world is highly complex, problematic" (Waugh 1984:3). Die metafiksionele skrywers is met ander woorde hoogs bewus van 'n basiese dilemma: hulle besluit om die wêreld te representeer, besef hulle vinnig dat die wêreld, as sulks, nie gerepresenteer kan word nie. "In literary fiction", sê Waugh (1984:3), "it is, in fact, possible only to 'represent' the *discourses* of that world".

In metafiksionele tekste bemoei die skrywers hul egter verbete met pogings om by wyse van taal sin te maak van die wêreld, 'n wêreld wat egter tekstueel blyk te wees. Volgens Waugh (1984:7) ly hulle aan die "thoroughgoing sense that reality or history are provisional: no longer a world of eternal verities but a series of constructions, artifices, impermanent structures". Waugh (7) beweer "the materialist, positivist and empiricist world-view on which realistic fiction is premised no longer exists".

Die metafiksionele aard wat hierbo opgemerk is, kom ook voor by die herbesinning oor geskiedskrywing en die representasie van die verlede. Hierdie self-refleksiewe eienskappe van metafiksie sluit dus aan by Hutcheon se historiografiese metafiksie, aangesien die historiografiese metafiksionele romans as metafiksie die Derridiaanse teorieë oor die netwerk van spore binne hul eie self-besinnende tekstualiteit beliggaam. Hierdie tekste gee dus op onomwonde wyse blyke van 'n bewuswees van hul eie gesitueerdheid binne die geskiedenis.

### *3.2.2.2 Historiografiese metafiksie*

In haar boek *A Poetics of Postmodernism* (1988) gebruik Linda Hutcheon die term "historiografiese metafiksie". Volgens haar (1988:4) kan literêre werke wat opmerklik self-besinnend is, en hulle ook op paradoksale manier toelê op historiese gebeure en persone, beskryf word as historiografiese metafiksie. Die meeste van die kritiese werk oor die postmodernisme fokus op narratiewe tekste, hetsy in die literatuur, geskiedenis of teorie. Historiografiese metafiksie omsluit al drie hierdie vakgebiede: dit is die teoretiese self-bewustheid van geskiedenis en fiksie as menslike konstruksies (historio*graphic meta*fiction). Dit was ook die opnuut deurdagte uitwerking van die vorm en inhoud van die verlede. Historiografiese metafiksie beliggaam twee tendense in die poststrukturalistiese filosofie: sowel die selfbewuste Derrideaanse tekstualiteit as die "historiografiese" oftewel Foucauldiaanse beskouing van tekste binne 'n groter geheel van diskursiewe praktyke. Tekstualiteit word binne die geskiedenis geposisioneer en word geskakel met die sosiale en politieke implikasies van die diskursiewe handeling (Hutcheon 1988:81, 113). Larry McCaffery (Hutcheon 1988:5) beskou historiografiese metafiksie as beide metafiksioneel en self-refleksief, maar praat ook oor die werklike politieke en historiese realiteite: "it has thus become a kind of model for the contemporary writer, being self-conscious about its literary

heritage and about the limits of mimesis ... but yet managing to reconnect its readers to the world outside the past".

Die koppeling van mag en kennis suggereer die impak van die werk van Michel Foucault (en, tot 'n sekere mate, ook dié van Jacques Derrida) op ons postmodernistiese herbedink van die verhouding tussen die verlede en ons skrywes daaroor, hetsy fiksie of geskiedskrywing. Op beide gebiede is daar duidelike pogings om na die verlede te verwys as reeds "gesemiotiseerd ('semioticized')" of geënkodeer, met ander woorde, reeds ingeskryf in die diskoers en gevolglik "altyd alreeds" ('always already') vertolk (selfs deur 'n keuse te maak uit dit wat opgeneem is en deur die insluiting daarvan in 'n narratief). Volgens Hutcheon (1988:97) herinner historiografiese metafiksie ons bewustelik daaraan dat, hoewel gebeure wel in die werklike empiriese verlede gebeur het, ons daardie gebeure as historiese feite konstitueer deur selektiewe en narratiewe plasing. Verder weet ons slegs van daardie gebeure van die verlede deur die spore wat hulle gelei het na die hede.

Hutcheon (1988:114) verduidelik hierdie eienskap van postmodernistiese fiksie op twee verskillende maniere: eerstens speel die historiografiese metafiksie in op die waarheid en leuens van die historiese verlede. Sekere bekende historiese besonderhede word opsetlik vervals om die moontlike geheue-onderbreking tydens die opskryf van geskiedenis en die voortdurende potensiaal vir beide opsetlike en onbedoelde foute te openbaar. Die tweede eienskap is die wyse waarop postmodernistiese fiksie eintlik die detail van geskiedkundige inligting gebruik. Historiese fiksie inkorporeer en assimileer gewoonlik hierdie inligting om 'n gevoel van verifiëring te gee aan die fiktiewe wêreld. "Historiographic metafiction incorporates, but rarely assimilates such data", sê Hutcheon. Die pogings om te assimileer tree gereeld op die voorgrond: die vertellers probeer om sin te maak uit die historiese feite wat hulle versamel het. Lesers sien beide die proses van insameling en die pogings om narratiewe orde daar te stel (Hutcheon 1988:114).

In dit wat Hutcheon historiografiese metafiksie noem, geniet die volgende kwessies besondere aandag, naamlik die aard van identiteit en subjektiwiteit; die intertekstuele aard van die verlede; die kwessie van referensialiteit en representasie; en die ideologiese (politieke) implikasies van die skryf oor die geskiedenis (kyk ook Foster 2000:310). Vervolgens sal in die volgende vier afdelings aandag bestee word aan die problematisering van subjektiwiteit én van die tekstualiteit van geskiedskrywing, aan die kwessie van representasie en interpretasie van die verlede en laastens aan die ideologiese implikasie van teen-totalisering. Hierdie laaste onderwerp van die politieke implikasies sal verder in hoofstuk 3.3 bespreek word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



#### *3.2.2.2.1 Die onderworpenheid van subjektiwiteit: die twyfelende subjek*

> *Language is ... the possibility of subjectivity because it always contains the linguistic forms appropriate to the expression of subjectivity, and discourse provokes the emergence of subjectivity because it consists of discrete instances.*
>
> Emile Benveniste

In 'n klimaat wat kennelik selfbewus is oor die aard en rol van ons blik op die verlede, ondermyn die self-refleksiewe tekste die pre-modernistiese selfvertroue dat hulle 'n besondere "waarheid" sal opteken. Die skrywers is eerder ontsteld weens 'n postmodernistiese bewustheid van die onmag van taal en bevind hul in die paradoksale posisie dat hulle ten spyte van hulle taaltwyfel gedrewe voel om voort te gaan met die vertel van verhale. Die aandag word in hierdie tekste veral op die aard en identiteit van die subjek gevestig. Hierdie verhale stel volgens Ray (1990:13) voor "various construals of the rapport between personal and public experience, individual will and collective authority, entailing different formulations of how personal narration, with its interpretation of events and expression of personal values, interacts with the shared, evolving script of collective assumptions."

In die historiografiese metafiksie geniet 'n aantal kwessies rondom fiksie en geskiedskrywing besondere aandag. Daar word in die eerste plek voorkeur gegee aan verskillende vertelmodusse waardeur die begrip subjektiwiteit geproblematiseer word: die status van die subjek word ondersoek deur 'n verskeidenheid van vertelperspektiewe. Wat hierdie vertelstrategieë betref, kom dit vir Hutcheon voor asof daar in die romans wat sy bestudeer het, twee vertelwyses of "vertelmodusse" ("modes of narration") op die voorgrond gestel word wat albei die begrip subjektiwiteit problematiseer (Hutcheon 1988:160). Hierdie teorie sluit aan by die vertelstrategie van Schoeman se *Verliesfontein*. Teenoor die modus van 'n enkele beherende verteller is daar dié van veelvuldige vertelperspektiewe, naamlik vertelperspektiewe van die raam-verteller, skrywer-verteller(s) en die verteller-karakters (Alice, Kallie en Miss Godby) (kyk ook 5.2.1). In dié vertelwyses beskik die subjek(te) nie oor 'n algehele vertroue in sy of haar vermoë om die verlede met enige sekerheid te ken en te verstaan nie, en dit versterk dan die idee van 'n besinnende vertellersubjek.

Volgens Hutcheon (1988:117) word subjektiwiteit dus op 'n problematiserende manier binne die historiese fiksie aan vraagstelling onderwerp. Die besinning van die vertellersubjekte in *Verliesfontein* gee ook blyke van self-refleksie: hulle dink herhaaldelik na oor hul vermoë en kwaliteit as verteller en onder andere in die stem van die raam-verteller in die roman kan dié van die outeur gevind word. Op hierdie punt kan 'n vraag gevra word of daar duidelik onderskei word tussen 'n verteller- en outeursubjek. In die modernisme was daar pogings om die teenwoordigheid van die outeur te verberg. Volgens McHale is die lewensvatbare

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


slagspreuk tydens die modernistiese era Joseph Warren Beach se "Exit Author". McHale (1987:199) merk as volg op:

> The modernists sought to remove the traces of their presence from the surface of their writing, and to this end exploited or developed various forms of ostensibly "narratorless" texts - texts based in large part on direct dialogue exchanges ... or on free indirect discourse ... Or they effaced their own subjectivities behind the surrogate subjectivity of a first-person narrator or interior monologist.

Hierdie pogings om 'n bepaalde subjektiwiteit te verdoesel, was volgens McHale nie altyd geslaagd nie. Die paradoksale gevolg van dié strategieë was dikwels hoe meer die outeur hom- of haarself probeer versteek het, hoe duideliker het hy of sy uitgestaan ("the more they sought to efface themselves, the more they made their presence conspicuous"). McHale (1987:199) beweer: "Strategies of self-effacement, while ostensibly obliterating surface traces of the author, in fact call attention to the author as strategist". Dit is ook die geval in die twee tekste *Verliesfontein* en *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* wat verder bespreek gaan word.

Marshall (1992:171-172) verklaar ook die posisie van die skrywer-karakter in historiografiese metafiksie as volg:

> a centri*fugal* paradigm more accurately portrays the relationship of the character *capriciously* and *temporarily* ... positioned at the center of the fictional text to her/his world, to history. We cannot deny that these characters are situated in the center: the postmodern condition is characterized by nothing if not self-consciousness. But this self-consciousness, often in the form of a metadiscursive pondering, suggests its own critique. We are reminded that the postmodern center is a position, a function ... it resists the weight of origin or telos.

Volgens Marshall (1992:171) werk die voorstelling van gemarginaliseerde verteller-skrywers om die versamelde opvattings van die verlede te ondermyn, nie ten gunste van die verdoeseling van die subjek binne die teks nie. Marshall se opinie oor dié soort figuur is duidelik: deel van die projek van sodanige fiksie is om die skeiding tussen die subjek en die wêreld te verwerp. Laastens stel hy die volgende voor: "Rather than speak of the relationship between postmodern subject and her or his world, we should speak of the subject as *of* the world, that is, of the subject's position *in* the world, of the world as *in* the subject" (Marshall 1992:172).

In die postmodernistiese teorie en praktyk word die outonome subjek dus bevraagteken. So ondermyn die historiografiese metafiksie (onder andere deur die vertelstrategieë) die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


tradisionele representasie van die subjek (byvoorbeeld vertellersubjek of outeur) as 'n bourgeois, wit, Westerse man. Foster (2000:383) merk op dat wanneer die tradisionele siening van die subjek dus gedesentreer word en die subjek binne 'n postmodernistiese raamwerk gesitueer word, die ideologie van die subjek en die alternatiewe nosie van subjektiwiteit ook belig kan word.

#### *3.2.2.2.2 Die (inter)tekstualiteit van geskiedskrywing en fiksie*

Volgens Hutcheon (1988:119) toon postmodernistiese fiksie aan dat sowel fiksie as geskiedenis op die eerste vlak na ander tekste verwys: die verlede (wat wel werklik bestaan het) kan slegs deur die getekstualiseerde oorblyfels daarvan (dokumente, argiewe, maar ook foto's, skilderye, argitektuur, films en literatuur) geken word. Hutcheon noem ook dat die instellings van die verlede, die sosiale strukture en praktyke, in 'n sekere sin beskou kan word as sosiale tekste. Derrida wys uit dat ons nooit buite die doolhof van diskoers ("the labyrinth of discourse") is nie. Ons is nooit buite 'n perspektief wat altyd in tekstualiteit geplaas word nie (Marshall 1992:148).

Die dokumentêre aard van historiese materiaal is dikwels die grondstof van die metafiksionele besinning in die postmodernistiese literatuur. Omdat die argief, die bron van die geskiedskrywing, 'n wesenlik tekstuele karakter het, kan die reeds getekstualiseerde spore van die verlede vergete raak, herontdek word of teëgespreek en herroep word. Vanweë die sterk mate van onbepaaldheid en onstabiliteit wat eie is aan tekste, is die interpretasie van tekstuele spore van die verlede onvermydelik. Aangesien die argief uit tekste bestaan, is dit weerloos teen allerlei vorme van gebruik en misbuik. Hutcheon (1989:80) voeg by dat die kriteria vir die gebruik van dokumentêre bewyse verander het. Hierdie verandering hou verband met die wysiging in status van die dokument: die erkenning dat die dokument nie direkte toegang tot die verlede kan verleen nie, versterk die siening van die dokument as 'n tekstuele representasie van gebeurtenisse.

Foster (2000:311) merk op dat historiografiese metafiksionele tekste hulself dikwels oop en bloot binne die historiese diskoers situeer, maar terselfdertyd nie afstand doen van hul eie fiksionaliteit nie. Hierdie dubbelslagtigheid word bewerkstellig deur 'n vorm van ironiese parodie: die intertekste van die geskiedenis en van fiksie neem 'n gelyksoortige or parallelle status aan in die parodiese herverwerking van die tekstuele verlede van sowel die "wêreld" as van die literatuur. Die wêreld waarvan hier sprake is, is nie die gewone werklikheid nie, maar die wêreld van tekste en intertekste, merk Foster (2000:312) op.

Hutcheon sê dat die postmodernistiese parodie nie die konteks van die representasies van die verlede ignoreer nie. Hoewel daar 'n kontinuum tussen die verlede en hede bestaan, is daar volgens Foster (2000:312) ook ironiese verskille wat juis die gevolg van die skeiding is.

Die postmodernistiese parodie is dan 'n bevraagtekenende hersiening van die verlede wat die mag van die representasies van die geskiedskrywing sowel bevestig as bestry. Dié postmodernistiese problematisering van representasies kom vervolgens aan bod.

#### *3.2.2.2.3 Die representasie van die verlede in die historiese en fiksionele narratiewe*

Die postmodernisme bevraagteken die moontlikheid om die werklikheid te deurgrond. Erkenning word gegee aan die feit dat die sosiale, historiese en eksistensiële werklikheid van die verlede *diskursief* van aard is. Vir die postmodernistiese skrywer word ware historisiteit geopenbaar in 'n openlike bevestiging van die diskursiewe karakter van die historiografiese kunswerk. Die verlede as referent word dus nie tussen hakies geplaas nie, maar geïnkorporeer en gemodifiseer soos 'n nuwe gestalte en betekenis daaraan verleen word.

In die historiografiese metafiksie is die historiese, sosiale en ideologiese elemente van die versamelde materiaal op die voorgrond. Die geskiedenis word dus nie as 'n uitgediende dissipline beskou nie, maar eerder in heroorweging geneem as 'n menslike konstruksie (Hutcheon 1988:16, 24, 25). Ten opsigte van die romans wat sy bestudeer het, kom Hutcheon (vergelyk Foster 2000:344) tot die gevolgtrekking dat historiografiese metafiksie die bestaan daarvan as diskoers onderstreep, maar terselfdertyd in 'n referensiële verhouding met die historiese wêreld staan, sowel deur die aandrang op die maatskaplike en institusionele aard van alle enunsiatiewe posisies as deur 'n begronding in die representasionele. In hierdie heroorweging word die epistemologiese vraag oor hoe die verlede geken kan word, gekombineer met die ontologiese vraag na die status van die spore van die verlede. Die narratief word beskou as 'n sentrale vorm van kennisverwerwing wat tot die mens se beskikking is. Deur die narratief word betekenis toegeken en word daar 'n formele samehang aan die chaotiese verspreiding van gebeure verleen. In White se woorde (1980:5): narratief sit die "weet" om in die "vertel" ("narrative is what translates *knowing* into *telling")*.

Ann Rigney (1990:2-3) beskou die diskursiewe oordrag van historiese kennis as die manier waarop 'n historikus sy bevindinge kommunikeer. Die werk betrokke by navorsing en die insameling van feite moet dus opgevolg word deur die belangrike kompleksiteit van vertelling of verslagdoening. Dit vereis die vertolking, die vergelyking en die "skets" van die gebeure. Dit is deur die spesifieke literêre aktiwiteit van vertelling wat die historikus eintlik die verlede vir sy tydgenote kan voorstel. Slegs deur vertelling ("narration") vind die historikus die wet van oorsaak en gevolg wat feite aan mekaar verbind en gee hy aan vergange gebeure hul betekenis, hul karakter, en hul lewendigheid of beweeglikheid wat nooit afwesig kan wees van die skouspel van menslike oorsprong nie.

Volgens Wesseling (1991:128) het geskiedenisfilosowe in ooreenkoms met die verandering van die linguistiese denkpatroon in die twintigste eeu die outonomie van die narratiewe oor historiese gebeure verduidelik, met verwysing na die gebeure self en met spesifieke verwysing na die linguistiese ooreenkomste wat die narratiewe voorstelling van die geskiedenis beheer. Die narratief is nie 'n deursigtige medium vir die voorstelling van die historiese realiteit nie, maar dit bring 'n bepaalde begrip van die verlede na vore. Met ander woorde, die narratief het sy eie kognitiewe implikasies wat 'n uitwerking het op die vorm van die historiese werklikheid voordat laasgenoemde die onderwerp kan word van 'n historiese ondersoek en voorstelling. Eienskappe soos oorsaaklike verband (kousaliteit) en teleologie wat voorheen inherent sou wees aan die historiese realiteit, word nou gekonseptualiseer as taalverwante verskynsels ("linguistic phenomena").

Historiografiese metafiksie is sterk bewus van die formatiewe of beeldende aard van narratiewe konvensies, en bestee spesifieke aandag aan die teleologiese kontinuïteit (sien 3.1.5.4). Hierdie romans stel die outonomie van narratiewe konvensies bloot en teleologiese kontinuïteit word beskou as 'n duidelike teken van die historiese verbeelding wat aan die werk is. Die postmodernistiese historiografiese metafiksie maan ons dat ons aan gebeure naam en status verleen by wyse van narratiewe seleksie en rangskikking. Volgens Hutcheon (1988:97) beteken dit egter nie dat hierdie proses van rangskikking uit 'n bevoorregte of beskermde posisie geskied nie. Daar is altyd 'n twyfelende terugblik, wat stam uit die poststrukturalistiese bedenkings oor die geskiedenis as liniêre ontwikkeling: "The poststructuralist decentering of the subject from the position from which reason emanates means that we may no longer perceive of history as a linear construct which places the subject, in the present, in the privileged position of making sense of all that has come before - as if the subject were either 'outside' of history, or else the final moment toward which all history has marched."

In die postmodernistiese literatuur geniet die problematiek van referensialiteit en die afwysing daarvan binne die poststrukturalisme groot aandag (sien Foster 2000:344). Volgens die postrukturaliste is taal en literatuur 'n stelsel van tekens waarin die een teken na 'n ander verwys en waarin daar geen direkte referensie na die werklikheid is nie. Taal is dus nie in staat om die "werklikheid" te representeer nie. Hierdie opvatting word in die postmodernisme bevraagteken, merk Foster (2000:345) op. Waar die modernistiese literatuur die status daarvan as kuns vooropgestel het, afgesny van die werklikheid, rig die postmodernistiese literatuur 'n uitdaging tot die skeiding tussen kuns en werklikheid. Volgens Hutcheon (1988:142) gee historiografiese metafiksie telkens te kenne dat die 'wêreld' daarvan onverskrokke fiksioneel is, maar terselfdertyd onmiskenbaar histories. Wat albei gebiede deel, is hul konstituering in en as diskoers. Hutcheon (1988:119) beweer dat dit in die historiografiese metafiksie dus nie soseer om 'n verlies van vertroue in 'n betekenisvolle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


eksterne werklikheid (die verlede) gaan nie, maar om 'n verlies van die vermoë om die werklikheid (die verlede) op onproblematiese wyse te ken en dus om daardie werklikheid (die verlede) in taal te representeer. Dit word gedoen deur die verteller se herhaaldelike ontkenning van die moontlikheid om die verlede te ken en te vertel, soos wat duidelik die geval in *Verliesfontein* is.

#### *3.2.2.2.4 Teen totalisering*

Soos al in die vorige afdelings ondersoek is, lewer die historiografiese metafiksie bewys van die siening dat die literatuur histories gekondisioneer is en dat die geskiedenis diskursief gestruktureer is. Die ideologiese implikasies van Foucault (1972) se teorie oor die verhouding tussen kennis en mag word ook duidelik in die teks gedemonstreer. Ondermyning van "totalisering" kenmerk die ideologiese inslag van die postmodernisme. Dit word vervolgens bespreek.

Hutcheon (1989:62) gebruik die woord "totalisering" om te verwys na die proses waardeur skrywers van geskiedenis, fiksie en selfs teorie hulle materiaal tot 'n samehangende, aaneenlopende geheel saamvoeg. 'n Element van beheer en onderwerping van die materiaal is altyd aanwesig in dié proses. Skrywers laat geld dus hulle mag oor die betrokke materiaal. Postmodernisme is 'n teorie wat die aansprake van sogenaamde *meta-narratiewe* verwerp. Hierdie uitdaging plaas die proses van betekenis-making ("meaning-making") op die voorgrond in die produksie en aanvaarding van kuns, maar ook in breër diskursiewe terme (Hutcheon 1988:x).

Ryan (1982:249) omskryf totalisering as die kulturele gewoonte van die monopolisering van een diskoers om die geheel te verteenwoordig: "Totalization is the process whereby monopolies are created, forcing disparate activities, discourses and practices into docile variations of the One in power. Totalization is a process of amplifying the world and its phenomena, to impose structure, order and conformity in order to stifle difference, rebellion and minority activity. Totalization is the drive towards sheer explicability, or the final answer to all problems - political, socio-cultural and epistemological (...) In short, totalization is the glorification of the authorized at the expense of everything else."

Die klassieke teks oor verwerping van die metanarratief is Lyotard se *La condition postmoderne* (1979). Die primêre funksie daarvan is om die wetenskap te wettig. Dié wettigheid - die antwoord op die vraag hoe ons onsself regverdig deur ons hoop en vertroue in die wetenskaplike proses te plaas - kan slegs bewys word dat ‘n toevlug tot die meta-narratiewe van die *Bildungsroman* van die geskiedenis van die menslike brein (Ankersmit 1994:88-89). Dit gaan hier veral oor die storie wat die mens van die Verligting homself graag vertel oor die bevrydende gevolge van die ontwikkeling van wetenskaplike kennis en die

storie van hoe so 'n ontwikkeling die morele en spirituele vorming van die land kan voed. Die storie van die Marxisme is ook 'n voorbeeld van een van Lyotard se meta-narratiewe.

In plaas daarvan om klem te plaas op gemene delers en gelyksoortigheid in die soeke na oorsaaklike verband en analogie in die geskiedenis, kan die historiografie en fiksie in die postmodernisme fokus op die interaksie tussen verskillende diskoerse wat totalisering teenstaan. Vir Lyotard (volgens Ankersmit 1994:89) het hierdie meta-narratiewe in die afgelope tyd ontbind in 'n oneindige aantal *petits récits,* van selfonderhoudende *plaaslike ("local")* taal-speletjies wat gebruik word in die verskillende wetenskaplike sub-gemeenskappe waaruit die kontemporêre wêreld bestaan. Hierna sal 'n poging om hierdie sosiale en kulturele fragmente in 'n groter en meer verstaanbare geheel te organiseer en rangskik, gedoem wees tot mislukking. As 'n teorie *oor* die geskiedenis, kritiseer Lyotard dus die gebruiklike begrip van die fundamentele eenheid van die verlede. Die verlede word deur hom opgebreek in 'n aantal ongelyke fragmente, en die fragmentasie van die kontemporêre intellektuele wêreld is die spieëlbeeld van die ontbinding van die verlede.

In die postmodernisme vind 'n dekonstruksie van totaliserende universalisering plaas. Die krake in kulturele homogenisering word blootgelê, maar die heterogeniteit wat teenoor hierdie totaliserende kultuur gestel word, word nie vergestalt in die vorm van 'n verskeidenheid individuele subjekte nie. 'n Steeds veranderende stroom van gekontekstualiseerde identiteite ontstaan - *gender*, klas, ras, etnisiteit, seksuele voorkeur, opvoeding en so meer tree op as die kategorieë waarvolgens kontekstualisering plaasvind. Die aanspraak van sekere kunsstrominge dat die kuns ewige, universele waardes beliggaam, word in twyfel getrek. Die konteksgebonde aard van alle waardes word in die postmodernisme getematiseer en selfs op 'n formele vlak gedemonstreer. Die intensiewe besinning oor grense en marginalisering in die postmodernisme kan beskou word as 'n verlies van vertroue in die sentralisering en die verwante bemoeienisse met oorsprong en eenheid waardeur die konsep van die sentrum verbind word met die ewige en die universele: "The local, the regional, the non-totalizing are reasserted as the center becomes a fiction - necessary, desired, but a fiction nonetheless" (Hutcheon 1988:58).

Viljoen (1993a:5) wys uit dat etlike postmodernistiese (historiese) romans hierdie vraag hanteer op 'n paradoksale manier: aan die een kant maak hulle die skrywer se pogings tot totalisering duidelik (die fiksionalisering, rangskikking en beheer van die gebeurtenis in die narratiewe vorm); aan die ander kant word duidelike misverstande oor pogings tot totalisering aan die lig gebring deur die gebruik van oorbekende postmodernistiese strategieë (soos die oorsteek van bepaalde grense en die fragmentering van die narratief). Viljoen merk op dat onlangse Afrikaanse romans duidelik gekenmerk word deur hierdie spanning tussen fragmentasie en totalisering. Hierdie spanning blyk ook in die tekste van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Schoeman en Coetzee teenwoordig te wees deurdat die moontlikheid van een enkele representasie van die verlede betwyfel word, en die sogenaamde amptelike of gekanoniseerde weergawe van die geskiedenis bevraagteken word.

### 3.2.3 Gevolgtrekking

In hierdie afdeling is uitgewys hoe die postmodernistiese historiese fiksie die begrip van beide die geskiedenis en fiksie ondermyn. Sake soos subjektiwiteit, intertekstualiteit, verwysing en vertelling, wat ondermyn word in die historiese tekste, is die grondslag van die geproblematiseerde verhouding tussen geskiedskrywings en fiksie in die postmodernisme. Die historiografiese metafiksie, wat ook in hierdie afdeling ondersoek is, handel onvermydelik oor die probleem van die status van historiese "feite" en oor die aard van hul bewyse, d.i. dokumente. Soos Hutcheon (1988:89) opgemerk het, het die postmodernistiese skrywers van beide geskiedenis en literatuur ons geleer dat beide geskiedenis en fiksie diskoerse is, dat beide stelsels van waarde konstitueer waardeur ons sin maak van die verlede.

Die leerstellings van die dominante ideologie word bevraagteken deur die postmodernisme: van die begrip van skrywers-oorspronklikheid en -gesag tot by die skeiding tussn die estetiese en die politiese. Postmodernisme wys dat alle kulturele praktyke 'n ideologiese subteks het wat die voorwaardes bepaal van die moontlike voortbring van betekenis. Op hierdie manier word die aandag daarop gevestig dat geen navorsing oor die verlede kan ontkom aan die inwerking van kulturele en politieke omstandighede nie. Elke representasie van die verlede het dus sy eie ideologiese implikasies en dieselfde kan ook ten opsigte van die literatuur beweer word. In die volgende gedeelte sal gekyk word hoe postmodernistiese tekste ideologiese en politieke agendas ondermyn deur die metafiksionele besinning oor die verhouding tussen geskiedenis/literatuur en politiek. Dit sal ook 'n nuttige aanleiding wees tot die ontleding van Schoeman en Coetzee se tekste waarin die ideologiese implikasies van die skryf van geskiedenis na vore kom, waaruit die poltieke implikasies van die romans afgelei kan word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



## 3.3 POSTMODERNISME EN POLITIEK

> *Criticism and intepretation, the arts of explanation and understanding, have a deep and complex relation with politics, the structures of power and social value that organize human life.*
>
> W.J.T. Mitchell

### 3.3.1 Geskiedenis/geskiedskrywing en die verhouding tussen mag en kennis

In die tagtigerjare breek 'n ander variant van die postmodernisme aan (vergekyk Foster 2000:16) wat aanvaar dat kennis, en taal as sodanig, onafskeidbaar van mag is. Die politieke werking in representasies word blootgelê en geïnstitusionaliseerde hiërargieë word ongedaan gemaak, en die hegemonie van enige enkele diskursiewe sisteem word teëgestaan (Foster 2000:16). Aandag word gewy aan diegene wat die Ander konstitueer (byvoorbeeld: vroue en nie-blankes) en aan die rol van representasie in die konstituering van Andersheid. Om hierdie variant van die postmodernisme ten opsigte van die ideologiese implikasies in die geskiedenis en literatuur te bestudeer, sal nodig wees vir die bespreking van *Verliesfontein* en *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*, aangesien hierdie Foucauldiaanse variant van die postmodernisme in die tekste van Schoeman en Coetzee te vinde is. Foster (2000:16) merk op dat hierdie Foucauldiaanse postmodernisme mettertyd 'n verreikende demokratiserende invloed op kulturele instellings kan hê. Hierdie variant van die postmodernisme bewerkstellig ook skakeling met rigtings soos die multikulturalisme.

In Marshall se woorde word die problematisering van die subjek as volg geopper (1992:152): "The question 'who is speaking?' is a consistent postmodern refrain, often meaning, "from what position of power or of authority, as producers (or interpreters) of texts, do we speak?" Die klem is nou op magsrelasies in die konstituering van die subjek. Volgens Marshall (1992:153) is die vraag wat historiografiese metafiksie opwerp dus nie wat die "ware" geskiedenis is nie, maar eerder wie watter geskiedenis voorstel vanuit watter posisie van mag of outoriteit, en wie dit lees en vertolk, met watter doel? (Marshall 1992:153).

"Geskiedenis is nooit vir homself nie, dit is altyd vir iemand", tref Jenkins (1991:17) onderskeid tussen "geskiedenis as sulks" (history *per se*) en "ideologiese geskiedenis". Volgens hom (1991:17-18) is dit korrek om te sê dat dit die "wil" is van spesifieke sosiale formasies dat hul historici sekere representasies van historiese gebeure lewer. Die feit dat geskiedskrywing op sigself 'n ideologiese konstruksie is, beteken dat dit gedurig bewerk en herorden word deur almal wat verskillend deur die mag van verhoudings beïnvloed word, omdat die gedomineerde en die dominante elk hul eie weergawes van die verlede het om hul praktyke te regverdig. In daardie opsig moet die herrangskikking van die boodskappe wat gelewer moet word, voortdurend opnuut saamgestel word, omdat die behoeftes van die

dominante of ondergeskikte voortdurend verwerk word in die realiteit, in die soeke om mense te mobiliseer om hul belange te ondersteun. Geskiedskrywing word só in konflik gedwing en hierdie botsende behoeftes het 'n invloed op die debatte oor wat geskiedskrywing is.

In sy roman *1984* skryf Orwell dié wat die hede beheer, beheer die verlede, en dié wat die verlede beheer, beheer die toekoms. Mense in die hede benodig dus voorgangers ("antecedents") om hulle te plaas, en hul voortbestaan en toekomstige lewenswyse te regverdig (Jenkins 1991:18). Mense het dus letterlik die behoefte om hulself vandag en môre in hulle gisters te wortel. Bepaalde soorte "verledes" staan tans sterk in die belangstelling, veral dié van vroue, swartes, streeksgroepe, verskillende minderheidsgroepe en so meer. In daardie opsig skryf alle klasse/groepe hul eie kollektiewe outobiografieë. Geskiedenis is die wyse waarop mens(e) deels hul identiteit skep. In "History as decipherment" (1987) tematiseer Gossman die wyse waarop die romantiese bekoring van en angs vir die misterieuse in die geskiedskrywing figureer: die verborge verlede, maar ook die vrou, die volk, die Ooste, die Natuur. Die Ander moes in ag geneem word om dit te kan "tem" en vergeet. Gossman het ook gewys op die ideologiese dimensies van daardie proses: die romantiese toeëiening van die Ander weerspieël die strewe van die bourgeoisie na politieke mag en kulturele hegemonie, die industriële verowering van die natuur en die westerse verlange om die res van die wêreld te oorheers.

In *Power/Knowledge* wys Foucault (1981:131-133) daarop dat dít wat verhoed dat iets vertel word, en wat toelaat dat sekere sake aan die lig kom "mag" is. Waarheid is afhanklik van iemand wat die mag het om dit waar te maak. Dit is hoe die konsep van waarheid funksioneer as 'n sensor (ongeag of sulke "waarhede" waar is of nie). Volgens hom staan die waarheid dus nie buite mag nie. Dit word geskep op grond van verskeie vorms van beperking. Elke samelewing beskik oor sy "algemene politiek" van waarheid: die tipes diskoers wat dit aanvaar en laat funksioneer as waarheid; die meganismes en instansies wat mense in staat stel om te onderskei tussen waar en vals stellings; die metodes waardeur beide bekragtig word; die tegnieke en prosedures wat waarde heg aan die verkryging van die waarheid; die status van diegene wat roem op die waarheid. Foucault (1981:133) sê die volgende: "'Truth' is to be understood as a system of ordered procedures for the production, regulation, distribution, circulation and operation of statements. 'Truth' is linked ... with systems of power which produce and sustain it ... A 'regime of truth'."

Al hierdie argumente is geredelik toepaslik op die geskiedenis. In geskiedenis is "waarhede" middele om interpretasies oop te maak, te reguleer en te sluit. Die waarheid tree op as 'n sensor - dit trek die lyn. Jenkins (1991:32) merk op dat sulke waarhede in werklikheid "bruikbare waarhede" is wat in die diskoers aanwesig is kragtens mag. Net so gebruik mag

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


die term "waarheid" om beheer uit te oefen. Die produksie van waarheid is dus afhanklik van mag. Foucault (1988:10) se oogmerk was om aan te toon dat waarheid op 'n bepaalde oomblik in die geskiedenis geskep word en dat dit as 'n historiese konstruksie gekritiseer, verander en vernietig kan word. Mag en kennis impliseer mekaar op 'n direkte wyse: 'n magsverhouding kan nie bestaan sonder die skepping van 'n gepaardgaande kennisterrein nie. So ook voorveronderstel en konstitueer elke vorm van kennis 'n bepaalde groep magsverhoudings (Foucault 1977:27).

Mag en kennis word in diskoers met mekaar verbind. Vir Foucault (1978:100-101) word die wêreld van diskoers nie verdeel in aanvaarbare en verwerplike diskoerse nie; daar is ook nie sprake van 'n dominante en 'n gedomineerde diskoers nie. Die wêreld van diskoers bestaan eerder uit 'n veelvoud van diskursiewe elemente wat in 'n verskeidenheid strategieë betrokke kan wees. Daar moet voorsiening gemaak word vir die ingewikkelde en onstabiele prosesse waardeur diskoers soms 'n instrument en 'n effek van mag kan wees, soms 'n struikelblok en 'n weerstand teen mag, of selfs die beginpunt van 'n opponerende strategie. Diskoers lei en produseer mag, maar dit kan ook mag ondermyn en blootlê sodat mag kwesbaar word.

In die volgende afdeling sal hierdie siening van kennis en mag verder uitgebrei word, met spesifieke verwysing na die problematisering van ideologiese implikasies in geskiedskrywing. Dié bespreking kan ook aan die postmodernistiese perspektief gekoppel word wat wys dat "all cultural practices have an ideological subtext which determines the conditions of the very possibility of their production of meaning" (Hutcheon 1988:xii-xiii). Daar word aangetoon dat geskiedenis/geskiedskrywing as deel van die kontemporêre kulturele, maatskaplike en politieke diskoers gesien kan word.

### 3.3.2 Die ideologiese implikasies van geskiedskrywing

Volgens LaCapra (1985:127) word historici aangespoor om die konteks van hul eie onvermydelik verklarende handelinge in ag te neem: die skryf, ontvangs, en "kritiese lees" van narratiewe oor die verlede is nie onverwant aan intellektuele en institusionele magstryde nie. Foucault voer aan dat "die sosiale" 'n veld is van magte, van praktyke - diskoerse en hul ankerende instellings - waarin ons verskillende (wat voortdurend wisselende) posisies van mag en teenstand inneem. Die sosiale is dus ingebed in die betekenisvolle praktyke van 'n kultuur, volgens Teresa de Lauretis se terme: "social formations and representations appeal to and position the individual as subject in the process to which we give the name of ideology" (aangehaal in Hutcheon 1988:98).

Die postmodernisme leer ons dat alle kulturele praktyke 'n ideologiese subteks het wat die voorwaardes bepaal vir 'n moontlike produksie van betekenis. Volgens Hans Bertens volg Hutcheon se postmodernisme die dekonstruktiewe postmodernisme deurdat dit die

problematisering van representasie as 'n politieke strategie sien. Wanneer oor representasie besin word, word dit moontlik om die sosiale en ideologiese prosesse wat betekenisproduksie onderlê, te ondersoek (Bertens 1995:104). Hutcheon verklaar die politieke aard van die postmodernisme onomwonde: "what I want to call postmodernism is fundamentally contradictory, resolutely historical, and inescapably political" (1988:4).

Hutcheon se begrip historiografiese metafiksie impliseer 'n teoretiese selfbewustheid oor die aard van "history and fiction as human constructs" (1988:5). Hieruit spruit 'n gevoeligheid vir dit wat ook in Foucault se teorie die aandag kry: "The centre no longer completely holds. And, from the decentered perspective, the 'marginal' and ... the 'ex-centric' (be it in class, race, gender, sexual orientation, or ethnicity) take on new significance" (Hutcheon 1988:12). Die invloed van Foucault word ook kenbaar in die politieke ingesteldheid van Hutcheon (1988:86): "the relation of power to knowledge and to historical, social, and ideological discursive contexts is an obsession of postmodernism."

Met Foucault se toetrede tot die debat merk Van Heerden (1997a:45) ook die kwelgedagtes van die postkoloniale era op. In verband hiermee suggereer Bertens (1995:73-74) die volgende:

> The Derridean attack on language and representation would in the course of the 1980s give way to a Foucauldian interrogation of the power inherent in representation and in the institutions that privileged certain forms of representation at the expense of others. As a result, issues of gender, race, ethnicity, and even class (...) gradually find a place in the debate on postmodernism and eventually come to constitute one of its major themes.

Van Heerden (1997a:45) wys daarop dat diegene wat vanuit die oogpunt van die liberaal-humanistiese subjek (wat as wit, manlik, heteroseksueel en rasioneel beskryf kan word) as die "Ander" beskou word (vroue, kinders, swart of nie-heteroseksuele mense) nou die fokus van ondersoek word. Die rol van representasie in die uitbeelding van "Andersheid" kry veral aandag: "Drawing on the later Foucault's interest in the subject, it more generally investigates the ways in which human beings are constitued - and reconstituted - by discourses, that is, by language, and recognize themselves as subject" (Bertens 1995:8).

Hierdie postmodernistiese bewuswees van die ideologiese implikasies in die bestaande diskoerse kan uiteindelik variasies in die representasie van historiese gebeure bewerkstellig. Dit sal ook nuttig wees vir om dit na te gaan in *Verliesfontein* en *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*, aangesien die modus van moontlikhede vir die transformasie (verandering) van die samelewing in die Suid-Afrikaanse toekoms ondersoek word in die bespreking van die twee historiese romans.

### 3.3.3 Uchroniese fiksie en die moontlike politieke implikasies daarvan

Volgens Wesseling (1991:13) projekteer postmodernistiese romanskrywers nie regstreeks inspirerende alternatiewe vir die status quo vir die toekoms nie. Hulle keer hul eerder tot die verlede op soek na onverwesenlikte moontlikhede wat historiese situasies vergesel. Gevolglik wonder hulle hoe die geskiedenis sou gelyk het as 'n onverwesenlikte opeenvolging van gebeurtenisse sou plaasgevind het. Die moontlikhede vir die toekomstige transformasie van die samelewing uit die gesigspunt van die verlede, beskryf Wesseling (1991:14) as 'n utopiese, of eerder 'n "uchroniese" fantasie. Hierdie insig maak dit moontlik om 'n perspektief te ontwikkel op die politiese implikasies van sommige postmodernistiese historiese romans.

Postmodernistiese teen-feitlike voorstelling spekuleer oor die wyses waarop gebeurtenise moontlik 'n totaal ander rigting kon aangeneem het, wat die rekbaarheid van die begrip *historiese realiteit* weer na vore bring. Postmodernistiese skrywers dwaal, volgens Wesseling (1991:vii) van die tradisionele historiese roman af deur alternatiewe weergawes van die geskiedenis uit te dink, wat fokus op groepe mense wat deur die offisiële geskiedenis uitgeskuif is na die periferie . Op hierdie manier word ongerealiseerde moontlikhede wat dormant is in sekere historiese situasies onder ons aandag gebring ("What would have happened, if ...?"- wat sou *kon* gebeur het). Wesseling wys uit dat verskeie invloedryke postmodernistiese skrywers nie die geskiedenis na willekeur verander nie. Hulle herskryf eerder die geskiedenis uit die perspektief van die verloorders van historiese stryde wat 'n betrokkenheid by kwessies van bevryding uitdruk. Hierdie alternatiewe logika word gevolg, waarin daar vanuit 'n posisie in die verlede verskillende moontlikhede vir die transformasie van die samelewing in die toekoms voorsien word. Wesseling beskou hierdie idealistiese modus, of eerder die "uchroniese" fantasie, as die belangrikste bydrae tot die generiese repertoire van die historiese roman wat uit die postmodernisme ontstaan het (Wesseling 1991:vii).

Veranderinge word in die gekanoniseerde geskiedenis aangebring deur skuiwe te veroorsaak tussen die verskillende faktore wat 'n rol speel in 'n gegewe historiese situasie of reeks gebeure. Hierdie verskuiwings produseer 'n teenfeitlike verloop van gebeurtenisse waar historiese gebeure en persone oorgedra mag word van een epog na 'n ander en die verloorders van 'n magstryd die wenners mag word of andersom. In algemene terme stel teenfeitlike verskuiwings 'n alternatiewe uitkoms voor vir die altyddurende historiese konflik tussen die mag wat die status quo bevorder, en die rewolusionêre magte wat gemik is op radikale verandering (Wesseling 1991:100).

"Utopian counterfactual parodies", in Wesseling se terme, herskryf die geskiedenis uit die perspektief van die groep wat uitgesluit is uit die maak en skryf van die geskiedenis. Die

ideologiese beginsel wat hul geskiedenis kenmerk, is die simpatiekgesinde identifikasie met dié wat deur die geskiedenis gely het. Uchroniese fantasie spekuleer oor die toekoms via 'n ompad deur die verlede. Die tipe historiese bewustheid wat probeer om die verlede voor te stel vanuit die perspektief van die verloorders eerder as die wenners, volgens Wesseling (1991:163), is die mees betroubare gids vir 'n hoopvolle toekoms. Die moontlikheid van 'n nuwe begin vir die toekoms word beskou vanuit die ongerealiseerde moontlikhede van die verlede. So 'n aanpak fokus noodwendig op groepe wat nouliks 'n rol gespeel het in die stories van die geskiedenis oor die Groot Mans, Oorloë en Rewolusies, naamlik groepe soos die vroue, etniese minderhede en mense wat gekoloniseer is deur Westerse nasies. Volgens Wesseling (1991:163) wend uchroniese fiksies hulself nie na die verlede op soek na geloofwaardige historiese kennis nie, maar is hulle op soek na dormante moontlikhede wat 'n nuwe begin vir die toekoms mag vorm. Hulle wys weergawes van die geskiedenis uit wat toon hoedat politieke belange en funksies gefunksioneer het as magsinstrumente.

Uchroniese fantasie lokaliseer utopieë in die geskiedenis, deur 'n loop van gebeure voor te stel wat duidelik nie plaasgevind het nie, maar wat moontlik kon plaasgevind het. Uchroniese fiksie mag beskou word as 'n subspesie van teenfeitlike historiese fiksie, dus fiksie wat doelbewus afwyk van die gekanoniseerde geskiedenis. 'n Uchroniese fiksie mag afspeel in die verlede waar dit alternatiewe geskiedenis in wording aantoon. Dit mag ook afspeel in 'n vaag gedefinieerde hede of toekoms wat gevorm is deur 'n alternatiewe verloop van historiese gebeure. Hierdie fiksie kan dus 'n besondere geskikte voertuig wees vir die huisves van 'n alternatiewe geskiedenis.

Wesseling (1991:110) voer aan dat utopiese fantasie kritiek impliseer op sekere politieke neigings in die sosiale realiteit. Die afwisselende wêrelde hou 'n spieël na die samelewing wat latente sosiale verskynsels in vergrote vorm weerspieël. Die politieke potensiaal van postmoderne uchroniese fiksie word gerealiseer in die blootstelling van die intieme verbinding tussen historiese kennis en politieke mag. Dit is bekend dat die amptelike geskiedskrywing neig om te skryf oor die geskiedenis van die wenners, 'n beperking wat baie te doen het met die vereiste dat die historikus sy verklarings verkry uit dokumentêre bewyse. Die dokumente bevat baie meer inligting oor prinse, staatsmanne, generaals en ander invloedryke publieke figure as oor ondergeskikte of verslane mense en sosiale klasse, wat gewoonlik nie toegang het tot die kanale van die amptelike kultuur nie en selde die rekordboeke haal. Die selektiewe aard van die historiese rekords doen op sigself verslag oor die onoplosbare verwikkeling van historiese kennis en politieke mag.

Die oorwinnaars van die geskiedenis neig om die verlede te skep in hul eie beeld. Uchroniese fiksie betwis egter die monopolie van die gerealiseerde moontlikhede in die "land van realiteit" deur alternatiewe ontwikkelings sigbaar te maak. Volgens Wesseling

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


(1991:110) plaas die stryd om die verloorders in die geskiedenis vir ons kollektiewe geheue te herwin, baie op die spel, want weergawes van die geskiedenis is nie net relevant vir die verlede nie, maar beïnvloed ook die hede en die toekoms. Wesseling (1991:111) beweer dat as die voortspruitende status quo wisselvallig is, dit ongetwyfeld nie vir altyd sal duur nie en verander kan word. Uchroniese fantasieë word dus bedink in die hoop dat, al is hulle kennelik onwaar, hulle wel waar mag word op een of ander stadium.

Postmodernistiese uchroniese fiksie neig om simpatiek te identifiseer met hulle wat gely het eerder as met hulle wat geskiedenis gemaak het, deur die herverspreiding van die rolle van wenners en verloorders in die geskiedenis. Hierdie teenfeitlike verskuiwing probeer nie om met die gekanoniseerde geskiedenis te kompeteer nie, veral waar geloofwaardigheid ter sprake is. Dit probeer egter om ons te herinner aan die magstryde wat die instelling van 'n spesifieke verspreiding van mag voorafgegaan het, en maak ons bewus van die moontlikheid van die uitkoms van sulke historiese magstryde.

Die tradisionele funksie van historiese kennis, nl. verduidelik hoekom die teenfeitlike parodieë van postmodernistiese historiese fiksie probeer om ons te herinner aan die alternatiewe moontlikhede van die geskiedenis, as 'n nodige voorwaarde vir die onderbreking van die status quo. Dit verduidelik ook hoekom hulle probeer om die verloorders van die geskiedenis in te prent in ons historiese geheue. Om gekanoniseerde geskiedenis teen te werk met mededingende weergawes is nie werklik 'n poging om die partydigheid van die eerste te herstel nie, want so 'n poging sal eenvoudig die noue bande tussen historiese kennis en mag ontken, maar om die posisie van die ondergeskikte groepe te versterk in die hede en moontlikhede voor te stel vir groter gelykheid in die toekoms. Die politieke betrokkenheid in hierdie uchroniese fiksies kom na vore in die alternatiewe aanwysing van verloorders en oorwinnaars in die geskiedenis. Die stilte waardeur sekere groepe in die geskiedskrywing misken word, word nie net verbreek nie, beweer Visagie (1995:94); dié groepe kry selfs meer mag as waaroor hulle werklik beskik het. Wesseling (1991:193) beweer dat uchroniese fiksie 'n duidelike politieke agenda het: "The political perspective has induced writers to shatter the retrospective illusion that the results of specific historical conflicts or developments were inevitable - and therefore legitimate - by inventing alternate histories." Die utopie in die uchroniese literatuur word voorgestel as 'n pluralistiese samelewing waarin mense van albei geslagte, verskillende rasse, nasionaliteite en godsdienstige oortuigings hulleself as subjekte kan laat geld. In die volgende afdeling word bespreek hoe die historiografiese metafiksie as 'n politieke agenda bewerkstellig word.

### 3.3.4 Postmodernistiese historiografiese metafiksie as politieke agenda

In die historiografiese metafiksie word daar voorgestel dat elke weergawe van die verlede bepaalde ideologiese implikasies het. Geen navorsing oor die verlede is onafhanklik van

sosio-ekonomiese, politieke en kulturele omstandighede nie. Volgens Hutcheon (1988:69) beskik die postmodernisme nie oor 'n deurdagte politieke agenda nie; daar is geen uitgesproke strategieë vir weerstand nie. Die postmodernisme manipuleer die toekenning van betekenis, maar gaan nie so ver as om betekenistoekenning te transformeer nie. Die strukture wat met die subjek geassosieer word, word verstrooi maar word nie gekonstrueer nie (1989:168), en die marginale word nie noodwendig na die middelpunt verskuif nie. "Eks-sentrisiteit" ("ex-centricity"), soos deur Hutcheon gebruik, het die potensiaal om postmodernistiese tekste binne 'n genuanseerde en komplekse ruimte te plaas. John (2000a:14) merk hier op dat Hutcheon se benadering 'n ruimte skep waar daar wel plek is vir diskrete groeperings; 'n diskrete diskoers of groepering wat nie aan 'n dominante oorkoepelende abstrakte waardestelsel gemeet word nie, maar in die eerste plek gesien word as deel van 'n verhouding tussen 'n aantal verskillende diskrete eenhede, oftewel as deel van 'n stelsel van verskille.

Volgens Hutcheon (1989:157) is postmodernistiese literatuur dus nie 'n eenduidige, onproblematiese riglyn of motivering vir optrede in die politieke aktualiteit nie. Postmodernistiese kuns kan voorkom as die terrein van politieke stryd deur die veelvoudige en dekonstruerende vrae wat dit opwerp, maar tog word daar nie oorgegaan tot aktiewe politieke betrokkenheid nie (vergelyk Visagie 1995:90). Vrae word gestel wat kuns ontbloot as die terrein waar waardes, norme en oortuigings geproduseer word - die prosesse van toekenning word gedekonstrueer. Volgens Visagie (1995:90) word die dubbele kodering egter gehandhaaf: daar is voortdurend 'n bewussyn van die wedersydse afhanklikheid van die dominante en die opponerende stellingname.

Hoe bied hierdie postmodernistiese bevraagtekening en ondergrawing dan 'n geleentheid om 'n ander opgesette raamwerk te ontwikkel vir die bestudering van die nuwe Afrikaanse historiese romans, soos *Verliesfontein* en *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*? Hoe vind politieke en ideologiese implikasies dan in hierdie tekste plaas? 'n Verdere studie van Schoeman en Coetzee se romans sal moontlik hierop 'n antwoord kan bied.

### 3.3.5 Gevolgtrekking

In die voetspore van die ineengestorte meta-narratiewe het die voorwaardes van postmodernisme 'n menigvuldigheid van geskiedenisse voortgebring wat op enige plek gevind kan word regdeur die demokratiese samelewing.

Dit word gesien, nie op die tradisonele manier as 'n onderwerp-dissipline wat gemik is op werklike kennis van die verlede nie, maar eerder as wat dit is, 'n diskursiewe praktyk wat hedendaagse mense in staat stel om hulself na die verlede te wend, om daar rond te delf en dit te herorganiseer volgens hulle behoeftes. Dan het sulke geskiedenis moontlik 'n radikale

oortuigingskrag wat aspekte van die verlede sigbaar kan maak wat vantevore oorgesien of ter syde gestel is. Daardeur word vars insigte na vore gebring wat eintlik kan lei tot bevrydende, materiële verskille in die hede - waar alle geskiedenis begin en waarheen dit terugkeer.

Hutcheon (1988:96) sluit haar aan by Hayden White se opinie oor die motivering vir historiese navorsing: historiese ondersoek spruit nie soseer voort uit die noodsaak om te bepaal of sekere gebeurtenisse werklik plaasgevind het nie. Die behoefte om vas te stel wat bepaalde gebeurtenisse vir 'n sekere groep, samelewing of kultuur in hulle voorstelling van hulle huidige en toekomstige omstandighede kan *beteken*, is 'n sterker motivering. Die fokus van die postmodernisme op die geskiedenis impliseer nie 'n soeke na die tydlose, transendentale betekenis van die verlede nie, maar eerder 'n herevaluering van en 'n dialoog met die verlede in die lig van die hede.

Die doel van hierdie hoofstuk was om in breë trekke 'n teoretiese raamwerk uiteen te sit waarbinne die verhouding tussen geskiedenis en literatuur, en ook die gepaardgaande problematiek van die politieke betrokkenheid van die geskiedbeoefening in die postmodernistiese era ondersoek kan word. Die postmodernistiese tekste van beide geskiedenis en literatuur leer ons dat beide diskoerse is, dat beide waardestelsels konstitueer waardeur ons sin maak van die verlede. Hierdie erkenning van die funksie van menslike konstrukte verskaf 'n nuwe bewuswording dat geskiedskrywing nie bedryf kan word sonder ideologiese en institusionele ontledings nie. Die postmodernistiese tekste van die geskiedenis en fiksie daag die veronderstelde aannames van historiese stellings uit: objektiwiteit, neutraliteit en deursigtigheid van representasie.

Hierdie gegewens sal rigtinggewend wees by die hieropvolgende ondersoeke van die geskiedskrywingstendense in die nuwe Suid-Afrikaanse konteks, en ook by die ontleding van twee onlangse Afrikaanse historiese romans.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


# HOOFSTUK 4

# GESKIEDENIS EN LITERATUUR IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS: DIE HER-VERBEELDING VAN DIE VERLEDE IN DIE POST-APARTHEID ERA

*The more we know about the past, the more difficult it is to generalize about it ... The older distinction between fiction and history, in which fiction is conceived as the imaginable, and history as the representation of the actual, must give place to the recognition that we can only know the actual by contrasting it to the imaginable.*

Hayden White

## 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal daar op die Suid-Afrikaanse situasie ten opsigte van die verhouding tussen geskiedenis en literatuur gefokus word. In die volgende hoofstuk sal daar dan na die Afrikaanse romans wat oor die geskiedenis besin, ondersoek ingestel word.

Die nasie-geskilpunt was nog altyd prominent in die geskrifte van Suid-Afrikaanse geskiedskrywers en letterkundiges. Sedert die ontwikkeling van geskiedskrywing in die negentiende eeu as 'n afsonderlike wetenskaplike dissipline, hou die geskiedskrywing in Suid-Afrika hom voortdurend besig met die probleme en spanninge wat voortvloei uit 'n stelsel van buitelandse of vreemde dominasie sowel as "binnelandse kolonialisme", volgens Verbeeck (2000:387). In die oorgangsituasie probeer Suid-Afrika om 'n brug te bou tussen verlede en hede: "a historic bridge between the past of a deeply divided society characterized by strife, conflict, untold suffering and injustice, and a future founded on the recognition of human rights, democracy and peaceful co-existence and development opportunities for all South Africans, irrespective of colour, race, class, belief or sex" (Nuttall & Coetzee 1998:14). Die aangepaste beeld van die geskiedenis pas by 'n politieke strategie wat probeer om 'n nuwe nasionale eenheid tot stand te bring. Die sogenaamde reënboognasie is op soek na 'n beeld van die geskiedenis wat gekoppel kan word aan die nuwe profiel van 'n multikulturele demokrasie. Hierdie opvatting van die toekoms, selfs deur die grondwet beskryf, kan slegs gerealiseer word deur die nastreef van nasionale eenheid en versoening sowel as die oorbrugging van die verdeeldheid en onenigheid van die verlede.

'n Voor-die-hand-liggende voorbeeld van hierdie ingesteldheid teenoor die verlede in Suid-Afrika is die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) wat in 1995 met sy werksaamhede begin het (John 2000b:44). Ndebele (in Nuttall & Coetzee 1998:19-28) sien

die WVK as die wyse waarop die realiteit van die verlede in Suid-Afrika herlewe en geopenbaar kan word. Brink (1998a) praat van die WVK as "lapwerk" en beklemtoon die fragmenterende aard van die werk van die geheue, asook die wyses waarop ou skroot nuwe gebruik kry in 'n groter geheel. Vir Brink word die leemtes in die argiewe goed gevul deur magiese realisme, metafore en fantasie, metodes wat 'n groot mate van effektiewe en simboliese vertolking toelaat van die wyses waarop die verlede onthou en gebruik kan word. Brink (1998a:30) beklemtoon ook dat as die ondersoeke van die WVK nie uitgebrei, gekompliseer of verdiep gaan word in die hervoorstelling van die literatuur nie, gaan die samelewing nie behoorlik tot 'n vergelyk kom met die verlede om sodoende die toekoms in die gesig te staar nie.

Dit is duidelik dat daar in die Suid-Afrikaanse en spesifiek die Afrikaanse literatuur reeds vanaf die begin van die tagtigerjare 'n merkbare toename te bespeur is in tekste wat fokus op die verlede. Herdenkingsliteratuur, hetsy van historiese, politieke, staatkundige, oorlogskundige, ideologiese of literêre aard verskyn tans in oorvloed. Die Anglo-Boereoorlog is nie 'n uitsondering nie. Wat is die redes agter die herdenking van die Anglo-Boereoorlog en wat is die funksies daarvan in die huidige Suid-Afrika? Soos wat Viljoen en Du Pisani verduidelik (1999:1), is daar 'n geheue-politiek (politics of memory), "in that strategies of dealing with the past and past suffering influence what we regard as desirable in the present-day organisation of human society." Die rol van beelde en voorstellings van die Boereoorlog in hierdie post-apartheid era sou dus in die soektog na die vorming en gebruik van sulke beelde, en wat hulle rol in die politiek of die vorming van identiteit is, ondersoek kan word.

In die volgende afdeling 4. 2 word ondersoek ingestel na die skryf van die geskiedenis in die onlangse Suid-Afrikaanse konteks. Hierdie ondersoek behels eerstens ‘n oorsig oor die tradisionele voorstellings van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en daarna kom onlangse perspektiewe op die Suid-Afrikaanse geskiedenis aan die orde.

## 4.2 GESKIEDENIS IN DIE NUWE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS

### 4.2.1 Geskiedskrywing as die verlede geskryf uit die huidige perspektief

*The historian's task is to re-read the discursive practices which make them meaningful and which change radically from one period to another.*

Tom Gouws

#### *4.2.1.1 'n "Skool-weergawe van Geskiedenis"*

Talle van die negentiende-eeuse grondleggers van die moderne Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, verteenwoordigers van die sogenaamde *setlaars*-geskiedskrywing, het die vestiging van die koloniale gemeenskap in Suider Afrika as die onderwerp van hul studie gekies. Volgens Verbeeck (2000:387-388) is die beoefening van geskiedenis op hierdie wyse gedwing om sterk Eurosentries te wees. Dit het begin by die aankoms van blankes, die aankoms van die Nederlanders in 1652 en dié van die Britse emigrante sedert die 1820's, as nog 'n stap in die opmars van die westerse beskawing aan die suidelike punt van Afrika. Tot die laat twintigste eeu het die beeld - later ontmasker as 'n mite - van die "leë binneland" en van die triomfantelike westerse beskawing steeds op 'n gereelde basis in skoolhandboeke na vore gekom en sou dit steeds deurfilter in die populêre voorstellings van die geskiedenis (Verbeeck 2000:388).

Volgens Verbeeck (2000:389) het die nasionalistiese Afrikaner-geskiedskrywing parallel met die triomfantelike Britse en Eurosentriese historiese bewussyn ontwikkel. Die inspirasie vir die nasionalistiese Afrikaner-geskiedskrywing kon veral gevind word in die gefrustreerde nasionale bewustheid van die Afrikaanssprekende blanke gemeenskap. Dit was gewortel in 'n aversie teen Engelse dominasie en ondersteun deur die ophemeling van groot oomblikke in die volksgeskiedenis: die Groot Trek, die stigting van die Boere-republieke en sekere traumatiese ondervindings gedurende die Anglo-Boere-oorloë (veral dié van 1899-1902). Volgens Verbeeck (2000:389) is die Boerevolk voorgestel as verkose Volk wat die lig van die Westerse beskawing in die donker swart kontinent indra, en wat op Ou Testamentiese wyse 'n stryd opgeneem het teen Britse imperialisme, soos Dawid teen Goliat. Hierdie tipe geskiedskrywing, wat strydig was met die Britse liberalistiese pogings om verskillende bevolkingsgroepe in een nasionale beeld van die geskiedenis te integreer, het bewustelik 'n aparte Afrikaner-geskiedenis en -kultuur geskep, met sy eie nasionale helde as duidelike voorbeelde. Hierdie nasionalistiese beeld van die geskiedenis het 'n sentrale deel van die Afrikaner se burgerlike godsdiens geword, waar die religieuse en politieke mitologie die apartheidsideologie ondersteun. Die eerste uitdrukkings van hierdie ideologie was, volgens Verbeeck (2000:389), nou verbind met die politieke kultuur van die ou Boere Republieke en later met die politieke doelwitte van die Nasionale Party.

Vir dekades was die invloed van die setlaar, imperialistiese en nasionalistiese Afrikaner-geskiedskrywing sigbaar in die amptelike en die gepopulariseerde beeld van Suid-Afrika (Verbeeck 2000:390). 'n Sogenaamde *Skoolweergawe van die Geskiedenis ("School Version of History")* het ontstaan wat, in breë terme, die ideologiese substruktuur vir die apartheidsideologie verskaf het, en blanke dominasie gewettig het. Daar was geen ruimte vir die swart ondervinding of die historiese ondervinding van die nie-blanke (swart, Asiër en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


bruin) bevolkingsgroep nie, nóg in die voor-koloniale periode nóg daarna. In die verlede het kulturele stereotipes gelei tot die terugbring van geskiedenis na 'n afstamming van wit voorvaders, waarin nie-blankes nie belangrik genoeg geag is om 'n geskiedenis van hul eie te besit nie (Le Cordeur 1985:3). Nie-blankes is uitgedryf na die buitewyke van die nasionale geheue as 'n nuttige werkersmag, straatsmouse, arm landbouwerkers en sekondêre burgers van die tuislande (Maree 1984:2).

Vervolgens gaan daar in die volgende afdeling op apartheid en geskiedskrywing gefokus word.

#### *4.2.1.2 Geskiedskrywing en die ideologie van apartheid*

Volgens Gouws (1996:46) kan die mitologiserende rol wat die wetenskaplike vakgebied geskiedenis, of geskiedskrywing, in die vorming van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel het, nie gering geskat word nie. Met sy bevoorregte diskoersvorm is die geskiedskrywer betrokke by verskeie vorme van dominasie, in die besonder by die beheer oor betekenis en prosesse van betekenisgewing. In diens van veral Afrikanernasionalisme as heersende ideologie is die geskiedskrywing volgens Gouws afwisselend as wapen, dekmantel en profesie gebruik. Hy (1996:47) toon dat die institusionalisering van apartheid ook aanleiding gegee het tot 'n kollektiewe denkmodus, selfs onder diegene wat die ideologie van apartheid in hulle wetenskapsbeoefening heftig teengestaan het.

Geen wetenskapsbeoefening is vry van prinsipiële veronderstellinge nie. Hierdie prinsipiële veronderstelling noem Gouws (1996:49) ideologie. Ideologie verskaf 'n raamwerk waardeur die wêreld verstaan en verduidelik kan word. Gouws (1996:49) haal Haywood aan: "People do not see the world as it really is, but only as they expect it to be ... through a veil of ingrained beliefs, opinions and assumptions." Wat jy sien, hoe jy die wêreld, die geskiedenis, wat ook al interpreteer, is volgens Gouws (49) gebaseer op "your interpretative assumptions."

Alle ideologieë het ten doel om mag uit te oefen en die ideologiese magsbasis te verbreed. Dikwels word die woord "waarheid" gebruik om die magsisteem in stand te hou. Volgens Gouws (1996:51) is die waarheid van die Calvinistiese Goddelike Raadsplan as "waarheid" gebruik vir die instandhouding en bevestiging van die ideologie van Afrikanernasionalisme. D.F. Malan het dit byvoorbeeld as volg uitgespel: "Our history is the greatest masterpiece of the centuries. We hold this nationhood as our due for it was given to us by the Architect of the Universe. [His] aim was the formation of a new nation among the nations of the world ... The history of the Afrikanerdom is not the work of men but the creation of God" (aangehaal in Gouws 1996:51). Hierdie beskouing van 'n bepaalde weergawe van die geskiedenis as "waarheid" toon onteenseglik die mitologiserende rol wat geskiedenis speel in die

instandhouding van 'n ideologie. Dit wat nie daarbinne pas nie, word gemarginaliseer, onderdruk en gehaplografeer (Gouws 1996:51-52). Hierdie vorm van geskiedskrywing het uiteindelik plek gemaak vir die "radikale" of "hersiene" geskiedskrywing in die sewentigerjare.

#### *4.2.1.3 Geskiedskrywing: Op soek na verlore geskiedenis*

Volgens Ken Smith (1988:155-212) het daar gedurende die sewentigs en tagtigs nuwe vorme van die bestudering van geskiedenis in Suid-Afrika verskyn wat as gemene deler die "radikale" of "hersiene" geskiedskrywing gehad het. Hierdie tipe geskiedskrywing was "radikaal" in sy beginpunte en ten opsigte van sy politieke oriëntasie. A-politiese akademiese navorsing oor die geskiedenis was buite die kwessie; die meeste historici wat aan hierdie groep behoort het, het dit duidelik gemaak dat hulle werk moet bydra tot die stryd teen apartheid. Volgens Brink (1998a:32) het Suid-Afrikaanse geskiedskrywers - Van Onselen, Peires, Penn, en talle ander - gedurende die skemerjare van apartheid baie gedoen om te beklemtoon dat die narratief in die hart lê van elke proses wat ons geskiedskrywing noem. Deur die afbreek van die konvensionele oogpunt en die hoofnarratiewe van apartheid, het hulle nie net "alternatiewe" weergawes van die verlede gebied nie, maar ook 'n radikale nuwe oogmerk met die konsep van "geskiedskrywing".

Onder die invloed van hierdie nuwe radikalisme het die geskiedskrywing die tradisionele *geskiedenis van bo ("history from above"),* met die klem op vrae van 'n politieke aard en oor die belangrikheid van individuele leierskap, verskuif na 'n *geskiedenis van benede ("history from below").* Dit lei tot 'n vorm van sosiale geskiedskrywing wat nie langer eksklusief konsentreer op groot sosiale veranderings nie, maar op gewone mense en netwerke van sosiale en kulturele verhoudings in die gemeenskap. Dit bring 'n soeke na "vergete" en "on-erkende" onderwerpe in die geskiedenis. Sosiale geskiedskrywing, wat beskou word as *populêre geskiedenis* of "*people's history*", probeer om alle aspekte van mense se gewone lewens te gebruik (Marks 1981:297-308).

Die soeke na 'n verlede "wie est eigentlich gewesen ist" was nie langer die ambisie nie; historici het geïnteresseerd geraak in die oorsprong, konstruksie en verspreiding van historiese *narratiewe*, stories *oor* die verlede. Die verlede is nie langer op sy eie bestudeer nie maar as 'n netwerk van "stories" waardeur mense betekenis gee aan hul bestaan. Meer as in die verlede is aandag gegee aan geskrewe en mondelinge getuienis as 'n bron van historiese navorsing (Verbeeck 2000:393). Geleidelik het 'n "nasionale beeld van die geskiedenis" ontstaan wat verskillende sosiale en kulturele bevolkingsgroepe (swartes, kleurlinge, vroue, minderhede, *gewone mense*) insluit, 'n beeld wat in stryd is met die apartheidsgedagte. Sedert die ontmanteling van die apartheidsregering het aanbevelings van alle kante ingestroom oor hoe om 'n geskiedenisbeeld te ontwikkel wat meer gepas is in die nuwe sosiale en politieke bedeling.

Die boek, *Negotiating the Past: The making of memory in South Africa* (1998), onder redaksie van Sarah Nuttall en Carli Coetzee, is 'n voorbeeld van nuwe ontwikkelinge in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. In hierdie boek kyk Minkley en Rassool (1998:89-99) hoe persoonlike geheue, veral dié van swart Suid-Afrikaners, gebruik is in die era van apartheid om die amptelike geheue wat verkies het om hulle uit die geheue te wis, teen te staan. Carli Coetzee (in Nuttall & Coetzee 1998:112-119) bied 'n voorbeeld van 'n ander tipe teen-geheue, hierdie keer deur wit Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners op soek na maniere om hulself in die nuwe hoofstukke van die land se geskiedenis in te skryf. Kerry Ward en Nigel Worden se artikel (1998:201-217) ondersoek weer 'n voorbeeld van groepe geheues wat wegkwyn en hervorm word op ander maniere in reaksie op die eise van die hede. Hulle wys hoe die geskiedenis van slawerny en sy nalatenskap in die Kaap op spesifieke historiese oomblikke voorgekom en weer verdwyn het uit amptelike en populêre geheues. Volgens hulle is herinneringe aan slawerny vroeg in die twintigste eeu onderdruk totdat dit amper geheel en al stil gemaak is gedurende die apartheidsjare. Ward en Worden het laastens die politieke verskuiwings nagespeur wat plaasgevind het, om die verswygde groepe se merkwaardige herstel van geheue te verduidelik. In die spektrum van moontlikhede wat nou oopgaan vir die skrywers in post-apartheid Suid-Afrika, nooi hierdie stil plekke volgens hulle ontdekkers uit.

Volgens Minkley en Rasool (1998:89), is die eerste helfte van 1996 gekenmerk deur betekenisvolle gebeure wat die herwerking van geheue en die produksie van geskiedskrywing in Suid-Afrika gestuur het. Twee sulke gebeure het feitlik tegelykertyd plaasgevind: die begin van ondersoeke na die grusame skending van menseregte deur die Waarheids- en Versoeningskommissie, en die vrystelling van Charles van Onselen se werk, *The Seed Is Mine*. Die WVK moes luister na persoonlike verhale uit die apartheidsera - aangebied as getuienis - van beide slagoffers en oortreders. Dié kommissie was betrokke daarby om hierdie verhale te dokumenteer as deel van die proses om 'n kollektiewe geheue van die verlede op 'n inklusiewe en nasionale vlak te vestig. Van Onselen se lewensgeskiedenis van Kas Maine handel oor 'n plaasarbeider ("sharecropper") op die Hoëveld. Die verhaal is gebou op die diepliggende lae van mondelinge getuienis as biografie, en is betrokke by die kulturele en sosiale betekenisse van herinnering. Die WVK is egter betrokke by die politieke geheue waarin die verlede blootgelê word met politike versoening in die hede as doelwit. Hierdie twee prosesse wat op die oog af geen verband met mekaar het nie, is volgens Minkley en Rassool (1998:89) tog nie so verskillend nie: *The Seed Is Mine* plaas die sosiale ondervinding van die swart plattelandse lewe openlik binne 'n kollektiewe geheue van kulturele osmose, interaksie en versoening; die WVK hanteer die vertel van individuele herinneringe wat elk 'n stel vrae na vore bring oor hoe die historiese en persoonlike geheue benader word in Suid-Afrika.

Minkley en Rassool (1998:90) wys uit dat Van Onselen se geskiedenis gelees moet word as 'n monumentale teengeheue van die amptelike weergawe van apartheid, die biografie van 'n man wat "nooit bestaan het nie" (1996:3). Die WVK weerspieël 'n amptelike weergawe van persoonlike geheue teenoor die teengeheue van die stilte wat deur apartheid daargestel is. Volgens Minkley en Rassool (1998:90) is beide die boek en die amptelike organisasie afhanklik van die persoonlike geheue om amptelike en dokumentêre "swart gate" teen te werk. Tussen die geskiedenis oor die lewe van Kas Maine en die WVK se soeke na die onderdrukte geheue lê hul aanspraak daarop dat hulle beide werktuie is vir die geskiedenis en alledaagse verhale van die gewone Suid-Afikaner.

In hierdie neiging om die onderdrukte geheue in Suid-Afrika te ondersoek, word Schoeman se boeke ook gekenmerk deur die poging om stem te gee aan die ondervinding van die gemarginaliseerde groepe, en om die werking van gewone mense te herontdek. Die dokumentering van die verlede en die waarneming van "versteekte geskiedenis (hidden history)" kan gesien word as 'n poging om die historiese rekord te demokratiseer. Dit kan gesien word as 'n moontlikheid om 'n argief vir die toekoms te skep asook 'n alternatiewe vorm van historiese dokumentasie. 'n Voorbeeld hiervan is *The Face of the Country: a South African family album 1860-1910* (1996). Uit die versameling van die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad, het Karel Schoeman 273 foto's, grotendeels portrette uitgekies, om 'n oorsig van Suid-Afrika en sy mense tussen 1860 en 1910 te verskaf. In die Inleiding van die boek sit Schoeman (1996:8) sy redakteurstandpunt as volg uit: "In choosing the pictures for reproduction, preference has on the whole been given to the *portraits of 'ordinary' people, many of whom are in fact anonymous, above those of men and women prominent or famous in their day" (*eie kursivering). Robert Shell (op die omslag van *Witnesses to War*) verwys ook na: "The range of individuals, classes and ethnic groups incorporated in the South African 'family album'. Die subtitel "family album" word soos volg deur Schoeman (1996:8) verduidelik: "It has been subtitled 'a South African family album' because it resembles most family photograph albums in containing a great variety of times, both identified and unidentified, from different periods and of varying quality, held together in this case by the fact that *they are all linked not to one family but to a single nation*" (eie kursivering).

Die multikulturele karakter van *The Face of the Country* word soos volg deur Chabani Manganyi (Schoeman 1996:7) uiteengestel:

> He (Schoeman - JM) chose to give prominence to 'ordinary' women, men and children rather than idolise the rich and famous. By bringing our country's multicultural and multiracial mix into relief while paying close attention to the available evidence, Schoeman's book will help correct the racial biases in South African photographic records. *The Face of the Country* comes to us at a most opportune time - a time when our people

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


are ready to receive the past warts and all.

Keegan (1988:168) argumenteer dat ons in die verhale van gewone mense se lewens die kragtige magte van die geskiedenis in werking sien. Hier verteenwoordig die konsep van geheue tog meer as individuele ondervinding - dit verteenwoordig ook die kollektiewe sosiale en historiese ondervinding. Volgens Minkley en Rassool (1998:93) was die kollektiewe geheue gelyk aan die herinneringe van individue, gekoppel deur die groepsondervindinge van ras en klas in gemeenskappe en gedeel deur die geheue en identiteit van hierdie individue. Talle individuele stemme is gelykstaande aan die kollektiewe geheue en verteenwoordig die kollektiewe identiteit. Soos Minkley en Rassool (1998:93) beweer, kan hierdie individuele stemme die verbinding wees tussen die verlede en die politieke stryd, tussen historici en die stem van die gemeenskap, tussen die individuele en die kollektiewe, tussen die kennis en mag, en tussen die geheue en geskiedenis. Die gevolg is 'n spesifieke waarneming van individuele en kollektiewe geheue in die Suid-Afikaanse geskiedskrywing.

Schoeman (1996:11) se verduideliking van sy doelwit met betrekking tot die fotoboek *The Face of the Country* sou die volgende insig vir die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing kan gee:

> The modern reader may well be inclined to criticize this collection of photographs for its apparently compartmentalised and even racist approach. It must be remembered, however, that the society portrayed was divided along racial lines and was very much aware of these divisions, and the fact is inevitably reflected in its surviving records. In practice this can be a serious handicap to anyone dealing with the South African past and may cause distortion and falsification: for this reason collections of photographs all too readily become exercises in nostalgia, limiting themselves to the seemingly gracious life of the white section of the community in a largely mythical colonial world. It is the aim of the present book, however, to reflect the complex multiracial and multi-cultural nature of South African society as fully as possible within the given limitations, and to avoid becoming merely a further contribution to popular mythology.

Alle individuele getuienisse word 'n werktuig vir die uitdrukking van die kollektiewe geheue van bewustheid en die dokumentering van die kollektiewe ondervinding van historiese besonderhede in die moderne Suid-Afrikaanse staat. Die individu word in hierdie kollektiewe geheue ingeskryf as 'n variant daarvan. Ook Van Onselen (1996:8-10) argumenteer in *The Seed is Mine*: "Personal memory or memories stand for collective ones, sifted, checked, ordered, referenced and cross-referenced, evaluated, and processed by the historian into a construction of consciousness, the remembrance of real collective experience."

Hierdie multikulturele vernuwing in die onlangse Suid-Afrikaanse geskiedskrywing kan dan ook aan 'n nuwe paradigma, postmodernisme, gekoppel word. Postmodernisme, meen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


Rowe (in Gouws 1996:54): "begins with the discovery that the 'violence of representation', the 'unhinging' of meaning, the free play of signification, and the *différance* that is the secret law of language are the principal means by which ideology ... maintains itself, always speaking in someone else's voice, never appearing as such." Binne hierdie nuwe paradigma word geskiedskrywing bloot die uitlees van moontlikhede. So 'n metodiese aanpak van historiese tekste lei tot die aanvaarding van die pluralistiese metode (De Lange 1992:35). Die pluralistiese metode kan ook by die veelstemmigheid wat Bakhtin opgemerk het, aansluit: "I imagine the whole to be something like an immense novel, multi-generic, multi-styled, mercilessly critical, soberly mocking, reflecting in all its fullness the heteroglossia and multiple voices of a given culture, people and epoch" (Bakhtin 1981:24). Alhoewel Bakhtin nie die term heteroglossie spesifiek vir geskiedenis gebruik het nie, is dié konsep, volgens Gouws (1996:58), net so transponeerbaar tot die veld van geskiedskrywing, en kan dit ook 'n nuwe metodologiese benadering tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis wees.

Vervolgens word aandag bestee aan hoe hierdie vernuwing in geskiedskrywing in die Suid-Afrikaanse historiese roman gemanifesteer word, en ook op watter manier die ontginning en herskrywing van die verlede in literatuur verwesenlik kan word.

## 4.3 DIE VERHOUDING TUSSEN GESKIEDSKRYWING EN LITERATUUR IN DIE POST-APARTHEID SUID-AFRIKA: DIE VERLEDE AS VERBEELDING

*De geschiedenis trivialiseert de waarheid, de roman mystificeert haar.*
F. R. Ankersmit

Volgens Du Pisani (1999a:168) was die interaksie tussen geskiedskrywing en Afrikaanse literatuur nog tot onlangs redelik beperk, ten spyte van die bestaan van 'n sterk genre van historiese fiksie. Afrikaanse historiese fiksie het die Afrikaner se siening van die self beïnvloed, maar die impak daarvan op historiografie was klein. Volgens hom (1999a:168-169) is die huidige belangstelling in die interaksie tussen "waarheid", "feite" en "fiksie" besonder akuut, as gevolg van die aktiwiteite van die Waarheids- en Versoeningskomitee.

Deur die aard te beklemtoon van die verbinding tussen enige gegewe historiese situasie en die literatuur daardeur geskep, stel Brink (1998a:29) voor dat dit nie verrassend is dat daar sedert die eerste tekens van die drastiese sosio-politiese verskuiwing in Suid-Afrika verwagtings is van nuwe estetiese reaksies op die veranderende omstandighede nie. Volgens Brink het apartheid nie alle verbeelding ingeperk nie, maar het dit tog sekere prioriteite aan die skrywer se keuse van temas gestel. Dit geld vir skrywers wat oor die algemeen beskou word as "polities", soos Gordimer, Ndebele, Serote, Karel Schoeman of J. M. Coetzee.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


In *Story and History* stel William Ray (1990:vi) 'n onderskeid voor tussen die sleutelterme van sy titel na aanleiding van die onderskeid tussen "persoonlike storie en openbare weergawe." Brink (1998a:37-38) beskou Ray se onderskeid tussen die private handeling van die verbeelding vasgevang in 'n storie, en die publiek bekragtigde handeling van geskiedenis as bruikbaar vir die huidige ondersoek na die nuwe moontlikhede wat ontstaan het vir die nuwe Suid-Afrikaanse fiksie, naamlik om die stiltes van die verlede te ontdek en om die stemme daarin te ontdek of om te bedink watter stemme in die verlede onderdruk is.

In 'n bespreking van die post-apartheid narratief, praat André Brink (1998a:29-31) van die "her-verbeelding" ('reimagining') van die verlede wat moet plaasvind en waarin die literatuur 'n leidende rol behoort te speel. Dit is die taak van die Suid-Afikaanse literatuur om die ondersoeke van die WVK uit te brei, sodat die samelewing "voldoende met die verlede kan vrede maak om met die toekoms voort te gaan" en genesing deur narratiewe kan plaasvind. Die "werklikheid" moet nie net voorgestel word nie, maar ook verbeel word.

Die geheue speel 'n belangrike rol deurdat dit die verbeelding inspireer. Maar die verbeelding gaan verder as die geheue en is eintlik 'n "besondere werking van die geheue" ('peculiar machination of memory'). Die verbeelding speel 'n kritieke rol in die dialektiek tussen die verlede en die hede. "Feite" bly ontoeganklik behalwe deur ons weergawes van die geheue. Daarom bly die geskiedenis "as sulks" ook ontoeganklik, en is ons enigste greep op die geskiedenis afhanklik van dit wat daaroor geskryf is. Die "oorsprong" van geskiedenis, soos opgeroep deur die geheue, is taal. Geskiedenis is 'n "taalhandeling" waarin gebeure oorvertel word en die prosesse van fiksie herhaal word. "Geskiedenis" ('history') stem letterlik ooreen met "storie" ('story'). 'n Storie mag nou wel nie "dié" waarheid wees nie, maar is ten minste 'n weergawe daarvan. Die beste wat ons kan doen, is volgens Brink om metafore voort te bring; dit is deur stories waarin nie die Geskiedenis nie maar verbeeldings van geskiedenis geskep word. Op die lang duur mag dit egter die enigste waarborg wees vir die oorlewing van geskiedenis. In elk geval is dit nie die verlede wat die hede voortgebring het nie, en ook nie die verlede wat die voorwaardes vir die toekoms stel nie, maar hoe ons daaroor dink. Of, in Brink se woorde (1998a:33), selfs meer pertinent, die manier waarop ons taal hanteer. Anders as die historikus, volgens Van Zyl (1997:124), is die literêre outeur egter nie eties gebonde met betrekking tot noukeurigheid ten opsigte van die dokumentering van feite of die hantering van reeds opgetekende gegewens nie. As gevolg van hierdie vryheid word die keuse vir 'n historiese kader in die hedendaagse romankuns kennelik beskou as 'n belowende vertrekpunt, soos blyk uit die groot aantal historiese romans wat dié tyd oplewer. Op hierdie manier kan die verbeeldings oor die verlede ontwikkel en in stories omskep word, en kan die beelde van die geskiedenis met 'n verskeidenheid moontlikhede daardeur na vore gebring word.

## 4.4 AFRIKAANSE HISTORIESE FIKSIE SE BYDRAE TOT DIE TEORETIESE BESINNING OOR DIE GESKIEDSKRYWING

Vir 'n kort periode teen die einde van die tagtigerjare en die negentigerjare is die Afrikaanse literêre toneel op opvallende wyse oorheers deur die herverskyning van die historiese roman. Die opvallendheid van hierdie "terugkeer" is verder verhoog deurdat die romans verskyn het in 'n konteks waar die term "postmodernisme" al hoe meer aandag gekry het. Dit was dan ook vir kritici ooglopend dat die betrokke historiese romans nie konvensioneel van aard was nie, maar duidelike postmodernistiese eienskappe vertoon het.

Viljoen (1993a:1) wys daarop dat dit 'n belangrike kenmerk is van Afrikaanse romans wat sedert die begin van die negentigs gepubliseer is, dat hulle geskiedenis as onderwerp het. Soms vorm die historiese gebeure wat in hierdie romans uitgebeeld word deel van 'n verre en reeds gekanoniseerde geskiedenis en soms vorm hulle deel van die onlangse verlede (byvoorbeeld die tagtigs in Suid-Afrika). Hierdie romans kan, volgens Viljoen, die "nuwe historiese roman" in Afrikaans genoem word. Die nuwe historiese roman in Afrikaans verskil volgens Viljoen (1993a:1) van die tradisionele historiese roman omdat dit twee belangrike invloede ondergaan het. Die voorstelling van historiese gebeure in hierdie romans word in die eerste plek sterk beïnvloed deur nuwe perspektiewe op die geskiedenis en geskiedskrywing wat na vore tree onder die invloed van die poststrukturalisme en postmodernisme, en tweedens deur die feit dat "geskiedenis" die terrein was van 'n teoretiese stryd tussen die Marxisme en die poststrukturalisme of dekonstruksie.

Die historiese romans van die jare negentig word gekenmerk deur 'n bykans obsessionele belangstelling in en bemoeienis met die persoonlike en die kollektiewe geskiedenis. Volgens Van Heerden (1997b:21) beteken hierdie bemoeienis dat besinnings oor geskiedskrywing nie alleen 'n invloed op skeppende werk uitoefen nie, maar ook dat die fiksies 'n selfbewustheid openbaar oor die dokumentering van die verlede, en dat hierdie tekste al storievertellende 'n bydrae lewer tot die teoretiese besinning oor die historiografie of geskiedskrywing as onderneming. Die doel van die metahistoriese vrae in literêre tekste is om voorstellings van die geskiedenis te problematiseer, en die verskille en ooreenkomste te ondersoek tussen historiografiese tekste aan die een kant en kreatiewe werk met 'n historiese ondertoon aan die ander kant (Du Pisani 1999a:170). Klein narratiewe in die *petite histoire*-genre kom sterk na vore teenoor die metanarratiewe van makro-geskiedenis. In die klein narratiewe-genre word die skrywer/verteller 'n geskiedskrywer wat persoonlike verhale omskep in "shared history" (Ray 1990:134). Deur die klein narratief teenoor die meesternarratief te stel, word die onbetroubare, onakkurate en eiemagtige aard van die meesternarratief blootgestel. Volgens Nuttall en Coetzee (1998:6) is huidige outobiografiese skrywes in Suid-Afrika dikwels lewensverhale beskryf wat 'n persoon se vrywording van die

bande van die verlede. In talle gevalle neem dit die vorm aan van 'n belydenis wat 'n "gesplete" selfbeeld weerspieël. Die kleingeskiedenis, die persoonlike belewenis, hetsy self vertel of in herinnering geroep deur 'n ander, vertoon egter ook ander eienskappe. Omdat dit nie in die eerste plek in die magspel saamspeel nie, volgens Du Plooy (1999:205), word oorvertellings op persoonlike vlak dikwels gebruik om ervaring te verwerk en daarvan sin te maak, maar ook om te bewaar of gebroke dinge te probeer herstel.

Dit is te verstane dat die Afrikaanse literêre kritiek die invloed van die nuwe historiese diskoers en die gepaardgaande oriëntasie teenoor die verlede, soos die openbaar-making van die verwerking van die verlede, ook soos beliggaam in die WVK, nie sou vryspring nie (John 2000b:48). Die enkele belangrikste faktor wat in hierdie verband 'n bepalende invloed op die Afrikaanse literêre kritiese benadering uitgeoefen het - in soverre dit die "verwerking" van die verlede betref - is egter die WVK (John 2000b:47). Die WVK is belas daarmee om die "waarheid" oor die onlangse verlede, spesifiek betreffende ernstige mense-regteskendings, te ondersoek en aan die lig te bring. 'n Tweede sy van die kommissie se werksaamhede sou wees om 'versoening' te bewerkstellig tussen groepe wat in die verlede in stryd gewikkel was, soos tussen die apartheidsregering en die bevrydingsbewegings, en tussen die gemeenskappe wat met die verskillende partye geassosieer is. Soos Minkley en Rassool (1998) beweer, het die WVK dus 'n duidelike invloed gehad op geskiedskrywing in Suid-Afrika. Dat die kommissie nóú aansluit by die diskoers van die nuwe hegemonie, is duidelik uit een van die maniere waarop die uiteindelike doelwit van die kommissie voorgestel is, naamlik as dié van "genesing van die nasie" ('healing the nation').

Dié invloed is in die eerste plek op 'n ooglopende vlak sigbaar, soos in die titel van 'n artikel wat oor Afrikaanse letterkunde handel: "Die Waarheidskommissie in die Afrikaanse letterkunde: Die Afrikaanse prosa in die jare negentig" (Van Coller 1997). John (2000b:46) merk ook op dat 'n "buite-literêre" faktor waarvan die uitwerking op die Afrikaanse literêre kritiese diskoers toenemend duideliker sigbaar geword het, die politieke oorgang is wat Suid-Afrika beleef het vanaf Afrikanernasionalistiese oorheersing en apartheid na 'n sogenaamde demokrasie. In dié proses het terme soos "nasiebou", 'versoening', 'heropbou' en 'transformasie' in omloop gekom wat die grondslag waarop kulturele diskoers tot dusver gevoer is, grondig omvorm en begin oorheers het.

John (2000a:8) merk op dat teorie(ë) oor die postmodernisme veral aanvanklik konsepte verskaf het vir die analise van Afrikaanse tekste waarin historiese stof gebruik word. Die bekendste konsep in hierdie verband is sekerlik Linda Hutcheon se "historiografiese metafiksie" wat in die voorafgaande hoofstuk bespreek is. Veral die verhouding tussen letterkunde en ('n poststrukturalistiese perspektief op) geskiedskrywing het sentraal gestaan in hierdie pogings om die voorstelling van die verlede in fiksie te analiseer.

Afrikaanse skrywers in die tagtigs en vroeë negentigs het nie net die invloed van poststrukturalistiese oogpunte van die geskiedenis ervaar as 'n spel van intertekstuele verskille nie, maar ook die sterk weerstand wat sulke perspektiewe ontvang het op grond daarvan dat dit tot politieke verlamming of magteloosheid gelei het (Viljoen 1993a:7). 'n Ander belangrike faktor wat skrywers se keuses beïnvloed het, is die argument dat skrywers wat nie tussenbeide tree in geskiedenis nie, hul plig versuim het as skrywers tydens die politieke stryd in Suid-Afrika. Volgens Viljoen (1993a:7) mag hierdie teenstrydige invloede van die redes wees waarom Afrikaanse romans van die vroeë negentigs (meestal begin en geskryf in die tagtigs) hulself aktief besig hou met die vraagstuk van die geskiedenis en dus hoe die "nuwe historiese romans" sedert 1993 voortgekom het.

Die (her)waardering van die verlede vanuit die oogpunt van die swakkere, die lydende en die gemarginaliseerde is 'n tendens met 'n wye inslag. Dit spreek byvoorbeeld duidelik uit die feit dat daar in die Suid-Afrikaanse en spesifiek die Afrikaanse letterkunde reeds vanaf die begin van die tagtigerjare 'n merkbare toename te bespeur is in die gebruik van "herinnering" gekoppel aan gemarginaliseerde subjektiwiteite as deel van die boustof van tekste. John (2000b:44) merk op dat wanneer die sentrum van die Afrikaanse literêre terrein aan die einde van die tagtigerjare beset word deur 'n vloedgolf "nuwe" historiese romans, die ophaal van die verlede in die tekste as instrument om onreg (nie noodwendig met verwysing na apartheid en die lyding van swartmense nie) aan te spreek, skering en inslag vorm van die meerderheid tekste.

Hierdie neiging van die nuwe historiese romans kan as "eks-sentristies" beskou word. Volgens John (2000a:14) gebruik Hutcheon die konsep "eks-sentrisiteit" met verwysing na 'n aantal "eks-sentristiese" subjektiwiteite, soos dié van swartmense, homoseksuele en feministe. Hutcheon noem dié subjektiwiteite "eks-sentristies" omdat hul uitings die aanspraak van humanisties-gebaseerde kennisraamwerke universeel bevraagteken en in die proses ontmasker het as gekoppel aan die behoud van mag deur gevestigde diskoerse, gekoppel aan gewoonlik wit, manlike subjekposisies.

"Eks-sentrisiteit", beweer John (2000a:14), het die potensiaal om postmodernistiese tekste binne 'n genuanseerde en komplekse milieu te plaas. In die eerste plek skep die benadering 'n ruimte waarin nie alle diskoerse aan 'n onophoudelike en oneindige "dekonstruksie" onderhewig is nie en waar daar wel plek is vir diskrete groeperings. Die verskil met vroeëre benaderings is nou dat *'n* diskrete diskoers of groepering nie aan 'n dominante oorkoepelende abstrakte waardestelsel gemeet word nie, maar in die eerste plek gesien word as deel van 'n verhouding tussen 'n aantal verskillende diskrete eenhede, oftewel as deel van 'n stelsel van verskille: "The concept of alienated otherness (based on binary oppositions that conceal hierarchies) gives way ... to that of differences, that is to the

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


assertion, not of centralized sameness, but of decentralized community" (Hutcheon 1988:12).

Wat Hutcheon se konsep nog meer bruikbaar maak volgens John (2000a:14), is dat dit die kritikus nie dwing om daarvan uit te gaan dat 'n diskrete diskoers intern *homogeen* moet wees nie - verskil en differensie is ook van toepassing op die *interne* samestelling van die (eks-sentristiese) diskoers of groepering: "difference operates *within* each of these challenging cultures, as well as against the dominant. Blacks and feminists, ethnics and gays, native and 'Third World' cultures, do not form monolithic movements, but constitute a multiplicity of responses to a commonly perceived situation of marginality and ex-centricity" (1988:62).

Met betrekking tot die Afrikaanse letterkunde sou so 'n konsep die weg ruim vir 'n nuwe manier om na die Afrikaanse letterkunde te kyk, naamlik as 'n eks-sentristiese letterkunde. So 'n postmodernistiese heterogene gedaante het te make met die posisie van die Afrikaanse letterkunde in die Suid-Afrikaanse samelewing. John beweer in Hutcheon se benadering staan so 'n sentrum-periferie-verhouding of -dinamiek sentraal, omdat sy daarvan uitgaan dat die literêre uitdrukking van eks-sentristiese groepe nie in of vanuit 'n vakuum plaasvind nie, maar eintlik teen die agtergrond van die (voormalige) "sentrum", oftewel die Westerse tradisie wat nie geheel en al verwerp word nie, maar eerder "gebruik", aangepas, gekritiseer of geparodieer word.

Die Afrikaanse letterkunde staan in so 'n posisie dat dit vir 'n fassinerende perspektief op die verhouding sorg. Aan die een kant het die Afrikaanse letterkunde (eintlik die Afrikaner se politieke kultuur) self in die verlede die rol gespeel van 'n lokale, beperkte (streeks-omskrewe) sentrum met ander kulture en letterkundes in 'n gemarginaliseerde posisie daaromheen. Terselfdertyd het die Europese kultuur en letterkunde vir die Afrikaanse letterkunde die posisie ingeneem van "sentrum", waarteen die Afrikaanse letterkunde gedefinieer is en waaruit die letterkunde geput het. Politieke ontwikkelings in Suid-Afrika, veral die opkoms van die bevrydingsbewegings en die onlangse demokratisering van die Suid-Afrikaanse staat, het hierdie verhouding(s) egter omvergewerp.

In so 'n situasie sal 'n eks-sentristiese konseptualisering van die Afrikaanse letterkunde riglyne verskaf oor die waarskynlike rol van die letterkunde. Dit is in hierdie verband denkbaar dat die letterkunde ten opsigte van die opkomende Afrika-sentrum sal figureer (John 2000a:19). So gesien, is dit heel moontlik dat een van die belangrikste funksies van die Afrikaanse letterkunde van die toekoms gaan wees om binne die verband van multi-kulturalisme enige "ek"-sentrisiteit te temper en te relativeer.

Die opvallende verskyning van die Afrikaanse tekste wat op die verlede fokus, lewer dus 'n groot bydrae tot die teoretiese besinning oor die geskiedskrywing. Deur die her-evaluering

van die gekanoniseerde geskiedenis, die integrasie van die persoonlike herinnering en die politieke domein in kleingeskiedenisse, en ook deur die anti-totaliserende of eks-sentristiese narratiewe, wys dié historiese fiksies daarop dat geskiedenis op 'n verskeidenheid maniere gerepresenteer kan word. Daardeur word die kwessies oor die diskursiewe aard van geskiedskrywing en die fiksionaliteit van ons inligting oor die verlede aan die orde gestel. Hierdie tekste stel in die lig van die hede 'n nuwe dialoog en hervertolking van die verlede voor, as 'n herbesoek aan die geskiedenis.

## 4.5 DIE ANGLO-BOEREOORLOG HERBESOEK

In die nuwe Suid-Afrika word die paradigma van multikulturalisme duidelik in die konteks van geskiedskrywing geprojekteer. Multikulturalisme, geneem as 'n alternatief vir die etniese skeiding van die apartheidstelsel, kyk na die algemene beeld van die geskiedenis. Die voorstanders van multikulturalisme wil eerstens die 'gevoel van 'n gedeelde verlede' laat ontwaak (Bam & Visser 1997:48-49). Dit beteken dat die klem nie langer op die konflikte en die teenstand rus nie, maar op 'n gedeelde wêreld van ondervinding. Dit is natuurlik nie 'n maklike opdrag nie, veral as die konkrete historiese ondervindings in Suid-Afrika in ag geneem word, onder andere die eindelose reekse konflikte en oorloë van die verlede. Die onlangse onderneming om nuwe lig te werp op die "Suid-Afrikaanse oorlog van 1899-1902" is 'n voorbeeld hiervan.

### 4.5.1 Waarom die Anglo-Boereoorlog herdenk in die nuwe Suid-Afrika?

Die Anglo-Boereoorlog het nou al verre verlede geword. Na 'n eeu het die fokus egter in die tydperk 1999-2002 weer skerp op die Anglo-Boereoorlog geval by wyse van herdenkings, seminare, kongresse en die publikasie van 'n beduidende aantal boeke, versamelbundels en spesiale tydskrifnommers met 'n literêre, wetenskaplike of populêre strekking. Dis inderdaad 'n opvallende verskynsel dat ook in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing en kontemporêre Afrikaanse literatuur baie aandag aan die Anglo-Boereoorlog gewy is in die afgelope aantal jare.

Wat is die rede vir die herdenking van die oorlog en wat is die funksies daarvan in die hede tye? "Die herinnering het 'n politiek" beweer Snyman (1999:3). Viljoen en Du Pisani (1999:1) wys ook die volgende uit: "there is a politics of memory, in that strategies of dealing with the past and past suffering influence what we regard as desirable in the present-day organisation of human society." Volgens Viljoen en Du Pisani (1999:2) het die herdenking vandag ten minste twee belangrike sosiale funksies. Eerstens is dit deel van nasiebou. Deur gedeelde lyding en die aankweek van trots op 'n algemene geskiedenis te beklemtoon, kan dit 'n verdeelde Suid-Afrika herenig. So kan dit help om 'n gedeelde toekoms te skep. Meer fundamenteel nog, kan die herdenking 'n belangrike rol speel om bespreking aan te moedig

oor nuwe identiteite vir Suid-Afrikaners. Die oorlog mag dien as 'n tipe voorbehoedmiddel om soortgelyke konflik en lyding in die toekoms te voorkom, sou Suid-Afrikaners deur die oorlog te onthou, kon leer om die waardigheid van ander te erken en respekteer. Deur die bestudering van die beelde van die Anglo-Boereoorlog word ons gekonfronteer met 'n intellektuele uitdaging om die beelde van die oorlog weer saam te stel sodat dit vrugbaar kan wees vir die toekoms in Suid-Afrika (Viljoen & Du Pisani 1999:8).

### 4.5.2 Bevraagtekening van die tradisionele beelde van die Boereoorlog in geskiedskrywing

Die neerlaag van die Boere in die ABO was 'n terugslag vir die Afrikaner se vryheidsideaal. Die gevoel van onregverdigheid en die emosionele reaksie op die oorlog het die Afrikanernasionalistiese bemagtigingstrategieë gestimuleer, wat uiteindelik gelei het tot die verkiesingsoorwinning van die Nasionale Party in 1948. Hierna is die nagedagtenis van Afrikaner-onderwerping lewendig gehou om die posisie van mag wat bekom is, te regverdig en te verdedig. Die konsolidasie van Afrikaners se mag is gesien as 'n prioriteit om nasionale oorlewing te waarborg. Sou hulle afsien van die mag, sal hul oorlewing bedreig word (vergelyk Du Pisani 1999a:180). Baie van die Afrikaner-geskiedskrywing van die apartheidsera het ontstaan uit die vryheidstryd van die Afrikaner en die inwerkingstelling van 'n nasionalistiese ideaal

Toe Afrikaanse romanskrywers (soos byvoorbeeld die Sestigers) hulself begin distansieer het van die geïdealiseerde en gemitologiseerde geskiedenis van die Afrikaner, het die nasionalisties-gesinde historici vir 'n bepaalde tyd goedgelowig voortgegaan op die nasionalistiese pad, volgens Du Pisani (1999a:180). Die intellektuele bevryding, genaamd *verligtheid*, wat plaasgevind het in die Afrikanerdom, het stadig die oorhand gekry oor *verkramptheid* en deurgefilter na die Afrikaner-geskiedskrywing. Die tradisioneel eensydige en positiewe beskouing van die Boerekrygers en hul vryheidstryd het egter voortgeduur in sommige Afrikanernasionalistiese historiese werke.

Du Pisani (1999b) dui in sy artikel aan hoe die beeld van die heroïese Boerekryger uitgebuit is deur Afrikaner-nasionalistiese leiers, en aangepas is in verskillende fases van die Afrikanernasionalistiese projek om die sosio-politiese behoeftes te pas, veral om die ontwykende ideaal van Afrikanereenheid te bevorder. "Die primêre funksie waarvoor die Boerekrygerbeeld in die Afrikaanse hoofstroompolitiek aangewend is, was die bevordering van Afrikanereenheid", merk Du Pisani op (1999b:90). Volgens hom vervul helde 'n belangrike funksie in 'n proses van nasionalistiese mobilisering. Die historiese beelde wat van heldefigure in 'n kultuurgroep se kollektiewe bewussyn geskep word, is sigbare gestaltes van onsigbare kulturele inhoude wat slegs van binne deur die lede van die kultuurgroep geïnterpreteer kan word (Du Pisani 1999b:86-87).

Onder die verskillende beelde wat in die loop van die twintigste eeu aangewend is om Afrikanernasionalisme te onderskraag, beklee die Boerekryger uit die Anglo-Boereoorlog 'n ereplek as volksheld. Die standaard heroïese beeld wat Afrikanernasionaliste van die Boerekryger gevorm het, kan soos volg uitgedruk word: Die twee Boererepublieke se burgers op kommando was patriotiese krygers, uitstekende ruiters en skuts, dapper vegters met 'n onwrikbare geloof in God. Hulle het teen die mag van Britse imperialisme 'n heldhaftige stryd gevoer vir die handhawing van die nasionale onafhanklikheid van die Afrikaner (Du Pisani 1999b:88).

Tog vertel die Afrikanernasionalistiese standaardbeeld van die Boerekryger nie die volle verhaal nie. Dit spreek van heldeverering vir die bittereinders, terwyl die hensoppers en joiners, wie se onheroïese optrede in Afrikanernasionalistiese kringe geminag is, gerieflikheidshalwe verswyg is. "Hierdie eensydige beklemtoning van die heroïese seksie onder Boerekrygers het deel van die Afrikanernasionale mitologie geword", beweer Du Pisani (1999b:90). Aspekte van die Boerekrygerbeeld is op so 'n wyse in verskillende fases van die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme belig dat dit die politieke doelstellings van die tyd ondersteun het.

Hoewel die eensydig positiewe heroïese siening van die Boerekrygers tot heel onlangs in sekere Afrikanernasionalistiese historiese werke gehandhaaf is, het die verloop van tyd en die navorsing van amptelike dokumente deur professionele historici meer objektiewe perspektiewe op die oorlog meegebring. Dit het gelei tot 'n herkonseptualisering van mites en beelde. Sedert die sewentigerjare het die jonger geslag Afrikaanse historici wat die oorlog as navorsingsveld gekies het, ook die skadukant van die oorlog begin belig (Grundling 1999:41).

Die voortdurende hervertolking van die Anglo-Boereoorlog in die lig van nuwe inligting, insigte en belange vorm die hart van die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Du Pisani (1999a:180) beskou Albert Grundlingh se *Die "Hendsoppers" en "Joiners": Die rasionaal en verskynsel van verraad* as die eerste omvangryke studie van die *hensoppers* en *joiners* aan die Boere se kant. Grundlingh stel die gedrag van die hensoppers en joiners teenoor die "vernuftige krygskuns en verbasende uithouvermoë" van die meerderheid van die Boerekrygers en maak die gevolgtrekking dat hulle hulself uitgesluit het uit die "heldetydvak van die Afrikaner" (Grundlingh 1999:355). Grundlingh se studie het dus 'n nuwe perspektief op hierdie minder heroïese gedeelte van die republikeinse bevolking gebring. Hy het gewys dat dit misleidend sou wees om hul bestaan te ignoreer.

Fransjohan Pretorius se *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (1991), is 'n omvangryke studie van die sosiale aspek van die kommandolewe. Die grootste gedeelte van die studie bevestig die heroïese beskouing van die Boerekryger, maar dit verwerp die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


"eensydige lofsang vir die bittereinder" en skenk aandag aan die negatiewe aspekte van die kommandolewe (Du Pisani 1999a:181). Pretorius erken die teenwoordigheid van 'n kriminele element op kommando. In die oorlogsituasie was selfs wetsgehoorsame burgers skuldig aan oortredings. Afrikaner-houdings teenoor swartmense is gekenmerk deur rassisme, wat gelei het tot die skending van menseregte, soos die teregstelling van anderskleuriges sonder 'n regverdige verhoor (1991:282-301).

Die Afrikaanse geskiedskrywing het dus reeds die moontlikheid van 'n alternatiewe beeld van die Boerekryger geopen deur die realiteit van minder heroïese Boere bloot te lê en stel te vra oor die bestaan al dan nie van vorme van sosiaal-patologiese gedrag op kommando. Du Pisani (1999a:182) wys ook uit dat daar genoeg ruimte is vir nuwe navorsingsfokusse met betrekking tot die ABO of 'n hervertolking van temas wat gedek is in die Afrikanernasionalistiese geskiedskrywing. 'n Paar moontlikhede sluit in: aspekte van die verhoudings tussen Boere en swartes tydens die oorlog; die rol van die Boervrou in die oorlog; ideologiese, klasse- en ander verdelings in die Boeresamelewing.

Een van die goeie voorbeelde hiervan sou *Witnesses to War* (1998) wees wat deur Schoeman geredigeer is onder die subtitel *Personal documents of the Anglo-Boer War (1899-1902) from the collections of the South African Library*. *Witnesses to War* beskryf die Anglo-Boereoorlog in die woorde van die manne en vroue wat die oorlog ervaar het. As die redakteur merk Karel Schoeman (1998b:PREFACE) op dat dit "*an account of ordinary people in extraordinary circumstances*" is. In die voorwoord van *Witnesses to War* verklaar Schoeman sy doelstelling as volg:

> This publication is "an anthology containing a random personal selection from this material [letters, diaries, reports, official as well as unofficial, a certain amount of printed material, printed and other ephemera, scrapbooks, cartoons, photographs and photograph albums]; (...) The writings of the famous or prominent have as far as possible been avoided and *an attempt has been made to provide due representation of the civilian population, especially the women*" (eie kursivering). / The intention of this book is not to gather together 'highlights of the war', nor has any attempt been made to assemble records of dramatic, exciting or ostensibly important events: *for most of the people involved, it must be remembered, the war was not a matter of heroics, but of continuing their ordinary lives as best they could in extraordinary circumstances* (eie kursivering).

Hierdie standpunt van Schoeman beteken miskien die skep van 'n openbare atmosfeer waarin die sogenaamde onbelangrike herinneringe en annale van die verlede 'n nuwe openbare belang geniet. Op hierdie manier bereik sogenaamde waardelose private herinneringe die openbare omloop en word daar waarde aan geheg.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


Schoeman laat as 'n voorbeeld sien hoe 'n vrou haar lewe gelei het in die beleërde Kimberley, o.a. deur na Elizabeth Atkinson se dagboek te verwys, wat later deur haar man gepubliseer is onder die titel *Personal Experiences and Recollections of the Siege of Kimberley, by my dear wife Elizabeth Atkinson*. In die voorwoord word haar dagboek beskryf as "the simple narrative of one of the many varied experiences in a life crowded in very full measure in incident, in which she ever took a foremost part!" Oor die Atkinsons se gemarginaliseerde posisie in "the English-speaking community of Kimberley" skryf Schoeman (1998b:35) as volg: "Her account of the siege is therefore not merely that of a woman in a situation dominated by men, but to some extent also that of a non-British outsider who did not fully share the prevailing sentiments about the war."

In sy boek wys Schoeman ook die behandeling van Engelse vroue en kinders deur die Boere uit. Sir Henry de Villiers (in Schoeman 1998b:138-139), wat 'n lid van 'n Afrikaanssprekende familie in Paarl was, skryf in sy brief as volg:

> (...) if the accounts of the brutal conduct of the Boer women as well as men towards English women & children when our countrymen were driven out of the Transvaal, which appeared in all the newspapers at the time, were ever refuted, the refutation never came under my notice, although I have been a pretty careful reader of the news from South Africa for that last two years. The pro-Boer press, except in the one case of the *Westminster Gazette*, is so utterly & so unblushingly dishonest & disloyal that I could not accept any statement of fact on such notoriously worthless authority. If there had been in the one honest paper that can be called pro-Boer or Boerite such a refutation as you allude to of the charges brought on this occasion against the Boer women, I should certainly have been glad to read it. (...) Shameful lies have been disseminated about my countrymen & their cruelty towards women & children, & I in my defence of them adduced cases which the press had made notorious of the monstrous cruelty of the Boers towards English women & children. You say that there were no such cruelties, & I should like to think you were right: but at this very moment there are letters lying before me from writers who take a very different view from yours, men entitled to speak with great authority on the subject.

Op hierdie manier demistifiseer Schoeman die heldebeeld van die Afrikaner. Verder wys Schoeman se boek die wreedheid teenoor die swart mense gedurende die Anglo-Boereoorlog uit. Schoeman (1998b:138) skryf eers: "there were few people anywhere who gave more than a passing thought to the situation of the blacks in South Africa, except when it happened to suit their own convenience." Sir Henry de Villiers (Schoeman 1998b:139) skryf as volg oor die behandeling van ander rasse deur die Boere:

> As to the cruelty of the Boers towards the dark races of South Africa, I have only to recall what Livingstone, Moffat & Colenso have said upon that subject ... In the discussion of these matters I am disgusted rather than surprised at the deliberate & callous indifference of the Boerites with regard to the rights of the native races. Surely such Englishmen as those I have just named must have had some cause for their detestation of these born slavers & oppressors of race whose colour is their only crime. / As I have said in my letter to the *Saturday Review*, it seems to me that humanity has just escaped the disgrace of a hideous tragedy, when by the conquest & redemption of the Transvaal from systematic 'methods of barbarism' the back was broken of a cruel oligarchy which would have set its yoke on the neck of all the dark peoples from Cape Town to the Zambesi.

Die kulturele en morele superioriteit van die Afrikaner wat in die tyd van die oorlog as onbetwisbaar beskou is, word dus tans deur kontemporêre historici bevraagteken en ondermyn. Onlangse historici en romanskrywers probeer om hierdie beelde van die Anglo-Boereoorlog te herbesoek, deur dit in 'n ander perspektief te plaas in post-apartheid Suid-Afrika. Hierdie alternatiewe beeld is verder in die Afrikaanse literatuur van die jare negentig ontgin.

### 4.5.3 Die Boereoorlog en die Suid-Afrikaanse literatuur

Volgens Ena Jansen (1999:110) het daar tydens en kort na die Anglo-Boereoorlog weinig tekste in Suid-Afrika self verskyn. Rondom die herdenking van die Groot Trek (1938) is die stryd tussen Boer en Brit in 'n sekere sin voortgesit deurdat die Afrikaners probeer het om 'n soort martelaarsmite op te bou. Hierdie mite is ontwikkel deur die publikasie van veral die dagboeke van vroue wat in die kampe geplaas is. Voorbeelde is Trienie Mey se *Diep waters* (1935), Sarah Raal se *Met die Boere in die veld* (1937), *Tant Alie van Transvaal* (1939), H.R. van der Merwe se *Onthou!* en E. Steenkamp se *Helkampe* (1941). J.R.L. van Bruggen het 'n roman, *Bittereinders* (1935), op die herinneringe van 'n veertigtal vroue wat in die kamp by Mafeking gesit het, gebaseer, terwyl E. Neethling se *Mag ons vergeet?* (1938) 'n bundel van getuienisse van tientalle vroue is. Tekste deur mans is onder meer J.L. de Villers se *Hoe ek ontsnap het* (1934) en L.A. Visagie se *Terug op kommando* (1936). Jansen (1999:110) merk op dat dit belangrik is om steeds te benadruk dat daar 'n nasionalistiese bedoeling gesit het agter die publikasie van die ongeveer 20 outobiografiese geskrifte uit daardie tyd.

"De gebeurtenissen die de aanleiding waren voor deze vaak onbeholpen en naïeve vertelling werden tientallen jaren later een belangrijk bron voor Zuid-Afrikaanse romanschrijvers", merk Jansen (1999:110) op. Voorbeelde hiervan is Etienne Leroux se satire *Magersfontein, O Magersfontein!* (1976), Lettie Viljoen se *Belemmering* (1990), Karel Schoeman se *Verliesfontein* (1998) en Christoffel Coetzee se *Op soek na generaal*

*Mannetjies Mentz* (1998). Met die honderdjarige herdenking van die oorlog het daar, volgens Jansen, "een ware rage van teksten ontstaan die de oorlog tot thema hebben" (1999:110). Hierdie tekste bring aangeleenthede na vore soos Afrikaner-verdelings, die motiewe van die Nasionale Spioene/Verkenners ("National Scouts"), die morele regverdiging van die oorlog, vrees en twyfel (Du Pisani 1999:172). Leroux het reeds vroeër (in 1976) die geskiedenis gedemitologiseer deur die Afrikaner-nasionalistiese weergawe van die oorlog te satiriseer en parodieë van heroïese beelde te skep. In die ironiese slottoneel van sy roman relativeer hy die amptelike en partydige politieke weergawe van die geskiedenis.

Nog 'n ander voorbeeld van die onlangse tendens in Afrikaanse literatuur om vanuit 'n nuwe perspektief na die Anglo-Boereoorlog te kyk, is die bundel *Boereoorlogstories* (1998) waarin Jeanette Ferreira as samesteller en redakteur 34 verhale oor die oorlog bymekaargebring het. Die verhale is spesifiek vir die bundel geskryf en is dus "nuwe" verhale oor 'n "ou" onderwerp. "Hierdie verhaalbundel is inderdaad meer as 'n geleentheidspublikasie aangesien 'n verskeidenheid uiters boeiende aspekte in die verhale na vore kom", merk Du Plooy (1999:202) op. In die stories bind die vertellers met die geskiedenis op 'n paar maniere: deur die bedrog van geskiedskrywing aan te dui; deur klein narratiewe in teenstelling te bring met die meesternarratief van amptelike historiese dokumente; deur die tekstualiteit van die geskiedenis en die noodsaaklikheid van die oorvertel van die verlede te beklemtoon. Persoonlike geskiedenis en verpersoonlikte vertolkings van historiese feite en dokumente word gebruik in 'n poging om nuwe identiteite te vind of te skep. Volgens Du Plooy (1999:201) maak die gebruik van historiografiese metafiksie dit moontlik vir hierdie vertellers om met die hede te kommunikeer, wat kompleks is en ook so naby dat dit deur stories benader kan word. Met ander woorde, deur kleingeskiedenisse te vertel kan 'n mens gesprek voer met die verlede, en sodoende 'n eie identiteit skep.

Tot onlangs is dikwels aangeneem dat die Anglo-Boereoorlog 'n "witman se oorlog" was. Maar die waarheid is dat swart Suid-Afrikaners tydens die oorlog gedwing is tot swaar hande-arbeid, vir die Boere én die Britte. Na beraming het ongeveer 14 000 van die 107 000 swartmense in die kampe gesterf (Jansen 1999:111). Die romans *Vatmaar* (1995) en *Afdraai* (1998) van die bruin skrywer A.H.M. Scholtz bevat boeiende gedeeltes waarin die Boereoorlog vir die eerste keer vanuit die perspektief van swart en bruin mense beskryf is in Afrikaans. Saam met *The Boer War Diary of Sol T. Plaatje: An African at Mafeking* (1976) van Sol Plaatje is hierdie tekste 'n belangrike aanvulling by die tekste wat vanuit 'n blanke perspektief geskryf is.

Renders (1999:116) dui aan hoe die jonger generasie in die Afrikaanse literatuur die ideologiese inhoud van die voorstellings van die ABO verwerp het, en hoe die oorlog eerder gesien is as 'n burgerlike oorlog tussen verskillende faksies in die Afrikanerdom, as 'n anti-

imperialistiese oorlog teen Brittanje. Du Pisani (1999a:172) wys ook uit dat die oorlog nie langer beskou word as 'n stryd tussen twee wit stamme nie, maar dat dit 'n beginpunt geword het vanwaar die stryd teen eksklusiewe blanke eise en oorheersing voortgesit kon word. Hy noem die volgende (172 -173): "In this way the road to a new future, free from the legacy of the past, is opened through writing. Only by complete rejection of traditional representations of the past reconciliation is made possible. The therapy consists in the exposure of the past and the unmaking of the underlying ideological assumptions. New values must replace the old ones. The Afrikaner must reach out to the 'other.'" Luc Renders (aangehaal in Jansen 1999:110) merk selfs die volgende op: "Bij de jongere generatie schrijvers en hun personages geldt het afvallen van de Boerenoorlog als het belangrijkste symbool van hun afwijzing van de oudere generatie en van de ideologie van het Afrikaner nationalisme." Uit hierdie twee kritici se opmerkings blyk dit dat literatuur nie net maar 'n uitbeelding van die lewe is nie, maar 'n konstruksie van die moontlikhede van die lewe. Die implikasies hiervan geld vir die politieke of ideologiese konseptualisering van die literatuur vir die toekoms: die demitologiserende, multi-kulturele en "eks-sentristiese" benadering tot die Anglo-Boereoorlog in die Afrikaanse literatuur sou 'n metafoor (of voertuig) verskaf waardeur die Suid-Afrikaners oor die omgang met die verlede en hede besin.

In onlangse tekste in die Afrikaanse literatuur gaan die demitologisering van die Anglo-Boereoorlog voort. Twee prominente voorbeelde hiervan is Schoeman se *Verliesfontein* en Coetzee se *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*. In die volgende hoofstuk word daar vervolgens op hierdie twee Afrikaanse romans gefokus wat ook die Anglo-Boereoorlog herbesoek. Deur die teksbespreking wys die ondersoek hoe die tradisionele visies in verband met die Anglo-Boereoorlog in hierdie romans ondermyn word en ook watter waarde hierdie refleksie oor die verlede kan inhou vir die Suid-Afrikaanse toekoms.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

# HOOFSTUK 5

## 5.1 INLEIDING

Daar is reeds in die vorige hoofstuk betoog dat die Afrikaanse prosa in die negentigerjare 'n sterk *retrospektiewe* fokus toon, ná die stilistiese, tematiese en ideologiese *vernuwing* van die prosa in die sestigerjare, en die tekstualisering van die Suid-Afrikaanse *aktualiteit* in die laat sewentiger- en tagtigerjare (vergelyk Human 1999:113). Talle romans wat die afgelope paar jaar verskyn het, word gekenmerk deur 'n bykans obsessionele bemoeienis met die kollektiewe geskiedenis van die Afrikaner.

In dié gees word daar in kontemporêre Afrikaanse literatuur baie aandag geskenk aan die Anglo-Boereoorlog. Volgens Renders (1999:113, 115) is dit, saam met die Groot Trek, een van die twee mees kritieke episodes uit die geskiedenis van die Afrikanervolk en het dit 'n baie sterk simbool van Afrikaner-nasionalisme geword. Terwyl baie ouer skrywers die verlede en hede beskou teen die agtergrond van die vrymakingstryd van die Afrikaner en die verwesenliking van 'n nasionalistiese ideaal, distansieer 'n aantal van die jonger skrywers hulle al hoe meer van die geïdealiseerde en gemitologiseerde geskiedenis van hulle volk. By die jonger generasie skrywers is die behandeling van die Anglo-Boereoorlog een van die belangrikste simbole om aan hulle afkeer van die ouer generasie en die ideologie van Afrikaner-nasionalisme gestalte te gee. Volgens Renders (1999:116) plaas die houding wat in die kontemporêre prosa en drama teenoor die Anglo-Boereoorlog ingeneem word, Afrikaner teenoor Afrikaner, pa en ma teenoor seun en dogter.

In hierdie hoofstuk word daar gekonsentreer op twee tekste, *Verliesfontein* (1998) deur Karel Schoeman en *Op soek na Generaal Mannetjies Mentz* (1998) deur Christoffel Coetzee, wat eerstens goeie voorbeelde is van die interaksie-moontlikhede tussen geskiedenis en literatuur, feit en fiksie. Hierdie romans opper vrae oor die subjek in geskiedskrywing, die debat oor die postmodernisme en die geskiedenis, die faktore wat die optekening van die verlede beïnvloed, en die problematisering van die aard van historiese kennis en die klem op kleingeskiedenisse.

Beide romans bied ook 'n onkonvensionele perspektief op die oorlog. *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* gee nie 'n portret van 'n heroïese generaal nie, maar van die onbeteuelde wreedheid van 'n groep Boere-krygers. In *Verliesfontein* beset 'n Boerekommando die dorp en verloor hulle in die proses alle begrip van wetlikheid en regverdigheid. Hulle misbruik die magsposisie waarin hulle hulle bevind op gewetenlose wyse. Die Boeremagte word sodoende in 'n negatiewe lig gestel. Albei romans bring 'n onthutsende wysiging van die populêre voorstelling van die Anglo-Boereoorlog en maak dit duidelik dat Afrikaner-

geskiedskrywing en die verlede nie noodwendig saamval nie. *Verliesfontein* en *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* bring 'n deurtastende demitologisering van die amptelike geskiedskrywing oor die Anglo-Boereoorlog. Deur hierdie onkonvensionele terugblik op die Anglo-Boereoorlog blyk die relevansie daarvan vir die hede: die 100-jarige herdenking van die Anglo-Boereoorlog kan deur 'n konfrontasie met die verlede 'n noodsaaklike bydrae lewer tot 'n meer genuanseerde kyk op die verlede. Soos *Verliesfontein* dit stel: "Wie nie die verlede onthou nie, is gedoem om dit te herlewe" (244). Die leser sou kon beweer dat hierdie twee romans 'n aansporing inhou om lesse uit die verlede te haal.

In hierdie hoofstuk word daar eerstens ondersoek ingestel hoe historiese feite tot fiksie verwerk word in *Verliesfontein* en *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*, hoe die problematiek van die geskiedskrywing geïllustreer word en met watter doel die geskiedenis in hierdie romans gebruik word. Verder sal daar nagegaan word watter boodskap die onkonvensionele rekonstruksie van die Anglo-Boereoorlog in hierdie twee romans vir die post-apartheidsera inhou. Uiteindelik sal daar ondersoek word watter waarde die pogings van hierdie twee romanskrywers kan inhou vir die Suid-Afrikaanse toekoms. Met ander woorde, watter lesse wou Schoeman en Coetzee aan kontemporêre Suid-Afrikaners oordra met die postmodernistiese problematisering van geskiedskrywing en die onkonvensionele rekonstruksie van die verlede in hierdie twee romans. In hierdie hoofstuk sal daar 'n bespreking van die bogenoemde vrae gevoer word.

## 5.2 *VERLIESFONTEIN*

### 5.2.1 Die vertellers in *Verliesfontein*

*Verliesfontein* (1998) is die eerste deel van Schoeman se trilogie *Stemme*, maar op 'n interessante wyse het die tweede en derde dele daarvan, *Hierdie lewe* (1993) en *Die uur van die engel* (1995), reeds vroeër verskyn. In *Hierdie lewe* probeer 'n ou vrou om uit skerwe en brokstukke die waarheid van verdigsel te onderskei, terwyl die verteller in *Die uur van die engel* iemand is wat ná jare na sy dorp terugkeer en feitlik futiel probeer om sin te maak uit die gebeure wat lank tevore daar afgespeel het. Volgens Kannemeyer (1998), verbind Karel Schoeman dié twee vertelmetodes van *Hierdie lewe* en *Die uur van die engel* in *Verliesfontein*: "Soos in *Die uur van die engel* is die verteller aanvanklik 'n ondersoekende historikus wat aan die begin die vraag stel by watter punt in die tyd sy speurtog na die verlede moet begin en watter fluisterende stemme hy nog uit die 'omringende stilte' kan aktiveer". In *Verliesfontein*, deel 1 van die S*temme*-trilogie, is persoonlike en kollektiewe geskiedenisse deel van die struktuur van die geheel.

Die roman bevat 'n besondere lang inleidende gedeelte, bestaande uit die afdelings "Fouriesfontein", "Aankoms" en "Verkenning". Hierdie gedeelte, waarin meer gefokus word

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

op die verteller(s) (die raam-verteller en die skrywer-verteller) as op die verhaal self wat hy (hulle) wil vertel, beslaan die eerste 68 bladsye van die roman. Dit toon een van die hanteringswyses van postmodernistiese tekste aan, aangesien die vraag van hoe 'n storie vertel moet word in postmodernisme selfs belangriker as die storie self is. Foster (2000:193) merk hieroor op: "Heelwat van die 'betekenis' van 'n storie bestaan daaruit dat daar geleer word om die kode daarvan te verstaan, 'n kode wat die oë open vir die gewoonte om semantiese afval te hersirkuleer sonder om bewus te wees daarvan." Hierdie vertelwyse in *Verliesfontein* sou moontlik 'n aanduiding gee van selfbesinnende metafiksionele elemente. In die daaropvolgende hoofstukke, "Die rebel", "Alice", "Kallie" en "Miss Godby" word die verskillende verteller-karakters van die "eintlike" verhaal aan die woord gestel, maar in die slot-hoofstuk "Besinning", kom die verteller weer aan die woord. Dit blyk hieruit dat dit noodsaaklik is om die vertellers en fokalisators van hierdie roman te ondersoek.

Volgens Venter (1992:133) impliseer "vertelling" 'n sekere perspektief, 'n manier van waarneming (fokalisasie) en 'n manier van vertel. Die "verteller" is die diskursiewe instansie wat die vertelling in 'n epiese teks tot stand bring. Dit geskied deur direk in die vertellersteks aan die woord te kom om oor die storiegebeure en die personasies te berig, en ook indirek deur die vertelling te redigeer waar personasies se woorde (dialoog) of gedagtes (innerlike monoloog) as personeteks gesiteer word (Venter 1992:564). Wanneer 'n mens die verteller onderskei wat binne of buite die storie staan, het hierdie onderskeid met die vertelvlak te make. Genette (in Venter 1992:564) noem in hierdie konteks die ekstradiëgetiese, 'n intradiëgetiese en 'n hipodiëgetiese verteller(s). 'n Ekstradiëgetiese verteller staan buite die storie wat hy vertel. Hy kan kommentaar lewer of die vertelling bloot redigeer. In *Verliesfontein* kan 'n mens sê dat die verteller in die hoofstuk "Fouriesfontein" 'n ekstradiëgetiese verteller is. Hierdie primêre verteller stel egter 'n tweede verteller aan die woord wat nie net 'n stem in die vertellling is nie maar ook as 'n personasie binne die storie optree, naamlik die skrywer-verteller in "Die rebel". Omdat daar sekere gebeure vertel word wat die skrywer-verteller nie meegemaak het nie, word in *Verliesfontein* ook van ander personevertellers gebruik gemaak, naamlik Alice, Kallie en Miss Godby. Hulle is dan vertellers op 'n derde vlak, die vlak wat Genette hipodiëgeties noem.

Fokalisasie is die relasie tussen die "visie", die instansie wat sien, en dit wat gesien word. Die subjek van die fokalisasie, die fokalisator, is die punt waaruit die elemente gesien word. Wanneer die fokalisasie berus by 'n personasie wat in die geskiedenis optree, sou 'n mens dit 'n *interne* fokalisasie kon noem. Wanneer daar sprake is van *eksterne* fokalisasie, funksioneer 'n anonieme, buite die geskiedenis staande instansie as fokalisator (Bal 1978:106). Volgens Bal (1978:108), is daar in vele verhale 'n wisseling te sien tussen eksterne en interne fokalisasie. Hierdie wisseling kan in *Verliesfontein* waargeneem word wanneer die skrywer-verteller deur verskillende fokalisators waarneem sodat daar sprake is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van eksterne én interne fokalisasie.

*Verliesfontein* is opgebou uit ag hoofstukke. Die verteller en fokalisator in elke hoofstuk kan as volg ontleed word.

In die eerste hoofstuk, "Fouriesfontein" (Schoeman 1998a:7-14)[9], is daar 'n eksterne fokalisator of 'n ekstradiëgetiese verteller aan die woord. Daar word gepraat oor die verhaal wat nog vertel moet word deur 'n instansie wat buite die gebeure staan; Hy verwys na die fragmente wat moontlik Fouriesfontein voorstel, maar sê ook dat hy slegs oor gebrekkige inligting beskik. Die verteller vra hoe 'n mens hierdie dorp, hierdie geskiedenis sou benader met al die skerwe en brokstukke van die geskiedenis; ook hoe die skrywer hierdie verhaal *Verliesfontein* gaan skryf: "Hiér is tog seker die aangewese plek om stelling te neem vir 'n verhaal wat oor die oorlog handel (...) Daar bestaan ook ander punte waar jy stelling sou kan inneem ten einde die oorsig te verkry wat vir hierdie verhaal nodig is" (11). Hiermee skep dit die indruk dat die outeur Schoeman self is wat met die leser praat. Dié verteller in die hoofstuk praat steeds teenoor "*jy*" naamlik in die tweedepersoonsvorm. Maar hierdie "jy" kan ook na die skrywer self verwys wat hierdie verhaal moet begin skryf en vertel. Dit blyk byvoorbeeld in die volgende sin: "Waar moet jy stelling inneem om die oorsig te verkry wat nodig is ten einde te kan begin?" (13). In die verteller se stem vind die leser dus díe stem van Schoeman; met ander woorde Schoeman praat via die verteller in "Fouriesfontein" oor hoe hierdie roman verder geskryf sal word. "Hiér kan jy begin" (14) sê die verteller, en hierdie verteller sal vervolgens die raam-verteller genoem word.

In die hoofstuk "Aankoms" (15-43) kom die persoonsgebonde fokalisator, 'n naamlose skrywer *hy*, voor, wat saam met 'n fotograaf, Eddie, ondersoek instel na Giel Fourie, 'n Vrystaatse kommandant gedurende die Anglo-Boereoorlog. Die skrywer-fokalisator wat reis op soek na die inligting oor Giel Fourie met die doel om 'n nuwe perspektief op die geskiedenis te gee, is dus 'n interne fokalisator in hierdie verhaal wat skrywer-fokalisator A genoem kan word. Die skrywer-fokalisator se werk verloop egter nie na sy sin nie. Uiteindelik loop hy Verliesfontein in, die geskiedenis self in. Vanaf hierdie moment is hy 'n waarnemer, 'n eksterne fokalisator van die "eintlike" verhaal. Hy neem nie deel aan die gebeure nie, alhoewel hy wel in die dorp rondloop. Hy kan nie met die karakters praat nie, en die ander karakters sien hom nie. Hy neem alleenlik waar. Hierdie fokalisator ín Verliesfontein kan skrywer-fokalisator B genoem word.

Wesseling (1991:84) se observasie oor die verteller / fokalisator in die twintigste-eeuse historiese roman kan ook in die geval van *Verliesfontein* toegepas word: "The traditional

---

[9] Ek verwys in die vervolg na *Verliesfontein* slegs met bladsynommers (sonder om outeur of datum te noem).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

formula of an external, omniscient narrator, who relates an episode from the past, while frequently alternating his own observations with the perceptions of a participant in the historical action, is disrupted by the insertion of an additional narrative level, which is situated between the represented past and the primary narrator. The conventional narrative set-up of the historical novel is transformed into the structure of a primary narrator and/or focalizer, who records the activities of historian-like characters, who are responsible for the historical part of the narrative as secondary narrators and/or focalizers." Aldus die skrywer-fokalisator in *Verliesfontein*.

In die hoofstuk "Verkenning" (44-68) word die dorp en die inwoners verder verken deur die *hy*, die skrywer-fokalisator B. In hierdie hoofstuk sien die leser die dorp, die onbekende personasies, die brokstukke, deur die oë van die waarnemer, die skrywer-fokalisator B. Die eksterne vertelinstansie, die raam-verteller van die hoofstuk "Fouriesfontein" keer telkens terug as iemand wat van buite die verhaal kommentaar lewer: "Hoe ver kan een waarnemer beweeg in hierdie smal tussenruimte waar hy soos in 'n kapsule ingesluit is, hoe ver kan hy sy arm uitstrek sonder om deur die deursigtige wande van sy wêreld gestuit te word?" (44). Die skrywer-fokalisator B wat as waarnemer sy visie op die dorp weergee, en hierdie eksterne verteller wissel mekaar af. Om hierdie grens te bepaal, is nie altyd eenvoudig nie, soos blyk uit die volgende voorbeeld: "Mens kyk, jy neem waar, jy onthou. Wat anders is daar om te doen? Eendag kan hierdie inligting dalk nog van nut wees; wie kan sê?" (52). Is dit die kommentaar van die skrywer-fokalisator of van die raam-verteller?

Die vertelinstansie van die hoofstuk "Die rebel" (69-89) kan as die skrywer-fokalisator B in die vorige hoofstuk beskou word, maar nou vertel hy as 'n ek-verteller. Hierdie verteller probeer eintlik om die storie van Fouriesfontein te vertel wanneer hy terugverwys na die oorlogstye: "Wat kan ek van Fouriesfontein onthou? (...) ek weet niks meer nie, of kan in elk geval op die oomblik niks meer as dit onthou nie" (69). Die verlede waarnatoe hy telkens moet terugkeer, is eintlik die bronne, dokumente, foto's en ander inligting oor Fouriesfontein wat die skrywer-fokalisator versamel het. Terwyl hy oor Broodryk vertel, sê hy op 'n stadium: "Onthou ek reg? So ongeveer, in elk geval. Ek het geen aantekeninge oor hom gemaak nie, want dit het vir my doel nie nodig gelyk nie" (75). Hierdie skrywer-fokalisator of geskiedskrywer, wat as ek-verteller die verlede van Fouriesfontein probeer herlewe, word verder skrywer-fokalisator C genoem.

In die drie hoofstukke getitiel "Alice" (90-121), "Kallie" (122-176) en "Miss Godby" (177-235) kom drie ek-vertellers aan die woord, wat oor hul ervaring van die oorlog in Fouriesfontein vertel. Hierdie drie interne fokalisators twyfel voortdurend aan hul eie herinneringe en vertel eintlik hul eie klein geskiedenisse.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


In die laaste hoofstuk "Besinning" (236-246) kom daar weer 'n ek-verteller aan die woord: "Nou is dit my beurt, nou moet ek self verder praat, en die mom van anonimiteit (...) hoef nie langer volgehou te word nie" (236), maar hy maak homself nie letterlik bekend nie. Hy lyk soos die skrywer-fokalisator wat in "Aankoms", "Verkenning" en "Die rebel" die dorp waargeneem het. Hy lyk egter ook soos die eksterne fokalisator wat as die raam-verteller op die gebeure kommentaar gegee het. Dus kry 'n mens die indruk dat die outeur Schoeman hier self aan die woord kom. Wanneer hierdie ek-verteller in die laaste bladsy die hand van Kallie met syne bedek, beteken dit simbolies die vereniging tussen die ek-verteller en die karakter Kallie. Viljoen (1999a) merk hieroor op: "In dié afdeling kom 'n mens onder die indruk hoe sterk die skrywer hom inleef in die verlede wanneer hy in 'n ontroerende slotmoment sy hand plaas oor dié van die skrywende Kallie en saam met hom die woorde op papier vorm. Dit word 'n ontroerende uitdrukking van die eenwording van 'n skrywer met 'n karakter wat hy self geskep het." Die ek-verteller in hierdie laaste hoofstuk "Besinning" kan dus as die outeur Schoeman beskou word of 'n kollektiewe skrywer-figuur, skrywer-verteller D, waarby die skrywer-fokalisator, raam-verteller, Kallie en Schoeman self ingesluit word. Dit kan ook as 'n kunsgreep gelees word wat die personasie-omlyning wil ondermyn, moontlik om aan die stemme uit die verlede meer reliëf te verleen en die rol van die hedendaagse deelnemer af te skaal. Volgens Jooste (1998:549) is hierdie opsetlike gebrek aan definisie van personasies in Schoeman se tekste 'n postmodernistiese trek, wat saamhang met die opvatting dat daar afgesien word van die positivistiese geloof in 'n personasie as 'n fiktiewe "iemand" met 'n stabiele en koherente identiteit.

Die struktuur van die hoofstukke en die vertellers daarvan kan dus as volg geteken word.

| | |
|---|---|
| Schoeman | (die roman *VERLIESFONTEIN*) |
| Raam-verteller | ("Fouriesfontein": eerstepersoonsperspektief) |
| Skrywer-verteller A-B | ("Aankoms": derdepersoonsperspektief) |
| Skrywer-verteller B | ("Verkenning": derdepersoonsperspektief) |
| Skrywer-verteller C | ("Die rebel": eerstepersoonsperspektief) |
| Alice | ("Alice": eerstepersoonsperspektief) |
| Kallie | ("Kallie": eerstepersoonsperspektief) |
| Miss Godby | ("Miss Godby": eerstepersoonsperspektief) |
| Skrywer-verteller D | ("Besinning": eerstepersoonsperspektief) |

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit blyk hieruit dat die roman nie net die verhaal van Verliesfontein is nie, maar ook van die skryf van die roman *Verliesfontein*. Die lang inleiding is nie net die inleiding tot die een roman nie, maar tot die hele trilogie waarvan *Verliesfontein* die eerste deel is. Volgens Van der Merwe (1999:236) stel die inleiding die skrywer se worsteling teen die magte van *stilte* en *duisternis* voor - twee van die mees prominente motiewe in hierdie roman en in die trilogie as geheel. Die inleiding beeld die integrasie uit van die persoonlike en die algemene geskiedenis. In die eerste hoofstuk "Fouriesfontein" gebruik die raam-verteller die terme "jy" en "mens" as hy van homself praat - hy is nog versigtig om persoonlik betrokke te raak. In die volgende twee hoofstukke, "Aankoms" en "Verkenning", ontwikkel die skrywer-verteller tot 'n meer individuele romankarakter wat fisies betrokke raak by die skryf van die verhaal van Verliesfontein. Van der Merwe (1999:236) merk op dat die gebruik van die derdepersoonsvorm vir die karakter egter steeds 'n versigtige distansiëring deur die skrywer Schoeman ten opsigte van sy vertellers voorstel. Wanneer die verteller-karakter met die "eintlike" verhaal in "Die rebel" begin, gebruik hy vir die eerste keer die eerstepersoonsvorm, wat óf kan dui op 'n meer volledige identifikasie tussen Schoeman en die vertellers (raam-verteller, skrywer-verteller en verteller-karakter), óf bloot die gebruik van 'n tipiese romantegniek om "geloofwaardigheid " aan die vertelling te verleen.

Volgens Van der Merwe (1999:237) suggereer hierdie verskillende persoonsvorme 'n komplekse proses van identifikasie én van distansiëring tussen die skrywer Schoeman en sy verteller(s). In die slot van die roman, wat volgens Van der Merwe herinner aan die beroemde intrede van die skrywer in Multatuli se *Max Havelaar*, lyk dit of die identifikasie tussen die skrywer Schoeman en sy verteller(s) en karakter(s) verstewig word. Die skrywer-verteller van hierdie roman tree nou weer sy verhaal binne in die eerstepersoonsvorm en neem die hand van die karakter Kallie. Hiermee word 'n komplekse identifikasie-proses gesuggereer: agter Kallie staan die onsigbare skrywer-verteller wat hom lei, en agter die skrywer-verteller is die skrywer Schoeman. Dis ook merkwaardig dat die naam Kallie 'n verkleinvorm van Karel, die skrywer se naam is. Die identifiserende verband van "Schoeman = raam-verteller = skrywer-verteller = Kallie" word gevestig.

Die storie van *Verliesfontein* handel oor die inval van 'n Vrystaatse kommando in die Kaap-kolonie in Desember 1900. In die roman word hierdie voorval nie binne 'n ruimer historiese verband geplaas nie. Nóg vir die inval, nóg vir die Anglo-Boereoorlog self word daar enige verklaring gegee. Dis immers nie die historiese kontekstualisering wat belangrik is nie, maar net wat op Fouriesfontein self gebeur het. Van enige relativering is dan ook nie sprake nie. Die aandag gaan hoofsaaklik uit na die manier waarop die oorlog die lewens van die mense wat daarmee in aanraking gekom het, affekteer. "Vir Schoeman is nie soseer die reg of verkeerd van die groot gang van die geskiedenis van belang nie, maar wel die wyse waarop

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die oorlogsaktiwiteite in die lewe van die individu ingryp en daardeur die loop van die geskiedenis bepaal", merk Renders (1999:124) op.

Ook die tydstruktuur is meer soos dié van 'n mosaïek, wat stukkie vir stukkie voltooi word, as dié van 'n stroom wat in een rigting vloei. Dit word ook met 'n neiging in die kontemporêre geskiedskrywing geskakel. Dit ondermyn die lineêre aard van die diskoers wat dit onmoontlik maak om meer as een gebeurtenis op 'n slag oor te dra. In die roman word daar dus besin daaroor of gebeure in die narratief voorgestel kan word in 'n nuwe orde wat verskil van die chronologiese volgorde. In *Verliesfontein* is daar ook 'n "gelyktydigheid" in die aanbod, deurdat opeenvolgende karakters telkens verskillende perspektiewe op steeds dieselfde mense en gebeure gee. Sodoende kom 'n sikliese tydsaanbod verder tot stand, 'n wenteling om dieselfde dinge.

Van der Merwe (1999:238) beskryf hierdie tydstruktuur as 'n spiraalgang: die voortgang is nie 'n sinlose herhaling nie, slegs 'n progressie om tot 'n sinvolle waarheid te kom. Aan die einde van die roman word die doel bereik, die soektog na sin is voltooi, volgens Van der Merwe (1999:238). Die karakters wat wesenlike morele waardes beliggaam, dring steeds sterker op die voorgrond, totdat hulle aan die einde in die sentrum staan: die altruïstiese vroue, Miss Godby en Minnie Colefax; die skrywer-optekenaar Kallie, en bowenal die martelaar Adam Balie. Die volgorde van die gebeure word nie bepaal deur opeenvolging nie, maar deur "die soeke na dinge van waarde". Volgens Van der Merwe (1999:238) word die voortgang van die tyd in die struktuur van die spiraal verbind met die steeds terugkerende aard van essensiële waarhede.

Volgens my word essensiële waarhede of 'n bepaalde doel nie deur Schoeman nagestreef nie. Schoeman verwerk nie so 'n soort teleologiese geskiedenis in hierdie roman nie, en hy is ook nie so optimisties as wat Van der Merwe hom voorhou nie. In die romans van Schoeman kom daar telkens 'n soeker in beeld: iemand wat gereis, ervaar en geleer het en vir homself sekere antwoorde gevind het, maar steeds nie ophou om vrae te stel nie. Ook in *Verliesfontein* word die idee van essensiële waarhede geproblematiseer deur die karakters se aanhoudende terugkeer na hulle onsekerheid oor die waarheid. In Miss Godby se konklusie word die onkenbaarheid van ons geskiedenis en waarheid as volg geartikuleer: "Ons het niks geleer nie en gaan verder asof niks gebeur het nie, ewig verdoem, so dink ek soms by myself, tot die herhaling van dieselfde frases en gebare, vasgevang in 'n trapmeul waaruit ons nie meer kan ontsnap nie" (235).

Ook die skrywer-fokalisator is 'n voorbeeld van die wesenstrek van Schoeman se oeuvre, naamlik die vreemdelingskap wat ook met die reistema saamgelees kan word. Hierdie reisiger bevind hom in 'n soort tussenposisie, wat ingewikkelder as 'n dilemma is, "want 'n blote keuse vir een van die alternatiewe is onbevredigend of onmoontlik" (Jooste 1998:550).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dié tussenskap word dan 'n eksistensiële probleem, merk Jooste op (1998:550). Hierdie aspek het moontlik 'n outobiografiese skakel met Schoeman se eie lewe. Hy het as jong man die Vrystaatse wêreld verlaat het om vir lang periodes in die buiteland (veral Ierland) te woon. Sy vroeëre verhale is in 'n gedistansieerde toon vanuit 'n personale perspektief geskryf, en die karakters is afsydige buitestanders. Schoeman se *Stemme*-trilogie word ook aangebied uit die perspektiewe van vergete en verstote vertellersfigure en sluit duidelik aan by 'n tydgenootlike tendens wat die voorkeur gee aan persoonlike geskiedskrywing (Roos 1998:68).

Die drie persone wat in *Verliesfontein* verslag lewer oor wat op die dorpie gebeur het, is nie regstreekse betrokkenes by die Anglo-Boereoorlog nie en hulle dui al drie aan dat hulle van die oorlog bitter min weet. Die drie getuies vertel hulle eie verhaal lank na die afloop van die gebeure en elkeen van hulle is ook oud. Hulle lê die nadruk daarop dat hulle die oorlog nie eintlik kan beskryf nie omdat hulle so min daarvan gesien het en skaars die feite kan onthou. Hulle verhale is uiters subjektief en onsamehangend.

Die eerste verteller is Alice wat saam met haar tante op die dorp agterbly nadat haar pa, net voor die koms van die Boere, die geld en dokumente van die magistraatskantoor na veiligheid gebring het. Sy beskryf die lewe voor die inval, haar kontak met Giel Fourie en die verdeeldheid binne die klein gemeenskap wat deur die inval veroorsaak is. Maar die oorlog het nie goeie herinneringe vir haar ingehou nie en sy wil eintlik nie daaraan terugdink nie - die oorlog verteenwoordig die verraad van haar geliefde Giel Fourie.

Die tweede verhaal is dié van Kallie Kleynhans. Hy berig oor sy uitgeslotenheid uit die Afrikanergemeenskap omdat hy vir die Engelse magistraat werk, oor die toenemende verdeeldheid binne die dorpie, sy vriendskap met Adam Balie, die optrede van die kommando op die dorp en sy eie skryfwerk. Na die oorlog verlaat hy die dorp en keer nooit weer terug nie.

Die laaste getuie is Miss Godby. Haar verhaal fokus veral op die gebeurtenisse rondom Adam Balie, die leier van die bruingemeenskap, wat weens sy pro-Engelse gesindheid deur die Boerekommando van ondermynende aktiwiteite verdink word. Na sy aanhouding word hy swaar gegesel en by die uittog van die Boere doodgeskiet. Renders (1999:125) merk op dat Schoeman hierdie gebeure gebaseer het op die geskiedenis van Abraham Esau. Schoeman het ook 'n artikel hieroor, "Die dood van Abraham Esau: ooggetuieberigte uit die besette Calvinia, 1901" (1985) gepubliseer. Die verwerking van historiese feite tot fiksie is eintlik 'n bekende procédé van Schoeman. Schoeman is ook geskiedskrywer, soos blyk uit nie-fiksieboeke oor Sutherland, Bloemfontein, die argitektoniese erfenis van die Vrystaat en die Steyn-egpaar, asook biografieë oor Olive Schreiner en Susanna Smit. In die volgende afdeling sal daar ondersoek word hoe die historiese feite oor Abraham Esau tot fiksie (in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

karakter Adam Balie) verwerk word.

### 5.2.2 Feit en fiksie in *Verliesfontein*: Die verwerking van die historiese grondstof in verband met Abraham Esau

Boerevegters uit die republiek wat oor die Kaapse terrein gery het, het wydverspreide entoesiasme vir hul saak gevind onder blankes in die plattelandse disktrikte. Een van die kommandoleiers was die jong Gideon Scheepers, wat gevang, veroordeel en tereggestel is op Graaff-Reinet vroeg in 1902. Hy het daarna bekend geword as 'n Afrikaner slagoffer of martelaar. "Dat Gideon Scheepers nog steeds die gemoedere gaande kan maak, terwyl ander slagoffers soos Abraham Esau, bruinman van Calvinia grootliks vergete is, vertel heelwat oor die gebreke van die geskiedenisbeeld wat ons van die Anglo-Boereoorlog het" merk Nasson en John (1986:23) op. Hier volg dan die verhaal van Abraham Esau.

Toe die Anglo-Boereoorlog in 1899-1902 uitbreek, was Esau dorpsmid en handelaar op Calvinia, waar hy hom vroeg as lojale ondersteuner van die Britse gesag onderskei het. Só ywerig was hy om die Boere te beveg, dat hy 'n held onder sy eie mense geword het - en 'n skurk in die oë van Kaapse rebelle en hul geesgenote. By veg het hy egter nie gekom nie, want die Britte het geweier om hom en sy mense te bewapen. Hy was egter in noue kontak met die Britse militêre spioene op Clanwilliam en het 'n spioenasienetwerk op die been gebring om die Britte op die hoogte te hou van wat die Boere in die omgewing doen en beplan. Dit het hom 'n gebrandmerkte by die Boere gemaak. In Januarie 1901 is Calvinia deur sowat 600 Vrystaatse Boere beset en is krygswet afgekondig onder bevel van genl. J.B.M. Hertzog en kmdt. Charles Nieuwoudt. Laasgenoemde het 'n mensejag begin op diegene wat vir vergelding gelys was; magistraat Peter Dreyer, Esau en nog twaalf. Hy het hulle in die tronk gestop en homself tot landdros verklaar. Dit was die begin van 'n terreurbewind. Op 14 Januarie is Esau buite die tronk aangerand, met vullis besmeer en aan 'n paal vasgemaak. Die volgende dag is hy voor veldkornet Carl van der Merwe gesleep en gevonnis tot 25 houe "for having spoken against the Boers and for having attempted to arm the Natives" (Schoeman 1985:58). Hy is aan 'n boom vasgebind en Van der Merwe het hom oor sy kaal rug geslaan. Met die sewentiende hou het Esau sy bewussyn verloor. Hy is losgemaak en het op die grond geval, maar is orent gepluk en deur Abraham Louw met 'n stok tussen die oë geslaan. In die volgende weke is die proses in die openbaar herhaal en op 5 Februarie het die einde gekom. Abraham Esau is deur ene Stephanus Strydom in voetboeie geslaan, tussen twee perde vasgemaak en op 'n drafstappie voortgepluk-sleep tot sowat vyf myl oos van die dorpsgrens. Dáár is hy neergegooi en het Strydom hom doodgeskiet. Donkeraand het sy makkers hom gaan soek en sy lyk op 'n muil dorp toe gebring, waar sy dood betreur is. Die volgende dag het die Britte die dorp ontset en is Esau met militêre eer begrawe.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

At van Wyk (1992) merk op dat as die wreedhede op Calvinia sonder Hertzog se medewete gepleeg is, het dit onder sy gesag geskied. Van hom en ene Brand - dalk die latere kmdt. George Brand - skryf die plaaslike korrespondent in die *Cape Times Weekly* van 20 Februarie 1901: "Hertzog and Brand ought to be hung on the highest tree for their conduct while they were in the village."

Esau se kastyding en dood het destyds opslae gemaak tot in Engeland, en in Suid-Afrika het Alfred Milner dit vir propaganda teen die Boere gebruik. In *Ilustrated History of South Africa* is opgeteken: "News of the atrocity soon reached the outside world, and violent indignation was expressed, although Cape pro-Boer newspapers tried to find justification by saying that Esau had been shot in 'self defence'. A British newspaper summed up by saying of Esau that 'he has suffered cruel martyrdom for no worse crime than loyalty to the British'" (Oakes 1994:259). Daarna het Esau egter in die 'blanke' Suid-Afrikaanse geskiedskrywing in vergetelheid verval.

Die simbool van verset teen die Boere wat hy was, het Esau in geslagte daarna ook in 'n politieke sin geword. Só het hy in die verkiesing van 1948 gefigureer, asook in die republikeinse referendum van 1960 (Van Wyk 1992). Volgens Nasson (1991:134) was die beslissende dimensie wat die lang na-oorlogse voortmars van 'n Esau-volksmitologie gekenmerk het, die interaksie tussen gebeure en prosesse, gekoppel aan die groei en konsolidasie van 'n toenemend afsonderlike apartheid-Suid-Afrikaanse staat waarin die Afrikaner gedomineer het. Daar is dus 'n verhouding waargeneem tussen die individuele lewensverhaal van Abraham Esau en historiese gebeure soos Uniewording in 1910, die verskyning van die Afrikaner *apartheids*regering in 1948, en die vestiging van Suid-Afrika as 'n Republiek in 1961. Esau en sy verhaal is geassimileer as 'n wyse om 'n historiese identiteit aan te teken (Nasson 1991:134). Met die insluiting van die ou Boere republieke as provinsies langs die gevestigde Britse kolonies van die Kaap en Natal in die Unie van Suid-Afrika in 1910, het daar 'n gespanne verhouding geheers tussen sommige bruin en wit inwoners. 'n Onderwyser onthou dat hy die volgende van sy familie geleer het:

> It just wasn't right to have the Union. Our people were bitter then about the situation as it was turning out after the war. My father spoke at a special service for Abraham Esau that year, he was a Catechist. He said the Union would help the Boers, that it was an insult to the memory of who had died for the British. He said that we in the Cape, we who were Esau's people, would find life hard (soos aangehaal deur Nasson 1991:135).

In die Boeregemeenskap was daar bitterheid oor die wyse waarop bruininwoners gereageer het op die Unie. Ook hier het die Esau-tradisie 'n politieke kleur behou in hul geheue:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> The Afrikaner Bond didn't want to hear about the Esau affair. The way I first heard it was that he was a spy for the British who betrayed his Afrikaner masters. (...) A lot of our farmers were against the Esaus and the Manels, Coloured troublemakers you see, they were making a fuss about the Union because they were born British subjects. They were called Esau big mouths, a bit too big for their station in life (soos aangehaal deur Nasson 1991:135).

Sluimerende vyandigheid gedurende 1910 was niks in vergelyking met die onrus wat veroorsaak is gedurende die verkiesing van 1948 en die daaropvolgende Nasionalistiese oorwinning nie. In Calvinia het die Afrikaner-nasionalistiese groepsalliansie hulle teen die "Britse" oorblyfsels gekeer - dit wat hulle alreeds so lank geaffronteer het. 'n Nederduits Gereformeerde Sendingkerk predikant, Eerwaarde Uys het byvoorbeeld die volgende gedoen:

> Went to the Esau Memorial Chapel where the Union Jack always flew, and tore it down and tore it in half. He said Esau had committed treason against the *volk*, and that respectable Coloured people would not honour murderers. What followed was a forceful appeal to 'so-called Coloured' members of his congregation, that the National Party was the party that really cared about the 'kleurling mense' and that old memories and grievances should be buried ... now they were part of them and therefore they must vote for them (Soos aangehaal deur Nasson 1991:136).

Twaalf jaar later in 1960 het die wit referendum plaasgevind oor die Nasionale regering se voorstel om Suid-Afrika opnuut as 'n Republiek uit te roep, en hulself dus te distansieer van die Britse Statebond. Nasson (1991:137) merk op dat die politieke skeiding wat uit Esau se verhaal ontstaan het, die bruin en wit mense van Namakwaland toegerus het met twee verskillende geskiedenisse en twee verskillende geheues. Op hierdie wyse het Esau se verhaal 'n ideologiese rol gespeel. By die breë blanke publiek was Esau 'n onbekende tot die verskyning in 1985 van 'n artikel oor hom deur Nasson en John in *Social Dynamics*, byna gelyktydig met een deur Karel Schoeman in die *Kwartaalblad van die SA Biblioteek* en daarna een in *Die Suid-Afrikaan* (1986) deur Nasson. Nasson het ook 'n boek aan Esau gewy: *Abraham Esau's War: A Black South African War in the Cape, 1899-1902* (1991).

Hierdie historiese gegewe van Esau word in die roman *Verliesfontein* verwerk. Dat Schoeman die storie van Adam Balie op die gebeure van Abraham Esau gebaseer het, word duidelik as die vergelyking tussen die feitlike elemente oor Abraham Esau en die fiktiewe karakter Adam Balie in die roman gemaak word. Hieronder sal daar geïllustreer word hoe subtiel die historiese feite in Schoeman se fiksie verwerk word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.

In *Verliesfontein* onthou Miss Godby die dag toe Adam Balie onder die bloekombome afgeransel is as volg: "En so het Adam Balie hom daardie Sondagoggend dus aan die Boere gaan oorgee (218), (...) Adam Balie is deur die Boere se landdros in die tronk verhoor waar hy aangehou is, skuldig bevind en veroordeel (...) Die aanklag het niemand ooit presies geweet nie - ophitsing, miskien, of die kwessie van die gewere wat die mense destyds so aan die gang gehou het - maar dat hy skuldig bevind is, is 'n feit, want nadat die vonnis uitgespreek is, is hy in die oop ruimte onder die bloekombome voor die tronk met 'n sweep afgeransel, om as voorbeeld te dien vir almal, so is daar gesê. (...) Die aantal houe wat voorgeskryf was, weet ek nie meer nie, net dat hy sy bewussyn verloor het voordat die vonnis voltrek is" (219).

Dit kan vergelyk word met die volgende passasie waarin Karel Schoeman die kastyding van Abraham Esau beskryf: "Op 15 Januarie het magistraat Dreyer, (...) verneem dat Abraham Esau moes verskyn voor veldkornet F. van der Merwe, wat tot Republikeinse landdros van Calvinia benoem is, en tot 25 houe met die kats veroordeel is 'for having spoken against the Boer and for having attempted to arm the natives'. Die kastyding is deur Van der Merwe self onder 'n bloekomboom in die openbaar toegedien, maar Esau het na die sewentiende hou reeds sy bewussyn verloor" (1985:58).

2.

Die karakter Kallie beskryf in *Verliesfontein* die dood van Adam Balie as volg: "toe kom die Engelse sodate van Matjiesfontein, by Vaalbergpas op, en die Boere het padgegee [...] So het ek toe gehoor dat die Boere voor dagbreek weg is en dat die Engelse soldate op pad is deur die pas [...] [O]pgewonde en ontsteld het hy [Simson] my kom roep om met hom saam te kom, om dadelik te kom, want voordat die Boere dié oggend weg is, het hulle vir Adam Balie doodgeskiet" (173). Nadat Kallie Balie se lyk gesien het, beskryf hy dit as volg: "Hy [Adam Balie] het daar in die bloekomplantasie op die grond gelê, [...] en die kraag van sy hemp, agter in sy nek, was rooi van die bloed [...] daar was niks waaraan ek hom sou kan uitken nie, maar Simson het vir my gesê dit is Adam Balie wat deur die Boere hier doodgeskiet is voordat hulle weg is uit die dorp" (174). Ook Miss Godby onthou Balie se dood: "Adam Balie het die Boere met hulle probeer saamneem toe hulle die dorp ontruim, maar hy was te ernstig beseer om te kan loop, en hy is toe doodgeskiet in die bloemkomplantasie naby die plek waar hul kamp gestaan het [...]" (230).

Aan die ander kant skryf Schoeman as volg oor die dood van Abraham Esau in sy artikel: "Intussen was 'n Britse ontsettingsmag onder lt-kol. [...] en die laaste besetters van Calvinia [het] hulle gereedgemaak om die dorp te ontruim. [...] In hierdie stadium is Abraham Esau

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aangesê om die terugvallende Boere te vergesel [...]. 'He was escorted by men on horseback, and could hardly drag one leg after the other. [...] They urged him on again, and ultimately they disappeared with him outside the village' (*Cape Times Weekly* 24.12.1902). Die Distriksgeneesheer bevestig 'he was flogged through the streets and shot outside the village by a Boer named Strydom, who stated that he acted according to orders' (*Cape Times Weekly* 20.2.1901). [...] Wat verder met Esau gebeur het, berus gedeeltelik op hoorsê. Volgens die privaat korrespondent op Calvinia 'he was only able to struggle along for about a mile, when he was placed on a horse and taken off the road, where he was murdered in cold blood by one of the escort, who shot him' (*Cape Times Weekly* 20.2.1901). 'n Ander koerantberig meld [...] 'there was a bullet hole in the back, and the body was scored and marked by the lashes he had received' (*Cape Times Weekly* 13.3.1901). Volgens konstabel Manel was daar 'a bullet wound in the head. On the left and right breast of the coat there were holes like marks of bullets. [...] The clothes were all stained with blood [...]' (*Cape Times Weekly* 24.12.1902). Volgens ene Richard Johnstone, wat die lyk gesien het nadat dit teruggebring is na Calivinia, 'there was a wound like a bullet wound in the forehead' (*Cape Times Weekly* 31.12.1902)" (Schoeman 1985:59-61).

3.

In *Verliesfontein* vertel Miss Godby dat sy self getuie was dat Adam 'n toespraak maak waarin hy sy eie lojaliteit en dié van sy mense aan die Britse regering betuig. Sy weet egter niks daarvan dat daar gewere aan hom oorhandig is nie. Miss Godby gaan voort: "Die Boere het elke huis in die lokasie deursoek, het ons later gehoor, hulle het die skooltjie deursoek en tot op die solder van die kerk geklim, maar niks gevind nie. Dit sou waar kan wees, neem ek aan, maar sover ek weet, is daardie gewere ook nooit gevind nie, op die dorp of elders" (216-7).

Oor Abraham Esau se optrede skryf Schoeman (1985:62 -63): "Teenoor konstabel Manel het Van der Merwe dan ook beweer 'that Esau had raised a commando of 800 men'" (*Cape Times Weekly* 24.12.1902). Elders in die berigte oor Esau se dood word daar oor sy bedrywighede in oorlogstyd uitgewei: "on the outbreak of the war he offered his services in raising a force of coloured men to repel the invaders. Having secured the services of over 100 stalwart natives, he approached the British Government, and was greatly disappointed when their services were declined. (...) When Hertzog and Brand entered the district [Calvinia] some weeks ago the first man sought was Esau. His premises were ransacked and looted, and among his effects the Boers found a document attesting the loyalty of Esau and his friends" (*Cape Times Weekly* 13.3.1901). Eers het dit ook teen Esau getel dat daar tydens die deursoek van sy huis twee gewere gevind is en die saak is vererger deurdat die Boere geweet het dat daar kort voor hulle aankoms vuurwapens op die dorp verberg is: "The

Boers searched all over the place for secret arms' (...) Onder die Boere het daar 'n baie sterk vermoede bestaan dat Esau iets oor hierdie wapens weet, en W.S. Truter het beweer, 'There was a strong feeling towards Esau on account of the secreted arms" (*Cape Times Weekly* 24.12.1901)".

4.

In *Verliesfontein* onthou Miss Godby die dag toe Adam Balie as leier van die bruin gemeenskap sy toespraak gemaak het: "Adam Balie wat namens die bruin gemeenskap 'n toespraak maak, plegtig en ernstig, in Engels en Hollands, langs Mr Macalister op die stoep van die magistraatskantoor met die serp van die afskaffersbeweging oor sy bors en 'n rol papier in sy hand soos dit 'n redenaar betaam. Dit was gedurende die eerste maande van die oorlog dat Adam Balie as leier van die gekleurde gemeenskap na vore begin tree het, jonk soos wat hy was, en dit was hy wat hulle deelname aan die optogte en die vierings gereël het (...) Mr Macalister het dit openlik erken, en in 'n dankwoord tydens een van hierdie byeenkomste het hy voor die hele gemeenskap sy waardering uitgespreek. 'Sy onvermoeibare ywer en onwrikbare lojaliteit, het hy gesê, onthou ek nog, en Adam het daar voor ons gestaan in sy Sondagspak" (197).

*Illustrated History of South Africa* (Oakes 1994:258) beskryf ook die situasie waarin Esau 'n toespraak gemaak het. Daar word gesê dat Esau 'n prominente man in Calvinia was en dat dit duidelik geword het op 19 Mei 1900, toe hy opgetree het as organiseerder en leier van die viering op Calvinia waarmee die ontsetting van Mafeking herdenk is. Daar was toesprake deur die magistraat en deur Esau self, tee vir honderd mense op die markplein en 'n seremonie waar Esau self die Union Jack gehys en die woord gevoer het. 'n Britse inligtingsoffisier het hom in 'n verslag neerhalend uitgelaat oor die smid se "*big voice of which he greatly enjoys the sound*" (Oakes 1994:258). Maar deur sy optrede het Esau hom duidelik as leier van die bruin gemeenskap gevestig met aansien in die oë van die plaaslike owerheid.

Die verwerking van die historiese grondstof in 'n roman, die transformasie van feit na fiksie, kan op 'n verskeidenheid wyses geskied. Die ooreenkomste tussen Abraham Esau en Adam Balie wys nie alleen die moontlikheid uit dat die episode van Adam Balie gebaseer is op die feitlike gegewens in verband met Abraham Esau nie. Die verhouding tussen feit en fiksie, tussen die geskiedenis en literatuur word ook geproblematiseer.

Die verwerking van feit en fiksie in hierdie verhaal kan eerstens aan Van Gorp se definiëring van die terme *fiksionalisering* en *defiksionalisering* gekoppel word: "Met fictionalisering bedoelt men dan een proses dat de buitentekstuele werkelijkheid verandert in een tekstuele. Defictionalisering is anderzijds een poging om die tekstuele werkelijkheid zoveel mogelijk

met de buitentekstuele werkelijkheid te doen overeenstemmen. In plaats van met fictionaliserende indicaties als 'roman' of 'gedichten' zullen defictionaliserende teksten vaak worden gepresenteerd met aanduidingen als 'reportage', 'documentaire', 'project', 'autobiografie', e.d., die alle pretenderen een één-op-één correspondentie met de buiten-tekstuele werkelijkheid te hebben (1998:166)". Dat die feitlike historiese insident, naamlik feit, tot roman, naamlik fiksie, verwerk is, wys op 'n fiksionaliseringsproses. Die feit dat dié verhaal as 'n vorm van "herinnering", "outobiografie" of "getuienis" van die getuies aangebied word, verteenwoordig 'n vorm van defiksionalisering. Die wyse waarop die tekstuele fiksie (Adam Balie) soveel moontlik ooreenstem met die buitetekstuele werklikheid (Abraham Esau) bevestig die defiksionalisering. Oor sulke outentifiseringstegnieke skryf Patricia Waugh (1984:106) as volg:

> Metafictional texts which introduce real people and events expose not only the illusion of verisimilar writing but also that of historical writing itself. The people and events here may "match" those in the real world, but these people and events are always recontextualized in the act of writing history. Their meanings and identities always change with the shift in context. So history, although ultimately a material reality (a presence) is shown to exist always within "textual" boundaries. History, to this extent, is also "fictional".

Die verteller in "Besinning" sê op 'n stadium: "Dit kan (...) niks anders wees nie as gissing, 'n speel met moontlikhede hier in die donker van die bloekomplantasie" (245). Die verdwyning van die onderskeid tussen fiksie en werklikheid vorm die kern waarom *Verliesfontein* se hele intrige gebou word. Die leser word begroet met 'n begeleiding wat 'n aanduiding gee dat feit en fiksie, of waarheid en verdigsel in hierdie roman nie werklik te onderskei is van mekaar nie: "waar hou feit op en begin fantasie (...) waar loop die onsekere skeidslyn tussen skepping en bedrog" (242). Die wyse waarop die teks te werk gaan om die leser van die vertelproses en die onsekere verhouding tussen feit en fiksie bewus te hou, bevestig die historiografiese metafiksie se elemente. Soos dit al in hoofstuk 3.2.2.2 aangetoon is, omskryf Hutcheon (1988:4) historiografiese metafiksie as daardie literêre werke wat opmerklik selfbesinnend is, maar hulle dan op 'n paradoksale manier ook toelê op historiese gebeure en figure. Hutcheon (1988:4) beskryf dit verder: "the real figures of the past are deployed to validate or authenticate the fictional world by their presence, as if to hide the joins between fiction and history in a formal and ontological sleight of hand."

Die verwerking van die historiese grondstof in 'n roman, die transformasie van feit na fiksie, kan op 'n verskeidenheid wyses geskied: "In sy rol as historikus beweeg die skrywer in feite tussen twee uiterstes: óf hy gee feite onveranderd weer óf feite word heeltemal genegeer en die geskiedenis word by wyse van spreke herskryf. Dit spreek vanself dat daar in die laaste instansie eintlik nie meer sprake is van historisiteit nie en dat die verskil met fiksie eintlik net

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lê in die outentisiteit van die aanbod" (Van Coller 1988:191). Hutcheon (1988:114) verduidelik dat die historiografiese metafiksie op die waarheid en leuens van die historiese verlede sinspeel. Sekere bekende historiese besonderhede word opsetlik vervals met die doel om die moontlike geheuefoute tydens die opskryf van geskiedenis en die voortdurende potensiaal vir beide opsetlike en onoplettende foute te beklemtoon. Hutcheon verklaar die verskil tussen historiese fiksie en historiografiese metafiksie as volg: historiese fiksie inkorporeer én assimileer die geskiedkundige inligting in die fiktiewe wêreld om 'n gevoel van outentisiteit daaraan te gee. Historiografiese metafiksie inkorporeer, maar assimileer selde sulke data. Dit gebeur meer dikwels dat "the process of *attempting* to assimilate is what is foregrounded", volgens Hutcheon (1988:114). Die woord "assimileer" verklaar HAT as "gelykmaak of gelyk word", en die woord "inkorporeer" as "verenig met, inlyf by, opneem in, of tot samestellende deel van 'n groter geheel maak". Volgens Hutcheon word historiese data/gegewens dus dikwels onveranderd ingelyf by historiografiese metafiksie eerder as om daarin gegenereer te word. In Schoeman se tekste vind materiaal uit sy feiteboeke of historiese tekste neerslag in sommige van die romans, byvoorbeeld die feiteboeke oor onderskeidelik Bloemfontein en Sutherland in *'n Ander land* (1984) en *Hierdie lewe* (1993). "Die 'werklike' gegewens en feite bly as sodanig kenbaar, maar word volledig in die fiksie verreken", merk Jooste (1998:545) op. Op hierdie wyse inkorporeer Schoeman historiese feite in *Verliesfontein* met die verwerking van Abraham Esau se episode in Adam Balie se storie. Met dié verhaal probeer Schoeman om sin te maak uit die historiese feite van Abraham Esau wat hy versamel het.

Waardeur Schoeman probeer om sin te maak, is myns insiens die skryf van 'n alternatiewe geskiedenis waarin vroeër gemarginaliseerde mense die sentrale posisie beklee. Hierdeur bevestig Schoeman die postmodernistiese denkwyse dat afgelope gebeurtenisse potensiële historiese feite is, maar slegs dié gebeurtenisse wat geselekteer word om oorvertel te word, word uiteindelik feite. Deur sy fiksionalisering van Esau se verhaal lewer Schoeman sy kommentaar dat dit in 'n groot mate afhang van die sosiale en politieke konteks van die historikus wát uiteindelik historiese feite gaan word. Historici verswyg, herhaal en orden die data/gegewens: sommige word uitgelig en ander in 'n ondergeskikte funksie gebruik. Hierdie werkwyse het die toekenning van bepaalde betekenisse aan die gebeurtenisse van die verlede tot doel. Schoeman bring dus die potensiële feite aan die lig wat vantevore verswyg is, en herskryf in sy roman 'n voorheen geldige geskiedenisbeeld. Daardeur stel die proses bloot hoe die historiese feite deur die (geskied)skrywer verskillende kleure kan aanneem of hoe die feite tot fiksie getransformeer of herbore kan word. Lesers sien beide die versameling van die narratiewe en die pogings om hierdie narratiewe orde daar te stel. Feite is immers nie 'n blote gegewe nie - hulle word geskep deur die soort vrae wat aan gebeurtenisse gestel word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

### 5.2.3 Op die grens van feit en fiksie as gevolg van die drie vertellers se onsekerheid

Die drie karakters, Alice, Kallie en Miss Godby, is deeglik daarvan bewus dat hulle in die hede die gebeurtenisse van die verlede oorvertel. In die eks-sentristiese literatuur is daar 'n selfbewustheid oor die ontmoeting tussen die huidige vertelhandeling en die afwesige objek van vertelling, merk Hutcheon op (1988:73). Die grense tussen hede en verlede, en tussen feit en fiksie word gereeld oorskry, maar die kontradiksies wat hieruit voortvloei, word nie opgelos nie - die grense word gehandhaaf al word hulle ook getoets. Volgens Hutcheon (1988:73) impliseer die fokus van die postmodernisme op die geskiedenis nie 'n soeke na die tydlose, transendentale betekenis van die verlede nie.

Alice in *Verliesfontein* beken dat sy min oor die verlede onthou want wat sy probeer om te vertel, is dit wat lank gelede gebeur het. Alice sê: "Ek is in Suid-Afrika gebore, ek het daar grootgeword, en tog, noudat ek terugdink, en probeer onthou, staan dit nie meer duidelik vir my nie, vaag asof dit nooit bestaan het nie, onwesenliker as daardie wêreld van briewe en pakkies en foto's en jeugherinnerings. Ek verwar plekke, gesigte, name; ek kan dorpe nie meer van elkaar onderskei nie. Ek onthou nie meer nie, ek weet nie meer nie; alles vloei inmekaar. Dit is al so lank gelede" (98). Alice voel 'n dwang om as 'n verteller van die verlede te vertel, maar die oorlog is dit wat lank reeds gebeur het en haar herinneringe daarvan is ook heel gebrekkig. Sy vergelyk die gefragmenteerde uitbeeldinge in haar herinneringe met die "kiekies": "Dis al wat ek onthou, soos al die kiekies wat ek vernietig het en wat ek nou net toevallig en lukraak nog onthou" (100). Wat sy nou as 'n verteller van die oorlog moet doen, blyk te wees om al die oorblywende fragmente soos 'n mosaïekwerk by mekaar in te pas.

Hierdie spanning tussen die posisie van verteller en sy/haar onsekerheid kom ook by Kallie voor, wat dit moeilik vind om van die oorlog te vertel. Hy *moet* nou oor die oorlog vertel, maar hy weet eintlik baie min daarvan. Kallie bieg: "Ek moet oor die oorlog vertel; ek het begin, maar ek het van die onderwerp afgedwaal en oor ander dinge begin gesels. Maar ek weet ook niks van die oorlog nie, amper niks" (148). Die oorlog waaroor hy nou *moet* vertel, is 'n verre verlede en hy het dus alleen baie gebrekkige herinnering daarvan: "Ek weet nie mooi nie, dis sommer maar 'n gedagte wat by my opkom waar ek so terugdink en probeer vasstel wat ek alles oor die oorlog kan onthou" (149 -150); en "Ek weet nie, ek kan maar net vertel wat ek nog weet" (150).

Soos Kallie bieg Miss Godby ook dat sy dit moeilik vind om 'n stroom gebeurtenisse wat lank reeds verby is, uitmekaar te ken: "dis oor die oorlog dat ek moet vertel, so goed soos wat ek kan soos die dinge by my opkom; ek vrees dit gaan maar verward klink, en wanneer jy dertig jaar op 'n plekkie bly, is dit naderhand ook moeilik om mense en gebeurtenisse uitmekaar te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ken, 'n enkele stroom gebeurtenisse, en hoe moet jy nog onderskei?" (182). Die verlede is vir haar steeds moeilik om te verduidelik, en uiteindelik voel sy magteloos om daaroor te vertel. Miss Godby sê: "[ek] soek na woorde, tastend in die donker, en kan ook vir myself geen helderheid vind nie" (225); en: "[Ek is] bewus van 'n sekere vernedering en van my eie vernederende onmag" (228).

Die geskiedenis wat deur elke karakter vertel word, verloor dus hierdeur aan outentisiteit. Historiese feitelikheid word op dié manier geproblematiseer. Die "vernederende onmag" van Miss Godby kom ook uit die onmag ten opsigte van die taal waarmee sy die verlede moet oordra. Miss Godby besin oor die vrae soos hoeveel 'n mens kan onthou, wat oorbly van die verlede en hoe 'n mens die gebeure van verlede táál laat word. Sy sê op 'n stadium: "Ek wil egter nie in woorde vasgevang raak nie, ek soek noodgedwonge na woorde om te probeer uitdruk wat ek voel, en dit is die beste woorde wat vir my doel beskikbaar is, maar 'n benadering, niks meer nie, want dit gaan vir my ten slotte om waardes, sou ek sê, en nie om hul benamings nie" (226). Uiteindelik vind Miss Godby dit moeilik om die balans te kry tussen waarheid en versinsels deur die taal, tussen gegewe en weergegewe verlede: "Daar was niks meer wat ek hier kon doen nie, het ek besef: met woorde kon ek niks teen daardie glimlaggende masker uitrig nie, en woorde was al wat ek tot my beskikking gehad het: begrippe soos gepastheid, betaamlikheid, menslikheid of regverdigheid het hier geen waarde meer besit nie, en daar was geen gemeenskaplike woordeskat, geen gedeelde waardestelsel om as grondslag vir gesprek of onderhandeling tussen ons te dien nie. Ek het aan die rand van 'n afgrond gestaan" (228). Wat sy oor die oorlog vertel het, is nie presies wat werklik gebeur het nie, twyfel sy: "Maak ek my mening op hierdie manier duideliker? Waarskynlik nie, vrees ek" (227). Hierdie selfbewustelike ondermyning van die linguistiese representasie van die verlede is in die hele roman *Verliesfontein* ingeweef. In die hoofstuk "Fouriesfontein" merk ook die raamverteller as volg op: "Was dit by benadering hoe dit was; is dit meer as die waarheid, of skiet dit daarenteen te kort as poging om die onverwoorde en onverwoordbare ervaring te beskryf?" (12).

Die feitelikheid van die verlede wat deur die drie karakters vertel word, word op verskillende maniere bevraagteken. Die karakters wat aan die woord kom, twyfel self aan hul eie herinnering waarmee na die verlede teruggekeer moet word, en ook aan hul talige rekonstruksie daarvan. Dit sluit aan by Bertens en D'haen (1988:107) se woorde: "het lijkt ons eerder het geval dat veel metafictionele teksten de status van de werkelijkheid zorgvuldig in het midden laten en alleen de aandacht vestigen op de mogelijke fictionaliteit ervan."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

### 5.2.4 "Die verlede is 'n ander land": op soek na *Verliesfontein*

Deur die verskillende fokalisators of deur die verskillende stemme word die problematiek van geskiedskrywing in hierdie roman aan die orde gestel, met die boodskap dat geskiedenis altyd gekleur word deur die fokalisator, deur die verteller of deur die geskiedskrywer (kyk hieronder 5.2.5). Die ondermyning van die meesternarratief kan ook in hierdie roman gevolg word deur die bemoeienis van die vertellers en karakters wat die verlede moet opteken. Die raamverteller se bevraagtekening van die optekening van die verlede, of die proses van die geskiedskrywing kom sterk na vore.

Eerstens vorm die kloof tussen hede en verlede die vertrekpunt vir die roman. "Die verlede is 'n ander land: waar is die pad wat soontoe loop?" (7) is die eerste woorde in die roman, en dit is opmerklik dat hierdie sin ook in die ander twee romans in die *Stemme*-trilogie gebruik word. In *Verliesfontein* bied die eerste afdeling "Fouriesfontein" vervolgens 'n besinning oor hierdie vraag. Selfs al is daar maar karige feitlike gegewens, stel sy verbeelding die raamverteller in staat om 'n brug na die verlede te slaan: "'n Afgrond skei jou van daardie verre werklikheid, dog afgronde is oorbrugbaar wanneer die pad eenmaal gevind is; 'n glaswand skei jou onverbiddelik van die wêreld wat voor jou oë uitgestrek lê, dog onder jou tastende handdruk kan dit skielik kraak en splinter soos ys" (14). Die metafoor van 'n pad wat al soekend gevolg word, kom by herhaling in die roman *Verliesfontein* voor wanneer dit gaan om die terugbeweeg na die verlede (sien Schoeman 1998a:25). Hiermee word die ruimtelike andersheid van die verlede voorgestel deur die metafoor wat die verlede gelykstel aan 'n ander ruimtelike werklikheid. Uit die bogenoemde aanhaling blyk 'n besinning van die roman oor die moontlikheid om die verlede te agterhaal in die proses van geskiedskrywing. Die gelykstelling van tyd met ruimte in die uitspraak "die verlede is 'n ander land", is ook die bevestiging van die tastende, soekende aard van ruimtelike ervarings sowel as die bepalende invloed wat ruimte het op die vorming van geskiedenis. Volgens Viljoen (1999b:56) beklemtoon Carter die belangrike rol wat taal speel in die maak van ruimtelike geskiedenis: volgens hom beskryf 'n ruimtelike geskiedenis daardie punt waar taal en ruimtelike ervaring mekaar kruis om geskiedenis te maak. In die bogenoemde aanhaling word die proses van geskiedskrywing met die fisiese aksie vergelyk dat die glaswand tussen hede en die verlede gekraak en versplinter word.

Die tweede afdeling, "Aankoms", bring die konkrete uitwerking van die problematisering van die geskiedskrywing. Dit beskryf hoe 'n skrywer, saam met sy fotograaf Eddie, op pad is na Fouriesfontein om daar die graf van die Boereheld Giel Fourie en 'n monument wat aan die Anglo-Boereoorlog gewy is, te besigtig. Hierdie besoek is deel van 'n reis deur die land op soek na gedenktekens, grafte en monumente vir 'n boek oor die Anglo-Boereoorlog. Tussen Kromburg en Donkerpoort kan hulle egter nie die afdraaipad na Fouriesfontein kry nie. Daar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is geen bestemming nie en die reis is in wese onvoltooibaar. Soos in die boektitel, *Verliesfontein*, simboliseer Fouriesfontein die verlede waarna ons nooit kan teruggaan nie; die verlore dorp Fouriesfontein verwys na die verlede wat afwesig in die hede is. Tog, volgens die Derridiaanse dekonstruksie, kan afwesigheid ook aanwesigheid beteken. Wanneer die verteller uit die motor klim en 'n lang ent in die versengende hitte stap, doem die dorp spookagtig voor hom op - dit is die Fouriesfontein ten tye van die Anglo-Boereoorlog: "Hy draai om na die motor, maar die motor is nie meer daar in die verte agter hom nie; draai terug en sien voor hom die donker lyn bome wat die dorp aandui met die wit kerktoring daartussen (25)".

Op hierdie manier stap hy die verlede in en word die skrywer-verteller gekonfronteer met die onsamehangende uitbeelding van die verlede. In die afdeling "Verkenning" ondersoek die skrywer-verteller hierdie ander werklikheid waarin hy soos 'n gees rondbeweeg. Hy weet nie onmiddellik wie die mense is wat hy waarneem nie, en wat daardie losstaande momente beteken nie, soos: "Hy het 'n hinkende jongman gesien, 'n man op 'n veranda in 'n huis waar 'n wit gordyn voor die venster wieg, verlepte sonneblomme in 'n bedding, water in 'n voor, 'n gillende vrou strompelend oor die veld in 'n donker rok. Hy het die spore van perde gesien en bloed of iets wat daarna lyk in die stof, die helderheid van 'n lintijie en die deining van 'n vlag teen die lug. Iets het duidelik begin word en sal vermoedelik ook 'n uitkenbare patroon aanneem. Hy moet wag" (41). Niks gebeur toevallig nie. Dis sy taak om die betekenis van dit wat vir hom gewys word, te agterhaal. Slegs deur te wag en geduld te beoefen, kan betekenis uit die onsamehangende tonele en voorvalle gedistilleer word: "Hierdie verkenning is 'n langsame proses waarvan die sin en nut vir eers nie duidelik is nie; want dit is nodig om eers woord vir woord 'n hele onbekende taal aan te leer ten einde uiteindelik die gewenste frases te kan formuleer en 'n mening te kan uitspreek of 'n betekenis te ontsyfer" (59).

Schoeman se romans is al dikwels in die verlede deur resensente gekritiseer vir die wyse waarop die verhaalgang deur herhalings gerem word, merk Viljoen (1999b:57) op. Volgens Viljoen (1999b:57) toon die herhalende aard van die verskillende vertellings in Schoeman se roman egter geskiedenis in wording: die verskillende vertellers (die skrywer-verteller, ek-verteller-karakter en ook die karakters) beweeg tastend en soekend deur die landskap sonder dat daar enige moontlikheid is om die geheel te oorskou. Ook die roman se bewuste besinnings oor die geskiedenis dui daarop dat dit onmoontlik is om op 'n punt te kom waarin al die besondere gegewens saamgetrek sal kan word in 'n sinvolle geheel.

Hierdie "historian-like" verteller (skrywer-fokalisator) kan binne die raamwerk van die ruimtelike geskiedenis aan dieselfde lot en voorwaardes as die ontdekkingsreisiger onderworpe wees: "Historian and explorer alike follow a nomadic path whose condition of possibiity and limit are given by writing" (Carter soos aangehaal deur Viljoen 1999b:57).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Viljoen (1999b:57) beweer dat by die historikus en ontdekkingsreisiger 'n mens ook die verteller en romanskrywer sou kon voeg; Schoeman se roman beklemtoon by uitnemendheid dat ook diegene wat 'n fiktiewe rekonstruksie van die verlede aanpak, die pad van 'n soekende nomade volg eerder as om 'n oorskouende panorama te bied. Kannemeyer (1998) merk ook die volgende op: "[I]n 'n belangrike passasie in *Die uur van die engel* het Karel Schoeman dit oor die 'afsydige en afwysende landskap' van Afrika, 'die leegheid waarin die afdruk van die voet nie behoue bly nie en die klank van die stemme wegwaai skaars nog hoorbaar op die wind'. Die mense wat die verlede wil opteken en wil karteer, kan 'kyk en luister … maar om te verstaan, is nouliks meer moontlik. Die verlede is 'n ander land'".

"Die verlede is 'n ander land: waar is die pad wat soontoe loop?" word nie alleen as die openingsin van *Verliesfontein* gebruik nie, maar kom ook in al drie die *Stemme*-romans voor. Gerrit Olivier laat val in sy reaksie op die roman *Die Uur van die Engel* die aksent op die temporele, deurdat hy dit beskryf as 'n "Proustiaanse roman (wat) deur die volgehoue besinning van elke sprekende stem en karakter op die misterie van die verbygegane tyd" fokus (1995). In haar artikel oor "ruimtelike geskiedskrywing" in *Die uur van die engel* verlê Viljoen (1999b:55) die aksent in die rigting van ruimtelikheid vanweë die prominensie van die metafoor wat die verlede gelykstel aan 'n ander land. Die voorstelling van die verlede as 'n ander land lei byna vanselfsprekend daartoe dat die ruimtelike metafoor van die pad in die roman gebruik word vir enige poging om die verlede te bereik of rekonstrueer.

Die roman *Verliesfontein* benadruk deurgaans die onvermoë van die mens om die verlede volledig te rekonstrueer en die sin daarvan te begryp. Die skrywer-verteller beskou dus die hede en die verlede as twee ruimtes wat elk hul eie reëls het. "Dit is geen droom waarin tyd en werklikheid opgehef is nie (...) maar werklikheid waarin tyd, ruimte, hegtheid, gewig en tekstuur hul onderskeie waardes ongeskonde behou het (...) en hy nie kan ingryp om die gang van sake te probeer rig of stuur nie" (31), want hy is "'n besoeker op 'n plek waar die instellings en die gebruike vreemd is" (17). Dit suggereer 'n waarnemingspunt wat die moontlikheid op vastigheid en die oorskoubaarheid van 'n bepaalde tyd of plek van die verlede ondermyn. Uiteindelik sê die verteller in "Besinning": "Elk het sy eie taak, of hare" (242); en: "die wêreld waarin ek my bevind, het sy eie chronologie en sy eie onverbiddelike logika" (238).

Die historiese en ook historiografiese perspektief wat hierdie roman bied, sluit dus aan by die tastende en soekende modus van die (ontdekkings)reisiger se tekste (Viljoen 1999b:58): "Die twee wêrelde bly egter afsonderlik, elk langs sy eie baan, en hy kan flitse van die ander waarneem, soos in 'n vreemde taal waarin jy in die loop van 'n gesprek hier en daar 'n woord of frase kan uitken wat jy toevallig reeds geleer het, sonder om hul onderlinge verband egter

te begryp of die betekenis van die mededeling te kan verstaan" (39). Hierdeur kry die wêreld van die verlede in die roman 'n sterk ruimtelike aksent. Soos Miss Godby se uitdrukking: "Tastend met my hande voor my uit, voetjie vir voetjie in die donker, het ek my pad deur hierdie nuwe wêreld gevoel" (220).

As 'n selfondermynende geskiedskrywer word die skrywer-fokalisator gekonfronteer met die moeilikheid van die interpretasie van die geskiedenis-elemente wat hy waarneem, en word hy daarvan weerhou om dit te verstaan. Want "[d]ie plek waar hy hom bevind, het sy eie reëls en konvensies" (29). Daarom weerhou die verteller homself van interpretasie: "Moenie probeer verstaan nie, moenie 'n verduideliking probeer vind nie, dit is al wat daar is, hier en nou, hierdie aand, hierdie donker, die stoep, die tuin" (69). Op hierdie manier ondermyn die skrywer-verteller selfbesinnend die moontlike inwerking van subjektiwiteit van die historikus in die historiese representasie: "Ten slotte is ek egter ook nie hier om vrae te stel of my aan ydele spekulasie oor te lewer nie, maar om te kyk, te luister en te onthou (...) dog bewuste begrip is ook nie nodig nie" (239). Aan die een kant bly die verlede wat die verteller wil agterhaal tog grotendeels verborge. Aan die ander kant is die roman *Verliesfontein* egter 'n besinning oor die moontlikheid om die verlede te agterhaal in die proses van geskiedskrywing, feitelik sowel as gefiksionaliseerd.

In die volgende afdeling word verder ondersoek hoe hierdie roman die problematiek van geskiedskrywing illustreer.

### 5.2.5 Die roman as illustrasie van die problematiek van geskiedskrywing

Wesseling (1991:120) definieer self-refleksiwiteit as die blootstelling van die outonomie van die narratiewe oor historiese gebeure ten opsigte van die gebeure self. Omdat die maak van geskiedenis behoort aan die *res gestae*, wil dit voorkom asof die refleksie oor hierdie onderwerp niks anders is nie as die tradisionele poging om 'n diskoers voort te bring wat die historiese gebeure self verteenwoordig. Tog is dit nie die geval nie, merk Wesseling (1991:120) op. Postmodernistiese self-refleksiwiteit lê volgens haar meer bloot as net die verskil tussen die historiese narratiewe en die gebeure self. Dit bevraagteken ook die bestaan van die *res gestae* as 'n onafhanklike vlak van historiese diskoers deur die "making of history" bloot te lê, deur byvoorbeeld die problematisering van die subjektiwiteit van geskiedskrywing, die gebrekkigheid van historiese kennis, die moeilikheid van interpretasie met betrekking tot historiese bronne en selektiwiteit.

Die problematiek van die outentisiteit van die voorstelling kan byvoorbeeld na die Amerikaanse "New Journalism" teruggevoer word. New Journalists het begin vrae stel oor die sogenaamde "amptelike feite" wat oor die Viëtnam-oorlog aan die Amerikaanse publiek opgedis is. "Wie skep die waarhede?" het hulle met Foucault-agtige belangstelling na die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

magstrukture agter die subjek gevra. Hierdie soort bemoeienis van die New Journalists het uiteindelik beteken dat joernaliste moet erken dat hulle vanuit 'n persoonlike perspektief skryf. Hulle sê: "Die illusie van sogenaamde 'objektiewe joernalistiek' moet verbreek word, daardie indruk wat geskep word dat slegs die 'ware feite', bevestig deur 'amptelike bronne', gerapporteer word ... Die eie, outentieke belewing is 'n groter waarborg vir 'waarheid'" (Van Heerden 1997a:74). So word in *Verliesfontein* die outentisiteit van onderskeie vorme van die historiese geskrifte deur die verteller-skrywer in "Besinning" as volg ondermyn: "Amptelike verslae, koerantberigte, sterfberigte, gemeentegeskiedenisse en gedenkboeke van die oorlog, berigte van ooggetuies en die herskeppings van latere navorsers, onsamehangende herinnerings, onbetroubare oorlewerings, oortuigde stemme waarvan die outentisiteit egter nie bepaal kan word nie, die onbeskroomde waagstukke van fiksie" (242). Die amptelike geskiedskrywing word in die roman bevraagteken. Hiermee probeer Schoeman om die historiese kennis se outentisiteit aan te tas, en sinspeel hy daarop dat die ook "amptelike bronne" as fiksie beskou kan word. Tegelykertyd word die meesternarratief ondermyn.

In dié proses waarin die geskiedskrywing sy outentisiteit verloor, speel die narratiwiteit en verbeelding van die geskiedskrywer 'n rol. Op grond hiervan moet latere navorsers die verlede herskep. Die skrywer-fokalisator in *Verliesfontein* ondermyn die outentisiteit van die geskiedskrywer se optekening van die verlede as volg: "Hoe weet ek selfs dat sy oë blou was? Die foto is vanselfsprekend nie gekleurd nie, ek kan nie onthou dat ek ooit 'n beskrywing van hom gelees het nie. Hoe kan ek seker wees dat dit inderdaad op sy verjaarsdag was, en hoe weet ek dat dit somer moet gewees het? Ek het nooit moeite gedoen om sy doop- of geboortedatum na te slaan nie, tevrede met die blote portret en die inligting wat daaruit afgelees kan word. ... sedert ek dit vir die eerste keer gesien het, *bly my verbeelding rusteloos om hom rondkring asof dit deur blote wilskrag moontlik sou kan wees om sy milieu te herskep en hom self ook weer tot lewe op te wek"* (73, eie kursivering); "Wat kan ek onthou of my redelikerwyse verbeel dat ek onthou?" (76).

Hierdie aanhalings roep Collingwood se bewering oor die rol van die verbeelding in geskiedskrywing in herinnering. Collingwood (1966:244) skryf: "[T]he historian aims at the construction of a coherent picture of the past, or a '*web of imaginative construction*'". Die geskiedskrywing as 'n "weefsel van verbeeldingryke konstruksie" word verder soos volg deur die verteller in die verhaal bevestig: "die gepubliseerde redevoering in die vorm van 'n brosjure waarvan enkele eksemplare bewaar gebly het: dit is al bewysstukke waaroor ek beskik (...) Dog ook dit was nie die einde nie; want op onvoorspelbare en onverklaarbare wyse het die oprigting van die steen die *verbeelding* (eie kursivering) aangegryp, en die nagedagtenis van die jong rebel het opgelewe en voortgelewe. Soos 'n mosterdsaadjie het dit in die skraal aarde van Fouriesfontein ontkiem en uitgegroei tot 'n boom waarvan die takke verbasend wyd gestrek het en waarin 'n verrassende verskeidenheid van voëls

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mettertyd neergestryk het" (86). Op hierdie manier beklemtoon Schoeman die rol van die verbeelding in geskiedskrywing. In die aanhaling laat die skrywer sien dat die weergawes van geskiedenis bepaal word deur die belang van die hede. Die historikus skilder 'n samehangende prent van die verlede op die basis van 'n bietjie inligting. Die samehangende strukture van historiese kennis kan dus beskou word as 'n funksie van die historikus se gedagte en verbeelding. Enige verbeeldingryke konstruksie van die verlede het ten doel om die verlede te herkonstrueer. Hierdeur word dus die outoriteit van ons historiese kennis op 'n natuurlike manier bevraagteken.

Die skrywer-fokalisator neem deel aan die proses waardeur Kallie sy *Epitome* maak. Wanneer die skrywer-fokalisator aan die einde van die roman sy hand plaas oor dié van die skrywende Kallie en saam met hom die woorde op papier vorm, vind die vereenselwiging tussen Kallie en die skrywer-fokalisator op 'n simboliese manier plaas. Die proses waarin Kallie sy *Epitome* skryf, word dus met die proses waarin die skrywer-fokalisator sy opdrag oor Verliesfontein skryf, vereenselwig, en dit kan verder as 'n proses van geskiedskrywing gesien word. Die skrywer-fokalisator besin soos volg oor Kallie se *Epitome*: "Dit is soos die navorsing vir 'n boek, dink hy, die aantekeninge, fotokopieë, knipsels en afdrukke wat versamel word, die lêers wat aangroei, die databank wat in omvang toeneem *terwyl in ongelyke tred hiermee iets gestalte kry wat meer is as bloot die som van sy onderdele en uiteindelik 'n lewe begin lei wat heeltemal onafhanklik daarvan is*" (64, eie kursivering). Hierdie aanhaling stel die proses ten toon waardeur byvoorbeeld uit die verskillende versamelde historiese data 'n boek van geskiedskrywing gemaak word. Die foto's en aantekeninge wat versamel is, word as 'n geskiedenisboek gerekonstrueer waarin al die historiese bronne "gestalte kry wat meer is as bloot die som van sy onderdele". Die potensiële konflik tussen die verlede en hede word hier nie verdoesel nie, waardeur die subjektiwiteit van die herskrywer in die hede uitgelig word as deel van die teks of die geskiedskrywing (Viljoen 1991:65). Die versamelings speel hul "rol" in die geskiedskrywing as 'n deel van die geskiedskrywer se narratiwiteit, of as 'n deel van "the making of history as the imposition of a plot on a plotless reality" (Wesseling 1991:120).

Wesseling (1991:128) meen: "Narrative is not a transparent medium for representing historical reality ... In other words, narrative has cognitive implications all its own, which imposes a specific shape on historical reality before the latter can become an object of historical inquiry and representation." Historiografiese metafiksie maan ons dus dat ons aan daardie gebeure naam en status verleen by wyse van narratiewe seleksie en rangskikking (Hutcheon 1988:97). Dit beteken egter nie noodwendig dat hierdie proses van rangskikking uit 'n bevoorregte posisie of posisie van outoriteit geskied nie. Dit is altyd 'n twyfelende terugblik, merk Van Heerden (1997a:68) op. Die skrywer-fokalisator in die roman lê die narratiwiteit bloot "om hierdie werklikheid in terme van 'n skynbaar logiese opeenvolging van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

insidente en 'n geordende progressie van oorsaak na gevolg te probeer oordeel" (238). 'n Mens kan sien hoe Schoeman in *Verliesfontein* die outonome geskiedskrywing problematiseer wat in die konvensionele historiese romans gevind kan word: "Hoe ver is dit nodig om te gaan; hoe naby is dit moontlik om te kom? Op vrae soos hierdie is daar egter geen pasklaar antwoord nie, en slegs proefondervindelik kan mens iets uitwerk wat by gebrek aan alternatief as antwoord sal kan dien" (14); "En elders, in die dorpsmuseum miskien, in die konsistorie, in laaie of op solders, is daar verdere foto's wat moontlik Fouriesfontein voorstel of anders so goed moontlik daarvoor moet instaan, of ander fragmente waaruit mens gissend en tastend 'n soort legkaart van die verlede sou kan saamstel" (10); en: "Stukkies van die legkaart ontbreek na soveel jare onvermydelik en sal nie teruggevind word nie, dog dit is volledig genoeg om die geheelbeeld of -patroon uitkenbaar te maak" (11).

Soos Wesseling (1991:126) beweer: "our insights into the past are determined by the types of questions we put to the source materials ... [a]ccordingly, the historian only selects as noteworthy those historical data that fit into the picture which he has in mind." Die verteller in die roman sinspeel op dié proses van die geskiedskrywing, en vergelyk dit met "die spel van lig en skadu wat deur die projektor opgetower is" (83): "Is hy soos hy hier te voorskyn tree eerder die skepping van my alte lewendige verbeelding, opgetower uit 'n paar foto's, 'n notuleboek, koerantberigte en 'n handvol brosjures en pamflette, 'n beeld so moedswillig en subjektief soos dié van 'n romantiese, dromende jong Boereseun wat van 'n enkele foto geabstraheer is ...?" (82). Dié verteller-karakter se bevestiging van die aard van die geskiedskrywer se belange herinner aan Arthur Danto se woorde, naamlik "One does not go naked into the archives" (aangehaal deur Wesseling 1991:126). Lessing (in Wesseling 1991:120-121) merk op "that historical knowledge is shaped by certain basic emotional needs, and that historiography above all satisfies the need for an identity. Accordingly, historical narratives invariably project the historian's image into the past." Hierdie idee kom ook in die volgende aanhaling voor waar die skrywer-fokalisator Kallie se *Epitome* vergelyk met 'n film wat sal geredigeer word:

> Eerder soos 'n film wat wag om gesny en geredigeer te word (...) hier in die donker waar sy herinnering skielik vooruit beweeg of teruggryp na die redigeertafel en die lusse film, die verspreide, onsamehangende snitte of skote van onverklaarbare en onverklaarde handeling, dikwels in die middel van 'n gebaar afgesny, wat uitgesoek, gesny en gelas moet word, eers in hiérdie kombinasie, dan weer in dáárdie, totdat hul onderliggende sin duidelik geword het of 'n willekeurige maar oortuigende sin daaraan opgelê kan word (64-65).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


Wesseling (1991:120) merk op, "the narrator in historiographical texts tends to present the outcome of his inquiries as a finished product, without drawing too much attention to the laborious efforts which have gone into the construction of a coherent version of history". *Verliesfontein*, aan die ander kant, onthul die beperkinge op historiese navorsing en narratief in so 'n mate dat die rol van die verbeelding in die vervaardiging van die verskillende historiese beelde beklemtoon word. Die skrywer-fokalisator bevestig die proses van geskiedskrywing as "a projection of the historian's consciousness" (Wesseling 1991:85): "Wat moet mens aanvang met hierdie versameling brokstukke en fragmente, onsamehangend soos die toevallige sameraapsel van skenkings en bemakings in die vertoonkas van 'n dorpsmuseum? Is dit werklikheid hierdie of versinsel? Werklikheid moet dit by implikasie wees, want fiksie sou gladder afgerond wees en meer oortuigend aangebied, met minder herhalings en interne weersprekings" (237).

Die klem op die tekstuele en gepaardgaande interpretatiewe basis van geskiedskrywing regverdig die bevraagtekening van die feitelikheid van geskiedskrywing en gee meer gewig aan die "onvermydelike subjektiwiteit van die tekstualiseerder" (Vijoen 1991:60). "[T]he idea that our versions of the past constitute an incurably partial and preconceived body of knowledge seems to have become a widely accepted notion among postmodernist novelists", merk Lessing op (aangehaal in Wesseling 1991:122). Hy verwys na die metodes van historiese navorsing en vertelling, 'n ondersoek na die metodes waarin die subjektiewe verbeelding die *res gestae* vervorm. Die blootlegging van die grens tussen fiksie en geskiedskrywing in *Verliesfontein* spreek sake aan wat ook deur die filosofie van die geskiedenis geproblematiseer is.

### 5.2.6 Gemarginaliseerde geskiedenisse - eks-sentrisiteit

Die bevraagtekening van een allesomvattende waarheid hou ook verband met die aard van historiografiese metafiksie. Linda Hutcheon verduidelik in haar boek *A poetics of postmodernism* (1988) hoe die ouer, historiese roman - soos dié geskryf deur byvoorbeeld Dickens - verskil van historiografiese metafiksie. Hutcheon se leesverslag van Lukács se stellings oor die historiese roman lei tot 'n uiteensetting van die kenmerke van historiografiese metafiksie. Lukács se eerste stelling is dat die protagonis in 'n historiese roman 'n tipe moet wees, 'n sintese van die algemene en die besondere, 'n ineenvoeging van "all the humanly and socially essential determinants" (Hutcheon 1988:113). Maar, beweer Hutcheon, die protagoniste in historiografiese metafiksie is ver daarvandaan. Hulle is geen tipes nie, maar eks-sentriese karakters - "ex-centrics" (Hutcheon 1988:114) - wat as gemarginaliseerde, periferale figure wégstaan van die sentrum. Ter sprake is dus 'n postmodernistiese onderskrywing van andersheid en pluraliteit. Die toepaslikheid van hierdie opmerking kan ook in Schoeman se roman ondersoek word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die versameltitel *Stemme* van Schoeman se trilogie merk ons dat hierdie trilogie met die volgende motto aan die begin van *Verliesfontein* 'n aanvang neem:

> *Solche Stimmen nun, haufenweise. Als hätte jemand eine Schleuse hochgezogen, hinter der die Stimme eingesperrt waren.*
>
> Christa Wolf / *Kindheitsmuster*

In *Verliesfontein* probeer Schoeman om dié versluierde stemme hoorbaar te maak. Onder andere in verband met Schoeman se poging om dié soort stemme van mense van 'n eeu gelede te aktiveer, haal Johann Rossouw (1998) die volgende woorde van Derrida aan in sy artikel, "Tapisserie uit weefsel van gewone mense se lewe: Versugting na iemand wat luister": "verantwoordelikheid en geregtigheid begin nie by die self nie, of selfs by die ander wat by my is nie, maar by dié wat nie hier is nie: hulle wat afwesig is, hulle wat nog gebore moet word, maar veral ook hulle wat gesterf het, wat nie meer hier is nie. En dan wanneer ons begin besin oor verantwoordelikheid teenoor hulle wat nie meer hier is nie, is ons in die ryk van die geeste". Wat Derrida filosofies met daardie aangrypende woorde bereik het, kry Karel Schoeman in *Verliesfontein* reg, skryf Rossouw (1998).

Hierdie idee word duidelik geïllustreer deur die volgende besinning van die verteller oor foto's van meer as 'n eeu gelede: "Sommige van hierdie portrette is geïdentifiseer, terwyl ander weer voorsien is van name wat niks meer beteken nie, dog die meeste van diegene wat op hierdie wyse verewig is, is naamloos en sonder geskiedenis, vergete asof hulle nie eers bestaan het nie: 'Ek het geleef,' fluister hulle teen die stilte in; maar wie is daar wat hoor?" (10). In *Verliesfontein* werk Schoeman 'n nuwe perspektief op geskiedenis-interpretasie en ook op geskiedskrywing uit deur sy poging om ons ore te open vir die stemme van die naamlose, die vergete of onbekende mense wat fluister teen die stilte in: "Ek het ook geleef". Hierdie roman is "'n poging om aan die nooit-gehoorde stem te gee", sê George Weideman (1998).

Hierdie poging word eerstens gevind by Schoeman se keuse van die drie karakters wat hy as vertellers gebruik. Die drie stemme - Alice, die dogter van die Engelse magistraat, Kallie, die kruppel Afrikaanse magistraatsklerk en Miss Godby, die suster van die oorlede dokter - is nie bevoorregte getuies van dié tyd nie. Al drie is tydens die aanwesigheid van die Boerekommando vasgevang in hulle huise omdat hulle Engels is of, in die geval van Kallie, van Engelse lojaliteite verdink word. Dat die stemme wat oor die oorlog vertel Engels of Engelsgesind is, beklemtoon volgens Renders (1999:124), natuurlik ook dat die oorlogsgebeurtenisse vir die Afrikaner vanuit die invalshoek van die "vyand" benader word.

Eerstens is daar Alice, die dogter van Fouriesfontein se Skotse magistraat. Aan hierdie minderjarige meisie gee Schoeman 'n stem om oor die geskiedenis te praat wanneer sy 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ouer vrou is. Sy was sekerlik nie 'n sentrale figuur in daardie dorp se geskiedenis nie. Oënskynlik was sy dus ook nie 'n persoon wat deur die mense as belangrik beskou is nie. Haar gemarginaliseerde posisie kan onder meer herken word deur die feit dat Miss Godby selfs haar naam nie duidelik kan onthou nie. Miss Godby bieg: "Snaaks dat ek heeltemal nie meer haar naam kan onthou nie, die dogter bedoel ek nou ... Ellen, Elspeth, Emily?" (185); en: "Elspeth het met Mrs Rigby staan en praat, onthou ek - Elspeth, Emily? Laat ek maar sê Elspeth, dit maak tog nie saak nie" (186).

Na Alice is dit die vertelbeurt van die magistraatsklerk, Kallie Kleynhans, wat deur sy kreupelheid 'n buitestanderfiguur is en verder deur sy verengelsing afgesny word van die Boeregemeenskap waaruit hy kom. Hy kon ook nie 'n belangrike lid van die Engelssprekende gemeenskap gewees het nie. "Ook aan hom het ek so lank nie gedink nie, nie dat hy een van ons kring was nie, nie een van ons huisvriende nie, laat staan nog een van my eie vriende, hy was net die mannetjie wat in die magistraatskantoor gewerk het", onthou Alice vir Kallie: "Hy het nooit eintlik aan ons gesprek deelgeneem of selfs veel bygedra nie, *net eenkant gesit in die skadu* ... Dikwels het ek vergeet dat hy daar is in die hoek van die kamer en het ek dan geskrik wanneer ek hom skielik gewaar, soos 'n skaduwee anderkant die lamplig. (...) *hy is ook vir niemand van belang nie"* (115-6, eie kursivering). Kallie word onthou as 'n mens wat net eenkant in die skadu van die dorpsgemeenskap gesit het. Kallie se buitestanderskap word op 'n simboliese manier beklemtoon, met ander woorde hy word meestal "in sy swart pak" (115), in 'n donker ruimte soos in die "hoek" (115) of in die "skadu" (115) voorgestel. Soos in talle van Schoeman se romans speel die kontras tussen lig en donker 'n belangrike rol in hierdie roman as 'n beklemtoning van opposisionele situasies.

Schoeman gebruik as derde stem dié van nog 'n gemarginaliseerde figuur in die dorpsgeskiedenis: Miss Godby is "'n bejaarde oujongnooi wat na al die jare nog gebroke Hollands praat, die oorlede dokter se suster" (203). Op 'n stadium bieg sy oor haarself: "Miss Godby die oorlede dokter se suster, en Mrs Kemble, die weduwee wat hulle die 'mal vrou' noem (...) Wie maak nog 'n onderskeid tussen ons twee?" (203). Op hierdie manier word Miss Godby se onbelangrike posisie in die dorpsgemeenskap blootgelê.

Dit gaan dus hier om bostaande drie getuies, wat elkeen telkens erken dat hulle ongeskikte getuies van die oorlog is, en ook marginaal is met betrekking tot die oorlog en die hoofsaaklik proto-Afrikanerdorpie Fouriesfontein: Alice en Miss Godby weens hul nie-Afrikaansheid, en Kallie weens sy werk by die Skotse magistraat en verengelsing. Wat hierdie drie getuies kan vertel, is net wat hulle onthou en gehoor het oor die oorlog, en die belangrikste is dat die geskiedenis wat deur die gemarginaliseerde vertellers gepraat word, sentraal gestel word in hierdie roman. Schoeman aktualiseer die drie karakters nie net as die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ander nie, maar as mense wie se subjektiwiteit erken word. Hulle is besig om in die sentrale posisies wat onderskeidelik aan hul gegee is, hul eie stemme te laat hoor.

Maar waarom gebruik Schoeman hierdie drie onbetroubare getuies, wie se onbenullige lewens so maklik vergeet kan word, om iets oor die geskiedenis tydens die Anglo-Boereoorlog te vertel? Wat probeer Schoeman met sy karakterisering van hierdie drie gewone mense in die ongewone omstandighede vir ons te laat hoor?

Rossouw (1998) merk op:

> Karel Schoeman is besig om veral in die negentigerjare in roman ná roman geduldige tapisserieë te weef uit die weefsel van gewone lewens, om ons te leer dat alles ineengeweef is, dat alles belangrik is, dat elke menslike geluid getroetel moet word. En in *Verliesfontein* word ons as getuies geroep voor die geeste van daardie lewens, kan ons meedoen om elkeen van daardie stemme weer te laat hoor, kan die leser self 'n getuie word van die onmoontlike en onvermydelike poging om nooit te vergeet nie.

Die (her)waardering van die verlede vanuit die oogpunt van die swakkere, die lydende en die gemarginaliseerde, naamlik vanuit die "eks-sentristiese" subjektiwiteite, bevraagteken die aanspraak op die universaliteit van humanisties-gebaseerde kennisraamwerke en ontmasker die gevestigde diskoerse wat gekoppel is aan die behoud van mag. Volgens John (2000a:14) skep hierdie benadering 'n ruimte waarin nie alle diskoerse aan 'n onophoudelike en oneindige "dekonstruksie" onderhewig is nie en waar daar wel plek is vir diskrete groeperings. 'n Diskrete diskoers of groepering word nie aan 'n dominante oorkoepelende abstrakte waardestelsel gemeet nie, maar moet soos hierbo (3.3) ondersoek is, in die eerste plek gesien word as deel van 'n verhouding tussen 'n aantal verskillende diskrete eenhede. In Hutcheon se woorde, die konsep van andersheid (gebaseer op tweeledige teenstellings wat hiërargieë wegsteek), maak plek vir verskille, wat bydra tot die handhawing van 'n gedesentraliseerde gemeenskap en nie van gesentraliseerde eendersheid nie (1988:12). Met Schoeman se "eks-sentristiese" karakterisering in *Verliesfontein* word dit beslis nie anders gestel nie. Die drie karakters wat in die Afrikaner-nasionalistiese geskiedskrywing moontlik in 'n gemarginaliseerde posisie was, tree nou as vertellers van die geskiedenis op. Dit kan as 'n simboliese handeling van die outeur geïnterpreteer word, naamlik as die verskaffing van 'n plek aan die verskillende rasse en vir diskrete diskoerse in 'n post-apartheid Suid-Afrika.

Die literêre uitdrukking van eks-sentristiese groepe vind nie in 'n vakuum plaas nie, maar teen die agtergrond van die voormalige sentrum, oftewel die gevestigde tradisie wat nie geheel en al verwerp word nie, maar eerder "gebruik", aangepas, gekritiseer, geparodieer word. Bauman beweer dat 'communal togetherness' in die postmodernistiese wêreld

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moontlik kan wees wanneer die ander as 'n gelykwaardige subjek in die diskoers-skepping gerespekteer word. Hy sê: "Tolerance requires the acceptance of the subjectivity (i.e. knowledge-producing capacity) of the other who is to be 'tolerated' ... Tolerance reaches its full potential only when it offers more than the acceptance of diversity and coexistence; when it calls for the emphatic admission of the *equivalence* of knowledge-producing discourse; when it calls for a *dialogue*, vigilantly protected against monologistic temptation; when it acknowledges not just the *otherness* of the other, but the legitimacy of the other's interests and the other's right to have such interests respected and, if possible, gratified" (Bauman 1992:22).

'n Mens kan dus *Verliesfontein* as 'n veelstemmige/polifoniese verhaal beskou waarin postmodernistiese dialoog met en toleransie teenoor die ander as moontlikheid gestel word. Mikhail Bakhtin (1895-1975) gebruik die term "dialogisme" as dit wat téén die monologisme van een heersende, objektiverende en afgeslote diskoers ingaan. In sy bespreking van taal en diskoerse ondersoek hy byvoorbeeld in 'n roman hoe die verskillende "stemme" en opinies, die verskillende diskoerse, die outoriteit van 'n enkele stem kan beïnvloed. In sy bewering oor die polifoniese aard van die roman vergelyk Bakhtin monologiese, gekanoniseerde genres met dialogiese of polifoniese prosa-literatuur. Volgens hom domineer 'n enkele stem waardeur 'n enkele wêreldblik uitgedruk kan word in 'n monologiese genre, maar dialogiese letterkunde vervat die veelstemmige verweefdheid van die verskillende spraakhandelinge daarin. In die monologiese raamwerk, "the intellect contemplates an object and makes statements about it. In this case, there is only one subject, both cognitive (contemplating) and speaking (locutionary). It confronts a numb object" (aangehaal deur Bauman 1992:22).

Die argument vír die dialogisme en téén die monologisme het 'n sterk politieke kleur in die geval van Bakhtin, merk Viljoen op. Viljoen (1993b:315) beweer, binne 'n bepaalde politieke bestel sou die monologisme verstaan kan word as 'n poging om kultuur te sentraliseer tot 'n monoloog wat voorgee om objektief, allesinsluitend en afsluitend te wees. Hierteenoor gee die dialogisme voorkeur aan veelstemmigheid en die integrasie van verskillende diskoerse.

'n Toepassing van hierdie denke is moontlik met betrekking tot die Suid-Afrikaanse situasie en die Afrikaanse literatuur. Voor 1960 toe 'n nasionalistiese letterkunde verwag is, sou 'n mens in breë veralgemenende terme kon sê dat die Afrikaanse letterkunde monologies is. Na 1960 het die Afrikaanse letterkunde toenemend dialogies geword: die era vanaf republiekwording tot en met 1976 word deur Ampie Coetzee (aangehaal in Roos 1998:51) as 'n afsonderlike literêre periode beskryf. Ter motivering van dié afbakening karakteriseer hy die aard van hierdie era as "'n krisis, die konsolidasie van wit hegemoniese mag, repressie, 'n oplewing in die ekonomie, 'n vernuwing in die Afrikaanse letterkunde". Roos

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skryf verder dat die twee spesifieke krisissituasies wat hierdie jare omarm, die Sharpeville-tragedie van 1960 was, en die landswye opstand van skoolkinders wat in 1976 in Soweto begin het na aanleiding van die regeringsvoorneme om Afrikaans as onderrigmedium vir bepaalde vakke in swart skole verpligtend te maak. Die vyftien jaar tussen 1961 en 1976 het inderdaad 'n verskerpte stryd tussen Afrikaner-nasionalisme en swart aspirasies gebring; 'n konflik wat die Afrikaanse prosa direk en indirek sou raak (Roos 1998:51). In die negentigerjare vind ons veelstemmige letterkunde, wat die monologiese stem verwerp en aan verskeie karakters sentrale posisies of stemme probeer gee. Dit is een van die belangrikste doelstellings wat Schoeman nastreef deur die bevraagtekening van die outonome stem in hierdie roman. Dit word duidelik gesien in die titel van die trilogie, *Stemme*.

### 5.2.7 Die ondermyning van die outonome meesternarratiewe deur die vertel van kleingeskiedenisse

Op hierdie manier, soos in Bakhtin se idee en volgens die postmodernistiese beskouing, word ook in Schoeman se roman die monologiese posisie van die outeur of die subjek van geskiedskrywing bevraagteken. Die bevraagtekening van die subjek se monologiese stem beteken ook die ondermyning van dié stem se outentisiteit. Burger (2001:89) skryf: "In recent novels the emphasis is not merely on an undermining of the 'official', 'accepted' versions of the past, not only an exposure of the 'lies' and the consequences of this single nationalist narrative, but also on a positive search to find a new story about the past, to find a new identity. One of the most important authors in this regards is Karel Schoeman."

In Schoeman se biografiese werke, soos *Merksteen* (1999), word die klein storie, die *petite histoire* van onbelangrike individue vertel. In hierdie proses word talle mites oor Afrikaner-helde afgebreek. Dit strek egter verder as dit. Die individu se verhaal (en identiteit) word gered van die oorweldigende en onderwerpende enkel-groepsidentiteit. Schoeman volg ook hierdie tema in sy verhale. Sy *Stemme*-trilogie word gekenmerk deur die stemme van onbelangrike individue (Burger 2001:89).

Die meesternarratief van die (Suid-)Afrikaanse geskiedenis het sy geldigheid verloor, sê Renders (1999:118). Die drie vertellers in *Verliesfontein* getuig van dié geskiedenisse wat nie in die amptelike geskiedskrywing teruggevind kan word nie. Die drie karakters vertel vanuit hul eie persoonlike perspektiewe elk 'n alternatiewe geskiedenis wat nie een algemeen aanvaarde en absolute waarheid of verhaal propageer nie. Soos Van Heerden (1997b:23) gesê het, gaan dit oor eks-sentrieke individue wat 'n kleingeskiedenis inskryf teen die metanarratiewe van 'n makrogeskiedenis in, om sodoende opnuut aandag te vra vir die openbaarmaking van private geskiedenisse. In *Verliesfontein* word hierdie drie karakters se vertellinge oor die oorlogstyd ontplooi deur hul gebrekkige herinneringe aan daardie tyd. Alice vertel van haar eie herinneringe oor die oorlog:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> Daardie stemme - wanneer ek aan die oorlog dink, wanneer ek iets oor die oorlog probeer onthou, is dit maar altyd die stemme wat ek onthou en die geluid van die perde in die straat en by die Fouries se huis langsaan. Dit is al wat die oorlog vandag nog vir my beteken as ek probeer terugdink: die stemme by die voordeur en Minnie se stem in die sitkamer, Adam Balie wat by die gang af roep, of voetstappe miskien op die stoep, iets wat in 'n ander kamer gebeur, buite in die straat of by die Fouries se huis, in Minnie se skooltjie in die lokasie, nooit in my nabyheid nie. (...) ek weet maar net wat ek per toeval gehoor het (117-8).

Die oorlog vir Alice was nie die skerpe botsing tussen Boer en Brit nie. Die oorlog wat sy ervaar het, beteken eerder wat sy gehoor het gedurende daardie tyd, soos die stemme van Minnie of Adam Balie: "Om my oor die oorlog te probeer uitvra, het geen sin nie, ek weet maar net wat ek per toeval gehoor het, (...) Is dit die moeite werd dat ek sulke dinge oorvertel? Dis tog van geen belang, dis vir niemand interessant nie" (117-8). Die persoonlike geskiedenisse wat in hierdie roman uit die perspektiewe van vergete en verstote vertelfigure aangebied word, sluit aan by die tydgenootlike tendens van persoonlike geskiedskrywing.

Ook vir Kallie is sy boek, *Epitome*, belangriker as "die kongres op Worcester en die onrus in die distrik en hoe die Boere die dorp beset het" (137). Hy sê op 'n stadium: "soos die oorlog vir party mense belangrik was, of die Afrikaner Bond of die protesvergadering op Worcester, so was dit my skryfwerk wat vir my belangrik was; ek het in my kamer gebly in ant Marie se huis en aangegaan met my werk, met my papier en my boeke by lamplig in die aand, en vir my was hierdie dinge belangrik" (137); en: "Dit is eintlik al wat ek van die oorlog op Fouriesfontein onthou, hoe Isaak my vroeg daardie oggend kom wakker maak oor die Boere in die distrik is en Mr Macalister die geld en die boeke van die magistraatskantoor Beaufort toe moet vat sodat hulle dit nie in die hande sal kry nie: dis al wat ek weet" (166). Kallie keer soos volg terug na daardie tyd met sy liefdesgevoel teenoor Alice: "tussen die bome en die takke van die tuin kon ek Miss Alice se helder rok sien soos sy by die tuinpaadjie op stap met haar kop geboë, die helderheid van haar rok tussen die groen en die stilte van die vroeë oggend kort na sonop *waar ons twee alleen was*" (147-148, eie kursivering).

Kallie se vertellings van die oorlogstyd kan as die skryf van persoonlike *kleingeskiedenisse* beskou word. Op hierdie manier word die verskillende stemme met hul eie "waarhede" oor die verlede aan die orde gestel. Modernistiese outeurs keer terug na 'n strategie wat dieselfde boodskap op 'n implisiete wyse oordra, naamlik veelvoudige fokalisering, merk Wesseling (1991:85) op. Deur verskillende oogpunte van dieselfde historiese voorwerp langs mekaar te plaas, kan die skrywer die veelvuldige vertolkbaarheid van die verlede uitwys. Soos Ibsch (1993:186) beweer: "Instead of one grand narrative (*métarécit*) there are many little stories (*petites histoires*), which are all of equal importance and value and exist

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

alongside each other." Telkens sê die verteller-karakters van *Verliesfontein*: "*Kyk na my; luister na my. Ek het ook eens gelewe"* (148), soos hulle hul as geregverdigde vertellers van die geskiedenis aanmeld. Op hierdie manier word die geskiedenis van "one grand narrative" bevraagteken en word die alternatiewe geskiedenisse van die gewone en gemarginaliseerde mense voorgestel. In die konteks van post-apartheid Suid-Afrika kan dit ook as die outeur se kritiese besinning oor die vroeëre eenstemmige narratief van die Afrikaner-nasionalistiese geskiedskrywing beskou word.

Miss Godby begin haar storie met die volgende sinne: "Ek is nie die regte persoon om oor die oorlog te vertel nie, ek kan geen vrae daaroor beantwoord nie ... en selfs daarby was ek nie betrokke nie ... daar's soveel ander mense wat meer gesien of gehoor of meegemaak het, wat meer gely het selfs as ek, hoe kan ek namens hulle praat? Ek kan maar net vir myself praat en vertel wat ek onthou, *hoe gewone mense in ongewone omstandighede met hul lewens probeer aangaan het, is dit belangrik, is dit selfs interessant?"* (177, eie kursivering). Deur die aandag te vestig op die gewone figure of deur 'n nuwe lig op die verlede te werp, word die verborge kante van die geskiedenis belig. In sy bespreking van *Nag van die Clown* merk Van Heerden (1997a:44) op dat Lyotard se idees oor meesternarratiewe Suid-Afrikaanse skrywers bedag gemaak het op die moontlikhede tot hul beskikking: omdat die tekste ágter die amptelike leuen wou inbeweeg, word dié optekening dít wat 'n mens, in die taal van Foucault, "counter-memory" kan noem. "Counter-memory" gryp eerder in op die geskiedenis as wat dit die geskiedenis wil probeer boekstaaf. Volgens Van Heerden (1997a:44) wil dié verhale aktief inbeweeg op wat Lyotard "metanarratiewe" noem. Die funksie van die meesternarratiewe word omskryf as synde "to ground and legitimate the illusion of a universal human story" (Van Heerden 1997a:44).

Daarom verskuif postmodernistiese tekste die fokus dikwels na die "kleiner" verhale, of kleingeskiedenisse. Die postmodernistiese teks wil dus inskryf téén die wyse waarop politici of kultuurleiers meesterverhale aan die gewone mens wil opdwing ten einde politieke of kulturele opposisie uit te wis. Oor historiografiese metafiksie merk Hutcheon (1988:94) op: "To elevate 'private experience to public consciousness' in postmodern historiografic metafiction is not really to expand the subjective; it is to render inextricable the public and historical and the private and biographical". In Schoeman se roman word hierdie vermenging van die private en die openbare wel waargeneem: die historiese gebeurtenis (Anglo-Boereoorlog) word deur die stemme van die gewone mense oorvertel, en hierdie kleingeskiedenisse kry dan ook die publieke, politieke posisie waarbinne die monolitiese geskiedsbeeld ondermyn en afgebreek kan word. In *Verliesfontein* word aangedui hoedat die kleingeskiedenisse van die onderskeie karakters die meesternarratief ondermyn.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Miss Godby sê: "Van belangrike dinge, die dinge wat vir ander mense belangrik is, weet ek niks nie, ek het gewaarsku" (188); en "Ek vertel hoe *ek* dit ervaar het, hoe dit tydens die oorlogsjare op Fouriesfontein vir ons was, hoe ek dit onthou. Niks meer nie" (200-201, eie kursivering). Die stemme van die karakters wat oor die geskiedenis vertel, kan ook as die stem van Schoeman self geïnterpreteer word. Soos die verteller-karakter die verlede moet vertel, moet die outeur ook as 'n (geskied)skrywer die verlede vertel, terwyl hy wel die feit erken dat die verlede nie ervaar kan word nie en die waardestelling daarvan nie getoets kan word nie, dus: "Ek vertel dit soos ek dit self gehoor het, want as ek dit nie doen nie, onvolledig en onnoukeurig soos my verslag na alle waarskynlikheid ook is, wie anders sal dit doen, wie anders is daar wat rekenskap sal gee? Daar is niemand nie. / Laat ek dus maar op my eie manier verder gaan", soos Miss Godby (217-218) op 'n stadium opmerk. Die private geskiedenisse van die oorlog word op hierdie manier in die roman geprojekteer.

Schoeman stel dus in *Verliesfontein* nie die "School-version of history" van die Anglo-Boereoorlog ten toon nie, maar hy wys die moontlikheid van ander variasies op die geskiedenis uit. Dit is vergelykbaar met *Witnesses to War* waarin Schoeman, ook as 'n geskiedskrywer, die gewone mense se ervarings van die Boereoorlog skryf en versamel. Die skrywer laat die gewone mense se stem hoor as 'n proses van "transformation of personal story into shared history" (Ray 1990:134). Dit kan dus as 'n postmodernistiese uitdaging beskou word wat die domein van persoonlike narratiewe met dié van die politiek integreer deur die ondermyning van die meesternarratief. Op hierdie manier word die mag van die historiese representasie sowel ondermyn as bevestig in die herlees van die verlede.

### 5.2.8 Postmodernistiese parodie in die daad van verraad

In verskeie opsigte sluit *Verliesfontein* aan by die idioom van die postmodernisme: in die metafiksionele aanbod, in die versmelting van historiografie en fiksie, in die besef van die "onverwoordbare ervaring" (12) wat nooit presies deur taal gereflekteer kan word nie en in die weergawe van 'n "counter-memory" teenoor die meesternarratiewe van die tyd (vgl. Van Heerden 1997a:44). In die verloop van die verhaal gaan die roman egter ook teen die stroom van die postmodernisme in.

Die skrywer-fokalisator word gebruik as profete-figuur, wat die "ruïnes" van die dorp as 't ware uit die verlede weer tot lewe wek, en dis ook die moeite werd om aandag te gee aan die herintrede van die aanvanklike verteller aan die slot, "Besinning" omdat die roman hiermee 'n soort dualiteit verkry. Die skrywer-verteller begin dié hoofstuk met woorde soos: "Nou is dit my beurt, nou moet ek self verder praat, en die mom van anonimiteit, gedeeltelik of volslae, hoef nie langer volgehou te word nie. Ten slotte is dit tog erns, nie 'n maskerspel of speletjie nie: wie sou skryf as speletjie of ydele tydverdryf beskou?" (236). Viljoen (1999a) merk op dat wanneer die skrywer-verteller in "Besinning" sê dat hy "die mom van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

anonimiteit" gaan afgooi, 'n mens die indruk kry dat die outeur Schoeman hier aan die woord kom. Die skrywer-verteller beweer ook: "geeneen is bewus van my teenwoordigheid nie of vermoed dat hulle waargeneem word ... in die maanlig werp my liggaam geen skadu nie. Niemand weet nie" (236-237). Kannemeyer (1998) merk ook die volgende op: "Uit talle passasies, en veral die pakkende inset (bv. 'Hiér kan jy begin' (14) en 'die taak voltooi, die opdrag volvoer' (246)), bemerk 'n mens die hand van 'n skrywer wat uit nietige besonderhede 'n hele leefwyse uit die verlede kan opdiep." Deur hierdie pakkende inset lê die outeur Schoeman strategies die teenwoordigheid van die outeur in hierdie roman bloot.

Die beliggaming van die outeur se hand in "Besinning" kan ook na die teenwoordigheid van die geskiedskrywer se hand in historiese tekste herlei word. Dit blyk dat die idee van subjektiwiteit geaktiveer word deur die hoofstuk "Besinning" self as metatekstuele "[b]esinning" te kenmerk: "om te kan besin, moet daar immers 'n subjek wees wat *kan* besin", om Foster (2000:384) se woorde aan te haal. Deur die teenwoordigheid van die outeur in die roman word die postmodernistiese ondermyning van die outeurskap bevestig – dit is dus 'n strategie wat, "while ostensibly obliterating surface traces of the author, in fact call[s] attention to the author as strategist" (McHale 1987:199). Dit word op 'n konkrete manier as volg uitgebeeld. Die skrywer-fokalisator D in die hoofstuk "Besinning" beskou homself as 'n subjek wat vry is "om tot in die mees verborge intimiteite in te dring". Hy stel dit soos volg: "in stygende selfvertroue sal ek van kamer na kamer loop, deure oopmaak en die vertrekke een vir een verken, vry om tot in die mees verborge intimiteite in te dring (...) Wanneer ek die voetstap op die voorstoep, die hand op die deurknop hoor, sal ek die huis deur die agterdeur verlaat, geruisloos soos ek gekom het, en geen van die huisbewoners sal ooit vermoed dat hul besittings deur 'n vreemde hand betas of deur vreemde oë ondersoek is nie. Hul lewens sal hulle onverstoord voortsit, onbewus van die indringer en bespieder in hul midde, onbewus van ondermyning of verraad" (239-240).

Brink (1990) verwys na die verraad "van die verteller ten opsigte van wat tradisioneel sy 'stof' of sy 'materiaal' genoem is. Oftewel: die verraad van die 'werklikheid' in en deur die tekstualisering daarvan". 'n Ander vorm van verraad wat in hierdie roman gepleeg word, is dié van die outeur Schoeman teenoor die tradisionele voorstelling van die Anglo-Boereoorlog, byvoorbeeld deur die demitologisering van die Afrikaner-held. Postmodernistiese parodie is 'n kontesterende herlees van die verlede wat met die tekstuele weergawes van daardie verlede in geding tree (Van Heerden 1997a:113). Hutcheon sien dit as 'n "paradoxical conviction of the remoteness of the past and the need to deal with it in the present" (Hutcheon 1989:95). Die blootlegging van die skrywer-verteller D se verraad en sy paradoksale herskepping van die verlede in die roman bied tog nie 'n eenvoudige konklusie nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die afdeling "Besinning" kom 'n mens onder die indruk hoe sterk die skrywer hom inleef in die verlede wanneer hy in die slotmoment sy hand plaas oor dié van die skrywende Kallie en saam met hom die woorde op papier vorm. Die verteller-fokalisator beëindig sy opdrag as volg: "die woorde gevorm word op die papier, sy *(Kallie se)* hand wat die pen vashou onder myne asof dit ek is wat dit voortbeweeg, terwyl ek my asem ophou en steeds nie weet hoe ver dit moontlik is om te gaan nie. (...) En dan? As hy dan opkyk, as hy my aankyk in my gesig, in my oë, nie verskrik of verras nie, maar *asof hy my verwag het, asof hy geweet het dat ek sal kom, of altyd geweet het ek is daar?* (...) Ek gaan uit deur die glasdeur sonder om dit agter my toe te trek, uit deur die tuin sonder om die hekkie agter my toe te maak, deur die leë strate van die dorp in die kleurloosheid van vroegoggend, en teen die heuwelhelling op; *die taak voltooi, die opdrag volvoer*" (246, eie kursivering). Dit herinner aan McHale (1987:201) se opmerking: "What is strange and disorienting about the postmodernist author is that even when s/he appears to know that s/he is only a function, s/he chooses to behave, if only sporadically, like a subject, a presence." Die sterk aanwesigheid van die historiograaf se hand word duidelik wanneer die verteller-fokalisator op 'n stadium bieg: "Ek is al wat dit sien, die enigste waarnemer, die enigste getuie (...) ek is al wat daarvan weet, en as ek dit nie opteken nie, sal dit verlore gaan asof dit nooit bestaan het nie" (89).

Wat is die betekenis van die sigbare optrede van hierdie subjek? Die doelbewuste aantoon van die outeur se stem in hierdie teks, kan as 'n voorbeeld van die postmodernistiese parodie beskou word. McHale (1987:21) beskryf parodie as volg: "Parody ... reverses the evaluative 'direction' or 'orientation' of the parodied model, while stylization retains the original 'orientation'." In die geval van "stilering" word die dominante van die oorspronklike bewaar, maar by die parodie bly dié dominante nie behoue nie (Van Heerden 1997a:114). Die hand van die skrywer in hierdie roman kan dus as 'n blootlegging van "die evaluerende rigting" in die proses van geskiedskrywing beskou word. Scheepers (1998:33) merk op dat postmodernistiese literatuur voortdurend in konflik met sigself is omdat dit iets wil weergee wat onmoontlik is. Hierdie ervaring is egter nie noodwendig negatief nie, omdat die skrywer hierin nuwe kreatiewe moontlikhede sien. "Dit kom tot uiting in die parodiërende postmoderne teks", skryf Scheepers (1998:33). Deur in die roman te laat blyk hoe die meesterhand ondermyn kan word, en terselfdertyd hoe die meesterhand ook kan bestaan, probeer Schoeman om 'n ander moontlikheid voor te stel om na die geskiedenis te kyk. Burger (2001:89) se kommentaar op Schoeman se verhaal verduidelik hierdie perspektief: "Narratives of individuals, struggling to find individual identity, a new moral identity. A singular version of history is made impossible. In the foreign country of the past, a country that we cannot enter readily, Schoeman is trying to find new stories, individual narratives on which a different moral identity can be based. Schoeman succeeds in doing this without conforming to a new 'dominant history'".

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

### 5.2.9 Die ophaal van die verlede as 'n ideologiese instrument: geskiedskrywing oor die Anglo-Boereoorlog as anti-geskiedenis

Reeds in die afdeling "Die rebel" (wat nog vanuit die perspektief van die reisiger-skrywer beskryf word) verskuif die fokus algaande van die Boereoorlogheld Giel Fourie, wie se graf hulle op Fouriesfontein wil besoek, na dominee J.J.G. Broodryk. Deur sy toedoen het Giel Fourie 'n heldestatus verwerf: "[...] sou dit te ver gaan om te sê dat dit deur die noeste arbeid van dominee Broodryk was dat jong Giel Fourie tot martelaar verhef is en tot legende en mite uitgegroei het?" (77). Met die aksentverskuiwing van Giel Fourie na die persoon wat vir sy heldestatus verantwoordelik is, val die klem in hierdie afdeling veral op die manier waarop sy dood aangewend is om die Afrikanersaak te dien. Renders (1999:123) merk op dat Schoeman hiermee die mitologiseringsproses waardeur die Anglo-Boereoorlog en die Boereslagoffers 'n aura van onkreukbaarheid, smetteloosheid en heldhaftigheid verkry het, aan die orde stel.

In hierdie roman leer die leser nie werklik vir Giel Fourie ken nie. Daar skaars aandag aan hom geskenk. Die held verskuif na die periferie, en eintlik was hy ook nie eens 'n held nie. Sy dood kom altyd onregstreeks ter sprake en word nooit in detail beskryf nie. Daar is geen enkele aanduiding dat Giel Fourie hom heldhaftig gedra het nie; die doodskoot lyk eerder na 'n ongelukkige toeval tydens 'n onbelangrike skermutseling in die Anglo-Boereoorlog.

Aan die ander kant groei die gebeure rondom Adam Balie tot die kerngegewe van die roman *Verliesfontein* uit. Kallie vertel aanvanklik niks van die Balie-geskiedenis nie. Wanneer dit aan die einde van sy vertelling wel geopenbaar word, is daar 'n sterk suggestie dat Kallie hierdie inligting aan die begin onderdruk het, omdat hy skuldig voel deurdat hy niks gedoen het om die onreg teen Adam Balie en teen die bruinmense in die algemeen te keer nie. Volgens Van der Merwe (1999:242) is sy obsessionele verontskuldigings (bv. 172, 173) waarskynlik tekens van skaamte en skuld. Maar ten slotte is daar tog blyke van genade vir Kallie. Kallie word die lyk van Adam getoon, met die suggestie dat hy moet bekend maak wat gebeur het. Kallie is die optekenaar, die skrywersfiguur, en ook hy kry sodoende 'n sinvolle rol in die gebeure. Schoeman verwys hiermee na die rol van die huidige (geskied)skrywer in die ideologiese omstandighede wat vroeër gemarginaliseerde geskiedenisse deel moet maak van die hoofstroom geskiedenis.

Vir Miss Godby is die mishandeling van Adam Balie 'n daad van onreg en van absolute boosheid: "Dit is wat ek met 'boosheid' bedoel of met 'duisternis' wanneer ek hierdie groot en gelaaide woorde gebruik: mag wat op onverantwoordelike wyse uitgeoefen word, misbruik word met die doel om te vernietig of te verwoes" (227). Die Boeremagte het hulle hieraan skuldig gemaak sodat, soos in *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*, hulle ook in *Verliesfontein* die verteenwoordigers word van die kwade (Renders 1999:125). Die heroïek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die Anglo-Boereoorlog en die optrede van die Boere word ondergrawe. Die teenstelling tussen die geskiedskrywing wat die Boere verheerlik en die Engelse stemme onderdruk (veral Miss Godby s'n, wat van groot medemenslikheid getuig ten opsigte van die bruin gemeenskap), is baie uitgesproke. Hiermee ondermyn Schoeman die vroeë monolitiese Afrikaner-nasionalistiese weergawe van die Anglo-Boereoorlog, onder andere die aansprake met betrekking tot die rasse-oorheersing deur die Afrikaner.

Hierdeur vind 'n belangrike aksentverskuiwing plaas. Die Anglo-Boereoorlog is nie langer 'n konflik tussen Afrikaner en Engelsman nie, maar een tussen die Boere en die bruin mense. Die Anglo-Boereoorlog is lank as 'n stryd tussen blankes beskou, en dit is eers betreklik onlangs dat die rol van bruin en swart mense nadere aandag ontvang het. Deur die aandag wat die roman gee aan rasseteenstellings kry die Anglo-Boereoorlog 'n totaal ander dimensie as wat meestal die geval is, volgens Renders (1999:125). Buitendien het die Anglo-Boereoorlog in terme van rasseverhoudinge 'n vernietigende nawerking gehad. Ook in sy artikel oor Abraham Esau merk Schoeman (1985:64) op:

> Wanneer al hierdie ooggetuieberigte oor die besetting van Calvinia in oënskou geneem word, word mens veral getref deur die felle wedersydse antagonisme tussen die Gekleurde bevolking en die Boere, en daarnaas ook deur die spanning wat klaarblyklik reeds tussen die Blanke en Gekleurde inwoners van die streek bestaan het en wat tydens die besetting uiting gevind het - soos berig word, 'every Dutchman in the neighbourhood who had a grudge against their native employés brought them before the Landdrost, who, without exception, awarded them a severe flogging' (*Cape Times Weekly* 20. 2. 1901).

Dit blyk ook uit die volgende opmerking van Schoeman (1985:63), "dog hy [Esau] en die mede-ondertekenaars van die lojaliteitsbetuiging was nie die enigste lede van die Gekleurde gemeenskap teenoor wie daar opgetree is nie. 'Never a day passed without some coloured people getting a lashing from the Boers'" (*Cape Times Weekly* 27. 2. 1901). Die koerantverslag waarin die vreugde van die Gekleurde bevolking van Calvinia by die koms van die Britse troepe beskryf word, noem dan ook as verklaring dat 'here in Calvinia they [d. i. die Boere] exercised brutal cruelty for the very slightest of offences, natives being flogged with heavy sjamboks, never receiving less than twenty-five lashes. If the native passed any of the Boers without saluting, they were often sent to gaol, where they received a heavy flogging. All those two, before the arrival of the Boers, had been known to openly express their pride at being British subjects were flogged unmercifully (...)' (*Cape Times Weekly* 20. 2. 1901)". Volgens Schoeman (1985:64) word daar by herhaling verwys na "'this wicked and brutal treatment of the native'" en "'the persistent and cruel floggings which they [d.i. Boere] dealt out to any native who gave them the slightest excuse, not merely by act or word, but even by their demeanour or their smiles and scowls' (*Cape Times Weekly* 20. 2. 1901)".

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Omdat die rasseteenstelling in die Anglo-Boereoorlog op die spits gedryf is, het die rasseverhoudings gedurende die hele twintigste eeu totaal versuur, beweer Renders (1999:125). Schoeman beweer, "[a]gter hierdie gewelddadige gebeure kry mens die indruk van veel groter angste, spanning en vyandigheid as wat bloot deur die oorlogsituasie verklaar kan word, want soos 'n koerantberig uit die tyd opmerk, 'apparently they [d.i. die Boere] seem to have let loose all their ancient hatred for the native and the coloured man' (*Cape Times Weekly* 20. 2. 1901)" (1985:64). In dieselfde gees argumenteer Schoeman ook in sy roman dat die Anglo-Boereoorlog die gesig van Suid-Afrika fundamenteel gewysig en die verskillende rasse definitief van mekaar vervreem het. Miss Godby merk in *Verliesfontein* op: "Nie net tussen die bruinmense en die Boere en hul ondersteuners het die verwydering sigbaar geword en tot bitterheid of uitgesproke vyandigheid uitgegroei nie; nie net dit nie, maar tussen hulle en óns Engelssprekendes het daar ewe goed verwydering gekom [...] Oor en weer loop die doringdraad, mens van mens geskei en verdeel in hierdie onversoenbare land" (233).

Schoeman beëindig sy artikel oor Abraham Esau as volg: "Intussen bly die vermoede dat die dood van Abraham Esau deel was van 'n patroon wat veel wyer strek as bloot die besetting van Calvinia, die Boere-inval in die Kaapkolonie, of selfs die Anglo-Boereoorlog as geheel" (1985:64). Volgens Renders (1999:126) kry die gebeure in *Verliesfontein* 'n universele dimensie deurdat uitdruklik aangedui word dat nie net die Boere hulle skuldig gemaak het aan ongeregtighede nie. Dit is simbolies van alle ongeregtigheid in die geskiedenis van die mensdom, volgens Van der Merwe (1999:229): in *Verliesfontein* word die geskiedenis gebruik as 'n basis om universele temas te verken. Renders (1999) en Van der Merwe (1999) beweer dat Schoeman op hierdie manier soek na algemene patrone en argetipiese betekenis. Myns insiens bied Schoeman geen historiese verklarings in sy roman nie, en ook geen terapeutiese middel nie. Die roman weerspieël eerder op ikoniese wyse die versplinterde wêreldbeeld en 'n chaotiese lewenservaring, soos wat kenmerkend is vir postmodernistiese literatuur (Scheepers 1998:24). Renders en Van der Merwe se kommentaar dat die roman dié universele waarde soek, gaan téén hierdie postmodernistiese fragmentering in wat Miss Godby in *Verliesfontein* op 'n stadium bevestig: "Dog wat bedoel ek met 'regstel', wat bedoel ek met 'troos', watter regstelling of vertroosting is moontlik?" (234).

Dit is trouens ironies dat Giel Fourie na die oorlog tot 'n held verklaar is, terwyl Adam Balie, die ware held omdat hy hom vrywillig aan die Boerekommando oorgegee het om die verdere swaarkry van sy mense te verhinder, nooit enige amptelike erkenning gekry het nie. Miss Godby praat hieroor: "(...) maar na die oorlog het daar niks gebeur nie, al het Mr Macalister 'n amptelike verslag ingestuur oor sy dood (...) Niks is dus met betrekking tot Adam Balie se dood onderneem nie. (...) Niemand het ooit oor Adam Balie gepraat nie, bruinmense of

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

witmense, en dit was asof hy vergeet is; net dat dit nie moontlik is om te vergeet nie, soos ek sê, en dat dit wat eenmaal gebeur het, vir altyd gebeur het en deur geen ontkenning of doelbewuste verswye uitgewis of ongedaan gemaak kan word nie. Nooit nie" (234-235). Die feit van die dood van Abraham Esau is 'n geskiedenis wat nie algemeen bekend onder Afrikaners is nie. Van der Merwe (1999:239) merk op dat Maxie Hugo, kurator van die Calvinia-museum, byvoorbeeld in twee onlangse artikels in *Die Burger* oor karakters van Calvinia in die Anglo-Boereoorlog, geen melding van Abraham Esau maak nie. Tereg skryf Bill Nasson, na aanleiding van die dood van Esau: "The cleavage produced by this historic melodrama has equipped Coloured and Afrikaner people in Namaqualand with two different histories and two different memories" (Nasson 1991:137). Deur sy roman maak Schoeman Afrikaners bewus van hierdie onderdrukte deel van hul kollektiewe geskiedenis. Volgens Kannemeyer (1998) kry die leser van *Verliesfontein* trouens die indruk dat sommige momente wat die verteller uit die verlede opdiep, na vore kom en dat die aktualiteit in die roman resoneer, al is daar van regstreekse toespelings geen sprake nie: "Hierdie meespeel van die aktualiteit verdiep die vraag na die geldigheid van die romanweergawe nog verder."

"Is dit nie die waarmerk van die letterkunde om dit wat as 'geskiedenis' aan ons voorgehou word, voortdurend te bevraagteken nie?" vra Weideman (*Die Burger* 1998) in sy resensie van *Verliesfontein*. Konvensionele studies oor die Anglo-Boereoorlog sien die oorlog wesenlik as 'n witmanstryd. In die uitgebreide oorlogsliteratuur is daar weinig te vinde oor wat die drie jaar van ontwrigting vir die swart- en bruinmense, die meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking, beteken het en watter rol hulle daarin gespeel het. Die storie van Adam Balie in *Verliesfontein*, die "terugskryf" van dinge wat voorheen op die kantlyn van die geskiedenis gelê het (soos die dood van Abraham Esau), kan as 'n belangrike stap op die weg na só 'n geskiedenis gesien word en ook in verband gebring word met 'n bepaalde postmodernistiese opvatting: "Die bevraagtekening van een allesomvattende waarheid lei daartoe dat daar 'n vraagteken geplaas word oor dié dinge wat gewoonlik in die middel staan en as die belangrikste beskou word. Om hierdie rede gee die postmodernisme dan ook aandag aan dié dinge wat vantevore uitgeskuif is na die randgebiede" (Foster & Viljoen 1997:13).

Miss Godby sê: "Ten slotte is dit vir my 'n kwessie van mag, sou ek sê, mag wat nie met 'n gepaste besef van verantwoordelikheid gepaard gaan nie, mag wat sonder wig of teenwig uitgeoefen word, sonder 'n stelsel van waardes wat dit sou kon rig of beheer, en sodoende onvermydelik misbruik word. Dit is wat ek met 'boosheid' bedoel of met 'duisternis' wanneer ek hierdie groot en gelaaide woorde gebruik: mag wat op onverantwoordelike wyse uitgeoefen word, misbruik word met die doel om te vernietig of te verwoes" (227). "In die vertelling van Miss Godby slaag Schoeman om deur middel van 'n roman oor die verlede kommentaar te lewer op hedendaagse kwessies soos die werk van die Waarheid- en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Versoeningskommissie", merk Viljoen (1999a) op. "Só dwing Schoeman se boek die leser opnuut tot besinning in 'n tydperk dat oproepe tot vollediger nasieskap en versoening voordurend opklink" sê Weideman (1998). Waarskynlik is Adam Balie se dood nie bloot die einde van sy lewe nie, maar die begin van sy inspirerende lewe in die herinnering van sy mense. Van der Merwe stel dit só: "die verlies van Adam se lewe is tegelyk 'fontein' - inspirasie en gids, suiwer bron van nuwe lewe" (1999:243).

Hier word aan die roman 'n rol as 'n propagandistiese instrument in die nuwe Suid-Afrika toegeken. Schoeman probeer om 'n herinterpretasie en 'n herskrywing van die bestaande geskiedskrywing te lei om diegene wat vroeër om bepaalde redes uitgesluit is, terug te bring in die geskiedenis. *Verliesfontein* word dus ook 'n besinning oor die wyse waarop geskiedenis in die verlede geskryf is en daar word gesuggereer dat die roman 'n geldige manier kan wees om die geskiedenis op te teken.

Op hierdie manier word literatuur as 'n bron van pluraliteit en kreatiewe stryd gesien. Wanneer die bestaande geskiedenis opnuut beskou word, open dit nie alleen die moontlikheid om nuwe tekste daarby te voeg nie, maar ook om die bestaande tekste te herlees en nuwe interpretasies daaraan toe te voeg. Hiermee kan dus ander latente moontlikhede aan die lig gebring word, waarin pluraliteit as 'n bron van kreatiwiteit gesien word, waarin ook die onderdrukte stemme inspraak het en as waardevol geag word. Binne die Suid-Afrikaanse konteks waarvan die samelewing by uitstek deur pluraliteit gekenmerk word, is dit een van die funksies wat *Verliesfontein* vervul.

## 5.3 *OP SOEK NA GENERAAL MANNETJIES MENTZ*

### 5.3.1 Vertellers / Oorsig

*"Op soek na generaal Mannetjies Mentz* is waarskynlik die mees opspraakwekkende Afrikaanse prosawerk wat in 1998 verskyn het", merk Renders (1999:117) op in die reedsgenoemde artikel oor dié roman en Schoeman se *Verliesfontein*. Volgens hom getuig dit van 'n verbluffende beheer oor die materiaal wat as romanstof gekies is: die storie gee aan die roman sy onverbiddelike stukrag maar die vertelwyse en veral die fyn hantering van taal sorg vir die intens emosionele impak daarvan.

Die verhaalstof handel oor die Anglo-Boereoorlog. Die historiese agtergrond waarteen die gebeurtenisse hulle afspeel, is die oorgawe van Martiens Prinsloo en 'n groot mag Vrystaatse burgers aan die Engelse generaal Hunter in Junie 1900. Die berge en nekke van die Brandwaterkom in die Oos-Vrystaat vorm die dekor vir die romangebeure. Hierdie roman, wat in dié tydvak afspeel, vertel die verhaal van die vernietigende ingryp van oorlog op die lotgevalle van gewone mense, van individue en families. Dit is die storie van die Naudé-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gesin van die plaas *Uitkyk*: die onverskrokke ma, die slim, uitgesproke dogter Soph, die jonger kinders onder wie Ounooi Roos wat bykans 'n leeftyd later in 1969 die familie se lotgevalle aan haar kleinseun oorvertel.

Met die uitbreek van die oorlog gaan skuil die vroue en kinders in die geheime spelonke hoog teen die berg op die plaas. Onder die groep is ook Anne, 'n ontluikende jong vrou wat haar met oorgawe gee aan 'n gedoemde liefde vir 'n gevange jong Kakie-luitenant, Charlie White. Deur die toedoen van genl. Mannetjies Mentz en sy wraakkommando wat in dieselfde poorte en nekke doenig is, word Charlie se lot onherroepelik verbind met dié van die Naudé-familie. Onder genl. Mentz se meelopers is daar egter ook Frans Naudé, wat later die pen opneem en sy oorlogsherinneringe neerskryf oor die gebeure in die poorte (Renders 1999:117).

Die boek bestaan uit vier afdelings. Die eerste is 'n inleiding deur die redakteur, 'n amateurhistorikus wat die opset van sy boek verduidelik. Sy werk is die resultaat van sy ondersoek na die oorlogsaktiwiteite van generaal Mannetjies Mentz en sy kommando, 'n ongedokumenteerde bladsy uit die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog.

Dit word gevolg deur drie getuieverslae. Die onafhanklike dokumente waarop die amateurgeskiedkundige verteller in sy kennissoektog afkom, bestaan in die eerste plek uit getranskribeerde en geredigeerde bandopnames wat sy ouma, mevrou Ounooi Roos, in 1969 gemaak en aan hom gerig het. In hierdie opnames herleef sy die gebeure van die winter van 1900 toe sy as jong kind saam met haar familie (veral ma en susters) in die spelonke teen die berge in die Brandwaterkom geskuil het. Hierdie dokument word in die titel van Deel II, "Wat vertel jy my nou, Soph?" (*Getranskribeerde en geredigeerde opnames deur mev. Ounooi Roos, 1969*) verduidelik.

Ounooi vertel die verhaal van die Naudé-familie se oorlewingstryd tydens die oorlog. Die Naudés word gehelp deur Jan Witsie en sy mense, 'n groep swartes met wie hulle reeds jare lank vriendskapsbande gehad het. Die ma heers, in afwesigheid van die manlike familielede wat by die Boeremagte aangesluit het, soos 'n onversetlike martriarg oor hierdie klein gemeenskap. Die oorlog maak van haar 'n skisofrene persoon. Sy is met haar religieuse en politieke fanatisme voorstander van 'n uiters onverbiddelike optrede teen die Engelse, sodat sy totaal blind is vir die wandade in eie kring. As gevolg hiervan keer die dogters hulle van die ma af, soos ook die pa sal doen nadat hy uit balllingskap teruggekeer het. Die oorlog ontwikkel sodoende tot 'n interne familiestryd. Dis inderdaad nie die Engelse wat die kommando van Mannetjies Mentz uit die berge verdryf nie, maar Soph wat regstreeks teenoor Mannetjies Mentz en haar broer Frans te staan kom. Dit lei onvermydelik tot 'n onoorbrugbare verdeeldheid binne die Naudé-familie (Renders 1999:119).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Deel III, met die titel "Oom Blink Frans neem die pen op", bestaan uit geredigeerde oorlogs- en ander herinneringe (dikwels in die vorm van briewe aan sy suster, Ounooi Roos) van Frans Naudé, uit 1944. Hy was tussen 1900 en 1909 deurentyd aan die sy van generaal Mannetjies Mentz. Verder beskryf hy hoe Mannetjies Mentz met die kern van sy kommando ná die Vrede van Vereeniging in Oos-Afrika 'n nuwe lewe begin het.

Die derde onafhanklike bevestiging word verkry uit die nagelate dokumente van generaal Coen Brits, bevelvoerder van die Derde Brigade van die Unie se inval in Duits-Oos-Afrika in 1916-1917. Brits berig oor 'n besoek aan die plaas van Mannetjies Mentz aan die voet van Kilimanjaro. "Hierdie rapport van Brits aan J.C. Smuts is nie voorheen gepubliseer nie, dalk as bewys hoe Mentz uit die geheue van 'n volk verdwyn het (óf as doelbewuste poging om hom te láát verdwyn, maar moontlik ook weens natuurlike redes)" (22) merk die verteller op. Dié dokument word onder die titel "Rofwerk van 'n militêre verslag van genl. Coen Brits aan genl. J.C. Smuts *(Gevind in die nagelate dokumente van genl. Brits, 1916/1917 [?])*" as Deel IV ingesluit.

In die resensie van *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* som Van Zyl (1999) die sterk punte van hierdie roman as volg op: Ten eerste word die fiktiewe geskiedenis oortuigend verpak in skyndokumentasie. Die verhaal self is immers vervat in twee fiktiewe dokumente: die "*getranskribeerde en geredigeerde opnames deur Ounooi Roos, 1969*" en "*geredigeerde oorlogs- en ander herinneringe van Frans Naudé, broer van mev. Ounooi Roos, 1944*". Tot die outentifisering word bygedra deur 'n laaste "*dokument*" wat afkomstig sou wees van 'n bekende historiese figuur, genl. Coen Brits uit die Duits-Oos veldtog. 'n Tweede sterk punt van die roman is die wyse waarop dit inspeel op eietydse aktualiteit. Van Zyl (1999) merk op dat 'n historiese roman immers altyd meer met die hede te make het as met die verlede. Volgens hom lê die ware krag van Coetzee se roman in die blik wat dit bied op die bose in die menslike "wese se ondergrond" en die aanloop tot 'n fascisties-intellektuele benadering van oorlog.

Vervolgens word gefokus op die kwessies van geskiedenis en fiksie, die ondermyning van die mites, boosheid en ook die waarheidskwessie in die roman.

### 5.3.2 Geskiedenis en fiksie

Deel I het as subtitel "Inleidende redakteursnota: Op soek na 'n verlore generaal", asof die skrywer niks anders gedoen het as om historiese dokumente te orden en te redigeer nie. In hierdie inleiding benadruk die redakteur dat sy ondersoek na die bestaan van Mannetjies Mentz 'n soliede basis het, ondanks die feit dat hy byna uitsluitlik op mondelinge oorlewering moes staatmaak. Met sy boekstawing van die ongelooflike en dikwels ontstellende gebeure teen die berge en in die poort van die Brandwaterkom gedurende die Anglo-Boereoorlog

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bevind die verteller (wat ons ook die redakteur of klassifiserende instansie sou kon noem) hom in die onbenydenswaardige posisie van enersyds geskiedskrywer en andersyds samesteller van 'n drietal wyduiteenlopende geskiedskrywings (vergelyk Human 1999:115).

Die redakteur beskou homself as 'n volwaardige historikus en gee aan sy ondersoek die status van 'n wetenskaplike verslag. Boonop moet die oorvloedige aantekeninge en die verwysings na historiese figure en gebeure die lewe van Mannetjies Mentz binne 'n werklikheidskader plaas. Hy wys tewens op die bestaan van "onafhanklike dokumentasie" (Coetzee 1998:22).[10] Volgens Nel (1998) is dit belangrik om daarop te let dat dit gaan om redakteursnotas, dit wil sê, iemand wat rigting gee aan en toesig hou oor die inhoud van 'n publikasie. Nel merk verder op dat die leser dus bedag moet wees daarop dat daar talle stemme in dié roman gaan meepraat. Daar is 'n aantal voetnotas met historiese gegewens en verwysings na historiese persone soos Kommandant Chris van Niekerk en Kaptein Slegtkamp; daar is drie aanhalings uit *Commando*, die persoonlike vertelling oor die Anglo-Boereoorlog deur Deneys Reitz, as stawing van die skrywer se betoog; daar is inligting oorgeneem uit die *SA Biografiese Woordeboek*; en selfs 'n vermelding van die filosofiese werk van Saul Kripke, *Naming and Necessity*, as teoretiese basis van die skrywer se argumentasie oor die identiteit van Mannetjies Mentz. Die hele opset is dié van 'n dokumentêre verslag en 'n feitelike betoog om só substansie en waarheid aan die historiografie te gee. Hier word juis kwistig en selfs oordrewe na historiese bronne verwys wat sorg vir "outentifisering wat dit laat lyk asof die dokumente wat die verhaal vertel, wel eg is" (Van Zyl 1998).

Die tweede en derde dele van die roman bevat die storie van Mentz en sy kommando, wat in die berge van die Oos-Vrystaat geveg het na die (historiese) oorgawe van generaals Prinsloo en Roux aan die Britse magte. Die "wraakkommando" van Mentz het dit as hul taak beskou om Boere te bevry wat deur die Engelse gevange geneem is sodat hulle na die Boerekommando's kon terugkeer. Dit was egter nie hul enigste doelwit nie en, met 'n toenemende ignorering van morele beginsels, is Engelse soldate sowel as Boere wat nie meer wou veg nie op verskriklike maniere gemartel en tereggestel. Die vierde en laaste gedeelte bevat 'n fiktiewe verslag deur 'n historiese figuur, generaal Coen Brits.

Ondanks al sy pogings, lewer die redakteur se navorsing nie 'n geheelbeeld op nie, maar net 'n gefragmenteerde blik. Uiteindelik kom die redakteur tot die volgende gevolgtrekking: "Mannetjies Mentz se biografie bly egter ongeskryf. Wat die leser in die hieropvolgende bladsye van hom te wete gaan kom (wie hy ook al inderdaad was), laat steeds die mees dringende, selfs andersins oppervlakkige vrae onbeantwoord. Wat ons wel met 'n redelike

---

[10] Ek verwys in die vervolg na *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* slegs bladsynommers (sonder om outeur of datum).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mate van sekerheid te wete kan kom van die persoon wat Mannetjies Mentz sou kon heet, is geïsoleerde insidente wat strek oor die loop van sestien, sewentien jaar. Dit is dikwels deur afstand en tyd verder gefragmenteer" (28). Aan die ander kant, verduidelik die verteller sy basiese vertrekpunte en werkswyse as amateurgeskiedskrywer: "Ek groei op tot 'n amateurgeskiedkundige, en is in staat om die vertellinge uit my jeug met dié van die opgetekende geskiedenis te vergelyk" (6). Wat hy uiteindelik doen, is om "dokumentasie" byeen te bring.

Tog word klem die hele tyd daarop gelê dat die verlede moeilik naspeurbaar en konstrueerbaar is, dat daar nie afstand gedoen kan word van subjektiwiteit wanneer die geskiedenis opgeteken word nie en dat 'n liniêre chronologie nie eenvoudig gevolg kan word nie. Dit word ook in die volgende opmerking van Blink Frans verduidelik:

> Ek las hierdie episode aan daardie voorval. Dan probeer ek dit weer andersom. Maar daar is nie meer of minder noodsaak in die een weergawe as die ander nie. Gesonde verstand sê dat 'n voorval net 'n stippel in die tyd moet wees. Maar in my geheue oorheers dit alle moontlike tydsverloop, soveel so dat ek begin dink 'n voorval het oor en oor gebeur. / Nou moet jy verstaan dat ek, streng gesproke, nie eens die gewone tydaanduidings in 'n beskrywing kan gebruik nie. Die hede, verlede en toekoms veronderstel 'n oorsaaklikheid in die opeenvolging van insidente. Ja, dit het vier en veertig jaar gelede gebeur, in die winter van 1900. Maar ek sal nooit kan agterkom hóé hierdie relaas se 'verloop' verander van die weergawe wat ek môre op my stoep mag gee nie. Die bietjies verloop wat geïsoleerde voorvalle bind, val bloot uiteen in aparte insidente waaraan ek self 'n opeenvolging moet afdruk. Daar is nie 'n opeenvolging in die gebeure self nie, of die mins moontlike opeenvolging denkbaar (183).

'n Historiese twyfel deurspek die roman - daar heers onsekerheid oor herinnerings, datums, plekke, name en daar word geensins op volledigheid aanspraak gemaak nie. Die verteller se twyfel kom reeds in die redakteursnota voor selfs wanneer hy op dokumentêre bewyse afkom wat die bestaan van generaal Mannetjies Mentz 'n waarskynlikheid maak: "selfs nadat ek dié dokumentasie bekom het (wat hier byeengebring is), is die vraag steeds: was dit voldoende om te weet wie Mannetjies Mentz was?" (17). In Deel II word dit só gestel: "By die afwesigheid van inligting, mondeling of dokumentêr, neem 'betroubare' gerugte oor aangaande die lot van dié wat in die oorgangroetes omkom, of dit oorleef" (85). Twee aanhalings uit deel III, die herinnerings van Frans Naudé, demonstreer ook hierdie twyfel: "Waarom is die bladsye hier uitgeskeur? Omdat dit nie was hoe dinge verloop het nie, en ek probeer om 'n eerlike relaas te gee. / Nee, ek kan dit nie vertel soos dit was nie. Lieg ek dan as ek sê ek onthou daardie oggend soos gister? Nee, wat ek bedoel, is dat ek spesifieke insidente kan onthou, sonder om dit op die regte plek in die tyd te anker. Ek kan nie sê dat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dié episode korter of langer duur as 'n ander nie. Iewers gaan opeenvolging en tydsduur verlore. Iewers skuif die verskillende insidente tussen mekaar en oor mekaar ineen" (183).

Frans Naudé gaan verder: "Die eerlikste manier om die verhaal te vertel, is stilte. Maar wat dan van my belofte om 'n relaas te gee, so ná as moontlik aan die waarheid, al is dié waarheid dan ook hóé skeefgetrek deur my oordele en vooroordele? Ek wanhoop egter aan enige ander soort waarheid as dié: mý waarheid" (184). Volgens Wasserman (1998) is laasgenoemde die belangrike punt wat gemaak word deur die vertelstrategie van die roman, naamlik dat waarheid subjektief is en geen absolute nie: "Persoonlike waarneming bepaal hoe die geskiedenis oorvertel gaan word. Deur hierdie verdeling word die geskiedenis gelig uit verskillende hoeke, uit verskillende tydperke, deur verskillende stemme vertel met elk sy of haar eie aksente."

Hierdie roman kombineer die “feite” van die geskiedenis met die strategieë van verdigsels/stories. Daar word deurentyd na historiese gebeure verwys, en terselfdertyd word die feitelikheid van die geskiedenis ondermyn deur die verwysing na bepaalde narratiewe strategieë soos byvoorbeeld selfbewuste (oor)vertellings en geredigeerde weergawes van gebeure: "'n Storie vat sy eie pad, nadat hy voel-voel hier vat en daar los, om later dáár iewers anders weer stewiger vas te vat. 'n Storie is terugvat en baie misvat" (53). "En daar is ek weer aan 't misvat, 'n vieserige gevat-vat ..." sê Ounooi Roos in Deel II, "Jy het my gevra om die storie te vertel, vanaf 'n begin en deur na die einde toe en fluit-fluit (…) Laat ek nou die knoop in my sakdoek styf vasvat, al sal ek dit later weer verloor en dan voel-voel terugvat. (…) Oor dié Mannetjies Mentz wat ons ander teëkom, kan ek jou maar skraps vertel uit eie sien en hoor, al voel ons ons ken hom uit ons drome soos die palm van ons hand …" (53-54). In Deel III skeur Frans Naudé selfs bladsye uit sy skriftelike oorlogs- en ander herinneringe om spesifieke, pynlike insidente te verdoesel of uit te wis (185, 215). Volgens Nel (1998) wys die skrywer hiermee op die onvermoë van die geskiedenis om die volle waarheid oor die verlede mee te deel. Ounooi Roos bieg op 'n stadium: "Maar nou vertel ek 'n storie. Ek spring vorentoe, agtertoe, in plaas om te begin by *eendag*, deur te vertel na *en toe* tot by *en dis die einde*" (73).

Die klem word deurgaans daarop gelê dat die geskiedenis slegs bestaan deur die grasie van taal, maar dan ook slegs op die basis van die paradoks van waarheid en verdigsel / verbeelding. "En juis dáár gee woorde in, waar ons mekaar verstaan. Dis eerder asof die Here vir Homself sê: 'Juis as die mens 'n wond in hom dra, laat hy dan besef dat hy nooit die spraak te bowe sal kom nie - hier, in sy smart, besef hy by uitstek die onvoldoende aard van die woord.' (…) Hier sukkel die woorde nog, ná al die jare tussenin" (112). Wasserman (1998) skryf ook in sy resensie oor *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* as volg: "Geskiedenis en fiksie is nóú verbonde in Christoffel Coetzee se roman (...) Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

merkwaardige hantering van die gegewens in Coetzee se roman laat deurgaans die besef onmiskenbaar deurdring: 'n roman en 'n historiese geskrif lê dig teen mekaar. Beide is onderworpe aan vergissings, verbeelding, vergeetagtigheid, verwarrings."

Dit behoort insiggewend te wees om die tegnieke wat die skrywer gebruik om sy tekste te fiksionaliseer én te defiksionaliseer na te vors, asook die funksies en konsekwensies van die byhaal van die "werklikheid" by die roman. Die roman is deurgaans stewig geanker in die geskiedenis, selfs al bly dit selde aan historiese gegewens getrou nie. Die gebruik van feitemateriaal of wetenskaplike verwysingsmetodes, veral in Deel I en III, laat die leser dink aan die grens tussen "feit" en "versinsel". Dit ondermyn die feitelikheid van historiese gegewens.

Met aanhalings uit *Commando*, en deur herhaalde verwysings na die beroemde Boeresoldaat, kaptein Slegtkamp, suggereer die redakteur dat daar historiese parallelle met die wraakkommando van Mentz was: selfaangestelde groepe wat onafhanklik van die oorlogsleiding van die Boere werksaam was, en wat dikwels meer soos 'n groep struikrowers opgetree het as 'n gedissiplineerde afdeling soldate. Die afdelingtitels met hul wetenskaplik-klinkende name is ook 'n strategie: dit lei die leser om die daaropvolgende stof as empiriese gegewens te beskou, terwyl dit terselfdertyd ook die mediëring daarvan deur 'n redakteur of transkribeerder erken. In *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*, verklaar Wasserman (1998), is "die geskiedenis gefiltreer, geselekteer, selfs gesensor".

Die redakteur-verteller verkeer verder ook nie onder die illusie dat sy soektog na die ware identiteit van die generaal noodwendig suksesvol gaan wees nie. Aan die begin van die roman vra hy pertinent: "Waarom, dan, volg ons 'n doodlooppad in ons soektog na generaal Mannetjies Mentz? Is dit nie blote tydmors nie? Is die lewe nie te kort om met stories uit jou jeug op loop te gaan nie?" (22). Die beweegrede vir die historiese soektog wat die verteller etlike jare besig hou, is dat die verteller die mening toegedaan is dat generaal Mentz nie regverdig deur die geskiedenis (geskiedskrywers) behandel is nie. Dit word duidelik op bladsy 11: "Ons het ook gedokumenteerde beskrywings van sekere gebeure sonder dat die dokumentasie Mannetjies Mentz daaraan verbind. So 'n koppeling vind slegs in die volksmond plaas (...) Aan die ander kant, dit gebeur dat ons sommige oorlogsoptredes aan generaal Mentz toedig sonder dat dié insidente in sigself op enige sekerheid berus. In hierdie geval oorleef beide die voorval en die naam wat ons aan die beweerde voorval bind bloot in die volksmond. In dié totale afwesigheid van enige feite steek 'n dubbel en dwars geregverdigde twyfel sy kop uit. Dit gee aan die vraag of generaal Mannetjies Mentz werklik bestaan het 'n nuwe dringendheid" (11).

Hoe verwerk Coetzee dan die elemente van feit en fiksie in sy roman? Wat is feit en wat is fiksie in hierdie roman? In die resensie "'Mannetjies Mentz' lieg op voortreflike wyse 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skokkende waarheid" stel Van Zyl (1999) sy standpunt oor die geskiedkundige korrektheid al dan nie van die boek: "Groot ontsteltenis heers egter omdat Coetzee se verhaal 'n verdigsel is terwyl dit so aangebied word dat die meeste lesers dit vir die waarheid aanvaar. / Die roman lieg dus op 'n voortreflike wyse 'n skrikwekkende waarheid. Om hierdie literêre spel behoorlik te waardeer, sou dit die leser baat om bewus te wees van die leuen." Fransjohan Pretorius sit die debat voort in die *Tydskrif vir Letterkunde* en ook in *Die Burger*. Pretorius meen Coetzee het baie slim met die verwerking van feit tot fiksie omgegaan. Interne kritiek op Mannetjies Mentz lewer 'n antwoord op een van die kernvrae, naamlik of daar werklik iemand soos genl. Mannetjies Mentz was. Pretorius (1999b) merk op dat genl. Christiaan de Wet se reorganisasie van die Vrystaatse magte in September 1900 en in Maart 1901 net te goed gedokumenteer is dat Coetzee kan beweer dat De Wet vir Mentz 'n veggeneraal gemaak het.

Watter historiese gegewens word dan in die roman gebruik?

1. Pretorius (1999a:3 en 1999b) merk op dat die oorgawe van genl. Marthinus Prinsloo met 4 400 Vrystaters in die Brandwaterkom werklik plaasgevind het. Ná die Britse besetting van Bloemfontein op 13 Maart 1900 het die Vrystaatse regering en magte noordwaarts en teen Mei ooswaarts voor die Britse magte uitgewyk. Op 7 Julie het Bethlehem in Britse hande geval en het die Vrystaters suidwaarts via Retiefnek tot binne in die Brandwaterkom in die omgewing van Fouriesburg teruggeval. Die historiese gebeure kom in Coetzee se teks as volg voor: "Dit is 'n week daarna, en die datum sal ek nie vergeet nie: Die nag van 15 Julie. (...) Jy hoor waens wat oor die Nek kraak. Nou en dan hoor jy 'n perd wat struikel of proes. Nee, dit is nie die voorhoede van die Engelse nie. Dis die Boere, want hulle trek uit die Kom, die Poort oor" (48).

Terwyl die Britse magte onder luitenant-generaal sir Archibald Hunter 'n stewige kordon rondom die Vrystaters gevorm het, het die 61-jarige Marthinus Prinsloo, wat in Junie 1900 as generaal bedank het, die Vrystaters op 29 Julie 1900 met 3 000 man aan Hunter oorgegee. Binne twee weke het die aantal wapenneerlêers wat daar byeengebring is, tot 4 400 aangegroei. Coetzee verwerk die feite in sy roman as volg: "'Dit was De Wet en sy burgers,' sê Jan Witsie. 'Hulle is oor die Nek, die wye wêreld in.'" (49); "dié nag toe Pa en oom Giepie saam met De Wet uit die Kom sou breek (…), kom die Kakies uit die teenoorgestelde rigting oor die Nek" (49); en: "Toe generaal Marthinus Prinsloo op 29 Julie aan generaal sir Archibald Hunter in die Kom oorgee, is ons en ons mense teen die Skuiltes" (51).

2. Pretorius beweer dat Boerevroue en hul kinders in die Witte- en Roodeberge vir die res van die oorlog weggekruip het om nie deur die Britse magte na konsentrasiekampe weggevoer te word nie. In *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* rym Ma en haar kinders se skuilery dus in sommige opsigte met wat in 1900-1902 gebeur het. Pretorius (1999a:4)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vind Coetzee se beskrywing van die versorging van die skaaptrop, met inbegrip van lamtyd, en die verbouing van mielies, koring en graansorghum vir drie plant- en oesseisoene - Ma-hulle se oorlewingstryd ten opsigte van voedsel - besonder geloofwaardig (Coetzee 1998:45-46). In sy boek *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* wys Pretorius (1991:59-60) ook talle voorbeelde uit van vrouelaers wat vir hul eie voedsel in die guerrillafase van die oorlog gesorg het.

3. Volgens historici het die meeste swart mense inderdaad op 'n Britse oorwinning gehoop, omdat hulle gereken het dat hul politieke en maatskaplike posisie daardeur bevoordeel sou word. Tog strook die beskerming en hulp wat Jan Witsie en sy mense aan Ma-hulle gebied het, óók met die werklikheid. Sommige swart mense het om verskeie redes hulp aan Boere-families verleen. Onderdanigheid van getroue plaasarbeiders was een rede. Dit is moontlik dat daar wel voldoende wedersydse lojaliteit tussen Ma-hulle en Jan Witsie en sy mense was om sy hulp te regverdig (vergelyk Pretorius 1999b). Pretorius voer ook aan dat dit 'n algemene verskynsel was dat swart groepe Boerekommando's uit sekere gebiede verdryf en/of afgeweer het. Dit was veral so in die digbewoonde swart gordel wat gestrek het vanaf Wes-Transvaal oor noordwes- en Noord-Transvaal, deur na Oos- en suidoos-Transvaal. Nie alleen het die swart groepe hul gebiede vir die kommando's ontoeganklik gemaak nie, maar ook blanke bewoonde gebied vir hulself toegeëien en sodoende die bewegingsvryheid van die kommando's - wat reeds uiters beperk was vanweë lord Kitchener se dryfjagte tussen die blokhuislinies - verder ingekort (Pretorius 1991:365). In die Oos-Vrystaat teenaan die Basoetolandse grens waar Ma-hulle geskuil het, was daar soortgelyke verwikkelinge (Pretorius 1999a:5).

Hierdie boek lyk dus soos 'n geskiedkundige werk waarvan die verteller oortuig is dat dit wetenskaplike meriete het. Tog is dit vir die leser baie duidelik dat *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* 'n historiese "*roman*" is. Pretorius (1999b) beweer dat *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* 'n hele paar fiktiewe elemente van kleiner en groter omvang bevat: dat daar enigsins 'n Wraakkommando in die historiese werklikheid bestaan het, is byvoorbeeld verdigsel. Hy merk in sy artikel "*Op soek na generaal Mannetjies Mentz* histories beoordeel" as volg op: "Nieteenstaande Coetzee se kwasie-ernstige ondersoek in sy inleidende redakteursnota oor die bestaan al dan nie van Mentz, kan dit vanuit historiese perspektief onomwonde gestel word dat daar nie 'n generaal met dié naam in die Anglo-Boereoorlog was nie" (1999a:2). Coetzee self sê hieroor in 'n onderhoud: "Genl. Mentz is 'n verdigsel en die inleiding is twak. Daar is g'n sulke nagelate dokumente nie. Dis alles deel van die spel met die leser" (Rautenbach, 1998).

Die inhoud strook meermale ook nie deurgaans met historiese gegewens nie. Pretorius (1999a:6) dui enkele belangrike feitefoute aan. In die eerste plek vervroeg Coetzee die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

afbranding van plase in die Oos-Vrystaat met 'n hele paar maande om by sy verhaal in te pas. Ons lei af dat dit teen Mei 1900 moet wees dat Ma-hulle "in die vroeë winterlug" op die plaas die rook van die eerste afgebrande huise sien en dat Ma dan vroegtydig, voordat die Britte haar huis afbrand, self (met behulp van Jan Witsie) die Britte voorspring. Volgens Pretorius was hierdie afbrandings nie moontlik nie. Ná die Britse besetting van Bloemfontein op 13 Maart 1900 het lord Roberts die volgende gemagtig: verwoesting van plaashuise waaruit Boereskerpskutters op Britse troepe gevuur het terwyl 'n wit vlag aan die huis gewapper het. In die stadium het die Britse magte van luitenant-generaal Hunter egter nog nie in die Brandwaterkom, waar die Naudés gewoon het, inbeweeg nie. Roberts se proklamasie van 16 Junie 1900, waarvolgens plaashuise in die onmiddellike omgewing van aanvalle op die Britse spoor- en telegraafverbindings afgebrand is, het in hierdie stadium dus ook nog nie die inwoners van die Brandwaterkom geraak nie. Eers met die Britse betreding van die Brandwaterkom teen einde Julie 1900 was die eerste afbranding van plaashuise moontlik, en dit het waarskynlik eers met Roberts se opvolgproklamasie van September 1900 momentum gekry (Pretorius 1999:6). Benewens dié afbrandings, plaas Coetzee ook die vlugteling-laers in die Oos-Vrystaat te vroeg, nl. Julie 1900 (50). Voor die einde van 1900 was daar ook vlugtelingskampe by Heilbron en Kroonstad, maar teen Julie 1900 het hulle nog nie bestaan nie (vergelyk Pretorius 1999a:6).

Coetzee se verhaal verskil van die histories-opgetekende gegewens met die verwysing na generaal De la Rey, wat volgens die roman middel-Mei 1902 in die veld is om aan sy burgers van die vredesamesprekings verslag te doen, en vervolgens Mentz-hulle se uitwyk na Portugees-Oos-Afrika te fasiliteer (256). Ten eerste het die samesprekings by Vereeniging eers op 15 Mei 1902 begin; ten tweede het die Boere-afgevaardigdes eers ná die vredesluiting van 31 Mei aan hul kommando's verslag gedoen, aldus Pretorius (1999a:7). Nog 'n romangegewe wat nie strook met die historiese gegewe nie, is die feit dat Coen Brits nie, soos Coetzee se voetnoot op p. 283 aandui, adjunk-kommandant-generaal in die Anglo-Boereoorlog, en luitenant-generaal in die Duits-Oos Afrikaanse Divisie was nie (Pretorius 1999a:5). Origens bied Coetzee in gefiksionaliseerde vorm 'n aantal alternatiewe waarhede aan.

Die doelbewuste vermenging van "feit" en "fiksie" in hierdie roman, rig dus 'n appèl tot die leser om gebeure uit die verlede in 'n nuwe lig te beskou en skepties te staan ten opsigte van een weergawe van die geskiedenis. Op die vraag hoe die leser te werk moet gaan om die waarheid ten opsigte van die bestaan van generaal Mannetjies Mentz vas te stel, word die volgende interpretasie-moontlikhede in die roman voorgestel deur Human (1999:121-122):

1) Dat Mannetjies Mentz wel 'n historiese figuur was, maar dat sy rol in die oorlog om watter

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rede ook al nie in geskiedskrywing opgeteken is nie. 'n Afgetrede skoolhoof van Krugersdorp en veteraandrawwer merk byvoorbeeld in die roman teenoor die verteller op dat die geskiedskrywers self (vroeër as die geskiedskrywers) 'n oordeel oor generaal Mentz kon uitspreek "deur te besluit om te swyg" (19). Volgens hom kon die "vertellers van 'n geskiedenis wat skatpligtig is aan sogenaamde volksideale, en nie blote verhaal sonder 'boodskap' is nie, ... besluit om 'n vrot plek betyds uit te sny" (19). "Wys my 'n skoolboek wat die waarheid vertel!" (20), sê hy op 'n stadium aan die verteller.

2) 'n Tweede moontlikheid is dat hy wel 'n historiese figuur was, maar nie werklik Mannetjies Mentz geheet het nie. Mannetjies Mentz kon 'n skuilnaam of alias wees wat deur 'n ander historiese figuur gebruik is om sy identiteit te verskuil of verander.

3) 'n Derde moontlikheid is dat die naam Mannetjies Mentz (en veral die sterk ooreenkoms tussen die van *Mentz* en die universele soortnaamwoord *mens*) 'n soort "kollektiewe" eienaam is, wat geskep is "met die uitsluitlike doel om 'n kapstok te wees vir 'n spesifieke soort optrede waarvoor niemand verantwoordelikheid wou aanvaar nie" (15). Maar die teendeel is ook waar. Die redakteur-verteller vra byvoorbeeld: "Is dit ondenkbaar dat die naam 'Mannetjies Mentz' geskep is met die spesifieke motief om aanspreeklikheid te ontsnap? Is dit ondenkbaar dat die sinsnede 'die hand van Mannetjies Mentz' 'n manier is om toerekenbaarheid, moreel of andersins, op te skort (of te verwys, of uit te stel, of oor so 'n breë omvang moontlik te versprei)? As die opskorting van skuld sou dit dan funksioneer as 'n sekulêre weergawe van "n handeling van Bo' (of soos ander sal sê, 'uit die dieptes van die Duisternis')" (15).

Beide moontlikhede word ondersteun deur die beskrywing van die generaal as 'n besonder onopvallende karakter, as die man in die straat, die gemiddelde man, as enige mens. "Wat ek van hom onthou, is dat hy só doodgewoon was, nie oud nie en nie besonder jonk nie ... As jy my nou na die kleur van sy hare en snorbaard vra, dan het dit my ontgaan ... Nie 'n aantreklike man nie, maar ook nie onaantreklik nie ... Hy gee inhoud aan die uitdrukking 'die man in die straat' as die gemiddelde man wat jou eie oordele en vooroordele deel en tot jou beskerming sal kom as dit moet" (59), herinner Ounooi Roos haar byvoorbeeld. Ten opsigte van sy eerste ontmoeting met generaal Mentz sê Blink Frans: "Op die blote oog af het kommandant Mentz enige aandag ontsnap. Niemand kon hom as aansienlik of onaansienlik beskryf nie. Dit, dalk meer as enigiets anders, het in sy guns getel. Sy totale gebrek aan besondere, in-die-ooglopende kenmerke was sy mees besondere kenmerk. Hy was so onopvallend dat ons hom nie opgemerk het nie, wat nog om van sy aandag bewus te wees" (160). Mentz het volgens Frans ook 'n onopvallende stem: "'n Sagte stem, kleurloos in die afwesigheid van kenmerkende intonasie, uitspraak of die een of ander besondere segswyse, en sonder opmerklike welsprekendheid" (165).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4) Nog 'n ander moontlikheid is dat die generaal, net soos die seer op sy rug wat periodiek ontsteek, die onvermoede, latente bose sy van elke mens verteenwoordig.

Alhoewel die redakteur-verteller se historiese soektog uiteindelik geen onomwonde antwoord op die ware identiteit van die generaal verskaf (met ander woorde of hy wel 'n fiktiewe karakter of historiese persoonlikheid was) nie, “verewig” die verteller se verslag die naam Mannetjies Mentz, met al sy verwysingsmoontlikhede, as "alternatiewe" historiese figuur en plaas dit sy onopvallende stem by dié van generaals De La Rey, De Wet en Prinsloo. Volgens Human (1999:123) beteken dit egter nie dat die aanbieding van merendeels fiktiewe gebeure as historiese feite (volledig opgeneem in 'n noukeurige bronverwysingsisteem) 'n oortollige oefening is nie, maar "[d]ié doelbewuste spel met feit en fiksie dwing die leser om toenemend skepties te staan teenoor die bestaan van sogenaamde onwrikbare waarhede."

Op hierdie manier verloor die meesternarratief van die "school-version"-geskiedenis sy geldigheid. *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* beskryf dié geskiedenis wat nie in die offisiële geskiedskrywing teruggevind kan word nie. "Dis 'n alternatiewe geskiedenis wat nie een algemeen aanvaarde en absolute waarheid of verhaal propageer nie" wys Renders (1999:118) uit. Grové (1998) merk ook op dat die Kom-gebeure die fokuspunt van die "alternatiewe" geskiedenis is waarvan Coetzee in sy onderhoud praat: "Is daar so iets soos 'n alternatiewe geskiedenis, of gaan dit maar om verskillende perspektiewe op dieselfde saak? Sommige sake oorbeklemtoon, ander as onbelangrik afmaak, aksente verlê, opnuut interpreteer?"

Interessant ook hoe die verskillende ek-vertellers skynbaar probeer om die waarheid te agterhaal. Deur 'n "streng wetenskaplike" manier van navors (Deel I) konstateer die eerste ek dat dit nie vasgestel kan word dat Mentz ooit gebore is nie. Wanneer hy Ounooi se storie oorvertel en redigeer, is die leser gekondisioneer om sowel feit as fiksie as die waarheid te aanvaar. Al die betrokkenes in hierdie verhaal het immers hulle eie persoonlike perspektief op die Anglo-Boereoorlog. Boonop is twee van die persone wat in hierdie roman aan die woord is, getuies wat direk beïnvloed is deur wat gebeur het en vertel hulle hul verhaal eers jare na die afloop daarvan. Op 'n stadium sê Frans Naudé: "Ek dink: Dié is net 'n oorgroeide spoor. 'n Spoor waarvan? Nee, nie eens van insidente nie, want waarvan ek hier praat, is in 'n ou man se verwarde gedagtes. *Iemand anders sal dié storie ook moet vertel om geloofwaardigheid daaraan te gee; die storie kan nie net teer op herinnering wat dit plooi na die eise van die hede nie*" (184, eie kursivering). Hierdie opmerking toon aan hoedat hierdie verhaal ook deel van die alternatiewe geskiedskrywing kan vorm. Dit gaan oor eks-sentristiese individue wat 'n kleingeskiedenis inskryf teen die metanarratiewe van 'n makrogeskiedenis, om sodoende opnuut aandag te vra vir die openbaarmaking van private

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geskiedenisse, en die effek van dié openbaarmaking op ons beskouing van gister (Van Heerden 1997b:23). Hulle verhale wend geen poging aan om die sogenaamde "geskiedkundige feite" of "politieke waarhede" uit te spel nie, maar wil eerder aktief inbeweeg op wat Lyotard "metanarratives" noem.

Wat is op die historiese gebeure gebaseer en wat nie? Hoe moet ons Mannetjies Mentz dan in die historiese konteks beoordeel? Daar is 'n teenstrydigheid tussen gedokumenteerde historiese gegewens en Coetzee se romangegewe. "In elk geval, dit wat geskied het, het geskied. Dit ís of dit wás - werkwoorde wat handeling bevestig. Of is dit soos met spieëls wat beelde na mekaar kaats totdat hulle in die oneindigheid wegvaag - 'n ontstellende *mise-en abîme*?" vra Grové (1998) op 'n stadium. In haar bespreking van fiksie in Cloete se *Literêre terme en teorieë* stel Heilna du Plooy (1992:129) dit spesifiek dat die historiese roman fiksionele karakters in verifieerbare historiese omstandighede plaas, maar dat dit fiksie is en teenoor gedokumenteerde geskiedskrywing staan. Van Zyl (1999) haal in sy resensie die Nederlandse oorlogsromanskrywer W.F. Hermans as volg aan: "Alle dinge wat deur geskiedskrywing weergegee word, is niks anders nie as groot veralgemenings. Net so gou jy jou in besonderhede begin verdiep, dan stuit jy op gebrek aan bewyse, 'n gebrek aan dokumente, teenstrydige uitsprake, en so meer." Uiteindelik is die volgende uitspraak van Hermans ewe relevant ten opsigte van Coetzee se boek: "Die roman hoef nie te streef na waarheid nie, maar wel na waarskynlikheid" (aangehaal in Van Zyl 1999).

In hierdie afdeling is daar gefokus op die verhouding tussen "feit" en "fiksie" in Coetzee se roman. Deur die verwerking van die geskiedenis tot fiksie, die strategie van *defiksionalisering* en *fiksionalisering* en die doelbewuste vermenging van "feit" en "fiksie", toon hierdie roman hoe die een weergawe van die geskiedenis ondermyn kan word en hoe die verlede in 'n nuwe lig beskou kan word. In die volgende afdeling word daar meer spesifiek 'n bespreking gevoer word oor die demitologisering van Afrikanermites in *Op soek na generaal Mannetjies Mentz.*

### 5.3.3 Die ondermyning van mites

Brink skryf in 'n resensie (1998a) van *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* as volg: "Much has been said in recent years of the need to revisit the past - not only to rewrite history but to reinvent it, reimagine it. Yet a publisher friend tells me that of the more than 60 Afrikaans manuscripts on the Anglo-Boer war he has received, not one has dared to challenge the master narrative so deeply engraved in the Afrikaner consciousness that it has hardened into unexamined stereotype and myth: intrepid Boer heroes, inhuman Tommies, the suffering of women and childeren in the camps or of exiles abroad. There is not a single attempt at questioning - or probing into, or adding to - the image set by writers in the very wake of the war. This makes Christoffel Coetzee's recently published novel, *Op soek na generaal*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

*Mannetjies Mentz*, all the more remarkable."

Van der Merwe (1999:232) merk op dat deur die *Huisgenoot*-artikels van Dirk Mostert oor kaptein Slegtkamp en die verwerking daarvan tot die boek *Slegtkamp van Spioenkop* (1938), Slegtkamp in die volksgeheue tot een van die helde van die Boerestryd ontwikkel het. Volgens Swanepoel (1998:70) is daar genoegsame getuienis in die Mostert-teks dat hierdie gekonstrueerde held uit die Anglo-Boereoorlog, Henri Slegtkamp, 'n uiters wrede en barbaarse mens was. Soos Coetzee (1998:13) uitwys, sê Spies in sy *Methods of Barbarism* dat generaal Ben Viljoen soos volg by generaal Louis Botha oor Slegtkamp se optrede gekla het: "[He] commits the meanest and most cruel deeds when trains are captured. He robs and strips anybody dead or alive". Swanepoel (1998:71) merk hieroor op: "Dat hierdie man, wat vandag sekerlik as 'n oorlogsmisdadiger geklassifiseer sal word, as 'n rolmodel vir 'n geslag jong Afrikaners aangebied sou word, was 'n aanduiding van die gees wat daar in 1938 geheers het. Hierdie tipe heldkonstruksie sou, gedurende die Tweede Wêreldoorlog, uiteraard die pro-Nazi sentimente van die Ossewa-Brandwag gevoed het." Ook *Groot duiwels dood* van Eleanor Baker, beeld Slegtkamp en sy makker, Jack Hindon as helde van die Boerestryd uit. Daarenteen ondermyn Christoffel Coetzee, volgens Van der Merwe (1999:232), hierdie tradisionele siening, deur die uitbeelding van die onmenslikheid van die wraakkommando van generaal Mannetjies Mentz, en hulle implisiete assosiasie met Hindon en Slegtkamp.

In die roman *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* word die interne verdeeldheid binne die Afrikanergeledere op grond van die hensoppers en die hanskakies, en die lafhartigheid van die Boerevegters - selfs van die Boeregeneraals - genadeloos belig. Mannetjies Mentz word as 'n petieterige figuur uitgebeeld wat as gevolg van swere op sy rug aan 'n pynstilmiddel verslaaf raak, die man wat later in Duits-Oos-Afrika weens ouderdom en swakte net ná aandete die bed moet opsoek. Ook die gruweldade wat deur die kommando van Mannetjies Mentz gepleeg word, word oopgevlek. Die driemanskap Mentz, Voss en Niemann se dierlike optrede (tesame met die opvallende ooreenkomste wat hulle vertoon met die jakkals en twee honde wat mense se drome en gedagtes bewandel) ondermyn die mite dat die Anglo-Boereoorlog 'n "gentleman's war" was.

Volgens Wasserman (1998) ondermyn hierdie gegewens opvattings dat die Boerevegters in die Anglo-Boereoorlog edele helde was, en in dié opsig is dit 'n radikale stem in die Afrikaanse letterkunde, waar emosies tot dusver grootliks opgesweep is ten gunste van die Boere. Die onvoorstelbare gruwelikhede word in die verslag van Frans, wat self daaraan deelgeneem het, tot in die kleinste besonderhede beskryf. Die kommando het sy eie kodes wat dit buite die gewone lewe plaas. Hulle wil tot die bitter einde die stryd teen die Engelse verder voer, ongeag die gevolge. Aan hierdie strewe word alles ondergeskik gestel. Die doel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



heilig die gebruik van die mees barbaarse middele. "In sy voorstelling van die oorlog laat Coetzee 'n hele aantal Afrikaner-mites tuimel", merk Van der Merwe (1999:232) op.

"Die fiksionele element gee aan die skrywer die geleentheid om nie tot die een spesifieke oorlog beperk te bly nie, maar ook te skryf oor algemene, fundamentele aspekte van die menslike bestaan" merk Van der Merwe (1999:233-234) op. Sowel die Engelse as die Boere wat nie verder wil veg nie, word wreedaardig om die lewe gebring. Dis wreedhede waarvoor daar geen naam is nie en wat ook geen doel dien nie. Inteendeel, daar is 'n suggestie dat die oorlog juis hierdeur nodeloos uitgerek word. Mentz en sy manskappe is egter nie bloot wrede monsters nie, maar ook deerniswekkende slagoffers van geweld. Van der Merwe (1999:233) merk as volg op: "Dis nie die Boerekommando nie, maar die oorlog as verskynsel wat in die eerste plek die oorsaak is vir die eskalering van wreedheid." Die geweld van die oorlog versprei steeds verder, en laat uiteindelik niemand in die land ongeraak nie. Die vroue word, ter wille van oorlewing, hard en meedoënloos; ook die Witsies, swartmense wat aanvanklik niks met die oorlog te doen het nie, moet genadeloos word om Mentz se kommando te kan verdryf. 'n "Gentleman's war" bestaan nie; en daar is geen sin in die romantisering van 'n oorlog nie. Selfs die skynbaar "goeie" karakters verloor hul onskuld in die loop van die verhaal. Aunt Soph byvoorbeeld, 'n wyse figuur, soos haar naam trouens aandui, word gekwel deur allerlei teenstrydige gevoelens. Sy neem 'n leidende rol in die stryd teen Mentz; sy is woedend oor sy onbeskaamde gedrag; maar desnieteenstaande begeer sy hom seksueel. Sommige karakters, hoewel nie skuldig aan wrede dade nie, is tog deel van die kollektiewe skuld deur hul troebel begeertes (Van der Merwe 1999:234).

Op hierdie manier verteenwoordig *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* 'n alternatiewe weergawe van die Afrikaner se verlede. Dit is 'n kritiese herevaluasie van die opgetekende geskiedenis wat ten opsigte van die Anglo-Boereoorlog bestaan, waarin aannames wat in die volksgewete reeds die status van waarheid aangeneem het, doelbewus gedemitologiseer word. Teenoor die tradisionele beskouing dat die Boerekrygers heldefigure was: manne met inbors, sterk morele waardes en integriteit; word die oorlewerings in *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*, en veral dié van Blink Frans, wat eerstehandse ervaring van die stryd het, 'n inventaris van lafhartigheid, skuld en verraad. Ook van krygers, en veral die lede van die wraakkommando, wat selfs nadat die oorlog beëindig is, voortveg met bloeddorstige lus; van boere wat die eed van getrouheid selfs 'n sewende keer aflê en van Blink Frans se eie verraad: "Ek kan myself nie vergewe oor die Nekke en die Poorte in die berge nie. Maar laat ek doodeerlik wees, en aan jou erken die selfverwyt ding mee met berou dat ons die generaal in die steek gelaat het voor die einde ...In die prentjie van verraad pas ons eie verraad iewers in, want ons het die generaal verlaat toe ons hom nog liefgehad het" (155).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die roman belig nie net die interne verdeeldheid van die Afrikaners en die gruweldade van die Boerekommando nie. Ook ander mites word ontkrag. Die beskrywing van die goeie verstandhouding tussen die Naudés en die Witsies, van die liefde tussen 'n Engelse offisier en 'n Afrikanervrou midde-in die oorlogsgeweld, en van die misbruik van swart vrouens deur lede van die kommando "lei tot 'n verkrummeling van die fondamente van Afrikanernasionalisme, wat 'n eksklusiewe stambewussyn predik" (Renders 1999:119).

Dit is duidelik dat die Anglo-Boereoorlog nie slegs tussen wit mans uitgeveg is nie; wit vroue en swartmense is eweseer daardeur getref. Volgens Van der Merwe (1999:233) is vroue soms die ware helde van die oorlog. Die vroue het baie sterker oor die voortsetting van die oorlog gevoel, en briljante oorlogstrategieë is soms deur vroue beplan, en nie mans nie (46-48). Die mite van die patriargie word duidelik ondermyn.

In hierdie roman bly die mite van die "apartheid" tussen wit- en swartmense in die slag. Wit en swart vroue is goeie vriende voor die uitbreek van die oorlog: hulle dans saam en hulle bid saam (36 -39). 'n Sterk band van vriendskap bestaan ook tussen die wit boer en sy vertroueling, Jan Witsie. Hulle het saam by Majuba geveg, en saam gaan hulle op jagtogte uit. Op hierdie jagtogte blyk daar 'n wedersydse respek te wees tussen die wit man en die Zoeloes in wie se gebied hy jag (140-141). Soos Le Roux (1998) in sy resensie skryf, "Dis nie die Boereoorlog waarvan jy op skool geleer het nie." Renders (1999:119) skryf ook as volg: "Christoffel Coetzee laat nie een heilige koei in verband met die Anglo-Boereoorlog onaangeraak nie. Die oorlog word volledig gediskrediteer. Hierdeur word die wit plek tot een van die swartste bladsye uit die geskiedenis van die Afrikanervolk gemaak."

Hierdie diskreditering van die verskillende mites ten opsigte van die Anglo-Boereoorlog en die voorstelling van 'n alternatiewe historiese uitbeelding in Coetzee se roman toon 'n verband met die politieke, sosiale en kulturele situasies in post-apartheid Suid-Afrika. Uit hierdie perspektief kan Coetzee se roman ook as 'n variasie van die Waarheids- en Versoeningskommissie beskou word. Die WVK probeer om betekenis te gee aan persoonlike ervarings binne die groot narratief van apartheid en ook daardeur nasionale versoening te bewerkstellig op grond van respek vir die historiese bewyse, vir menseregte en vir individuele en kollektiewe trauma. Coetzee se roman sowel as die WVK bring die verswygde stories terug in die hede. Dié stories kan moontlik op 'n verskillende manier voorgestel word, maar dit is tog potensiële representasies van alternatiewe geskiedenisse wat Coetzee en die WVK voorstel.

Deur die Mentz-gegewe te eksploiteer, sou hierdie roman moontlik ook as uchroniese fiksie (vergelyk Wesseling 1991:13) beskou kon word. Teenoor die wesentlik utopiese beeld wat uchroniese geskiedskrywing wil projekteer, gaan dit hier egter juis oor die negatiewe, die grusame. Aangesien Coetzee deur die versinning van sekere romangegewens

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

omstandighede uitwys wat sou kon lei tot bepaalde ontwikkelinge in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, kan 'n mens sê dat dit net soos uchroniese fiksie gerig is op 'n verandering van die samelewing. Met ander woorde, deur die uitbeelding van die grusame detail van die misdade (wat sterker herinner aan weergawes wat in die ondersoek van die WVK na vore gekom het as die Anglo-Boereoorlog) lewer hierdie roman ook 'n politieke pleidooi vir respektering van die menseregte.

Dit is waar dat Coetzee in hierdie roman 'n ru mensbeeld blootlê wat in die oorlogsituasie gevorm is. Is dit dan nie so dat die skrywer dié geskiedenis rasionaliseer in die naam van die ongewone situasie van oorlog nie? In elke geval is daar geen twyfel dat Coetzee die Afrikanerheld-beeld diskrediteer deur die uitbeelding van Mentz en die twee adjudante as verteenwoordigers van boosheid nie.

### 5.3.4 Boosheid

"Die roman is 'n studie in boosheid" sê Van der Merwe (1999:234), "in die donker 'tweede natuur' van die mens wat altyd aanwesig is en in tye van oorlog sterk na bo kom". Die twee sentrale elemente van dié natuur wat in *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* uitgebeeld word, is wrede geweld en ongetemde seksualiteit.

Die twee vertrouelinge van Mentz, Voss en Niemann (op sy naam af letterlik nie-mens), is simbole van gewetenlose gewelddadigheid. Hierdie twee is die mees skrikwekkende verteenwoordigers van die bose. Die voorstelling van Mentz en sy twee adjudante as twee honde en 'n jakkals wat onkwesbaar is, sluit hierby aan. Voss en Niemann het dan ook niks mensliks meer nie. "Hulle is die uitvoerders van die kwaad. Voss is die slu manipuleerder, Niemann die totaal gewetenlose uitvoerder. Ook al die ander lede van die kommando is in meerdere of mindere mate instrumente in die hande van die bose", merk Renders (1999:121) op. Mentz se naam suggereer dat hy 'n simbool van die mens is, 'n Elckerlijc-figuur - veral kan dit as die donker kant van mens-wees beskou word, veral van die "mannetjiesmens". Volgens Burger (1999:107) is die idee van die ontmaskering van bose dade, van verborge dade, belangrik. Die roman is immers 'n weergawe van moontlike wandade wat tydens die Anglo-Boereoorlog deur boeremagte gepleeg is. Die roman beeld intens gekwelde karakters uit, magteloos om hul drifte in toom te hou en terneergedruk deur die las van hul gewete. Die roman begin met die vraag oor die identiteit van Mannetjies Mentz; algaande blyk dit dat Mannetjies Mentz nie iewers "daar buite" is nie, maar binne-in alle mense. Hiermee, volgens Van der Merwe (1999:234), word die funksie van die verbinding van fiksionaliteit en historisiteit duidelik; die suggestie is dat "Mentz homself inderdaad in die geskiedenis gemanifesteer het, maar dan nie as 'n spesifieke persoon nie, maar as deel van die menslike psige."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die motto, 'n aanhaling uit die slot van die boek, lui soos volg: "Ek dink: Wat sal dié ongelukkige man só jaag? Is sy skuld en pyn dan soveel erger as ons s'n? En ken ons generaal Mentz nou?" (297-298). Dit is 'n frase wat vir die leser Van Wyk Louw se bekende versreël in "Ballade van die bose" laat resoneer: "ken jy my nou? / Het jy die spieël gesien,/ en ken jy jou?". Inderdaad - die getuieverslae oor generaal Mannetjies Mentz het nie juis baie informasie oor hom opgelewer nie. Die verhale wat vertel word, handel nie soseer oor Mannetjies Mentz nie as oor sy invloed op ander mense. Mannetjies Mentz bly dwarsdeur die roman 'n figuur op die agtergrond wat niemand leer ken nie. Mentz tree amper nooit aktief op nie. Juis daardeur word hy verhef tot "die verteenwoordiger van die bose in elke mens en meer in die besonder van die boosheid wat deur oorlogsomstandighede in die mens losgewoel word" (Renders 1999:121).

Dit is presies die woord "boosheid" wat Miss Godby in *Verliesfontein* met moeite vir die oorlogstuasie gebruik het: "'Ontstel,' sê ek, en bly by my woordkeuse, want ontsteltenis is nie 'n te groot woord nie, net soos 'angs' ook nie 'n te groot woord is vir wat in daardie tyd op Fouriesfontein geheers het nie. [...] so sou ek [...] hier die woord 'boosheid' wil gebruik. 'n Groot woord, die grootste van almal, en tog die enigste wat hier op sy plek is. [...] die boosheid van die mens op aarde, die bose waarvan ons bid om verlos te mag word [...]" (Schoeman 1998a:226). Die wonde op Mentz se rug wat nooit heel nie, verteenwoordig ook hierdie boosheid. Coen Brits wys in Deel IV daarop: "Voss vertel my van die generaal se verskriklike lyding met die rug wat van tyd tot tyd ontsteek" (299); "Ek weet dat die kwaad by die geringste koors weer onder so 'n vel uitbreek" (298), soos die "verdeeldheid" wat deur Miss Godby in *Verliesfontein* verklaar word, "Die verdeeldheid wat na die oorlog bestaan het, was in 'n sekere sin altyd maar daar gewees en dit was oorgepleister soos mens die barste in 'n muur oorpleister en toeplak met muurpapier; maar die barste loop deur. Die gegriefdheid, die wrok, die onenigheid was altyd daar" (Schoeman 1998a:177). Soos wat Nel (1998) vra: "Is die soeke na die onbekende generaal Mentz dan in wese 'n soeke na die ware gesig van die bose?".

Nogtans, volgens Van der Merwe (1999:234), hoewel die boosheid soos 'n aansteeklike siekte versprei en 'n onontkombare skuldgevoel meebring, is daar ook tekens van hoop. Dit word veral bewerkstellig deur die Engelse soldaat Charlie White, 'n uitsonderlik eerbare man (vergelyk wit as konvensionele simbool van reinheid). White word onskuldig gemartel en vermoor deur Niemann. Dit is betekenisvol dat, net voor die vertelling van White se dood, 'n vlekkelose lam deur Jan Witsie se grootmoeder geslag word ter beskerming teen die bose. Charlie White en die vlekkelose lam word sodoende op simboliese vlak met mekaar verbind. Dit is veelseggend dat, kort na die dood van Charlie White, Jan Witsie en sy helpers daarin slaag om die kommando van Mentz te verdryf; die dood van die "slagoffer" White het die verlossing moontlik gemaak (vgl. Van der Merwe 1999:234-235). Witsie en White, "wit"

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

simbole van goedheid in die stryd teen kwaad, oorwin uiteindelik Mentz se kommando. Goed en kwaad, skuld en onskuld is nie slegs persoonlike, individuele kwessies nie, maar ook kollektiewe botsende magte. Van der Merwe (1999:235) stel dit só: "naas kollektiewe skuld is daar 'kollektiewe onskuld'. Hoewel die klem in die roman veral op boosheid val, is dit die goeie wat, danksy White en die Witsies, triomfeer."

Van Zyl (1998) merk op: "Die ware krag van die roman lê egter juis in die blik op die bose in die menslike 'wese se ondergrond' en die aanloop tot 'n Fascisties-intellektuele benadering van die stryd, 'n voorspel op wat die 20ste eeu sou oplewer. *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* het daarom alles om die eerste klassieke roman oor hierdie deurslaggewende oorlog te word ... maar niks om die Afrikaanse leser rustig te laat slaap nie". Die volgende berig wat onder die titel "Hewige reaksie op Nazi-kunswerke: Tentoonstelling is 'verering van boosheid'" in die *Die Burger* van 19 Maart 2002 verskyn het, is myns insiens insiggewend in verband met die boosheid wat in hierdie roman uitgebeeld word. Die koerantberig sê:

> ... die tentoonstelling "Mirroring Evil: Nazi Imagery / Recent Art" wat toe geopen het, ontstel veral Joodse leiers en oorlewendes van die Nazi-doodskampe. Reaksies wissel van "obseen" tot "heiligskennis" en 'n "verering van boosheid", berig die BBC. Dit was tog merkwaardig dat 'n museumbeampte die werke as opsetlik uitdagend beskou: "Die kunstenaars wil mense laat nadink." In 'n mediaverklaring deur die Joodse Museum word die gelade beelde van die Derde Ryk "uit die verlede na die hede verplaas sodat ons vrae kan vra oor hoe beelde ons siening van boosheid vorm". Volgens Kleeblatt is die werke die stem van 'n nuwe generasie. "Hierdie kunstenaars probeer nie 'n "soort verlossing van die gruwels en uitwissing" bewerkstelling nie, maar eerder om ons te laat kyk na die oortreders - die boosheid wat steeds in die wêreld is," het Kleeblatt gesê.

Deur aan die bose 'n universele dimensie te verleen, strek die problematiek van Coetzee se roman verder as die grense van die Anglo-Boereoorlog om 'n algemeen-menslike ervaring te vertolk. Soos Burger (1999:107) opmerk, verkry die roman van Coetzee deur die verbreding van die geskiedkundige gegewens tot algemene aspekte van die menslike natuur, 'n relevansie wat nie tot een plek en tyd beperk is nie. Die roman handel nie net oor die trauma van die Anglo-Boereoorlog nie, maar meer nog oor die huidige verwerking van die verlede.

### 5.3.5 Waarheidskwessie

Die Anglo-Boereoorlog was, in wese, 'n oorlog wat tussen twee koloniale magte geveg is, nie alleen vir die beheer oor grondgebied nie, maar veral vir die beheer oor grondstowwe waarvan goud op die Witwatersrand die belangrikste was. Hierdie oorlog was egter nie slegs 'n witmensoorlog nie. Dit het 'n diepgaande invloed op die lewens van alle Suid-Afrikaners,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

swart en wit, gehad. In hierdie verband maak Pakenham (1979:573) die volgende opmerkings:

> The Boers openly admitted killing the armed Africans when they captured them, and there is much unpublished evidence that they killed the unarmed ones too. Canon Farmer, one of the leading British missionaries in the Transvaal, wrote privately in 1901,
>
> Of all who have suffered by the war, those who have endured most and will receive least sympathy, are the Natives in their country places in the Transvaal ... they have welcomed British columns and when these columns have marched on, they have been compelled to flee from the Boers, abandon most of their cattle and stuff and take refuge in the towns or fortified places, or be killed ... at Modderfontein ... there was placed a garrison of 200 [white] men. The natives ... were there in their village: the Boers under [General Jan] Smuts, captured the post last month and when afterwards a column visited the place they found the bodies of all the Kaffirs murdered and unburied.
>
> I should be sorry to say anything that is unfair about the Boers. They look about the Kaffirs as dogs and the killing of them as hardly a crime ...
>
> If this was how Jan Smuts, as high-minded as any of the commando leaders, treated the hundred-odd Africans at Modderfontein, the fate of others can be imagined.

Teen die einde van die oorlog was 22 000 Imperiale en Koloniale soldate, asook 7 000 Boerekrygers dood. Tussen 18 000 en 28 000 Boerevrouens, -mans en -kinders het in Britse konsentrasiekampe omgekom. Niemand het die moeite gedoen om rekord te hou van sterftes wat in swart konsentrasiekampe voorgekom het nie, waar daar na beraming 107 000 mense aangehou is. Miljoene stuks beeste, perde en skape wat aan Boere en swartes behoort het, is gesteel of doodgemaak. Plase en plaashuise is besteel en vernietig (Pakenham 1979:572-573). Daar is getuienis in talle gepubliseerde, asook in ongepubliseerde dokumente dat growwe menseregteskendings aan alle kante van hierdie konflik voorgekom het. Volgens Swanepoel (1998:65) het die politieke agenda van die jare na die oorlog dit egter nooit moontlik gemaak dat daardie skendings institusioneel en sistematies ondersoek is nie.

In *Op soek na Generaal Mannetjies Mentz* vind die verteller twee ongepubliseerde manuskripte en 'n bandopname, weer eens vorme van getuienis, oor Mentz se rol in dié oorlog. Geen leser kan hierdie bronne verifieer nie. Die redakteur-verteller sê hieroor as volg: "Ons leef in 'n tyd waarin mondelinge oorlewering 'n nuwe status as 'n aanvaarbare

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

historiese aanspraak verkry; hierdie status is oordrewe: oorlewering, in die afwesigheid van stawende dokumentasie, werk óf verskralend óf kreatief op die geskiedenis in" (11). Verglyk ook:

> Hier is 'n voorbeeld hoe mondelinge oorlewering kreatief op die geskiedenis inwerk. Daar is ook verdere voorbeelde, nie altyd spesifiek uit die Suid-Afirkaanse Oorlog nie. / 'n Onlangse voorbeeld hoe mondelinge oordrag kreatief inwerk op die geskiedenis: Mandume, die stamhoof van die Kwanjama, 'n Oshiwambo-groepering in Namibië, is in 1917 deur Unietroepe tot oorgawe gedwing. Hy sneuwel in die geveg. Sy kop is na bewering na Windhoek gebring en daar begrawe. Dié weergawe is bloot fiktief. Fiksie word met 'n doel as die waarheid voorgehou: die afwesigheid van vroeëre teenstanders van kolonialisme onder die Oshiwambo-sprekende Namibiërs noodsaak die skepping van sulke helde, indien daar kontinuïteit aan die geskiedenis van bevryding gegee kan word (14).

Die verteller gaan verder: "Dit is moontlik dat die tydsgewrig 'n normale gesigswaarde van vertellings vereis. Enige ander (bedoelde) waarde wat aan die woorde geheg moet word, sal nie in dié konteks begryp word nie. So 'n ommeswaai van bedoeling is veral nie vergesog in 'n periode van nasionale heropbou nie. Dán soek ons eerder na werklike helde as na ironisering van heldfigure" (17). Swanepoel (1998:73) merk hieroor op dat dit heel duidelik 'n narratiewe strategie is "wat die skrywer hier gebruik om 'n postmodernistiese teks te skep waarbinne die grense van wat die waarheid en wat fiksie is, ernstig ondermyn word." Die enigste waarheid hier is, volgens Swanepoel, die narratiewe waarheid, die waarheid wat slegs 'n roman kan skep. "Is daar regtig iets soos die absolute waarheid? Hang dit nie maar van oogpunt af nie? Gee fiksie nie dalk soms die werklikheid beter weer as die waarheid nie?" vra Joubert (1999) in dieselfde gees. Dis vrae waarmee historici, skrywers en filosowe worstel sedert *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* die lig gesien het. Volgens Joubert (1999) was die konsep "waarheid" selde in hierdie land al so onder skoot soos tans. In 'n tyd van verandering, van 'n Waarheid- en Versoeningskommissie, 'n stille revolusie op elke samelewingsvlak en 'n herdefiniëring van sinswyses, is dit wat altyd as waarheid aanvaar is, reeds só ondergrawe dat dit voortdurende gerelativeer word. Om die waarheid te sê, lyk dit volgens Joubert (1999) of die waarheid verval.

In die derde deel van die roman vertel Blink Frans aan sy welwillende suster Ounooi van sy duistere verlede. Die leser moet hom aan die een kant identifiseer met die Elckerlijck-figuur, Mentz, en met sy trawante in die boosheid; aan die ander kant met Ounooi, om die belydenis van boosheid simpatiek aan te hoor. In 'n sekere sin word die leser daartoe gebring om hom oop te stel vir sy eie verhaal. In dié opsig, volgens Van der Merwe (1999:235), is die roman soos 'n grondige "Waarheids- en Versoeningskommissie", wat indring in die dieptes van die menslike psige om deur openhartige blootlegging vrede te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bring. Volgens Renders (1999:121) is die roman deur die kritiek op die manipulasie van die geskiedenis vir ideologiese doeleindes en die voorstelling van die onvoorstelbare wreedheid van die mens in oorlogstyd 'n belangwekkende tydsdokument. Coetzee belig egter nie net die Anglo-Boereoorlog nie. Sy roman is ook 'n ondersoek na die waarheid in die mens en die maatskappy (Renders 1999:120). Coetzee laat homself hieroor uit: "ek wil hê die leser moet verbande deurtrek van dié oorlog na die huidige gelieg en gebieg. Die WVK het die nuwe leuens en waarhede na vore laat kom" (Nieuwoudt, 1998). Met dié opmerking word die verband tussen hierdie roman en die WVK ten opsigte van die soeke na nuwe leuens en waarhede blootgelê. In *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* is die soektog na die waarheid, net soos die soeke na die ontwykend-enigmatiese generaal Mannetjies Mentz, egter besonder verwikkeld en problematies. In die roman word daar geen aansprake op waarheid en leuens of op goed en kwaad eksplisiet voortgebring nie. Die outeur is versigtig om enige waarheidstelling te maak. Wat die leser sien, is myns insiens Coetzee se (subtiele) voorstelling van die noodsaaklikheid en ook nut van bieg ten opsigte van die afgelope geskiedenis in die konteks van post-apartheid Suid-Afrika.

Volgens die redakteur-verteller vul sy werk 'n leemte in die offisiële geskiedskrywing waarin niks oor Mannetjies Mentz vermeld word nie. Hoekom het professionele historici nooit enige belangstelling vir Mannetjies Mentz getoon nie en word dit aan 'n verkoopsman oorgelaat om hierdie belangrike navorsing te doen? Die redakteur suggereer dat Mannetjies Mentz doelbewus uit die geskiedenis geskryf is omdat hy nie gepas het binne die ideologiese raamwerk van die Afrikaner en die doeleindes waarvoor die Anglo-Boereoorlog in die eerste helfte van die twintigste eeu gebruik is nie. Miskien was daar 'n man genaamd Mannetjies Mentz, miskien nie. Dit is uiteindelik nie die belangrikste kwessie nie. Die sentrale vraag in hierdie roman is: Het die geskiedenis Mentz, of andere soos hy, geëlimineer omdat sy / hulle dade in die volksbewussyn van die Afrikaner gewoon te wreed en destruktief was om dit as deel van die kultuurgoed te eien? Mannetjies Mentz het volgens die verteller 'n verleentheid geword en moes van die oorlogstoneel verdwyn. Die veteraandrawwer sê op 'n stadium: "Die waarheid moes eenvoudig uit, en so verander 'n volksmite in die verontskuldigende oë van die eerbiedwaardige volksvadere in 'n stinkstorie (...) Die volksvadere vergewe of vergeet die ou oproermaker nooit vir die waarheid nie" (20).

Renders (1999:118) lewer kommentaar hierop: "In hierdie aantyging lê 'n baie sterk beskuldiging oor die gebruik van die geskiedenis binne Afrikanergeledere met die oog op die verwesenliking van politieke doeleindes." Op hierdie manier onderstreep die roman die gevolgtrekking dat die begrip waarheid epistemologies onseker en kwesbaar is. Die waarheid is altyd afhanklik van diegene wat die mag het om dit waar te maak. En die hede het altyd 'n vormende invloed op dit wat as die waarheid ten opsigte van die verlede beskou word. "Waarheid" is dus nie 'n ideologies-onskuldige begrip nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Wat probeer Coetzee dan deur Mannetjies Mentz in die geskiedenis terugbring? Suggereer Coetzee dan nie 'n nuwe soort waarheid nie? As die waarheid nie ideologies onskuldig is nie, is die waarheid wat die skrywer in die roman probeer soek, dan ook 'n verwesenliking van politieke doeleindes? Elke politieke epog skep sy eie pseudo-geskiedenis, en dit vind hy fassinerend, sê Christoffel Coetzee (Nieuwoudt 1998), en hy het aan die boek begin skryf toe dit - nog vóór die WVK - duidelik was dat daar geprobeer word om die onlangse geskiedenis stelselmatig te verdraai. Coetzee (in Nieuwoudt 1998) sê: "ek wil hê die leser moet verbande deurtrek van dié oorlog na die huidige lieg en gebieg. Die WVK het die nuwe leuens en waarhede na vore laat kom. Ek het grootgeword met een waarheid oor die Anglo-Boereoorlog. Ek probeer nie om die geskiedenis te herskryf nie, maar om 'n alternatiewe waarheid te skets, want elke oorlog het 'n skadukant." Daarom merk Nieuwoudt (1998) as volg op: "*Op Soek na generaal Mannetjies Mentz* is egter nie net 'n boek oor die Anglo-Boereoorlog nie. Dis 'n boek wat op enige oorlog van toepassing gemaak kan word."

Omdat alle getuienis retrospektief is, moet ons aanvaar dat dit in essensie 'n tekstuele konstruksie is van die historiese gebeure daarby betrokke. Die persoon wat skriftelike of mondelinge getuienis lewer, is besig om 'n representasie van die gebeure te konstrueer wat op geselekteerde persepsies en geheue gebaseer is. Die lesers of luisteraars weet dat daar verifieerbare elemente in hierdie vertellings kan wees, maar 'n mens behoort dit ook in aanmerking te neem dat die waarheid betreffende getuienis altyd bepaal word deur daardie kontekstuele faktore wat ons persoonlike ondervindings vorm.

"Dit is 'n waarheid van binne-uit", skryf Swanepoel (1998:74) oor *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*, "en bied daarom die beste versoening moontlik met 'n uiters problematiese kollektiewe Suid-Afrikaanse verlede." In hierdie gees merk Wasserman (1998) op dat Coetzee se magistrale roman tydig verskyn: enersyds 'n jaar voor die herdenking van die Anglo-Boereoorlog, en andersyds binne 'n breër era in die Suid-Afrikaanse geskiedenis waar daar 'n vergrote bewussyn posvat van hoe geskiedskrywing in die verlede gemanipuleer is, hoe feite verdraai en bekook is, hoe dit wat as waarheid beskou word, verander wanneer die magsgestoeltes deur ander heersers warm gesit word.

"Deur hierdie fiksionalisering eis die skrywer sy aandeel op in die soeke na die waarheid. In hierdie proses gebruik Christoffel Coetzee fiksie as werktuig", soos Renders (1999:120) uitwys. Op hierdie manier verkry die roman weer eens die funksie van die Waarheids- en Versoeningskommissie: net deur die historiese feite aan die lig te bring, kan versoening in die vooruitsig gestel word. Dis trouens in hierdie terme wat Ounooi Frans aanmoedig om oor sy wandade te bieg: "Frans, kry dié ding uit jou kop en van jou gewete af. Wat het aan julle kant in die berge gebeur, en wat was jou aandeel daaraan? Net dán sal jy vrede met jouself maak" (149). Frans se weergawe kan ook as 'n vorm van skuldbelydenis beskou word. Dit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bevestig die relevansie van *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* vir die hede, wat trouens deur die verwysing na "reconciliation en nation-building" (259) nog meer benadruk word. Die daad van "bieg" speel 'n uiters belangrike rol ook in die WVK. Die doel van die kommissie, naamlik versoening en vergifnis vir die verlede, sou nie deur die dade van wraak teweeggebring kan word nie. Die WVK én Coetzee moedig die wandaders van die verlede aan om te bieg, en die begin van die kommissie en die skryf van die roman self is miskien 'n voorbeeld van die bieg vir "reconcilation en nation-building".

In hierdie opsig speel dié roman 'n uiters aktuele rol, veral weens die verband wat gelê word tussen die geskiedenis en die hedendaagse Suid-Afrika. Soos Wasserman (1998) skryf, deur terme soos "n nuwe Suid-Afrika' (139), 'reconciliation' en 'nation-building' (259) in verband met die oorlog te gebruik, word die tekens gegee dat die gruwels van ideologie oor die jare dieselfde bly. Die waarde wat Coetzee se poging vir die Suid-Afrikaanse toekoms sou kan inhou, word in Van der Merwe (2001:70) se opmerking duidelik: "It was now difficult to write or read about the suffering experienced by Afrikaners in the Anglo-Boer War without remembering the suffering caused by Afikaners in the apartheid era".

*"Op soek na generaal Mannetjies Mentz* word 'n poging om, teen die agtergrond van 'n gebeurtenis van die verlede, oor ons tyd te besin" merk Burger (1999:101) ook op. Wat hierdie roman onthul, nie net oor die "Afrikaner-siel" of die basis van die Anglo-Boereoorlog nie, maar oor die donkerheid van die mens se psige, maak dit 'n mylpaal van die post-apartheid literatuur (Brink 1998b). Coetzee se roman ontdek dat Suid-Afrika vandag nog steeds "op soek (is) na generaal Mannetjies Mentz", en Christoffel Coetzee wys die weg na hom aan, om versoen te word met die Suid-Afrikaanse verlede.

## 5.4 GEVOLGTREKKING

Uit die voorafgaande bespreking kom allerlei parallelle na vore tussen die twee romans, *Verliesfontein* en *Op soek na Mannetjies Mentz*: die gebruik van die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog as beginpunt vir die blootlegging van algemeen-menslike waarhede, toepaslik op verskillende tye en plekke en die verbinding van die Anglo-Boereoorlog met die era van apartheid. Die tradisionele verheerliking van die heroïek van die Boere in die Anglo-Boereoorlog is ook in albei romans afwesig.

In Schoeman se *Verliesfontein* is die klein storie, die *petite histoire* van individue, vertel: 'n verliefde tiener, 'n kreupel klerk, 'n ou dame. Dit is verhale van individue wat sukkel om 'n individuele identiteit te vind, 'n nuwe morele identiteit. In die vreemde land van die verlede probeer Schoeman nuwe stories vind, individuele verhale waarin die Ander (gemarginaliseerdes) se stemme ook gehoor kan word. Schoeman slaag daarin sonder om 'n nuwe "dominante geskiedenis" te konfronteer. Christoffel Coetzee se *Op soek na generaal*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

*Mannetjies Mentz* ondermyn ook talle geromantiseerde idees oor die Anglo-Boereoorlog, maar dit is 'n roman waarin die idee van 'n nuwe identiteit, wat te voorskyn kom uit die verhale van die verlede, ondersoek word. Geen maklike verklarings oor die goeie en die slegte word gemaak nie.

Uiteindelik kan hierdie twee romans meer met die hede te maak hê as met die verlede. "The result is a major contribution, not only to our understanding of a receding past, but to our grasp of the present" merk Brink (1998b) op. Schoeman en Coetzee probeer om uit die verlede 'n nuwe storie te skep, moontlik 'n nuwe identiteit vir kontemporêre Suid-Afrikaners.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



# SLOT

Met hierdie studie het ek probeer om 'n bydrae te lewer tot die diskoers oor geskiedenis en literatuur, met spesifieke verwysing na die twee tekste *Verliesfontein* en *Op soek na generaal Mannetjies Mentz*. Die hoofdoelstelling was om 'n ondersoek te doen oor die maniere waarop die geskiedenis in resente Afrikaanse literatuur gepresenteer word. By die lees van die twee tekste waarin historiese stof verwerk word, is veral ingegaan op die postmodernistiese bemoeienis met die probleme rondom die kwessie van die geskiedenis benut. Viljoen (1991:61) merk oor die ondermyning van die amptelike geskiedenis in die postmodernistiese historiese fiksie as volg op: "Dit kan enersyds gedoen word deur die amptelike weergawe van die geskiedenis te supplementeer deur terug te skryf wat vroeër onderdruk of uitgelaat was. Andersyds kan die amptelike weergawe van die geskiedenis hersien word deur 'n herinterpretasie van historiese rekords waardeur die ortodokse opvattinge dikwels ontluister word." Deur die manier waarop Schoeman en Coetzee die Anglo-Boereoorlog verwerk in hulle onderskeie romans, kan hulle werk in albei hierdie opsigte met postmodernistiese fiksie vergelyk word. Elemente soos die selfbewuste bevraagtekening van die feitelikheid van geskiedskrywing, die vermenging van fiksie en historiese feit, en die verskaffing van 'n alternatiewe geskiedskrywing deur middel van die stemme van gewone of periferale figure ('n kind, 'n bejaarde mens, 'n min-geagte vrou, bruin en swart mense) in postmodernistiese literatuur (byvoorbeeld in Hutcheon se *historiografiese metafiksie*), geld ook binne die bepaalde twee historiese tekste.

Hierdie postmodernistiese benadering tot die geskiedenis speel 'n belangrike rol binne die post-apartheid Suid-Afrikaanse konteks. Vanuit hierdie benadering word die bekende weergawe van die geskiedenis (byvoorbeeld met betrekking tot die Anglo-Boereoorlog) ontmitologiseer en word nuwe en voorheen ongehoorde perspektiewe op die historiese gebeure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis verwoord. Die twee tekste wat die Anglo-Boereoorlog as raamwerk ontgin, is in der waarheid met ander woorde met "narratiewe geskiedenis" (Roos 1998:108) besig.

"Die herinnering het 'n politiek" beweer Snyman (1999:3). Volgens Viljoen en Du Pisani (1999:2) het die herdenking van die Anglo-Boereoorlog ten minste twee belangrike sosiale funksies. Eerstens is dit deel van nasiebou. Deur gedeelde lyding en die aankweek van trots op 'n algemene geskiedenis te beklemtoon, kan 'n verdeelde Suid-Afrika herenig. So kan dit help om 'n gedeelde toekoms te skep. Meer fundamenteel nog, kan die herdenking 'n belangrike rol speel om bespreking aan te moedig oor nuwe identiteite vir Suid-Afrikaners. Schoeman en Coetzee wil geen maklike verklarings oor die goeie en die slegte, algemene gedragsreëls, of 'n duidelike visie van die toekoms gee nie. Wat die twee outeurs myns

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

insiens probeer, sluit by Lyotard (in Hutcheon 1988:15) se woorde aan:

> A postmodern artist or writer is in the position of a philosopher: the text he writes, the work he produces are not in principle governed by preestablished rules, and they cannot be judged according to a determining judgement, by applying familiar categories to the text or to the word. Those rules and categories are what the work of art itself is looking for.

*Verliesfontein* en *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* sou eerder as postmodernistiese intellektuele uitdagings beskou kan word wat die beelde van die verlede herontgin sodat dit vrugbaar kan wees vir die toekoms in Suid-Afrika. Op hierdie manier word die stryd met en die herdefiniëring van die self belangrik. Viljoen en Du Pisani (1999:2) merk op: "Only by incorporating what is disturbing and un-self-ish - in the war and in apartheid history - will growth and renewal seem possible." In *Orientalism* beskou Said (1995:332) nasionale en individuele identiteite as veranderlike konstruksies wat inherent histories is, maar die verlede voortdurend in die hede herdefinieer. Die vloeibare sosiopolitieke konteks gee aanleiding tot 'n sikliese reis tussen hede en verlede wat neerslag vind in die voortdurende skepping en herskepping van identiteitskonstruksies. Sartre het reeds beweer dat die verlede dit is wat ons daarvan wil onthou - dit bestaan eintlik nie buite ons eie bewustheid daarvan nie. Daarom kan die huidige Suid-Afrikaners hulle verlede "kies" soos hulle toekoms. In dieselfde gees skryf Hayden White (1978:49) as volg:

> The exponents of realistic historicism - Hegel, Balzac, and Tocqueville, to take representatives from philosophy, the novel, and historiography, respectively - agreed that the task of the historian was less to remind me of their obligation to the past than to force upon them an awareness of how the past could be used to effect an ethically responsible transition from present to future ... Thus for all three, history was less an end in itself than a preparation for a more perfect understanding and acceptance of the individual's responsibility of the common humanity of the future ... in short, all three interpreted the burden of the historian as a moral change to free men from the burden of history.

Hierdie proses is kenmerkend van seker die opvallendste stroming in die hedendaagse prosa in Afrikaans, soos Roos (1998:110) ook opmerk. Met die betrokkenheid by die tydgenootlike werklikheid, veral deur die verkenning van persoonlike geskiedenisse in 'n multikulturele samelewing, vorm die Afrikaanse historiese roman deel van die heersende diskoers wat vandag in post-apartheid Suid-Afrika aan die ontwikkel is.

# BRONNELYS

Allen, Geoff R. 1997a. Die geskiedkundige rooidoek: Historici en hul feite. In: Tempelhoff, J.W.N (red.). *The exploration of fact and fiction: An interdisciplinary discourse.* Vanderbijlpark: PU vir CHO.

Allen, Geoff R. 1997b. Relaxing the reflexes: Reflections on Herodotus. *New Contree,* 42:44–59.

Ankersmit, Frank R. 1990. *De navel van de geschiedenis: over interpretatie, representatie en historische realiteit.* Groningen: Historische Uitgeverij Groningen.

Ankersmit, Frank R. 1994. The Origins of Postmodernist Historiography. *Poznañ Studies in the Philosophy of the Sciences and the Humanities,* 41:87–117.

Aristoteles. 1991. *Poëtika* (vertaal deur De Kock, E.L. & L. Cilliers). Johannesburg: Perskor.

Aristoteles. 1996. *Poetics* (vertaal deur Malcolm Heath). London: Penguin.

Asmal, Kader, Asmal, Louise & Robers, Ronald. 1996. *Reconciliation Through Truth.* Cape Town/Johannesburg: David Philip Publishers.

Bakhtin, M.M. 1981. *The dialogic imagination: Four Essays by M.M. Bakhtin.* University of Texas Press.

Bakhtin, M.M. 1986. *Aesthetics of Verbal Creativity*. Moscow: Iskusstvo.

Bal, Mieke. 1978. *De Theorie van Vertellen en Verhalen*. Muiderber: Dick Coutinho.

Bam, J. & Visser, P. 1997. *A New history for a new South Africa*. Cape Town: Kagiso.

Barthes, Roland. 1970. Historical Discourse. In: Lane, Michael (red.). *Structuralism. A reader.* London: Janathan Cape: 145–155.

Barthes, Roland. 1974 (1957). *Mythologies* (vertaal deur Annette Lavers). London: Jonathan Cape.

Barthes, Roland. 1979. From Work to Text. In: Harari, Josué V. (red.). *Textual Strategies: Perspectives in Post-structuralist Criticism.* New York: Cornell UP: 73 – 81.

Barthes, Roland. 1981. Theory of the Text. In: Young, Robert (red.). *Untying the Text: A Poststructuralist Reader.* Boston/London/Henley: Routledge & Kegan Paul: 31–47.

Barthes, Roland. 1988. The Death of the Author. In: Lodge, David (red.). *Modern Criticism and Theory: A Reader.* Londen/New York: Longman.

Bauman, Zygmunt. 1992. *Intimations of postmodernity.* London/New York: Routledge.

Belsey, Catherine. 1980. *Critical Practice.* London/New York: Methuen.

Bertens, Hans. 1986. The Postmodern Weltanschauung and its Relation with Modernism: An Introductory Survey. In: Fokkema, D. & Bertens, H. (reds.). 1986. *Approaching Postmodernism.* Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins: 9–51.

Bertens, Hans. 1995. *The Idea of the Postmodern: A History.* London/New York: Routledge.

Bertens, Hans & D'haen, Theo. 1988. *Het postmodernisme in de literatuur.* Amsterdam: De Arbeiderspers.

Bottomley, John. 1997. History as artefact and South African Historians as jugglers of fictions, purveyors of snake-oil, and other 'suspect narratives'. *New Contree,* 42:5–17.

Brink, André. 1991. Op pad na 2000. *Tydskrif vir Letterkunde,* 29(4):1-12.

Brink, André. 1987. *Vertelkunde: 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste.* Pretoria: Academica.

Brink. André. 1990. Die skrywer as towenaar. *Vrye Weekblad*. 30, Maart.

Brink, André. 1998a. Stories of history: reimagining the past in post-apartheid narrative. In: Nuttall, Sarah & Coetzee, Carli (reds.). *Negotiating the past: The making of memory in South Africa.* Oxford/New York: Oxford University Press: 29–42.

Brink, André. 1998b. Anglo-Boer war spawns milestone in new fiction. *The Sunday Independent*, 2 Augustus.

Burger, Willie. 1997. Geskiedenis in resente genealogiese romans. *Stilet* 9(2): 22–31.

Burger, Willie. 1999. Yster Swart, Mannetjies Mentz en Eugène de Kock: tekstualisering van die Afrikaner booswig. *Stilet,* 11(2):99–112.

Burger, Willie. 2001. The past is another country: Narrative, identity and the achievement of moral consciousness in Afrikaans historiographical fiction. *Stilet,* 13(2):79–91.

Burke, Peter. (red.) 2001. *New Perspectives on Historical Writing.* Cambridge: Polity.

Cattell, Karin. 2001. Tuiskoms en vertrek: Die soeke na Afrikaner-identiteit. *Stilet,* 13(1):11-19.

Carr, David. 1994. Getting the story straight: Narrative and Historical Knowledge. *Poznañ Studies in the Philosophy of the Sciences and the Humanities*, 41:119-133.

Carter, Paul. 1987. *The Road to Botany Bay. An Essay in Spatial History.* London/Boston: Faber & Faber.

Clingman, Stephen. 1990. Literature and History in South Africa. *Radical History Review,* 46(7):145–159.

Cloete, T.T. 1992. *Literêre terme en teorieë.* Pretoria: Haum-literêr.

Coetzee, Christoffel. 1998. *Op soek na generaal Mannetjies Mentz.* Kaapstad: Queillerie.

Coetzee, Christoffel. 1999. Oor die waarheid. *Stilet,* 11(2):126–135.

Cohen, Sande. 1978. Structuralism and the Writing of an Intellectual History. *History and Theory* 17: 175-206.

Collingwood, R.G. 1966 (1946). *The Idea of History*. London: Oxford University Press.

Cuthbertson, Greg & Jeeves, Alan. 1999. The Many-Sided Struggle for Southern Africa, 1899-1902. *South African Historical Journal* 41 (Special Issue: South African War 1899-1902: Centennial perspectives): 2–21.

Crane, R.S. 1954. *Critics and Criticism: Ancient and Modern.* Chicago University Press.

Danto, A.C. 1968. *Analytical Philosophy of History.* Cambridge: Cambridge UP.

Degenaar, Johan. 1976. *Moraliteit en politiek.* Kaapstad: Tafelberg.

Degenaar, Johan. 1986. Historical Discourse as Fact-bound Fiction. In: Doeser, M.C. & Kraay, J. N. (red.). *Fact and Values: Philosophical Reflections from Western and Non-Western Perspective.* Dordrecht/Boston/Lancaster: Martinus Nijhoff Publishers: 65–80.

Degenaar, Johan. 1990. Intertekstualiteit. In: Malan, Charles & Jooste, G.A. (reds.). *Onder andere. Die Afrikaanse letterkunde en kulturele kontekste. (ALV-publikasiereeks 4).* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika: 3-12.

De Lange, A.M. 1992. New Historicism. In: Cloete, T. T. (red.). 1992. *Literêre terme en teorieë.* Pretoria: Haum-literêr : 35.

Derrida, Jacques. 1976 (1967). *Of Grammatology* (vertaal deur Gayatri C Spivak). Baltimore/London: Johns Hopkins University.

Du Pisani, Kobus. 1999a. Fact and Fiction: Representations of the South African War in Afrikaans history writing and literature. *New Contree*, 45:164–184.

Du Pisani, Kobus. 1999b. "Volkshelde": die Boerekrygerbeeld en die konstruksie van Afrikanernasionalisme. *Literator,* 20(3):87–111.

Du Plooy, Heilna. 1992. Fiksie. In: Cloete, T. T. (red.) *Literêre terme en teorieë.* Pretoria: Haum-literêr :129.

Du Plooy, Heilna. 1999. Die deurlopende koord. *Literator,* 20(3):201–212.

Foster, Hal. 1983. *The Anti-Aesthetic: Essays on Postmodern Culture.* Port Townsend, Wash: Bay Press.

Foster, Petronella H. 2000. *Postmodernisme en poësie, met spesifieke verwysing na die historiografiese metagedig Die heengaanrefrein van Wilma Stockenström.* Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (D.Litt.-proefskrif)

Foster, Ronel & Viljoen, Louise. 1997. *Poskaarte*. Tafelberg: Human & Rousseau.

Foucault, Michel. 1972 (1969). *The archaeology of knowledge.* London: Tavistock.

Foucault, Michel. 1977 (1975). *Discipline and Punish: The Birth of the Prison*. New York: Pantheon.

Foucault, Michel. 1978 (1976). *The History of Sexuality. Volume 1: An introduction.* New York: Pantheon.

Foucault, Michel. 1981. *Power/Knowledge.* New York: Pantheon.

Foucault, Michel. 1988. What is an Author? In: Lodge, David (red.). *Modern Criticism and Theory: A Reader.* London/New York: Longman.

Frow, John. 1986. *Marxism and Literary History.* Cambridge: Harvard University Press.

Gaillard, Francoise. 1980. An Unspeakable (Hi)story. *Yale French Studies,* 59:137–154.

Galloway, Francis. 1990. *Breyten Breytenbach as openbare figuur.* Pretoria: HAUM-Literêr.

Gearhart, Suzanne. 1984. *The Open Boundary of History and Fiction*. Princeton University Press.

Giles, Steven. 1988. Against Interpretation? Recent Trends in Marxist Criticism. *The British Journal of Aesthetics*, 28(1):68–77.

Gossman. Lionel. 1987. History as decipherment: Romantic historiography and the discover of the Other. In: Gossman, L. 1990. *Between History and Literature*. Cambridge/ Massachusetts/London: Harvard University Press.

Gossman, Lionel. 1990 (1978). History and Literature: Reproduction or Signification. In: Gossman, L. *Between History and Literature.* Cambridge/Massachusetts/London: Harvard University Press.

Gouws, Tom. 1996. Al was ons ook daar, ons weet dis nie waar nie – Metodologie en geskiedskrywing in postmodernistiese perspektief. *New Contree,* (39):46-58.

Grenz, Stanley J. 1996. *A primer on Postmodernism.* Michigan & Cambridge: William B. Eerdmans.

Grové, Henriette. 1998. Só lyk die mannetjiesmens. *Insig*. Augustus.

Grundlingh, Albert. 1999 (1979). Die "Hendsoppers" en "Joiners": Die rasionaal en verskynsel van verraad. Menlopark: Protea Boekhuis.

Hattingh, Marion & Willemse, Hein (reds.). 1995. *Vernuwing in die Afrikaanse letterkunde.* Referate gelewer bydens die sesde hoofkongres van die Afrikaanse letterkundevereniging. Bellville: U.W.K.

Hofmeyr, Isabel. 1998. Popularizing History: the Case of Gustav Preller. *Journal of African History,* 29:521–535.

Human, Thys. 1999. Die soeke na en konstruksie van waarheid in *Op soek na generaal Mannetjies Mentz deur Christoffel Coetzee*. *Stilet,* 11(2):113–125.

Hutcheon, Linda. 1988. *A Poetics of Postmodernism. History, Theory, Fiction.* New York/London: Routledge.

Hutcheon, Linda. 1989. *The Politics of Postmodernism*. New York/London: Routledge.

Ibsch, Elrud. 1993. Fact and Fiction in Postmodernist Writing. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, 9(2):185–193.

Jansen, Ena. 1999. De oorlog en de Afrikaanse literatuur. *Zuid-Afrika,* 76(8):110–111.

Jenkins, Keith. 1991. *Re-thinking History*. London/New York: Routledge.

Jenkins, Keith. 1997. (red.) *The Postmodern History Reader.* London/New York: Routledge.

John, Philip. 2000a. Afrikaans as eks-sentristiese letterkunde: Postmodernisties, hardegat en hoopvol in Suid-Afrika. *Tydskrif vir Letterkunde*, 38(1/2):8–20.

John, Philip. 2000b. Versoening, Aufarbeitung, Renaissance, Verligting: Wat eis die Suid-Afrikaanse verlede van ons? *Stilet,* 12(2):43–61.

Jooste, G.A. 1995. Die vreemdelingskaptema in enkele romans van Karel Schoeman. *Literator* 16 (1): 139–150.

Jooste, G.A. 1998. Karel Schoeman. In: Van Coller, H.P. (red.). *Pespektief en Profiel: 'n Afrikaans Literatuurgeskiedenis 2*. Pretoria: Van Schaik: 544–564.

Joubert, Jan-Jan. 1999. Waarheid beland in spervuur Dis mos pure kettery, sê historici. *Rapport*, 5 Desember.

Kannemeyer, J.C. 1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur 1.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Kannemeyer, J.C. 1998a. Meesterhand hier teenwoordig. *Rapport*, 20 September.

Keegan, Tim. 1988. *Facing the Storm: Portraits of Black Lives in Rural South Africa.* Cape Town: David Philip.

Kuiper, Mark. 1990. Dialectiek van het estheticisme: over de benadering van geschiedenis bij Hayden White en Michel Foucault. *Tijdschrift voor Filosofie,* 52(1):41-61.

Labuschagne, Pieter. 1999. *Skimruiters van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902): Die rol en bydrae van die Agterryers.* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

LaCapra, Dominick. 1983. Rethinking Intellectual History and Reading Text. In: LaCapra, D. 1983. *Rethinking intellectual history; texts, contexts, language.* Ithaca: Cornell University Press.

LaCapra, Dominick. 1985. *History and Criticism.* Ithaca/New York: Cornell University Press.

Le Cordeur. Basil. A. 1985. The Reconstruction of South African History. *South African Historical Journal,* 17:1–10.

Le Roux, André. 1998. Boekrak: *Op soek na generaal Mannetjies Mentz. Sarie*, 17 Junie.

Lowenthal, D. 1985. *The Past is a Foreign Country.* Cambridge: Cambridge University Press.

Maree, Lynn. 1984. The Hearts and Minds of the People. In: Kallaway, Peter. (red.). *Apartheid and Education: The Education of Black South Africans.* Johannesburg: Ravan Press: 148–159.

Marks, S. 1981. Towards a people's history of South Africa? Recent developments in the historiography of South Africa. In: Samuel, R. (red). *People's History and Socialist Theory.* London: Routledge & Kegan Paul: 297–308.

Marshall, Brenda K. 1992. *Teaching the Postmodern: Fiction and Theory.* New York/London: Routledge.

McHale, Brian. 1987. *Postmodernist Fiction.* New York/London: Methuen.

Meili, Steele. 1997. *Theorizing textual subjects: agency and oppression*. Cambridge: Cambridge University Press.

Mink, Louis. 1978. Narrative Form as a Cognitive Instrument. In: Robert H. Canary & Kozicki, Henry (red.). *The Writing of History: Literary Form and Historical Understanding.* Wisconsin: The University of Wisconsin Press: 129–149.

Mink, Louis. 1987. Narrative Form as a Cognitive Instrument. In: Mink, Louis. *Historical Understanding.* Ithaca/London: Cornell University Press.

Minkley, Gary & Rassool, Ciraj. 1998. Orality, Memory, and Social History in South Africa. In: Nuttall, Sarah & Coetzee, Carli (reds.). *Negotiating the Past: The Making of Memory in South Africa.* Oxford/New York: Oxford University Press: 89–99.

Müller, Petra.1998. In die teater van wreedheid. *De Kat*, 24 Julie.

Munz, Peter. 1978. *The Shapes of Time: a New Look at the Philosophy of History.* Middletown: Wesleyan University Press.

Murphey, Murray G. 1973. *Our Knowledge of the Historical Past.* Indianapolis.

Nasson, Billy & John, J M. 1986. Die lewe en dood van Abraham Esau. *Die Suid-Afrikaan,* (somer):23–25.

Nasson, Bill. 1991. *Abraham Esau's War: a Black South African War in the Cape. 1899 – 1902. (African studies series: v. 68).* Melbourne: Cambridge University Press.

Nasson, Bill. 1999. *Uyadela Wen'osulapho: Black Participation in the Anglo-Boer War* (The Anglo-Boer War Series). Randburg: Ravan press.

Nel, Adèle. 1998. Kragtige debuutroman wat meesleurend lees. *Beeld*, 11 Mei.

Newby, A. 1993. Calvinia: die erfenis van Abraham Esau en 'n monument vir apartheid. *Die Suid-Afrikaan*, (44):17–19.

Nieuwoudt, Stephanie. 1998. Roman beweeg na aan werklikheid. *Die Burger*, 20 Mei.

Noyes, John Kenneth. 1997. Departing, returning and longing for home – narration and the pathos of nation. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, 13(1/2):21–37.

Nuttall, Sarah & Coetzee, Carli (reds.). 1998. *Negotiating the Past: The Making of Memory in South Africa.* Oxford/New York: Oxford University Press.

Oakes, Dougie (red.). 1994 (1988). Death for defending the Union Jack. In: *Illustrated History of South Africa.* 258–259.

Olivier, Gerrit. 1995. Die stemme van 'n wye en droewe land. *Die Suid-Afrikaan,* 54:39.

Pakenham, Thomas. 1979. *The Boer War*. London: Abacus.

Pieters, Elaine (red.). 1999. *Not Only a White Man's War: Black and Indian involvement in the Anglo-Boer War* (Voortrekker Museum Series No. 1.). Voortrekker Museum.

Pretorius, F. 1991. *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Pretorius, Fransjohan. 1999a. "Op soek na generaal Mannetjies Mentz" histories beoordeel. *Tydskrif vir Letterkunde,* 37(3/4):1–17.

Pretorius, Fransjohan. 1999b. Skrywer betree wêreld van waarhede in Mannetjies Mentz. *Die Burger*, 18 Oktober.

Pretorius, Fransjohan. 2000. Boer attitudes to Africans in Wartime. In: Lowry, Donal (red.). *The South African War Reappraised.* Manchester/New York: Manchester UP.

Raal, Sarah. 2000. *The Lady who fought: A Young Woman's Account of the Anglo-Boer War.* Plumstead & London: Stormberg.

Rautenbach, Elmari. 1998. Wreedheid ken hy van kindsbeen af. *Die Volksblad*, 1 Julie.

Ray, William. 1990. *Story and History: Narrative Authority and Social Identity in the Eighteenth-Century French and English Novel.* Cambridge/Oxford: Basil Blackwell.

Renders, Luc. 1995. Die Afrikaanse literatuur onder die juk van apartheid: die soeke na 'n nuwe identiteit. In: Hattingh, M. & Willemse, H. (reds.). 1995. *Vernuwing in die Afrikaanse letterkunde. Afrikaanse letterkundevereniging.* Pretoria: Haum-literêr: 29–43.

Renders, Luc. 1999. Tot in die hart van boosheid: twee resente Afrikaanse romans oor die Anglo-Boereoorlog. *Literator,* 20(3):113–127.

Rigney, Ann. 1989. Adapting history to the novel. *New Comparsion: a Journal of Comparative and General Literary Studies*, 8:127–143.

Rigney, Ann. 1990. *The Rhetoric of Historical Representation: Three Narrative Histories of the French Revolution.* Cambridge/Port Chetser/New York/Melbourne/Sydney: Cambridge University Press.

Romanos, Christos. 1985. *Poetics of Fictional Historian.* New York: Peter Lang.

Roos, Henriette. 1998. Perspektief op die Afrikaanse prosa van die twintigste eeu. In: Van Coller, H.P. (red.). *Pespektief en Profiel: 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis 1.* Pretoria: Van Schaik: 21-117.

Rossouw, Jahann. 1998. Tapisserie uit weefsel van gewone mense se lewe. *Beeld*, 31 Augustus.

Rüsen, Jörn. 1993. *Studies in Metahistory.* Pretoria: Human Sciences Research Council.

Rüsen, Jörn. 2000. Lo(o)s(en)ing the Order of History: Some Aspects of Historical Studies at the Intersection of Modernity, Postmodernity and the Discussion on Memory. *Historia*, 45(2):255–270.

Ryan, Michael. 1982. *Marxism and Deconstruction: A Critical Articulation.* Baltimore/London: The Johns Hopkins University Press.

Said, Edward W. 1978. *Orientalism*. London/Henley: Routledge & Kegan Paul.

Saunders, Christopher. 1997. Agency in South African Historiography: Reflections. *New Contree*, 42:35–43.

Sawyer, R. Keith. 2002. A Discourse on Discourse: An Archaeological History of an Intellectual Concept. *Cultural Studies,* 16(3):433-456.

Scheepers, Riana. 1998. *Koos Prinsloo: Die skrywer en sy geskryfdes.* Kaapstad: Tafelberg.

Schoeman, Karel. 1985. Die dood van Abraham Esau: Ooggetuieberigte uit die besette Calvinia, 1901. *Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Bibliotheek,* 40(2):56–66.

Schoeman, Karel. 1993. *Hierdie lewe.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Schoeman, Karel. 1995. *Die uur van die engel.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Schoeman, Karel. 1996. *The Face of the Country: a South African family album 1860-1910.* Cape Town: Human & Rousseau.

Schoeman, Karel. 1998a. Verliesfontein. Kaapstad: Human & Rousseau

Schoeman, Karel. 1998b. *Witnesses to War: Personal documents of the Anglo-Boer War (1899-1902) from the collections of the South African Library.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Schutte, G.J. 1999. Na honderd jaar. *Zuid-Afrika*, 76(8):99.

*SESA (Standard Encyclopaedia of Southern Africa).* 1974. Kaapstad: NASOU.

Smith, Ken. 1988. *The changing past: Trends in South African Historical Writing.* Johannesburg: Southern Book Publishers.

Snyman, Johan. 1999. Die politiek van herinnering: spore van trauma. *Literator* 20 (3):9 – 33.

Sturley, D.M. 1969**.** *The Study of History.* London: Longman.

Swanepoel, Eduan. 1998. Waarheid en versoening: Representasie van die Suid-Afrikaanse oorlog (1899 – 1902) in Afrikaanse, Engelse en Nederlandse fiksie. *Stilet*, 10(2):63–75.

Tempelhoff, J.W.N. (red.). 1997. *The Exploration of Fact and Fiction: An Interdisciplinary Discourse.* Vanderbijpark: PU vir CHO.

Theron, Bridget (red.). 2000. *Dear Sue: The letters of Bessie Collins from Pretoria during the Anglo-Boer War.* Pretoria: Protea Book House.

Thiher, Allen. 1984. *Words in Rreflection: Modern Language Theory and Postmodern Fiction.* Chicago: University of Chicago Press.

Tollebeek, Jo. 1996. *De ekster en de kooi: Nieuwe opstellen over de geschiedschrijving.* Amsterdam: Bert Bakker.

Van Coller, H.P. 1988. Die historisiteit van die literêre werk met verwysing na Houd-den-Bek. In: Senekal, J.H. (red.). 1988. *Donker weerlig: Literêre opstelle oor die werk van André P. Brink.* Cape Town: Jutalit.

Van Coller, H.P. 1997. Die waarheidskommissie in die Afrikaanse letterkunde: Die Afrikaanse prosa in die jare negentig. *Stilet,* 9(2):9–21.

Van Coller, H.P. 1998 (red.). *Pespektief en Profiel: 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis 1.* Pretoria: Van Schaik.

Van der Elst, J. 1992. Realisme. In: Cloete, T.T. *Literêre terme en teorieë.* Pretoria: Haum-literêr: 417-419.

Van der Merwe, Chris. 1999. Op soek na goed en kwaad. Twee resente romans oor die Anglo-Boereoorlog. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans,* 6(2):229–245.

Van Gensen, A.J. 1996. *Dialogiek in die romans: 'n Ander land en Afskeid en Vertrek deur Karel Schoeman.* Bellville: Universiteit Wes-Kaapland. (M.A.-tesis)

Van Gorp, H (red). 1998. *Lexicon van Literaire termen.* Nijhoff: Groningen.

Van Heerden, Etienne. 1997a. *Postmodernisme en Prosa – Vertelstrategieë in vyf verhale van Abraham H. De Vries.* Kaapstad/ Pretoria/Johannesburg: Human & Rousseau.

Van Heerden, Etienne. 1997b. Die geding met die geheue: kontemporêre fiksie se bydrae tot teoretiese besinnings oor die historiografie. *New Contree,* 42:21-34.

Van Heerden, Etienne. 1998. Oppas vir goedkoop nostalgie. *Die Burger,* Oktober 1.

Van Jaarsveld, F.A. 1974. *Geskiedkundige Verkenninge.* Pretoria: Van Schaik.

Van Jaarsveld, F.A. 1980. *Westerse historiografie en geskiedenisfilosofie.* Pretoria: HAUM.

Van Jaarsveld, F.A. 1982. *Moderne Geskiedskrywing: Opstelle oor 'n nuwe benadering tot geskiedenis.* Durban/Pretoria: Butterworth.

Van Onselen, C. 1996. *The Seed is Mine: The Life of Kas Maine, a South African Sharecropper 1894–1985.* Cape Town: David Philip.

Van Vuuren, Helize. 2001. Skrywersdagboeke uit die Anglo-Boereoorlog. *Stilet* 13 (1):88–102.

Van Wyk, At. 1992. Bruin martelaar se groot staanplek in geskiedenis nou erken. *Die Burger,* 21 Junie.

Van Wyk, Johan. 1994. Identity and difference: some nineteenth and early twentieth century South African texts. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap,* 10(3/4):302–317.

Van Zyl, Dorothea. 1997. Die Retorika en die Afrikaanse historiese roman: Universiteit van Stellenbosch: Annale.

Van Zyl, Ia. 1992. Die aard van die oorlog in Karel Schoeman se roman *Afskeid en vertrek. Tydskrif vir letterkunde* 30(4):83–90.

Van Zyl, Wium. 1998. Dalk eerste klassieke roman oor die Anglo-Boereoorlog. *Rapport,* 9 Augustus.

Van Zyl, Wium. 1999. "Mannetjies Mentz" lieg op voortreflike wyse 'n skokkende waarheid. *Die Burger,* 4 Oktober.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za


Venter, L.S. 1992. Fokalisasie. In: Cloete, T.T. (red.) *Literêre terme en teorieë.* Pretoria: Haum-literêr: 133-134.

Verbeeck, Georgi. 2000. A New Past for a New Nation? Historiography and Politics in South Africa – A Comparative Approach. *Historia,* 45(2):387–410.

Verhoef, Grietjie. 1985. Die Neo-Marxistiese historiografie oor Suid-Afrika. *Historia*, 30:13–5.

Viljoen, Hein. 1997. Tales of transition. *Literator* 18(3):1 - 23.

Viljoen, Hein & Du Pisani, Kobus. 1999. Images of a War: Trauma and Identity. *Literator*, 20(3):1–8.

Viljoen, Louise. 1991. Susanna Smit en lady Anne Barnard – enkele aspekte van Antjie Krog se historiese poësie as tagtigerverskynsel. *Stilet*, 3(1):57–79.

Viljoen, Louise. 1993a. Re-presenting History: Reflections on Two Recent Afrikaans Novels. *Current Writing*, 5(1):1-24.

Viljoen, Louise. 1993b. Die roman as polifonie: diskursiewe verskeidenheid in Lettie Vijoen se *Belemmering. Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, 9(3/4):313–325.

Viljoen, Louise. 1999a. Roman sleur leser mee. *Die Volksblad*, 8 Februarie.

Viljoen, Louise. 1999b. "Die verlede is 'n ander land": ruimtelike geskiedskrywing in Karel Schoeman se roman *Die uur van die engel. Stilet,* 11(2):54–70.

Visagie, Andries. 1994. Die status van die geskiedenis in die werk van Jacques Derrida. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, 10(2):165–195.

Visagie, Andries. 1995. *Visies op die geskiedenis in die postmodernistiese literatuur, met verwysing na Etienne van Heerden se* Casspirs en Campari's *en Louis Ferron se* Turkenvespers. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (M.A.-tesis)

Ward, Kerry & Worden, Nigel. 1998. Commemorating, suppressing, and invoking Cape slavery. In: Nuttall, Sarah & Coetzee,Carli (red.). 1998. *Negotiating the past: The making of memory in South Africa*. Oxford / New York: Oxford University Press: 201–217.

Wasserman, Herman. 1998. Meerduidige oorlogsroman is verstom mende debuut /Tegniek demonstreer historiese twyfels. *Die Burger*, 10 Junie.

Waugh, Patricia. 1984. *Metafiction: The Theory and Practice of Self-Conscious Fiction.* London/New York: Methuen.

Webster, Roger. 1990. *Studying Literary Theory: an Introduction.* New York: Edward Arnold.

Weideman, George. 1998. Schoeman dwing om te besin oor versoening. *Die Burger*, 4 November.

Wesseling, Elisabeth. 1991. Writing History as a porphet: Postmodernis innovations of the historical novel. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.

White, Hayden. 1973. *Metahistory: The Historical Imagination in Nineteenth-Century Europe.* Baltimore/London: Johns Hopkins University Press.

White, Hayden. 1978a. The Historical text as Literary artifact. In: Robert H. Canary & Kozicki, H. (reds.). *The Writing of History: Literary Form and Historical Understanding.* Wisconsin: The University of Wisconsin Press: 41-63.

White, Hayden. 1978b. *Tropics of Discourse: Essays in Cultural Criticism.* Baltimore/London: Johns Hopkins Press.

White, Hayden. 1980. The Value of Narrativity in the Representation of Reality. *Critical Inquiry,* 7(1):5-27.

White, Hayden. 1986. Historical Pluralism. *Critical Inquiry*, 12(3):480-493.

White, Hayden. 1987. *The Content of the Form: Narrative Discourse and Historical Representation.* Baltimore/ London: The Johns Hopkins University Press.

Wiener, Philip P (red.). 1973-4. *Dictionary of the history of idea: studies of selected pivotal ideas.* New York: Scribner.

Young, Robert. 1990. *White Mythologies: Writing History and the West.* London/New York: Routledge.